

**DIE IMPAK VAN DIE POSTMODERNISME OP VOORHUWELIKSE
VERHOUDINGS: 'N PASTORALE STUDIE**

R.S.STEYN M.Th.

12955760

**Proefskrif voorgelê vir die graad Philosophiae Doctor in
Pastoraal aan die Noordwes Universiteit.**

Promotor: Prof. dr. G.A. Lotter

2005

Potchefstroom

VOORWOORD

Graag wil ek net die volgende persone en instansies bedank vir elkeen se unieke rol en bydrae waarsonder hierdie studie onmoontlik sou wees:

- In die eerste plek aan my Hemelse Vader vir sy onvoorwaardelike liefde en genade;
- Aan Ronél, Miga en Emma vir die geduld, begrip, tyd, ondersteuning en opofferings wat hulle bereid was om te maak;
- Aan my ouers vir hul jarelange ondersteuning en motivering;
- Aan my studieleier, George Lotter, vir sy kundige en professionele raad, insette en leiding;
- Aan my kollegas in die studentegemeente, Karel en Pieter, vir hulle begrip, ondersteuning, vriendskap en hul bereidheid om soms 'n ekstra vraag te dra;
- Aan Sybrand en Marisa, Albertus en Naudine, Daniel en Madelé, Peet en Natasha, Karel en Almarie, JD en Zinnie, Sarel en Alicia, wat bereid was om hulle liefde, verhoudings en lewens te deel.;
- Ten slotte aan die Noordwes Universiteit en Algemene Sinodale Jeugkommissie van die NG Kerk vir finansiële ondersteuning.

H P WILDERS

VERTALING EN TEKSVERSORGING

(SOUTH AFRICAN TRANSLATOR'S INSTITUTE LIDNR. 1001237)

Posbus 20998
Noordbrug
2522
Tel: (018) 290-5079
Sel: 082 853 4489

Wie dit mag aangaan

Hiermee verklaar ek, Helena Petronella Wilders, dat ek Ds. Rian Steyn se PhD taalversorg het. Ek is 'n geregistreerde lid van die Suid-Afrikaanse Vertalersinstituut.

Die uwe

H.P. WILDERS

(Vertaler en teksversorger, SATI lidnr.: 1001237)

OPSOMMING

Die skuif wat in die samelewing vanaf Modernisme na Postmodernisme plaasgevind het, het 'n dramatiese impak op verskillende lewensterreine gehad. Een van die terreine wat spesifiek daardeur geraak is, is die terrein van voorhuwelikse verhoudings. In hierdie studie is gepoog om Hooglied as basisteorie te gebruik in die ondersoek na voorhuwelikse verhoudings. Daar is gepoog om aan te toon dat Hooglied duidelike riglyne vir voorhuwelikse verhoudings bied, vanuit die oortuiging dat verhoudings tussen mense gegrond is in God se liefde vir die mens. Die perspektiewe wat die basisteorie geopen het, is verder deur die metateorie uitgebrei en geëvalueer. Enige studie oor jongmense in verhoudings moet die samelewingskuiwe deeglik verreken, aangesien jongmense gewoonlik 'n belangrike seismografiese funksie vervul, nie net in die mate waarin hulle ten diepste geraak word deur verandering nie, maar ook in die mate waar hulle duidelike indikators is vir die eise en uitdagings wat 'n veranderende tyd aan mense en verhoudings stel. Die lewensfase van laat adolessente en jong volwassenes is bestudeer. Besondere klem is geplaas op die ontwikkelingsfase en -take van hierdie lewensfase en op die verskillende verhoudings waarin jongmense hulle bevind. Die eise wat die Postmodernisme en die spesifieke lewensfase aan jongmense in voorhuwelikse verhoudings stel, is deur kwalitatiewe gesprekke met 'n aantal paartjies geëvalueer. 'n Praktikteoretiese raamwerk, wat behulpzaam kan wees in die pastorale begeleiding van jong volwassenes in voorhuwelikse verhoudings, is daargestel.

ABSTRACT

The shift from Modernism to Postmodernism had a dramatic impact on different spheres of life, especially on premarital relationships. The Song of songs has been used as basis theory in this study on premarital relationships. The study attempts to lay down guidelines for premarital relationships from the conviction that human relationships are grounded in God's love for man. The perspectives which have become evident are developed and evaluated through the meta-theory. Any study on young people in relationships must consider changes in society due to the fact that young people perform an important seismographic function. This is due to the fact that they are not only deeply affected by these changes but are also acting as indicators for the demands and challenges that changing times has on people and relationships. The lifecycle from late adolescence to early adulthood is studied. Special focus is given to different areas of development in this lifecycle as well as to different relationships young people are involved with. Qualitative interviews have been used to determine the effect of the Postmodernism and the specific lifecycle on young people in premarital relationships. A practice-orientated theoretical framework for pastoral guidance of young people in premarital relationships is drafted.

INHOUDSOPGAWE

HOOFSTUK 1: INLEIDING p 1

1.1 TITEL.....	p 1
1.2 PROBLEEMSTELLING.....	p 1
1.2.1 Probleemstelling.....	p 1
1.2.2 Stand van navorsing.....	p 1
1.2.3 Afbakening van studie.....	p 3
1.2.4 Navorsingsvrae.....	p 3
1.3 DOELSTELLINGS EN DOELWITTE.....	p 4
1.3.1 Doelstellings	p 4
1.3.2 Doelwitte.....	p 4
1.4 SENTRALE TEORETIESE ARGUMENT	p 4
1.5 METODE VAN NAVORSING	p 4
1.5.1 Basisteorie, Metateorie en Praktykteorie.....	p 4
1.5.1.1 Basisteorie	p 5
1.5.1.2 Metateorie.....	p 5
1.5.1.3 Praktykteorie	p 5
1.6 HOOFSTUKINDELING.....	p 6
1.7 SKEMATIESE VOORSTELLING	p 7

HOOFSTUK 2: BASISTEORIE..... p 8

2.1 INLEIDEND.....	p 8
2.2 PROBLEEMSTELLING	p 9
2.3 BASISTEORIE.....	p 9
2.4 AGTERGROND VAN DIE BOEK HOOGLIED	p 10
2.5 VERSTAAN EN BETEKEN	p 11
2.6 VERKLARINGSMOONTLIKHEDE	p 12

2.6.1	Allegories.....	p 12
2.6.2	Tipologies	p 14
2.6.3	Drama	p 15
2.6.4	Letterlik of natuurlik.....	p 15
2.6.5	Kulties-mitologies	p 16
2.6.6	Fenomenologies.....	p 16
2.6.7	Narratologies	p 17
2.6.8	Feministiese lees	p 17
2.6.9	Hooglied as 'n versameling liefdesgedigte of -liedere	p 18
2.6.10	Hooglied as deel van die wysheidsliteratuur.....	p 19
2.7	HOOGLIED EN VERHOUDINGS	p 21
2.7.1	Horisontaal: verhouding tussen man en vrou	p 21
2.7.2	Horisontaal: liefdesdriehoek	p 23
2.7.3	'n Uitdaging vir korreksies op verhoudings	p 25
2.7.3.1	- wederkerig	p 25
2.7.3.2	- gelyke	p 25
2.7.3.3	- huwelik.....	p 26
2.7.3.4	- voor-huweliks	p 26
2.7.4	Vertikale verhouding met God: God se liefdesver- houding met die mens en die mens se verhouding met God.....	p 27
2.8	KONSEKWENSIES VIR ROMANTIESE VERHOUDINGS	p 29
2.8.1	Begin weer glo in die wonder van die liefde	p 29
2.8.2	Vind vreugde in mekaar	p 30
2.8.3	'n Nuwe waardering vir die posisie van die vrou.....	p 30
2.8.4	Eksklusiewe liefde.....	p 31
2.8.5	'n Gesonde na binne gerigte verhouding maak 'n gebalanseerde na buite gerigte verhouding moontlik	p 32
2.8.6	Liefde deur swaar en moeilike tye	p 33

2.8.7	Reinheid	p 33
2.8.8	Die rol van die seksuele binne verhoudings.....	p 34
2.8.9	Begeerte en liefde	p 37
2.8.10	'n Erkenning van eie beperktheid en 'n afhanklik- heid van God.....	p 38
2.8.11	Die waagstuk: liefde.....	p 39
2.9	BASISTEORETIESE RIGLYNE	p 40
2.10	VOORLOPIGE GEVOLGTREKKINGS	p 43

HOOFSTUK 3: METATEORIE..... p 45

A. SKUIWE VAN MODERNISME NA POSTMODERNISME.. p 45

3.1	INLEIDEND.....	p 45
3.2	PROBLEEMSTELLING	p 45
3.3	DOELSTELLINGS.....	p 46
3.4	BEGRIPSVERKLARING	p 46
3.4.1	Algemeen	p 46
3.4.2	Modernisme	p 47
3.4.3	Die einde van die Modernisme	p 49
3.4.4	Postmodernisme	p 50
3.4.5	Die einde van Postmodernisme?	p 54
3.5	DIE INVLOED VAN DIE VERSKUIWING VAN MODERNISME NA POSTMODERNISME	p 55
3.5.1	Die impak van megatendense op die makrokonteks .	p 55
3.5.2	Die impak van megatendense op die mesokonteks...	p 60
3.5.3	Die impak van megatendense op die mikrokonteks ..	p 63
3.5.4	Postmoderne uitdagings vir die Evangelie en Christelike gemeenskappe	p 68
3.6	METATEORETIESE RIGLYNE	p 71
3.7	VOORLOPIGE GEVOLGTREKKINGS.....	p 75

B.	LEWENSFASES	p 77
3.8	INLEIDEND.....	p 77
3.9	PROBLEEMSTELLING	p 77
3.10	LAAT ADOLESSENSIE TOT VROEË VOLWASSENHEID	p 77
	3.10.1 Inleiding	p 77
	3.10.2 Ontwikkelingsfase.....	p 77
	3.10.3 Ontwikkelingstake.....	p 77
3.11	FISIOLOGIESE ONTWIKKELING.....	p 80
	3.11.1 Adollesente seksualiteit	p 80
3.12	KOGNITIEWE ONTWIKKELING	p 81
3.13	MORELE ONTWIKKELING.....	p 82
	3.13.1 Kohlberg se teorie van morele ontwikkeling	p 83
3.14	EMOSIONELE EN PSIGOLOGIESE ONTWIKKELING	p 84
3.15	GELOOFSONTWIKKELING	p 85
	3.15.1 Fowler se korrelasiemodel	p 86
	3.15.1.1 Sinteties-konvensionele geloof met die interpersoonlike self.....	p 86
	3.15.1.2 Individualisties-reflektiewe geloof met die institusionele self.....	p 87
	3.15.2 Hamilton se model van Christelike volwassenheid ...	p 87
	3.15.3 Sears se weg van lyding as teorie vir geloofsont- wikkeling	p 87
	3.15.4 Wangerin se gebruik van die klassieke mitologie as model vir geloofsontwikkeling.....	p 88
	3.15.5 Joy en die patroon van die Saligsprekinge as model vir geloofsontwikkeling	p 88
	3.15.6 Implikasies vir geloofsontwikkeling	p 89
3.16	METATEORETIESE RIGLYNE	p 90
3.17	VOORLOPIGE GEVOLGTREKKINGS.....	p 93

C.	VERHOUDINGS	p 94
3.18	INLEIDEND	p 94
3.19	PROBLEEMSTELLING	p 96
3.20	SOSIALE ONTWIKKELING	p 96
	3.20.1 Ouers	p 96
	3.20.2 Vriendskappe, portuurgroepe	p 99
	3.20.3 Romantiese verbintenisse.....	p 100
	3.20.3.1 Intimiteit	p 101
	3.20.3.2 Liefde en liefdestyle	p 102
	3.20.3.3 Uitgaanverhoudings	p 103
3.21	SEKSUALITEIT	p 105
	3.21.1 Seksuele gedrag, besluite en dilemmas	p 107
	3.21.2 Seksualiteit en spiritualiteit.....	p 109
	3.21.3 Saambly of saamwoonverhoudings	p 111
3.22	HUWELIK	p 112
3.23	METATEORETIESE RIGLYNE	p 116
3.24	VOORLOPIGE GEVOLGTREKKINGS	p 121

HOOFSTUK 4: EMPIRIESE NAVORSING OOR DIE STAND VAN VOOR-HUWELIKSE VERHOUDINGS..... p 122

4.1	INLEIDING	p 122
4.2	DOEL VAN EMPIRIESE ONDERSOEK	p 122
4.3	METODOLOGIESE VERANTWOORDING VAN EMPIRIESE ONDERSOEK	p 122
4.4	KWALITATIEWE NAVORSING	p 122
4.5	ONDERSOEKGROEP	p 125
	4.5.1 Paartjies in verhouding	p 125
	4.5.2 Groepsgesprek	p 127
	4.5.3 Metode van ondersoek.....	p 127

4.6	ONDERSOEKRESULTATE	p 127
4.6.1	Reaksie ten opsigte van grondhouding	p 127
4.6.1.1	Die rol en plek van spiritualiteit	p 127
4.6.1.1.1	Konklusie	p 128
4.6.1.2	'n Oortuiging van verliefdheid/passie/wonder/ misterie van liefde.....	p 129
4.6.1.2.1	Konklusie	p 129
4.6.1.3	'n Soeke na en behoefte aan aanvaarding en sekuriteit binne 'n verhouding	p 130
4.6.1.3.1	Konklusie	p 131
4.6.1.4	'n Wegbeweeg van selfsug en selfliefde na op- offerings en prysgawes ter wille van maat en verhouding.....	p 132
4.6.1.4.1	Konklusie	p 133
4.6.1.5	Die selfstandige ontwikkeling en groei na indivi- duasie en die ontwikkeling van die totale mens.....	p 133
4.6.1.5.1	Konklusie	p 135
4.6.1.6	Die ontwikkeling van 'n gelyke vennootskap van verhoudingsmaats	p 135
4.6.1.6.1	Konklusie	p 136
4.6.1.7	'n Gesonde hantering van die seksuele.....	p 137
4.6.1.7.1	Konklusie	p 141
4.6.2	Reaksie ten opsigte van verhoudingsvaardighede... 	p 142
4.6.2.1	Verhoudings vereis die ontwikkeling van sekere vaardighede	p 142
4.6.2.1.1	Kommunikasievaardighede.....	p 143
4.6.2.1.2	Konflikhantering.....	p 144
4.6.2.1.3	Konklusie	p 145
4.6.3	Reaksie ten opsigte van die rol en plek van breër verhoudings.....	p 145

4.6.3.1	Die impak van ouers op 'n verhouding	p 145
4.6.3.1.1	Konklusie	p 146
4.6.3.2	Die impak van vriende op 'n verhouding	p 147
4.6.3.2.1	Konklusie	p 148
4.6.3.3	Die invloed van rolmodelle op verhoudings	p 148
4.6.3.3.1	Konklusie	p 149
4.7	VOORLOPIGE GEVOLGTREKKINGS.....	p 149
 HOOFSTUK 5: PRAKTYKTEORIE.....		p 150
5.1	INLEIDING.....	p 150
5.2	PROBLEEMSTELLING	p 150
5.3	PRAKTYKTEORIE	p 150
5.4	DIE ROL EN PLEK VAN SPIRITUALITEIT	p 151
5.5	'N OORTUIGING VAN VERLIEFDHEID/PASSIE/WONDER/ MISTERIE VAN LIEFDE.....	p 154
5.6	'N SOEKE NA EN BEHOEFTE AAN AANVAARDING EN SEKURITEIT BINNE 'N VERHOUDING.....	p 155
5.7	'N WEGBEWEEG VAN SELFSUG EN SELFLIEFDE NA OPOFFERINGS EN PRYSGAWES TER WILLE VAN MAAT EN VERHOUDING.....	p 157
5.8	DIE SELFSTANDIGE ONTWIKKELING EN GROEI NA INDIVIDUASIE EN ONTWIKKELING VAN DIE TOTALE MENS.....	p 158
5.9	DIE ONTWIKKELING VAN 'N GELYKE VENNOOTSKAP TUSSEN VERHOUDINGSMAATS	p 160
5.10	'N GESONDE HANTERING VAN DIE SEKSUELE	p 160
5.11	VERHOUDINGS VEREIS DIE ONTWIKKELING VAN SEKERE VAARDIGHEDE.....	p 165
5.11.1	Kommunikasievaardighede.....	p 166
5.11.2	Konflikhantering.....	p 167

5.12	DIE IMPAK VAN OUERS OP 'N VERHOUDING	p 167
5.13	DIE IMPAK VAN VRIENDE OP 'N VERHOUDING	p 168
5.14	DIE INVLOED VAN ROLMODELLE OP 'N VERHOUDING....	p 169
5.15	VOORLOPIGE GEVOLGTREKKINGS.....	p 171

HOOFSTUK 6: BEVINDINGE..... p 173

6.1	INLEIDING.....	p 173
6.2	GEVOLGTREKKINGS.....	p 174
6.2.1	Skematiese uiteensetting van fokusareas	p 174
6.3	FINALE GEVOLGTREKKINGS.....	p 183
6.4	ANDER VOORGESTELDE TERREINE VAN STUDIE.....	p 183
6.5	SLEUTELWOORDE	p 183

BIBLIOGRAFIE..... p 184

Bylaag A:	SKUIWE VAN PREMODERNE, NA MODERNE NA POSTMODERNE TYDVAK	p 204
-----------	--	-------

Bylaag B:	SCHEMATIC DIFFERENCES BETWEEN MODERNISM AND POSTMODERNISM	p 205
-----------	--	-------

Bylaag C:	MINISTRY TO DIFFERENT GENERATIONS.....	p 206
-----------	--	-------

Bylaag D:	MAPPING THE POSTMODERN MAZE.....	p 208
-----------	----------------------------------	-------

HOOFSTUK 1: INLEIDING

1.1 TITEL

Die impak van die Postmodernisme op voorhuwelikse verhoudings: 'n pastorale studie.

Trefwoorde: Postmodernisme, voorhuwelikse verhoudings, lewensfase, jong volwassenes, laat adolessente, studente

Keywords: Postmodernism, dating, pre-marriage relationships, stages of life, young adults, late adolescence, students

1.2 PROBLEEMSTELLING

1.2.1 Probleemstelling

Voorhuwelikse verhoudings verkeer onder geweldige druk. Die veranderende samelewing en omgewing op makro-, meso- en mikrovlak stel nuwe eise aan verhoudings, waarop jong volwassenes nie altyd voorberei is nie. Die huidige Westerse samelewing word onder andere gekenmerk deur 'n vryblywende karakter waar mense nie langtermyn verbind wil raak nie (Dingemans, 1996:183). Seksuele ongebondenheid is tipies van hierdie mens (Janse van Rensburg, 2002:54). Vir baie lank was die gesin die mikrostruktuur wat die gemeenskap aan mekaar gehou het, maar die skuiwe in die samelewing plaas druk op tradisionele verhoudings. Vriendskap en gesinsverhoudings is ongelukkig die grootste slagoffer van 'n lewenstyl wat individualisties en uitkomsgefokus is (Hendriks & Erasmus, 2001:60). Gesinsverbrokkeling dra by tot 'n generasie kinders en jongmense wat alleen grootword (Codrington, 1999a: 1). Die afwesigheid van ouers as primêre rolmodelle het 'n geweldige negatiewe effek op die morele vorming van jongmense (Prins, 2001:108).

Jongmense is op soek na aanvaarding en intimiteit in betekenisvolle verhoudings, ten spyte van die feit dat hulle baie min positiewe rolmodelle oor verhoudings het en nie oor die vermoë en vaardigheid beskik om ware en betekenisvolle verhoudings te hê nie (Codrington, 1999a:1). Die moderne mens word verskeur tussen sy egoïstiese self en sy paradoksale behoefte aan opregte en diep verhoudings (Hendriks, 1997b:30). Tog wil Postmodernisme weer die mens ingebed sien in verhoudings (Steenkamp, 1996:759). Postmodernisme het die weg gebaan om te werk met 'n individu-binne-gemeenskap (Grenz, 1996:168).

1.2.2 Stand van navorsing

Navorsing is al gedoen oor verskillende aspekte van verhoudings by laat adolessente. Die mees resente navorsing hieroor sluit onder andere die volgende in:

- Navorsing is deur Gous (1990), Van Tonder (1991), Grobler (1997) en Kingma (2000) oor verskillende aspekte van die pastoraat aan studente gedoen.
- Verskillende aspekte van verhoudings en seksualiteit by studente is bestudeer deur Hill (1991), Goslin (1994), Venter (1994), Ferreira (1997), Raubenheimer (1998) en Van Rooyen (2002)..
 - Hill (1991) het in 'n ondersoek na die begeleiding van onderwysstudente ten opsigte van heteroseksuele verhoudings onder andere bevind dat daar 'n groter toename is in die wegbeweeg van tradisionele waardes rondom verhoudings, veral in die lig van die feit dat 'n groeiende getal studente van mening is dat liefde vir 'n persoon hulle tot seksuele omgang sou kon beïnvloed. Hiervolgens is nie die huwelik nie, maar slegs liefde 'n voorvereiste vir geslagsomgang (Hill, 1991:211). Venter (1994:193) se bevindinge stem ooreen hiermee as sy tot die konklusie kom dat permissiwiteit binne die raamwerk van affeksie in 'n stabiele verhouding goedgekeur word.
 - Goslin (1994) het ondersoek gedoen na die seksuele gedrag, kennis en houdings van die student in laatadolessensie. Haar navorsing het destyds aangetoon dat studente seksueel meer betrokke is by passievolle en intieme liefkosings as by geslagsgemeenskap (1994:172). Vriende speel 'n baie groot rol in die seksuele lewe van laatadolessente. Beperkinge wat Goslin self aandui, is dat navorsing oor Suid-Afrikaanse adolessenteseksualiteit geweldig beperk is (1994:176).
 - Ferreira (1997) het 'n ondersoek gedoen na aspekte wat geassosieer kan word met 'n vrees vir intimiteit by laatadolessente. Sy het duidelike verbande aangetoon tussen die vrees vir intimiteit en aspekte van persoonlikheidsfunksionering, soos neurotisme (depressie, angs en selfbewustheid), lae selfwaarde en 'n tekort aan manlike of vroulike geslagsroleienskappe (1997:116).
 - Raubenheimer (1998) het navorsing gedoen oor die interaksie tussen liefdestyle en Christelike geloof en watter impak geloof op liefdestyle onder jongmense het (1998:183).
 - Van Rooyen (2002) het ondersoek gedoen na faktore wat moontlik studente se houdings teenoor die huwelik voorspel. Hoe meer positief studente teenoor die huwelik is, hoe groter is hul betrokkenheid by geestelike aktiwiteite, hoe kleiner is die konflik in hul ouerhuise en hoe meer negatief is hulle teenoor saamwoonverhoudings (2002:84-88).
- Navorsing oor die skuiwe in die samelewing en die impak daarvan op jongmense is deur Codrington (1999b) gedoen. Hy toon die skuiwe en verskille tussen verskillende

generasies aan, sowel as die implikasies daarvan vir die bediening. Ook Kingma (2000:55-57) verwys na die impak van die postmoderne era op universiteitstudente. Geyser (2003) het ook 'n studie gedoen waarin hy gekyk het na die missionêre aktualiteit van die soekersensitiewe kerkmodel in 'n postmodernistiese samelewing.

Die resultate van hierdie soektogte toon aan dat daar al deeglik navorsing gedoen is oor die pastoraat aan studente. Taamlik baie studies is ook al gedoen oor die rol wat seksualiteit in die lewens van jongmense op universiteit speel. Die impak van die skuif van Modernisme na Postmodernisme is ook al bestudeer, maar min aandag is gegee aan die spesifieke impak wat hierdie skuif op *voorhuwelikse verhoudings* het.

1.2.3 Afbakening van studie

Die studie word soos volg afgebaken:

Die studie is gerig op die begeleiding van christen-gelowige, Afrikaanssprekende universiteitstudente wat binne 'n voorhuwelikse verhouding is. Dit is gerig op paartjies met wie die navorser oor die verloop van tyd 'n verhouding opgebou het. Hierdie afbakening geskied met die voorlopige aanname dat die resultate ook van toepassing mag wees op ander universiteitstudente en moontlik ander jong volwassenes wat betrokke was of is of beplan om betrokke te raak in voorhuwelikse verhoudings wat kan lei tot 'n huwelik.

1.2.4 Navorsingsvrae

Die sentrale navorsingsvraag van hierdie studie is in twee dele verdeel en kan soos volg geformuleer word:

Watter impak het die Postmodernisme op voorhuwelikse verhoudings en hoe kan jong volwassenes sinvol begelei word in hul voorhuwelikse verhoudings?

Die individuele navorsingsvrae wat in die oplossing hiervan hanteer gaan word, is die volgende:

- **Watter basisteoretiese argumente bied die Skrif - en in besonder die boek Hooglied - op romantiese verhoudings tussen die teenoorgestelde geslag?**
- **Wat is die metateoretiese implikasies van die skuif van Modernisme na Postmodernisme en watter impak het dit op voorhuwelikse verhoudings, met in ag genome die lewensfase van laatadolessente/jong volwassenes?**
- **Watter praktykteoretiese riglyne kan neergelê word vir die effektiewe begeleiding van jong volwassenes in voorhuwelikse verhoudings?**

1.3 DOELSTELLINGS EN DOELWITTE

1.3.1 Doelstelling

Die oorkoepelende doelstelling van hierdie studie is om aan te toon watter impak die Postmodernisme op voorhuwelikse verhoudings het.

1.3.2 Doelwitte

Die spesifieke doelwitte van hierdie studie is:

- Om Skrifperspektiewe vanuit Hooglied te belig wat betrekking het op romantiese verhoudings;
- Om die impak wat die skuif van Modernisme na Postmodernisme op voorhuwelikse verhoudings het, met in ag genome die eise van die spesifieke lewensfase van jong volwassenes, na te vors;
- Om 'n model te formuleer wat van hulp kan wees in die begeleiding van jong volwassenes in voorhuwelikse verhoudings.

1.4 SENTRALE TEORETIESE ARGUMENT

Die sentrale teoretiese argument van hierdie studie is dat die skuif wat in die samelewing plaasgevind het van Modernisme na Postmodernisme, spesifieke eise stel aan jong volwassenes wat betrokke is in voorhuwelikse verhoudings en dat hulle pastoraal daarin begelei moet word.

1.5 METODE VAN NAVORSING

1.5.1 Basisteorie, Metateorie en Praktikteorie

Vir hierdie studie word gebruik gemaak van die model wat Zerfass (1974:166 e.v.) vir die Praktiese Teologie ontwerp het (Venter, 1995:181-202; Heyns & Pieterse, 1998:38-39). Hierdie metode behels die vorming van basisteorieë uit die teologiese tradisie, die vorming van metateorieë uit onder andere die grenswetenskappe en 'n ordening van die resultate uit beide refleksievelde in 'n hermeneutiese wisselwerking met die oog op praktikteoretiese perspektiewe.

1.5.1.1 Basisteorie

Die basisteorie bestaan volgens Dingemans (1996:135) uit twee fundamentele kolomme wat die “*bouwerk als geheel moeten dragen*”: ’n formele hermeneutiese interpretasieteorie, as algemeen wetenskaplike teorie, en ’n inhoudelike kritiese korrelasieteorie of verbondsteologie, wat daarmee parallel loop, as interpretasie van die Christelike tradisie. Volgens Venter (1995:198) beskryf ’n basisteorie sistematies vanuit die Skrifopenbaring die wese en doel van byvoorbeeld kommunikatiewe handeling.

In die vorming van ’n basisteorie vir hierdie navorsing sal hoofsaaklik eksegeties te werk gegaan word met die boek Hooglied en spesifiek op dit wat in Hooglied oor romantiese verhoudings gesê word.

1.5.1.2 Metateorie

’n Metateorie bring teoretiese vernuwing wat ons in staat stel om basisteoretiese waarhede meer konkreet-kontekstueel te formuleer en daarna meer doelgerig oor te sit in ’n praktykteorie en ’n handelingstrategie (Pieterse, 1993:134). Dingemans (1996:131) beskou ’n metateorie as ’n algemene korrelasieteorie en beskryf dit soos volg: “Het gaat om een netwerk waarin het verstaan van ‘living human documents’ én het verstaan van ‘documents’ mogelijk is.”

’n Toepaslike literatuurstudie uit psigologiese en sosiale literatuur word gedoen om ’n metateoretiese beoordeling te maak. In hierdie verband word spesifiek gekyk na die skuif van Modernisme na Postmodernisme en die impak daarvan op voorhuwelikse verhoudings, sowel as op die lewensfase en die verhoudings van jong volwassenes.

’n Empiriese studie, deur middel van onderhoude met ’n fokusgroep van 8 paartjies wat betrokke is of was in voorhuwelikse verhoudings, word gedoen. Daar word gebruik gemaak van ’n ongestruktureerde aangesig-tot-aangesig-metode word (vergelyk Shurinck, 1998:297-312, Scheurich, 1997:61-79, Neuman, 2000:344, 371-374). Hierdie stof sal kwantitatief en kwalitatief verwerk word ter wille van metateoretiese beoordeling.

1.5.1.3 Praktykteorie

’n Praktykteorie beskryf hoe ’n basisteorie in praktyk behoort te funksioneer (Venter, 1995:199). Dit ontstaan uit ’n wisselwerking tussen teorie en praktyk, terwyl dit gerig is op ’n bepaalde handelingstrategie vir die bedieningspraktyk (Hendriks, 1997a:11).

Basisteoretiese gegewens en metateoretiese perspektiewe sal vervolgens in hermeneutiese wisselwerking geplaas word met die oog op die ontwerp van ’n praktykteorie.

1.6 HOOFSTUKINDELING

Hoofstuk 1 Inleiding

Oriëntering
Definisie van terme wat gebruik gaan word
Probleemstelling
Doelwit en doelstellings
Sentrale teoretiese argument
Metode van navorsing
Hoofstukindeling

Hoofstuk 2 Basisteoretiese perspektiewe

Hooglied as vertrekpunt vir voorhuwelikse verhoudings
Eksegese van die toepaslike Skrifgedeeltes
Voorlopige gevolgtrekkings uit die Skrif wat toepaslik is op die studie

Hoofstuk 3 Metateoretiese beoordeling

Metateoretiese perspektiewe op die skuif van Modernisme na Postmodernisme
Metateoretiese perspektiewe op die lewenskonteks van jong volwasseries
Metateoretiese perspektiewe vanuit die gedragswetenskappe op voorhuwelikse verhoudings

Hoofstuk 4 Empiriese navorsing oor die stand van voorhuwelikse verhoudings

Hoofstuk 5 Praktikteoretiese perspektiewe

Praktikteoretiese perspektiewe vanuit die wisselwerking tussen die basisteoretiese en metateoretiese navorsing.

Hoofstuk 6 Finale samevatting en resultate

Bibliografie

1.7 SKEMATIESE VOORSTELLING

Probleemstelling	Doelstelling en doelwitte	Metode
Watter basisteoretiese argumente bied die Skrif - en in besonder die boek Hooglied – op romantiese verhoudings tussen die teenoorgestelde geslag?	Om Skrifperspektiewe vanuit Hooglied te belig wat betrekking het op romantiese verhoudings.	Eksegese Hermeneuse
Wat is die metateoretiese implikasies van die skuif van Modernisme na Postmodernisme en watter impak het dit op voorhuwelikse verhoudings, met in ag genome die lewensfase van laatadolessensie / jong volwassenes?;	Om die impak wat die skuif van Modernisme na Postmodernisme op voorhuwelikse verhoudings het, na te vors. Om die eise wat die spesifieke lewensfase aan voorhuwelikse verhoudings stel, na te vors.	Bestudeer verwante wetenskapsvelde oor die skuiwe in die samelewing en die ontwikkelingsfases van jongmense. Onderhoude/gesprekke met paartjies.
Watter praktykteoretiese riglyne kan neergelê word vir die effektiewe begeleiding van jong volwassenes in voorhuwelikse verhoudings?	Om 'n raamwerk op te stel wat van hulp kan wees in die begeleiding van jong volwassenes in voorhuwelikse verhoudings	'n Ordening van die resultate uit beide refleksievelde in 'n hermeneutiese wisselwerking met die oog op praktykteoretiese perspektiewe.

HOOFSTUK 2: BASISTEORIE

HOUGLIED AS VERTREK PUNT VIR VOORHUWELIKSE VERHOUDINGS

2.1 INLEIDEND

Oor die jare is met 'n groot verskeidenheid interpretasiemodelle en verklaringsmoontlikhede vir Hooglied gewerk. Die fokus van hierdie studie gaan nie wees om *die een regte* benadering te vind en daarmee te werk nie, maar eerder om die verskillende benaderings en uitgangspunte *saam* te benut. Een van die kenmerke en winspunte van die Postmodernisme is dat dit 'n groter openheid het om na verskillende benaderings en verklaringsmoontlikhede te kyk en dit te benut (Grenz, 1996:20), sonder om noodwendig met die epistemologie van die Postmodernisme saam te stem. Daar kan met groot vrug eerder met die winspunte van elke interpretasie gewerk word om die waarde en resultate van elke benadering ten opsigte van verhoudings, te benut. Selfs die benaderings waarvan verskil word, se bevindings het waarde. Mense se oortuigings en standpunte verskil omdat hul teologie, kultuur, agtergrond, konteks, wêreldbeeld, omstandighede en selfs geloofsoortuiging verskil. Dit beteken nie dat daar nie na hierdie standpunte geluister kan word en selfs daarby geleer kan word nie, al is dit oortuigings wat totaal verskillend is van dié van die navorser.

Die doel van die hoofstuk is om die verskillende interpretasiemodelle en verklaringsmoontlikhede van Hooglied aan te toon in 'n poging om basisteoretiese afleidings te maak vir voorhuwelikse verhoudings.

Die boek Hooglied word gekies omdat Hooglied nog altyd, nie net geïnterpreteer is as 'n boek wat die liefde tussen 'n man en 'n vrou vier nie, maar ook as 'n boek wat 'n "celebration of the relation of mutual desire between God and the people of God" (Barton, 1998:377) kan aantoon. Hooglied bring die romantiese liefde tussen mense in 'n baie noue verband met die liefde van God vir die mens en die mens se reaksie daarop. Romantiese liefde tussen 'n man en 'n vrou kan eers werklik tot sy reg kom as dit binne die raamwerk geplaas word van God se liefde vir die mens en sy passievolle begeerte om hierdie verhouding tot stand te bring, in stand te hou en te vier. Die Bybel is nie 'n boek wat vol reëls en voorskrifte is nie, maar dit herinner ons aan die soort mense wat ons veronderstel is om te word en die gemeenskap wat ons kan wees (Nel, 1998:398).

2.2 PROBLEEMSTELLING

Die navorsingsvraag waarmee gewerk gaan word is:

Watter basisteoretiese argumente bied die Skrif - en in besonder die boek Hooglied - op romantiese verhoudings tussen die teenoorgestelde geslag?

Hierdie argument gaan soos volg uiteengesit word:

- Daar word begin met 'n begripsverklaring om sommige begrippe wat gebruik gaan word, te verduidelik.
- In 'n volgende deel word gekyk na die verskillende verklaringsmoontlikhede wat gebruik is om by 'n betekenisvolle verstaan van die boek Hooglied uit te kom. Die moontlikheid om Hooglied te verstaan as 'n versameling liefdesgedigte word ondersoek. En daar word ook gekyk na die moontlikheid om Hooglied as Wysheidsliteratuur te hanteer.
- Onderzoek word gedoen na hoe Hooglied verstaan moet word en "hoe dit as betekenisdraer optree".
- In die volgende deel van die hoofstuk gaan spesifiek gekyk word na wat Hooglied te sê het oor verhoudings. Daar gaan gekyk word na horisontale verhoudings, die uitdagings wat Hooglied aan horisontale verhoudings stel en na die vertikale verhouding tussen God en mens.
- Die vraag word gevra: Wat is die konsekwensies van die basisteoretiese argument vir voorhuwelikse verhoudings?
- Ten slotte gaan gepoog word om sekere riglyne en afleidings te maak met die oog op voorhuwelikse verhoudings.

2.3 BASISTEORIE

Die basisteorie bestaan volgens Dingemans (1996:135) uit twee fundamentele kolomme wat die "*bouwerk als geheel moeten dragen*": 'n formele hermeneutiese interpretasieteorie, as algemeen wetenskaplike teorie, en 'n inhoudelike kritiese korrelasieteorie of verbondsteologie, wat daarmee parallel loop, as interpretasie van die Christelike tradisie. Volgens Venter (1995:198) beskryf 'n basisteorie sistematies vanuit die Skrifopenbaring die

wese en doel van byvoorbeeld kommunikatiewe handelinge. In die vorming van 'n basisteorie vir hierdie studie sal hoofsaaklik eksegeties te werk gegaan word met die boek Hooglied en spesifiek met wat hierin oor romantiese verhoudings gesê word (vgl. 2.6).

2.4 AGTERGROND VAN DIE BOEK HOOGLIED

Hooglied is 'n unieke kunswerk. Die boek se uniekheid lê in die taal en teksorganisaie wat anders is as die van ander Bybelboeke (Burden, 1987:81). Dit lê ook in die boodskap van die boek wat sentreer rondom die viering van menslike liefde (Garret, 1993:377). *"De dichter liet de liefde zichzelf uitspreken en omdat hy een kunstenaar was, kwam hy voor den dag met een meesterwerk van grote schoonheid"* (Beek, 1984:141). Hooglied het dwarsdeur die geskiedenis van Israel en die vroeë kerk baie aandag geniet. In die dertiende eeu is meer uit Hooglied gepreek as uit Hosea; in die Middeleeue is Hooglied baie meer oorgeskryf as Jeremia of Esegïel. Dit was Hooglied wat reeds so vroeg soos die eerste eeu n.C. op die konsilie van Jamnia deur Rabbi Akiba beskryf is as die heiligste van heiliges (Carr, 2000:247-248; Linafelt, 2002:335; Pope, 1977:19). Vir Gledhill (1994:35) is die totale boodskap van die Skrif in Hooglied saamgevat.

Volgens die huidige opskrif van die boek (1:1) is Salomo self aan die woord. Die hele saak van outeurskap kom later in die studie aan die orde, aangesien dit 'n spesifieke impak het op die verstaan en hantering van die teks. Tot en met die koms van die moderne teks kritiek is die boek aan Salomo toegeskryf en dateer die boek waarskynlik uit die tyd van Salomo se regering (Pope, 1977:22). Aalders (1952:5) verklaar dat die boek eerder *vir* as *deur* Salomo geskryf is. Knight en Golka (1988:3) maak die konklusie dat outeurskap onbekend is en dat die boek saamgestel is tydens die laaste periode voor die vasstelling van die Ou Testamentiese kanon, terwyl sommige gedigte selfs dateer uit Salomo se tyd, ongeveer 1000 v.C. Walsh (2000:7) handhaaf die standpunt dat die boek self geen inligting verskaf oor historiese konteks, datum van samestelling, situasie, identiteit van die karakters en die plek van ontmoeting nie.

Dwarsdeur die geskiedenis is Hooglied vir baie verklaarders as kosbaar en waardevol beskou, terwyl ander weer krities daaroor is en die teenwoordigheid van die boek in die kanon as 'n verleentheid beskou (Fuerst, 1975:159). Snaith (1993:5) beskryf die opname van Hooglied in die kanon soos volg: *"Perhaps the song was included in the canon because it was a non-mythological, non-cultic, non-idolatrous, outright, open celebration of God-given sexual love."* En Walsh (2000:42) verklaar: *"For I have found this Song to be a positive, visceral, enchanting*

celebration of human sexuality and have discovered that this celebration is a facet of spirituality.”

Vandaar die keuse van Hooglied as basis vir hierdie studie. In die Joodse kultuur en tradisie was daar nie die dualistiese skeiding tussen liggaam en gees nie, maar word eerder 'n baie optimistiese en positiewe houding jeens seksualiteit aangetref, soos in Hooglied uitgebeeld word (Hayes, 1998:244).

2.5 VERSTAAN EN BETEKEN

Vir die verstaan van enige teks is dit noodsaaklik om te beseft dat tekste wêreldbeelde skep en dat literatuur mense vorm. In hierdie verband sê Young (2001) dat eksegetiese metadiskoers is, wat die teks in staat stel om die leser en lesersgemeenskappe keer op keer te vorm. Narratiewe het die vermoë om die mens se verbeelding, hoop en vrese, verwagtings of ambisies aan te spreek en uit te daag om te verander. Deur erns daarmee te maak, kan belangrike godsdienstige dinamika binne 'n tradisie verstaan word. Wat Hooglied betref, moet dit verreken word ten opsigte van die effek wat die boek gehad het op die eerste lesers, maar ook op volgende geslagte lesers en lesersgemeenskappe. Binne 'n Postmoderne konteks daag hierdie benadering die klem op historisiteit uit. Die effek van diskoers op die vorming van tradisie mag nooit onderskat word nie.

Babin (1991:6) is van oortuiging dat dit baie sterker verreken moet word dat *“the medium is the message”*. Dit is op hierdie gedagte dat Exum (1999:47) uitbrei met die idee dat verkeerdelik gevra word na die betekenis van Hooglied. Daar moet eerder gewerk word met die vraag: “Hoe beteken Hooglied?” Dit is 'n vraag om te probeer vasstel hoe suksesvol die lied is en watter effek die lied op die lesers het. Exum (1999:48) dui aan hoe Hooglied daarin slaag deur 'n illusie van onmiddellikheid te skep. Die leser word meegevoer deur die direkte gesprekke van geliefdes en raak so deel van die ontvouing van die verhaal. Verder lok Hooglied die leser met behulp van verleidelike mooi digkuns. Dit dra daartoe by dat die boek 'n verslawende effek op die leser het om die leser te laat deel word van die gebeure wat afspeel en diskoerse wat gevoer word. Hooglied bied die leser die kans om as't ware in te kyk en af te luister na die mees intieme gesprekke tussen geliefdes. Die laaste metode wat Hooglied gebruik om so betekenis te dra, is die metode om by herhaling terug te kom na dieselfde gedagte en daarvan weer vorentoe te beweeg, net om weer terug te kom na hierdie gedagte. Dit is tog die basiese patroon waarop liefde funksioneer: verlange - bevrediging - groter verlange - groter bevrediging, ensovoorts. Die uitstel van bevrediging en van vervulling regdeur die lied speel 'n

baie belangrike rol in die effektiwiteit van Hooglied (Exum, 1999: 59). In hierdie verband is die vraag nie of die boek 'n eenheid is nie. Dat Hooglied as eenheid funksioneer om sekere effekte by die leser te bewerkstellig, staan vas. Die kumulatiewe effek van hierdie poëtiese hulpmiddele skep 'n baie sterk gevoel van eenheid. Soos Hooglied as eenheid gelees word, tref herhalende gedagtes en temas en veroorsaak dit 'n meesleurende effek. Soos temas herhaal word en met nuwe gedagtes in kontak kom, word dit verryk en verdiep, wat dit nooit sou bereik het as dit in isolasie gebly het nie. Hierdie kumulatiewe effek veroorsaak 'n geleidelike ontvouing en beweging na 'n hoogtepunt of vervulling teen die einde van die boek as daar in 8:6 uitgekom word by wat liefde werklik is.

Vir die verstaan van Hooglied moet kennis geneem word van die belangrike funksie wat metafore in die boek speel. Die metafore in Hooglied werk met beelde wat nie noodwendig in 'n logies-reglynige verhouding tot mekaar staan nie (Basson & Breytenbach, 1995:443). Die metafore het eerder 'n presentele funksie as plaasvervangend of representerend, waardeur die leser aangespreek word om dieselfde emosies te ervaar as die karakter van die verhaal. Die betekenis van Hooglied kan nooit gelyk wees aan die som van die betekenis van die onderskeie beelde en metafore nie, maar tree na vore uit die spanning wat daar tussen al die beelde ontstaan, hulle interaksie in die boek en die perspektief wat daaruit gebore word (Fox, 1983:227).

2.6 VERKLARINGSMOONTLIKHEDE

Op verskillende maniere is gepoog om by 'n betekenisvolle verstaan van die boek Hooglied uit te kom. Die uitdaging is om die winspunte van elke benadering te vind. Dit behoort die ryke verklaringsmoontlikhede van die boek te belig. Dalk dwing dit ons om weg te beweeg van 'n enkelvoudige en eenduidige verklaring wat ander moontlikhede uitskuif na 'n meer oop en akkommoderende benadering ten opsigte van betekenismoontlikhede. In die afgelope vyf-en-twintig jaar het Bybelse navorsers weg beweeg van 'n vasgestelde (en soms obsessiewe) belangstelling in die dele van die teks na 'n hernieude en wyer belangstelling na die manier waarop die dele bydrae tot die geheel (Provan, 2000:150). Deeglike ondersoek na selfs die kleinste onderdeel van 'n teks is belangrik vir die verstaan daarvan, maar begrip van die deel is baie nou verbonde aan die verstaan van die geheel waarvan dit deel is.

2.6.1 Allegories

'n Allegorie sê een saak, maar bedoel 'n ander. Dit wat gesê word is bloot die voertuig vir dieper teologiese betekenis. Vir Kaiser (2000: 110) is 'n allegorie 'n poëtiese meganisme wat

intensief woorde of gedagtes van een werklikheid of wêreld gebruik om konsepte van 'n totaal ander werklikheid of wêreld te beskryf. Volgens hierdie metode word Hooglied net metafories hanteer as tekenend van Jahwe se optrede teenoor en liefde vir Israel (Linafelt, 2002:336; Snaith, 1993:4). Die invloed van Gnostisisme en Platoniese denke het hierdie metode ondersteun, aangesien fisiese sake, en veral die seksuele, uitgemaak is as boos en vermy moet word vir diegene wat 'n geestelike verhouding nastreef (Chave, 1998:42). Reeds by die vroegste verklaarders, byvoorbeeld Origenes en Gregorius van Nyssa, word hierdie metode aangetref. Alle sake rondom die fisiese en seksuele in die boek wys dus bloot heen na God se verhouding met sy volk en Christus se verhouding met sy kerk. Dove (2001:153) is van mening dat die eerste verklaarders van Hooglied mans was, wat tipies van die tyd waarin hulle geleef het, die meeste van hulle tyd in manlike kerklike instellings deurgebring het. Gewone mense, waaronder vrouens, het in elk geval nie toegang gehad tot tekste nie. Die liefde wat in Hooglied besing word, was vir hulle vreemd omdat dit bloot nie deel was van baie van hul se leefwêreld nie. Daarom was die enigste denkbare manier om dit te verklaar, om dit allegories uit te lê. Dit was vir hulle duidelik dat hierdie liefde nie aards kon wees nie. Die tekortkominge van 'n allegoriese benadering lê juis hierin dat daar gepoog is om die seksuele en fisiese te vermy en "veilig te hanteer deur van allegorie gebruik te maak" (Burrus en Moore, 2003:24).

Hooglied mag egter nie in isolasie geles word nie, maar die wyer konteks van die Heilige Skrif moet verantwoordelik verreken word. Dit is in hierdie verband dat daar tog waarde is aan 'n vorm van allegoriese uitleg (Campbell, 2000:18). Maar allegorie verloor sy legitimiteit as dit gebruik word om die teks ongekwalifiseerd enige iets te laat sê. Dit is moontlik dat hierdie liefdesgedig deel van die kanon uitmaak omdat daar van die veronderstelling uitgegaan is dat die metaforiese taal na iets anders en iets dieper moes verwys as die oppervlaktebetekenis. Die diskoers van seksualiteit word bloot die voertuig van iets anders, meer en dieper. Vandaar dat Hooglied reeds so vroeg soos die eerste eeu n.C. op die konsilie van Jamnia deur Rabbi Aqiba beskou is as die heiligste van heiliges - omdat dit die liefde tussen God en Israel impliseer (Young, 2001). Dit is moontlik vir die teks as gevolg van die intertekstuele raakpunte met ander dele van die Ou Testament, maar is ook in lyn met die boodskap in die Bybel oor God en sy volk. Hiervolgens word die liefdesverhouding tussen die man en vrou binne Joodse kringe gesien as 'n afskading van die verbondsverhouding tussen Jahwe en Israel, terwyl Christene weer die liefdesverhouding toepas op Christus en sy kerk (Basson & Breytenbach, 1995:439). Veral die analogie van die bruid en bruidegom word die voertuig om te vertel van Israel se ontrou en veroordeling, liefde en herstel - of die storie van die verbond, met God se verbondstrou (*hesed*) wat voorop staan. In hierdie verband is die teks baie meer as bloot die dekodeering van simbole. Wat ons in hierdie teks aantref, is die eb en vloed van 'n passievolle

en stormagtige verhouding as ons lees van uitnodiging, verlies, soeke, viering, verlaten en terugkeer, die hele interaksie tussen geliefdes, maar ook tipes van die mens se verhouding met God.

Die grootste kritiek teen 'n allegoriese hantering van die teks, is dat in Hooglied geen aanduidings is dat dit wel as 'n allegorie hanteer moet word nie. Indien dit wel as allegories hanteer word, word die feitelike situasie wat in Hooglied afspeel, geïgnoreer (Kaiser, 2000:112). Edmee (1998) maak 'n interessante opmerking as sy sê dat ons vandag altyd probeer om die hemel en die aarde te skei, terwyl die antieke skrywers nie so daarvoor gedink het nie. Die onderskeid is sterker onderstreep toe die Griekse filosofie met sy dualisme op die toneel verskyn het. Dit is die rede waarom verklaarders ongemaklik rondskarrel in hul soeke na verklaringsmoontlikhede buite die teks.

2.6.2 Tipologies

'n Tipologiese benadering erken die historisiteit van die geskrif, maar vind die betekenis daarvan alleen deur dit met die bril van sekere sake in die Nuwe Testament te lees. Vir Hooglied om bloot net in die kanon opgeneem te word omdat intiem menslike verhoudings gevier word, kan nie die enigste motief wees nie. In hierdie verband het dit ook waarde om tipologies na Hooglied te kyk, want die betekenis kan dieper as net op menslike vlak gesoek word. Enige Skrifgedeelte mag meer beteken as die som van die teks se individuele woorde of dele. Indien die boek se betekenis uitgeput word as 'n viering van menslike liefde, is dit moeilik om enige teologiese betekenis daaraan te koppel.

Om dan 'n boek in die kanon te hê wat net handel oor die vreugde en plesier van fisiese liefde, maak Hooglied oortollig. Om dit net te beskou as 'n gedig oor menslike seksualiteit kan beperkend wees op die verklaarder en leser van die Skrif. Daar moet méér wees. Campbell (2000:23) verklaar dat daar 'n waardering moet wees vir die eenheid van die Bybel, wat die aard van God se redding in die heilsgeskiedenis weergee. Daar moet waardering wees daarvoor dat God se verlossende verbond van genade aan die hart van 'n ware Bybelse teologie lê. En met elke volgende openbaring van daardie verbond dwarsdeur die Ou Testament, word die boog van genade wyer, die lig helderder en die fokus van redding met die rol van Jesus Christus daarin al hoe nouer. Dit skep 'n fondasie vir 'n legitieme tipologiese verstaan van baie van die Ou Testament. Die tipologiese metode maak baie gebruik van metafore. Dit word telkens aangetref as die Ou Testamentiese profete oor die huwelik praat wat nie baie verskil van die huweliksterminologie van Hooglied nie. Dit moet egter verreken word dat daar 'n verskil van opinie bestaan of die boek na 'n huweliks- of voor-huwelike

verhouding verwys. Om bloot met die veronderstelling te werk dat die paartjie reeds getroud is en dat alle sensuele materiaal na die huwelik verwys, sou doodeenvoudig die waarde van ander standpunte in hierdie verband nie verdiskonteer nie. Bennet (2002:1) verklaar dat die boek die oorweldigende passie van die romantiese liefde van 'n jong paartjie beskryf. Webb (1990:4) verklaar dat die boek liefde tussen 'n man en vrou beskryf wat op die regte tyd tot vervulling sal kom. Daar is sprake van afwagting en spanning, wat 'n verhouding impliseer waarin die betrokkenes stadig maar seker nader aan mekaar beweeg. Daar word nie gepraat oor 'n huwelikseremonie nie en nêrens is daar 'n verwysing na man of vrou wat getroud is nie (Payne, 1996:330), behalwe moontlik in 4:8-12 en 5:1. Hooglied handel oor twee verliefdes op weg na hul huwelik (Carr, 2000:242). Holmyard III (1998:170) verklaar dat daar baie duidelik aanduidings is dat daar nie in Hooglied sprake is van die voltrekking van die seksdaad nie, maar dat die teendeel eintlik waar is, naamlik dat die meisie baie duidelik aandui dat sy met seks gaan wag tot na die voltrekking van die huwelik.

2.6.3 Drama

Die boek Hooglied is 'n drama wat afspeel tussen geliefdes met al die elemente wat 'n drama vereis. Daar is sprake van 'n liefdesdriehoek tussen Salomo, 'n onbekende skaapwagter en 'n Sulammitiese meisie (Fuerst, 1975:162). Geen ander literatuur uit die Antieke Nabye Ooste steun egter so 'n verklaring nie en die vloei van die verhaal raak dan effens geforseerd. Tog het hierdie uitleg waarde en kan dit, in ag genome van die kritiek daarteen, met vrug gebruik word. Ten minste kan met reg beweer word dat dele van die boek wel in die vorm van 'n drama geskryf is. Campbell (2000:18-19) dui aan hoe daar verskillende skole bestaan wat Salomo as outeur erken en ontken. Salomo se bruilof met hierdie meisie word dan hier besing - die koningshipotese. Vir sommige speel Salomo selfs die rol van skobbejak wat die Sulammitiese vrou vir homself wil toe-eien terwyl haar ware liefde 'n onbekende skaapwagter is - die herdershipotese (Burden, 1987:77). Dat Salomo 'n rol speel in die boek kan nie ontken word nie, maar daar is kritiek teen hierdie standpunt, want dit is moeilik om te dink dat as Salomo die outeur was dat hy homself in sulke negatiewe terme sou aanbied. En tog, soos later aangedui, het dit waarde om te kyk na die moontlikhede wat die outeurskap van Salomo vir die verstaan van Hooglied, binne die wyer konteks van God se genadeverbond, vir die verklaarder inhou.

2.6.4 Letterlik of natuurlik

Hiermee word die teks op gesigwaarde geneem en erns gemaak met wat fisies geskryf is (Burden, 1987:76). Vir voorstanders van hierdie benadering is Hooglied 'n reeks gedigte wat duidelik en openlik handel oor die gevoelens, begeertes, bekommernis, hoop en vrese van

twee geliefdes. Vir hierdie benadering is dit onnodig om met behulp van allegorie, tipologie of 'n drama van die seksuele elemente in die teks te ontsnap. Nêrens word seks as boos in die teks uitgebeeld nie. Voorstanders van hierdie benadering vind in Hooglied 'n verbintenis met die skeppingsverhaal wat die waardigheid en reinheid van menslike liefde vier en wil ons in hierdie wêreld herinner aan die reinheid en skoonheid van die liefde tussen man en vrou binne 'n verhouding (Lloyd Carr, 1984:34-35). Webb (1990:93) gaan verder deur te verklaar dat die baie verwysings in Hooglied na tuine, bosse, wingerde, weivelde en ander natuurverskynsels simbole is van die paradys. In so 'n omgewing is die liefde onskuldig en ideaal, soos dit die geval was met Adam en Eva, met die veronderstelling dat dit ook waar kan word van hedendaagse liefdesverhoudinge. In 'n letterlike verklaring van Hooglied moet die uitlegger egter rekening hou met die konteks, die literêre vorm en die stylfigure en kan die inhoud nie sonder meer direk op die huidige omstandighede toegepas word nie (Burden, 1987:76).

Die afgelope 25 jaar is wegbeweeg van 'n vaste en soms obsessiewe belangstelling in die dele van 'n teks en is geleidelik beweeg in 'n rigting waar meer erns gemaak word met die dele se bydrae tot die geheel (Provan, 2000:150) en selfs hoe dit deur die geheel beïnvloed is. Navorsing in die kleinste deel van die teks het baie waarde om uit te kom by 'n verstaan daarvan, maar daar is meer begrip dat die onderdeel van die teks in verband gebring moet word met die verstaan van die geheel.

2.6.5 Kulties-mitologies

Hierdie uitleg het sy beslag teen die einde van die 19de eeu gekry en het sterk op die godsdienst-historiese skool gesteun. Hierdie metode bring Hooglied in verband met Babiloniese, Egiptiese en Kanaänitiese vrugbaarheidskultusse, veral as kultiese lied wat tydens heilige huweliksluitings gebruik is (Basson & Breytenbach, 1995:439; Carr, 2000:242-246; Pope, 1997:141). Hooglied verteenwoordig dan 'n Hebreeuse aanpassing van 'n teks met 'n heidense oorsprong in sy literêre vorm, poëtiese tegnieke, motiewe, temas en erotiek (Watson, 1995:253-271). Hierdie verklaringsmoontlikheid vereis ook 'n herwaardering vir die kultiese lewe van Antieke Israel (Fuerst, 1975:163).

2.6.6 Fenomenologies

Die fenomenologie het 'n paar strukturele verklaringsmetodes tot gevolg gehad dat die teks as gestruktureerde eenheid bestudeer word. Hieronder tel byvoorbeeld die Franse strukturalisme, diskoers- en struktuur analyses (Basson & Breytenbach, 1995:439). Die wese van 'n teks het die fokuspunt van die uitleg geword (Burden, 1987:77). Die taal en teksorganisasie moet

ontleed en die funksies van alle dele moet bepaal word (Burden, 1987:80). Hier gaan dit daaroor om die Ou Testament as literatuur ernstig te neem.

2.6.7. Narratologies

Mazor (1990:3) beklemtoon die funksie van die narratiewe plot as samebindende faktor in Hooglied. Volgens hom lê die eenheid van die teks opgesluit in die ontvouing van die plot van die verhaal. Walsh (2000:202-210) is oortuig daarvan dat die groter narratief van die kanon 'n geweldige impak het op die (*kleiner*) narratief van Hooglied. Die gebruik van sekere woorde en begrippe en die verwysing na sekere plekke wat in ander dele van die Ou Testamentiese kanon voorkom, speel 'n belangrike rol in die verstaan van die boek. God is nie afwesig in Hooglied nie, al word daar nooit direk na Hom verwys nie. Soos erns gemaak word met Hooglied as deel van die kanon, word die ontdekking gemaak dat God eintlik nooit afwesig was nie (Walsh, 2000:198-199).

2.6.8 Feministiese lees

Die feministiese ideologiese lees van die Skrif is veral daarop gemik om die patriargale lees en hantering van die Skrif te ontbloot en te korreger. Die Bybel word ook gesien as 'n produk van 'n dominante manlike kultuur. *"Perhaps, the heart of feminist Biblical scholarship is the preposition that the Bible, when properly analysed, yields emancipatory interpretation"* (Ndogo & Viviers, 2000:1287). Die vrou in Hooglied verteenwoordig vir hierdie skool van denke 'n kontra-literatuur waarin die vrou teenoor die dominante manlike/patriargale vooroordele staan (Trible, 1987:112). Haar gevoelens, emosies en begeertes word aan die leser gebied vanuit haar eie ervaring en nie deur die oë van 'n man nie (Van Dijk-Hemmes, 1989:82). Burrus en Moore (2003:43) is egter van mening dat daar in 5:2-8 sprake is van geweld en manlike dominansie en dalk is dit probeer vermy deur dit aan die een kant te allegoriseer en aan die ander kant deur dit as harde realiteit te beskryf - as die realiteit van 'n manlik oorheersde wêreld. Die feministiese hantering van die teks pleit daarvoor dat lesers voortdurend hierdie geweld teen die vrou moet weerspreek.

Alhoewel feministiese teoloë daarop aandring dat die vroulike stem baie sterk in Hooglied na vore kom, is die manlike stem ook tog duidelik teenwoordig en net so sterk. Watson (1995:254) argumenteer dat die skryf van liefdesgedigte in Antieke Israel 'n vroulike saak was, wat die moontlikheid van 'n vroulike outeur vir Hooglied open. Die wegspringpunt vir die "ware betekenis" van Hooglied lê, volgens voorstanders van die Feminisme, by die herkenning dat die lied vroulik van aard is: die verhaal van 'n vrou wat self haar storie vertel (Ndogo & Viviers, 2000:1295).

2.6.9 Hooglied 'n versameling liefdesgedigte of -liedere

Hooglied is 'n liefdesgedig wat die oorweldigende passie van die romantiese liefde van 'n jong paartjie beskryf (Bennet, 2002:1). Lyke (1999:208) is oortuig daarvan dat Hooglied in die kanon geplaas is, omdat dit die misterie van menslike liefde in die geskape werklikheid ondersoek. Campbell (2000:17) verklaar dat die boek menslike seksualiteit vier en is van mening dat Hooglied 'n getuigenis is van die een God wat man en vrou gemaak het vir 'n liefdevolle en permanente verhouding met mekaar. Die taal, kenmerke, temas en erotiese beeldspraak identifiseer die lied as 'n liefdesgedig (Murphy, 1990:91). Die boek het 'n baie sterk liriese karakter. Die strofes is kort en ritmies en poog om meer gevoel uit te druk as rasionele objektiewe waarhede. Dit vereis 'n groter sensitiwiteit van die leser. Die uitdaging is om beeldspraak en gevoelstaal te verreken en voortdurend in gedagte te hou dat Hooglied poëtiese materiaal bevat.

Volgens Webb (1990:93) is daar voorstanders wat Hooglied eerder beskou as 'n versameling liefdesgedigte as een gedig (Carr, 2000:233). Die eenheid van die boek moet dan eerder gesoek word in verhalende temas, plekke en motiewe. In Hooglied word drie stemme aangetref, naamlik manlik enkelvoud, vroulik enkelvoud en die stemme van 'n groep omstanders (Webb, 1990:93). Maar dit is al, net stemme, want die gedigte gaan nie noodwendig oor spesifieke geliefdes nie, maar eerder oor *liefde*. Wat van waarde is vir hierdie studie, is dat Webb in haar werk vyf temas identifiseer wat herhaaldelik voorkom, naamlik die uitnodiging om lief te hê, die wegstuur van die geliefde, die soeke en verlange na hierdie geliefde, die ontwikkeling van 'n selfwaarde in hierdie konteks van liefhê en die viering van liefde.

Tog is Webb (1990:4) self daarvan oortuig dat dit onnodig is om die boek in verskillende gedigte op te deel. Haar motivering vir hierdie standpunt lê in die feit dat die titel verwys na die beste lied, "The Song of Songs". Die tweede rede wat sy aanvoer is in die herhaling van die refrein "*moenie die liefde wakker maak en aanvuur voor die tyd daarvoor nie ryp is nie*," in 2:7, 3:5, 8:4. Gee liefde kans om natuurlik te ontwikkel. Op die regte tyd sal dit tot vervulling kom. Hierdie refrein skep verwagting en spanning. Dit impliseer 'n verhouding waarin die deelnemers stadig maar seker nader aan mekaar beweeg ten spyte van verwydering, vyandskap en inmenging deur ander. Die wyse waarop die lied eindig, is die volgende rede waarom dit as een lied hanteer moet word. Die hoogtepunt is bereik. Die klimaks van die lied in 8:5 is nie 'n rowwe sekstoneel nie, maar 'n verhouding waarin elkeen alles sal prysgee vir die ander. Die laaste rede is die droomtoneel in die middel van die boek, waar die voornemende bruid droom oor haar huweliksdag en die vervulling van hul fisiese begeerte na mekaar.

Johnstone (2003:7) is van mening dat Hooglied eerder 'n sikliese as liniêre struktuur volg. Eerder as om 'n narratiewe progressie van begeerte tot hofmaking in die eerste deel van die boek na vervulling in die huwelik in die tweede deel te volg, kies Johnstone vir die benadering waarin die siklus van begeerte na vervulling nie minder as tien keer in die boek voorkom nie.

Daar is min ander tekste en gedeeltes in die Bybel wat so positief en opgewonde is oor dit wat tussen man en vrou binne 'n liefdevolle en stabiele verhouding gebeur as Hooglied (Edmee, 1998). In hierdie verband lê die waarde van Hooglied daarin dat dit weer die geloof in die mooi en opwindende van liefdesverhoudinge (voor of in die huwelik) opnuut kom beklemtoon en mense uitdaag om dit in verhoudings na te streef. In hierdie verband hanteer die boek menslikheid. God se voorsiening vir intiem menslike verhoudings word baie sterk op die voorgrond geplaas. Hooglied is dus nie soos 'n sekulêre werk wat oor die seksuele liefde tussen man en vrou handel nie, en het moontlik 'n dieper betekenis wat, sonder om in allegorie of tipologie te verval, benut kan word. Dit is nie 'n handleiding vir seks nie, maar ook nie bloot 'n filosofiese hantering van die onderwerp nie. Daar word 'n intimiteit in die boek aangetref wat beide opwindend en selfs skaamteloos is. Die karakters is in gesprek met mekaar en om bloot na die teks te luister, open 'n venster op daardie intieme wêreld en laat die leser iets beleef van dit wat die geliefdes self ervaar het. Hooglied is 'n boek vir diegene wat weet, of onthou het wat dit is om verlief te wees, om lief te hê en intiem te verkeer (Webb, 1990:92).

2.6.10 Hooglied as deel van die wysheidsliteratuur

Hooglied word soms geklassifiseer as deel van die Wysheidsliteratuur, wat nie noodwendig ontwikkelde teologie bevat nie, maar waarvan die fokus meer gerig is op sake van die alledaagse lewe (Gledhill, 1994:35). Dit gaan vir die wysheidsliteratuur oor die maak van goddelike keuses binne alledaagse situasies. Daarmee word nie gesê dat God afwesig is nie. Die Ou Testamentiese mens het nie in kompartemente oor die lewe gedink nie. Die lewe was 'n geïntegreerde geheel. Provan (2000:151) sê dat Hooglied wil vertel wat dit beteken om waarlik mens te wees, veral met die ontdekking dat die doel van hierdie boek, maar ook van die Bybel, is om met God se hulp te skuif vanaf ons gefragmenteerde verstaan van menslikheid (en in hierdie geval seksualiteit) na 'n herstel van heelheid. As die fokus van 'n boek dus nie primêr handel oor redding en verlossing nie, of oor meer godsdienstige sake nie, beteken dit geensins dat die boek nie van waarde is nie. Wysheidsliteratuur handel oor die lewe en belangrike fasette van die lewe wat in elk geval voor die aangesig van God of in sy teenwoordigheid geleef word. Die doel van wysheidsliteratuur is om te onderrig en voor te berei vir die lewe in al sy fasette en volheid. Verhoudings tussen man en vrou en seksualiteit is nou verbonde aan alle ander fasette van hul lewens. Wysheidsliteratuur vra na die betekenis of sin van die lewe,

gebruik en geloof in God in vorme wat vir die mens van belang is. Daarom verskaf dit nie bewyse van geloofsoortuiging nie, maar bied dit eerder praktiese en deurliefde wysheid wat van belang is vir die lewe (Walsh, 2000:211).

In hierdie verband sê Campbell (2000:22) dat die drie boeke wat aan Salomo toegedig word, naamlik Spreuke, Prediker en Hooglied, deel vorm van 'n eenheid. Spreuke benut die klassieke antitiese parallelisme van die Antieke Nabye Oosterse wysheidsgeskrifte om te onderskei tussen die regte en die verkeerde weg. Die pad van wysheid word telkens gekontrasteer met die weg van dwaasheid. Dood en lewe, seën en vervloeking, hoop en wanhoop kom in die boek teenoor mekaar voor. As illustrasie hiervan volg Prediker wat die weg van leegheid en wanhoop beskryf. Die outeur van Prediker poog om dwarsdeur die boek die standpunt in te neem van mense wat God nie vrees nie, wat doelbewus gekies het vir die weg van dwaasheid en hulle daardeur buite God se genade geplaas het. Op hierdie weg word gekies om nie God in die oog te hou nie. Daarom is die lied wat in Prediker aangetref word: "Alles kom tot niks..." (Pred 1:2; 2:1, 11, 15, 17, 19, 21, 23, 26; 3:19; 4:5, 8, 16; 5:9; 6:2, 9; 8:10, 14; 11:8; 12:8). Dit beskryf selfs moontlik Salomo se eie vrugtelose en tevergeefse soeke na sin in die lewe in rykdom, invloed, mag, liefde, verhoudings en aardse besittings. Provan (2000:159) is van mening dat Prediker geskryf is teen die agtergrond van 'n negatiewe herinnering aan Salomo waarin die beperking van wysheid ontmasker is, plesier 'n doodloopstraat is, omgewingsverandering en -verbetering net 'n troos is, besittings nooit kan vergoed vir diepte nie en die liefde van baie vrouens nooit kan bevredig nie. Al hierdie sake het vir Salomo geen voordeel ingehou nie. Hy het nie daarin geslaag om deur die beperkinge van sterflikheid en kwesbaarheid te breek en om suksesvol en gelukkig te wees nie.

Hooglied staan in skille kontras hiermee en beskryf eerder die weg van vervulling, vreugde, vrede en liefde. Lyke (1999:208) verklaar dat Hooglied in die kanon geplaas is "*to probe the mystery of human love in the creative order*". Hier is sprake van lewe teenoor wanhoop, liefde teenoor alleen wees, vervulling teenoor betekenisloosheid en van verhoudings wat kan werk. Hooglied beskryf die lewe op sy beste. Hooglied handel oor die maak van goddelike keuses ten opsigte van wie om lief te hê en hoe om lief te hê (Bennet, 2002:1). Dit sluit af met die woorde in 8:6: "Die liefde is sterker as die dood..." Die temas van hoop, vervulling, lewe, vreugde, liefde en seën word beklemtoon. Lyke (1999: 210) toon ook aan in watter mate daar 'n ooreenstemming is tussen Hooglied en Prediker, maar ook met Spreuke, veral ten opsigte van die gebruik van sommige metafore met baie duidelike seksuele ondertone. Laird (2000:520) op sy beurt, wys hoe Spreuke en Prediker die siel voorberei vir die erotiese beelde van passievolle liefde in Hooglied en hoe die begeerte van die siel na die goddelike Bruidegom

aangewakker word. Spreuke en Prediker wil die mens help om ontslae te raak van die leë liefde vir die wêreld en van 'n skewe selfliefde, waarna Hooglied gelees kan word - wat handel oor ware liefde (Walsh, 2000:191).

2.7 HOOGLIED EN VERHOUDINGS

2.7.1 Horisontaal: verhouding tussen man en vrou

Hooglied is 'n liefdesgedig wat die liefde tussen 'n man en 'n vrou vier om ons te herinner aan die wonder van liefde. In die woorde van Murphy (1990:97): *"What distinguishes the Song most sharply from other works of biblical literature is not the fact that it takes human sexuality seriously but rather the exuberant, thoroughly erotic, and non-judgmental manner in which it depicts the love between a man and a woman"*.

Holmyard III (1998:164) vra hoe dit moontlik is dat Hooglied romantiese liefde kan besing ten spyte van Salomo se geestelike en morele agteruitgang. Salomo besing die wonder en waarde van die vrou - Pred 7:28, Spr 31:10. Dit is presies hierdie eienskappe wat Salomo moontlik in die meisie in Hooglied sien en ontdek. Dan is dit te verstane dat hy lirieks daarvoor kan raak. Tog is dit eintlik die rol van die Sulammitiese vrou wat in die sentrum inskuif. Die intensiteit waarmee sy Salomo of iemand anders liefhet, kom keer op keer voor (1:2, 7, 16; 2:3; 3:1, 4; 4:16; 5:10, 6:3, 7:12). Dit vind hulle klimaks in die woorde van 8:6-7, seker van die mees intieme woorde wat tussen man en vrou gewissel kan word in enige literatuur. "Hou my teen jou soos die seëlring op jou bors, soos die seëlring aan jou arm. Die liefde is sterker as die dood, die hartstog magtiger as die doderyk; dit brand en vlam soos vuur. Strome water kan die liefde nie lus nie, riviere kan dit nie afkoel nie."

Die hartseer van die boek is dat die koning self hierdie ideale verhouding, passievolle, romantiese liefde en eenheid verraaï het met sy morele agteruitgang (1 Kon 11:1-4). Die sleutelvraag is waarom Salomo nie toegelaat het dat ook sy hart verower word nie? Waarom het hy nog vroue geneem? Waarom het hy hierdie liefde verraaï? Dalk was hy nie bereid om naïef lief te hê soos die meisie nie. *"She committed her soul to someone without the spiritual fire to match her own commitment."* (Holmyard III:1998.169) En volgens 6:8, 9 het sy kennis gedra van sy ander vroue. Dalk was sy naïef genoeg om te glo dat hy al die ander gaan los net vir haar. Sonde kan liefde ondermyn en uiteindelik vernietig. Dalk is dit presies wat hier gebeur het. Die Sulammiet se toewyding moes 'n groot indruk op Salomo gemaak het, daarom begin 1:1 met *"Salomo se mooiste lied."* Die kwaliteit van die liefde wat sy vir Salomo gehad

het, gee aan hierdie lied sy besondere kwaliteite en bemoedig hulle wat in liefde glo, ten spyte van hoe Salomo uitgedraai het.

Provan (2000:152-157) is van mening dat die rol wat Salomo speel in Hooglied 3 eintlik negatief reflekteer op hom. In 3:1-5 word gelees van 'n vrou wat op haar bed (*miskar*) lê en na haar geliefde verlang. Dit is dieselfde vrou wat in 1:2-7, 12-14, 16; 2:1, 3-13, 15-17 aan die woord is. Haar geliefde is waarskynlik dieselfde as die een wat in 1:8-11, 15, 17; 2:2, 14 praat. Die episode van 3:1-5 vind in haar drome plaas en word gekenmerk deur haar tevergeefse soeke na haar geliefde. As sy in 3:4 haar geliefde opspoor, gryp sy hom vas en neem hom na haar ma se huis en haar slaapkamer. Dalk is dit simbolies van die sekuriteit en veiligheid waarna hierdie vrou soek. In 3:6-11 word gelees van die optog van Salomo. Provan (2000:153) is daarvan oortuig dat die drastoel (*appiryon*) eerder met 'n vaste struktuur of bed vertaal moet word en dat dit eerder 'n verwysing is na Salomo se bed, wat streng bewaak word. Hierdie gedeelte handel daaroor, dat alles (ook vrouens) tot Salomo se beskikking is en dat hy geen vrees het, in kontras met 3:1-5, om sy geliefde te verloor nie. Salomo se bed verteenwoordig sy seksuele eskapades waarop hy letterlik honderde vroue "oorrompel" het. Hy het 'n gewapende wag wat hom teen die nag se gevare (3:8) beskerm. Ten spyte van alles wat hy het, weet hy niks van intimiteit en vervulling nie. Hierdie gedeelte skets eintlik Salomo as 'n patetiese figuur, wat alleen is in 'n wêreld van materialisme en seksuele oorwinning - 3:7-8 se militêre terme onderstreep hierdie argument. Die prentjie wat hier van Salomo geskets word, is alles behalwe positief en daar kan met reg gevra word of Salomo, as hy die outeur was, so negatief oor homself sou skryf. Tog wil dit lyk of twee kontrasterende verhoudings tussen man en vrou in hierdie gedeelte aangetref word. In 3:1-5 is sprake van 'n verhouding waar die twee geliefdes met mekaar praat en vrylik verlief is en intiem verkeer, sonder skaamte of voorbehoud. Die tweede verhouding waarvan ons lees, 3:6-11, is een wat onder dwang plaasvind. Hierdie tweede verhouding weerspieël die tipiese verhoudings van die Antieke Nabye Ooste waar die man dominant was en beheer gehad het oor die vrou. Die vrou was bloot 'n pion in die man se planne. In hierdie verband kan 8:8-12 verstaan word as 'n vrou wat nie gaan toelaat dat sy misbruik of gebruik gaan word nie, nie deur haar broers, wat vir haar wil voorskryf nie, en ook nie deur 'n koning wat dink dat hy met mag, geld, invloed en status haar beïndruk nie. In hierdie verband verklaar Kaiser (2000:113) dat die voorwerp van jou begeerte nie in 'n liefdesverhouding in geforseer, geïntimideer, gekoop of geboelie kan word nie!

Ander Bybelse stof skets 'n soortgelyke prentjie van Salomo. Hy was bekend as 'n koning wat God gedien het, maar vrae is gevra oor sy integriteit. Dit wil lyk of sy wysheid aan die einde van sy heerskappy bloot bestaan het uit 'n woordespel (1 Kon 10:1-13). Hy het ook gedurende

sy termyn voortdurend die Mosaïse voorskrifte vir koningskap (Deut 17:14-20) oortree. Verder was Salomo berug vir die hoeveelheid vroue en byvroue wat hy versamel het (1 Kon 11:1-3). Al hierdie sake het later op afgodediens uitgeloop (1 Kon 11:4-8). Tog wil dit lyk of die skrywer nie bekommerd is oor Salomo se berugte liefdelewe nie (Webb,1990:92). Later in die studie word hierdie gedagte verder uitgebou.

Hooglied handel oor die liefde tussen 'n man en 'n vrou. Die rol van elkeen in liefde, die kompleksiteit van liefde en die soeke na vervulling binne die liefdesverhouding word beskryf.

2.7.2 Horisontaal: liefdesdriehoek

'n Ander verklaring vir die liefde tussen man en vrou wat in Hooglied besing word, is moontlik. Bennet (2002:1) is oortuig daarvan dat die diskoers in die gedig wissel tussen drie rolspelers: 'n vrou, 'n skaapwagter en Salomo. Daar is ook 'n bydrae van 'n groep vroue en ook moontlik van 'n groep mans. Die vrou moet kies tussen die attenties van Salomo (met al sy rykdom) en die skaapwagter (wat net eksklusiewe liefde en toewyding het om te bied). Hooglied word dan as 'n drama hanteer. Dit het wel waarde, maar loop die gevaar om te geforseer met die teks om te gaan.

Indien daar gewerk word met die idee dat ons in Hooglied twee persone kry wat meeding om die hart van die Sulammitiese meisie, kan gemaklik na die een verwys word as een met baie rykdom en skatte - Salomo kan maklik in hierdie beeld inpas - en die ander 'n doodeenvoudige arm skaapwagter. Salomo se klem op rykdom staan in skrilte kontras teenoor die armoede van die skaapwagter. Die keuse wat aan die meisie gestel word, is om tussen rykdom en liefde te kies. Die volgende is moontlike verwysings na Salomo en sy rykdom en oorvloed:

- 1:5 "tentdoek van Salomo" - tentdoek, gordyne wat op weelde en voorspoed kan dui
- 1:9-11 - verwysings na rykdom, strydwaens, juwele - die fokus op versierings om eksterne skoonheid te bewerkstellig dui moontlik die motief van hierdie vryer aan
- 3:6-11 - Salomo word op sy drastoel deur die wildernis gedra met verwysing na soldate wat hom beskerm. Die detail waarmee die troon en kroon beskryf word, verwys na sy rykdom, invloed en mag.
- 3:11 - is dalk 'n sarkastiese opmerking as verwys word na sy huwelik as die dag van sy grootste vreugde, want hoeveel daarvan het hy nie al gehad nie?
- 6:13a - is moontlik ook 'n verwysing na Salomo wat wil hê dat die Sulammitiese meisie moet terug kom dat hulle na haar kan kyk. As daar hier na Salomo verwys word, is sy optrede onvanpas, aangesien sy bloot as 'n voorwerp hanteer word.

Na die skaapwagter word soos volg verwys:

- In 1:7-8 is die vrou aan die woord as sy die een wat sy liefhet by kleinveetroppe soek. 'n Skaapwagter was nooit die eienaar van die vee nie, eerder 'n huurling wat dit moes oppas.
- In 1:15-17 is die skaapwagter self aan die woord as hy die skoonheid van sy geliefde beskryf. As hy van hulle bed praat verwys hy daarna as "die groen blare" wat moontlik na die natuur verwys, met seders en sipresse wat die dak daarvan vorm. Die eenvoud van hierdie beskrywings is treffend.
- In 2:3-17 verwys die meisie verder figuurlik na hulle huis. Hulle huis is 'n feesplek van liefde, v 4, eerder as van 'n oorvloed kos. Die skaapwagter het nie juwele om haar te versier nie, maar sy is vir hom mooi genoeg.
- 5:10-16 ontwikkel hierdie gedagte verder.
- In 7:1-9 beskryf die skaapwagter sy geliefde op dieselfde wyse. Eerder as om haar met juwele te versier is sy reeds vir hom mooi genoeg.
- 7:10-13 en 8:2 het definitiewe seksuele ondertone, maar die beeldspraak versterk die motief van eenvoud.

Die keuse wat die skaapwagter maak, is duidelik volgens 4:10. Sy liefde vir die meisie is beter as wyn of speserye. In 8:7 verklaar die meisie baie duidelik dat, "al wil iemand vir die liefde al die rykdom in sy huis betaal, hy sal daarvoor uitgelag word." Die keuse wat hierdie twee geliefdes maak is om in eenvoud en opregtheid lief te hê.

Provan (2000:158) is van mening dat die hele boek rondom hierdie liefdesdriehoek draai. Die vrou, wat alreeds deel is van Salomo se harem, bly vashou aan haar liefde vir haar geliefde (en met implikasie haar veragting vir die koning), waarop haar geliefde reageer deur gebruik te maak van bekende beelde uit die natuur waaraan hulle so gewoond is (Hooglied 1-2). In hoofstuk 3 word die kontras tussen die koning en haar geliefde uitgebeeld. Die bedreigings vir en diepte van hulle liefde word in hoofstukke 4-5 hanteer, waar daar sprake is in die taal en beelde van 'n toegewyde huweliksverhouding tussen die man en vrou. Die jong vrou droom oor hierdie liefdesverhouding en deel haar droom met die ander vroue in die harem wat haar simpatiek gesind raak en haar dan in haar soeke na haar geliefde help. In hoofstuk 6 verskyn die koning weer op die toneel en probeer hy die Sulamitiese vrou se hart wen, maar sy bly vlug na haar liefde vir die skaapwagter. Hoofstuk 8 gee 'n passievolle liefdesverklaring van die vrou aan haar geliefde en haar weerstand teen ander mans wat dink dat hulle haar kan beheer. In hierdie verband is Hooglied 'n boeiende verhaal van trou aan jou ware liefde in die lig van mag en versoekings. Dit is die poëtiese verhaal van 'n antieke paar se aandrang dat seksuele

intimiteit deur vryheid en liefde geskep en in stand gehou word, en nie deur dwang, oorheersing of dominerende nie.

Die groot probleem daarmee om die boek te hanteer as 'n drama wat afspeel tussen hierdie drie karakters, is dat die verloop daarvan dan geweldig ingewikkeld en soms geforseerd kan wees.

2.7.3 'n Uitdaging vir korreksies op verhoudings

2.7.3.1 Wederkerig

In die verhouding is die man en die meisie gelyke vennote. Alhoewel Hooglied nie geskryf is om teologies of eties te onderrig nie, *"its unapologetic depiction of rapturous, reciprocal love between a man and a woman does model an important dimension of human existence, an aspect of life that ancient Israel understood to be divinely instituted and sanctioned"* (Murphy, 1990:100). Beide praat met mekaar en daar is sprake van wedersydse betrokkenheid en liefde. In die NAV word hierdie wedersydse betrokkenheid duidelik gemerk as die teks aantoon wie aan die woord kom. In 2:16 verklaar die meisie, "Die man wat ek liefhet, is myne, en ek syne..." en weer in 7:10 verklaar sy "Ek behoort aan die man wat ek liefhet. En dit is na my dat hy smag." Dit is baie duidelik dat hulle mekaar se liefde geniet. In 1:2 begin sy, 'Soen my, soen my weer en weer! Jou liefkosing is beter as wyn...' In 4:10 antwoord hy, "Ek hou van jou liefkosing my beminde bruid, jou liefkosing is beter as wyn..." en weer in 7:8-9 verklaar hy, "Laat jou borste vir my soos trosse druie wees... jou mond soos goeie wyn wat na binne gly vir die man wat jy liefhet..." Hulle liefdesverhouding voed hulle. Net die baie beelde en metafore wat te doen het met eet en drink is 'n bewys daarvan. Daar is sprake daarvan dat elkeen op sy beurt inisiatief neem. In 1:4 versoek sy, "Vat my saam met jou". en hy in 2:10 "Staan op my liefding, my mooiste, kom na my toe." Daar is dus baie duidelik sprake van 'n wedersydse betrokkenheid by mekaar. Beide is betrokke en uitverkoop aan hierdie verhouding.

2.7.3.2 Gelyke

Nêrens is daar sprake van een maat wat die ander domineer nie. Beide is betrokke, neem inisiatief en reageer op die ander. Die waardes van gelykheid en gemeenskaplikheid lyk volgens Ndonga & Viviers (2000:1301) na die mees dominante temas in die boek, terwyl daar geen sprake is van 'n vervanging van patriargale dominansie met matriargale dominansie nie. Burrus en Moore (2003:43) is egter van mening dat daar in 5:2-8 sprake is van geweld en manlike dominansie. Dalk is dit probeer vermy deur dit aan die een kant te allegoriseer en aan die ander kant as harde realiteit te beskryf - as die realiteit van 'n manlik oorheersde wêreld. Die feministiese hantering van die teks pleit daarvoor dat lesers

voortdurend hierdie geweld teen die vrou moet weerspreek. Buiten die verskil in interpretasie ten opsigte van 5:2-8, is daar min sprake van die patriargale verhouding wat kenmerkend was van die kultuur van die Antieke Nabye Ooste nie. Dit wil selfs lyk of die meisie 'n groter en meer dominante rol speel, terwyl manlike chauvinisme afwesig is (Payne, 1996:330). Dalk gebeur dit juis in reaksie teenoor die verknegting van die vrou! Terselfdertyd is daar geen vervaging van die duidelike onderskeid tussen man en vrou nie.

2.7.3.3 Huwelik

Daar is geen direkte verwysing na die huwelik in die teks nie. Selfs die NAV se vertaling van bruid (*dodi*) sou dalk eerder vertaal kon word met "geliefde metgesel" (Lloyd Carr, 1984:64). Daar word nie gepraat oor 'n huwelikseremonie nie en nêrens is daar 'n verwysing na man of vrou wat getroud is nie (Payne, 1996:330), behalwe in 4:8-12 en 5:1. Sommige verklaarders is egter van mening dat Hooglied wortels in die Oosterse huwelikseremonie het (Dove, 2001:157) en dat Hooglied Salomo se liefdeslied is vir sy huwelik met 'n Egiptiese prinses. Aansluiting kan moontlik gevind word by Siriese huweliksvieringe wat oor sewe dae strek (Beek, 1984:145). Die sewe dele waarin Hooglied ingedeel kan word, vind dan aansluiting hierby. Ook Garret (1993:366) verklaar dat ons te doen het met 'n huweliksverhouding. 'n Huweliksverhouding is bedoel om 'n vennootskap en vriendskap op die diepste vlak te wees, wat egter nie beteken dat die emosionele en seksuele onwaardig is nie. Seksualiteit en liefde is deel van menswees. Hooglied wil ons leer om gelukkig en reg te leef en om aan seksualiteit 'n volwaardige plek binne die huwelik te gee.

2.7.3.4 Voorhuweliks

Die skrywer van Hooglied is baie realisties. Hy weet hoe hard dit is om te wag. Hy ken die erotiese drome en begeertes van geliefde. Hy weet van mense wat in 'n meng - ouer broers en die vrouens van Jerusalem. Hy weet hoe moeilik dit is om 'n verhouding te vestig te midde van al hierdie onderbrekings. Hy weet dat onbeheersde liefde kan handuit ruk en wreed en vernietigend kan word (8:6). Hy weet dat ons in 'n gebroke werklikheid leef waar liefde maklik in "*lust*" kan verander en seks in verkragting (Webb, 1990:97). Tog is Hooglied ook baie idealisties oor verhoudings. Die liefde word besing as mooi, amper te mooi om met woorde uit te druk. Liefde word geteken as bron vir vervulling, tevredenheid en bevrediging. Dit skep 'n wêreld waarin 'n skaapwagter 'n prins kan word, 'n wêreld waarin geld en mag irrelevant word, waarin 'n skaapwagter en plaasmeisie so gelukkig en tevrede kan wees soos 'n koning op sy troon.

Die herhaling van die refrein “moenie die liefde wakker maak en aanvuur voor die tyd daarvoor nie ryp is nie,” in 2:7, 3:5, 8:4 dui tog op ‘n liefde wat besig is om te ontwikkel en nog nie tot volkome vervulling gekom het nie. Soos reeds vermeld, skep hierdie refrein verwagting en spanning en impliseer dit ‘n verhouding waarin die rolspelers stadig maar seker nader aan mekaar beweeg. In hierdie verband kan daar dus ‘n saak uitgemaak word vir die voorstanders van die standpunt dat Hooglied handel oor twee verliefdes op weg na hul huwelik (Carr, 2000:242). Hierdie verse is ook wysheid wat wil waarsku teen ongebreidelde passie en begeerte. Die legitimiteit van hierdie waarskuwing weeg swaarder omdat dit dwarsdeur die boek voorkom. Dit is ‘n waarskuwing van iemand wat ontdek het dat begeerte ‘n mens en sy of haar wêreldbeeld vorm. *“Any force that all-consuming has the power also to wound, through exhaustion, disintegration, or despair, dangers for which a person might likely be ill-equipped”* (Walsh, 2000:163). In 2:7, 3:5, en 8:4 begin die refrein met die uitdrukking *“ek smeek julle”*. Letterlik beteken dit ‘n opdrag of ‘n plegtige verklaring, wat baie swaarder gestel is as blote raad wat sy wil gee. Dit is ‘n aansporing om hierdie raad baie ernstig op te neem. Die laaste voorkoms van hierdie aansporing in 8:4 word gevolg deur die verklaring in 8:6 “dat die liefde sterker as die dood is ... dit brand en vlam soos vuur.” Om jouself oor te gee aan jou drange en begeertes kan vernietigende gevolge vir jou hê.

2.7.4 Vertikale verhouding met God: God se liefdesverhouding met die mens en die mens se verhouding met God

Die vertikale verhouding tussen God en mens impliseer, bepaal, beïnvloed, benut en skep horisontale verhoudings. Dit word algemeen aanvaar dat Hooglied ‘n liefdeslied is wat die wedersydse liefde tussen ‘n man en ‘n vrou besing. Tog word dit ook erken dat hierdie liefde raakpunte het met God se liefde vir die mens. Dit is problematies om ‘n direkte oorgang te maak tussen die liefde tussen mense in die lied en God se liefde vir die mens, want die liefde wat in Hooglied uitgebeeld word is ‘n wedersydse liefde tussen twee partye, waar beide inisiatief neem, by mekaar betrokke is, mekaar geniet en hulleself aan mekaar gee. Hierdie gemeenskaplikheid is nie altyd teenwoordig in ons liefde teenoor God nie. As mens is ons aan God ondergeskik, terwyl ons afhanklik is van sy liefde wat inisiatief neem. Telkens soek ons nie sy liefde nie, terwyl sy liefde aanhou om na ons toe uit te reik. Selfs in Hooglied word geen verwysing aangetref dat dit die weg is waarlangs gesoek moet word na die betekenis van die boek nie, terwyl daar geen verwysings of aanhaling uit die res van die Skrif na Hooglied is nie (Payne, 1996:331). Die huweliksmetafoor word ook op die teks afgedwing sonder die nodige bewyse in die teks daarvoor. Tog was die sprong menslik manlik-vroulik na goddelik-menslik kleiner vir die Antieke Israeliete as wat dit vir ons is (Carr, 2000:247). In die Judees-Christelike

wêreldbeeld is die huwelik en spiritualiteit ten nouste verbonde aan mekaar (Worthington, 1995:291). Waar daar oor die liefde tussen man en vrou gepraat word, is die veronderstelling dat hul verhouding met God ten nouste daaraan verbonde is of van daaruit vloei. As die lied verstaan word as 'n heenwyse na 'n meer intieme en persoonlike verhouding van 'n individu teenoor God, word dieselfde probleme aangetref as hierbo. Dit is bloot onvanpas van 'n individu, man of vrou, om God aan te spreek en oor Jesus te dink op 'n erotiese manier. Tog skryf Young (2001), *"The necessity to frame the spiritual language of desire in terms that transgress gender norms enables people of different sexual orientations to name their love of God through their physical passion."* Ook Linafelt (2002:335) skryf, *"The wonderment comes from the realization that the eroticism of the Song of Songs offers an uncommonly compelling way of expressing the relationship between God and humanity."*

Dit word algemeen aanvaar dat die mens wat na die beeld van God geskape is (Gen. 1:27), God se beeld weerspieël, ook in verhoudings met die teenoorgestelde geslag. Die verhouding tussen 'n man en 'n vrou is 'n weerspieëling van hoe God is, van sy verhouding met man en vrou. Eintlik is dit veronderstel om waar te wees van alle verhoudings waarin 'n mens betrokke is. Volgens Genesis 2:24 is dit veral waar van die liefde tussen 'n man en 'n vrou. Dit is tog presies waaroor Hooglied handel. Die lied van 'n vrou wat lief is vir 'n man en die lied van 'n man wat lief is vir 'n vrou kan vir ons iets vertel van die wese van God se liefde vir ons. Hierdie liefde van God is 'n liefde wat mense nader bring om daarin te deel. God vind vreugde in sulke mense en sulke liefde. Indien die wese van God en die aard van sy liefde vir die mens in hierdie lig verstaan word, het dit waarde vir die dieper begrip van Hooglied (Murphy, 1990:91-94). Hier is 'n goddelike liefde wat uitgedeel word vir mense om in hierdie vreugde en oorfloed hul vreugde en oorfloed te geniet. Dit is 'n liefde wat na ons toe uitreik. God is lief vir ons as mens, man en vrou, op 'n manier wat ons wil help om die diepte, wonder en voorreg van hierdie liefde en van 'n nuwe verhouding met hierdie God te ontdek.

Dan is dit moontlik om sekere gedeeltes in Hooglied te lees as 'n liefdesverklaring teenoor God (1:3-4), terwyl ons ook moontlik in 1:9, 15 'n liefdesverklaring van Hom teenoor ons aantref. As God se liefde vir ons en ons liefde vir God op so 'n manier hanteer word, kan dit lei tot die ontdekking dat die Here vir ons tot die dood toe lief is (8:6), wat tog waar geword het in die kruisdood van die Seun van God. Dan kan daar nie sprake wees van 'n ongepaste wyse van hantering van die teks en die toepassing daarvan nie. Dit stel ons eerder bloot aan die diepte van God se liefde vir ons, wat ons na Hom toe wil trek en ons in sy vreugde wil laat deel. Dan kan die huweliksmetafoor en die verbondsmetafoor van die Ou Testament met groot gemaak aansluiting vind by Hooglied en Hooglied daarby (Knight & Golka, 1988:57). Dit is 'n

aanmoediging om ook ons soeke en behoefte na hierdie God ernstig op te neem. *"It is the Song of Songs especially which cultivates in the soul a desire for God"* (Laird, 2000:510).

Linafelt (2002:331-335) maak die interessante opmerking dat 8:6 op 'n manier die hoogtepunt van die boek vorm. En dan is dit nog meer treffend dat die vers aan die einde van drie parallelismes met die woord *shalhevetyah* eindig. Hierdie effek word versterk deur die aanwesigheid van 'n fragment van die Here se naam, Yahweh - *yah*, en dien grammaties as 'n versterkende uitgang (Walsh, 2000:206). Die mag van liefde word in 8:6 nie net vergelyk met 'n mag wat sterker is as die dood nie, maar ook as 'n vlam van Yah. *"It implies that the varied dimensions of human love described in the Song - the joy of presence and the pain of absence, yearning for intimate partnership with the beloved, and even erotic desire - can be understood, mutatis mutandis, as reflective of God's love"* (Murphy, 1990:104). In 'n boek wat God nooit direk noem nie, kan hierdie goddelike uitgang, wat juis as die toppunt van die aard van erotiese liefde beskryf word, net bydra om gewig hieraan te verleen (Linafelt, 2002:332) en om die rol van God in berekening te bring as alles gesê is oor menslike liefde. *"This abbreviated final line pulls the reader up short, causing one to pause, to stumble, and thereby to dwell on the effect on that all consuming blaze, love"* (Linafelt, 2002:332).

God het die mens goed geskep met vryheid van keuse. Dit is sy begeerte dat alle mense in die regte en 'n goeie verhouding met Hom moet wees, maar Hy stel nie daarin belang om mense in so 'n verhouding in te forseer nie. Dit is hierdie verhouding van God met die mens wat die breë konteks is waarbinne en van waaruit mense se verhoudings met mekaar gerig moet word.

2.8. KONSEKWENSIES VIR ROMANTIESE VERHOUDINGS (en per implikasie vir voorhuwelikse verhoudings)

2.8.1 Begin weer glo in die wonder van die liefde

Francis Landy (1979: 513) maak die opmerking dat die verlore paradys deur liefde weer teruggekry word, soos in Hooglied geïllustreer. Geen ander boek in die Bybel is so positief en opgewonde oor die liefde tussen man en vrou nie. Nêrens anders word hierdie liefde so gevier en besing as in Hooglied nie. Daaruit kan afgelei word dat die boek poog om geloof in die liefde tussen man en vrou te herstel en te vier. Die vryheid en openheid waarmee begeerte uitgedruk word, staan in teenstelling met wettiese en naïewe denke hieroor. Die doel van Hooglied is nie 'n klomp waarskuwings oor die gevare van seksualiteit, of selfs 'n behoefte aan en 'n oproep tot kuisheid nie (Garret, 1993:377). Inteendeel - Hooglied vier die passie en vreugde van liefde. Ware liefde is moontlik waar twee mense in volle toewyding aan mekaar hulleself volkome prysgee. Dit is nie 'n blote menslike handeling nie en kan slegs verstaan en

vasgegryp word as 'n gawe van God (Knight & Golka, 1988:60). *"The Song tells of wilder more exciting terrain, of wonder, a sense of harmony, pure joy, integration, thankfulness, refreshment into being for others, - these compose the setting in which love can grow"* (Elliot, 1994:148).

2.8.2 Vind vreugde in mekaar

Payne (1996:332) maak die interessante opmerking dat die geliefdes nêrens verklaar dat hulle vir mekaar lief is nie en tog is dit baie duidelik dat hulle groot vreugde in mekaar vind. Hierdie liefde is dus nie afhanklik van net subjektiewe gevoelens nie, alhoewel 'n sterk affektiewe element teenwoordig is in die lied. Hulle liefde is eerder daarop gefokus om die ander te versterk, te bemoedig en op te bou vir wie en wat hy/sy is. So verklaar die man byvoorbeeld in 4:1 nie "Ek is lief vir jou nie", maar "Jy is mooi, my liefeling..." dieselfde word in 6:4 aangetref. In 1:16 praat die meisie op dieselfde manier van haar geliefde. Hier is dus 'n liefde wat opgewonde en entoesiasies raak oor die mooi in die ander in 'n poging om die ander te versterk. Dit is 'n opbouende, selfbevestigende en aanmoedigende liefde wat verhoudingsmaats wil verbeter en laat groei sodat respek vir die ander ontwikkel kan word. Selfgesentreerde en selfsugtige mense, wat net op hulself en hulle behoeftes gefokus is, kan moeilik ware liefde ontdek (Knight & Golka, 1998:46, 51). Dit is 'n geweldige belangrike saak in verhoudings en 'n voorbeeld vir alle geliefdes en verliefdes. Hooglied skuif die fokus weg van jouself en jou gevoelens na dit wat mooi is in die ander. Ware liefde vereis hierdie toewyding of "*commitment*" teenoor mekaar (Knight & Golka, 1998:47).

2.8.3 'n Nuwe waardering vir die posisie van die vrou

In Hooglied wil dit lyk of die vrou die een is wat die inisiatief neem. Vir die eerste keer vind ons dit dat die vrou begin praat in die teenwoordigheid van haar koning, haar man of haar God, as die voorwerp van liefde. Daarmee plaas sy haarself op gelyke voet as onafhanklike en volwaardige mens in haar eie reg en kan Judaïsme eintlik hiermee beskou word as die eerste vryheidsbeweging vir vroueregte (Burrus en Moore, 2003:25). Dalk wil dit 'n korreksie aanbring op die leefwêreld van die Antieke Naby Ooste, maar ook op die patriargale denke van ons tyd oor die rol van die vrou in die hedendaagse huwelik en samelewing. Vanuit feministiese teorie en kritiek word heteroseksualiteit lankal verdink van 'n erotisering van geslagsongelykheid (Burrus en Moore, 2003:29). Die vrou van Hooglied is definitief nie net 'n gebruiksartikel en pion in die oorwinningstog van mans nie. Sy is volwaardig mens en moet as volwaardige mens verreken word en 'n plek kry in verhoudings. Hierdie standpunt wil ook 'n nodige korreksie aanbring in die manlik denke wat 'n vrou net as seksvoorwerp sien. 'n Vrou is baie meer as net 'n voorwerp van manlike seksuele fantasieë en eksperimente, asof dit ooit 'n bewys kan wees van manlikheid. Hooglied vertel van 'n vrou wat standpunt inneem ten gunste

van die een vir wie sy lief is, wat nie bang is om haar gevoelens uit te druk nie, wat haar waardes hoog hou en oppas, wat nie bloot op sleeptou geneem gaan word nie en wat haar rol in die samelewing vol staan. Terselfdertyd bly sy egter glo in die wonder van die liefde ten spyte van die negatiewe ervarings wat sy moes deurmaak, terwyl sy haar liefde wou toevertrou aan die man van haar drome sonder om in reaksie teen 'n skewe kultuur haar intensies doelbewus weg te hou van die teenoorgestelde geslag af. Daar is nie sprake van manlike dominansie, vroulike onderwerping of stereotipering van geslagte nie (Dove, 2001:151). Maar deur hierdie rol te vertolk en so op te staan, het die vrou van Hooglied haarself vrywillig onderwerp aan die een vir wie sy lief is. Die vrou in Hooglied tree in die eerste persoon op. Haar gevoelens, emosies en begeertes word aan die leser gebied vanuit haar eie ervaring en nie deur die oë van 'n man nie (Van Dijk-Hemmes, 1989:82). Wat aangryp in Hooglied, is dat daar geen sprake is van strukturele en sistematiese hiërargie, soewereiniteit, outoriteit, beheer, oorheersing of onderwerping in die verhouding van die geliefdes nie (Ostriker, 2000:49). Toewyding aan mekaar verwys nie na 'n dominerende deur die een of 'n blindelinge en onkritiese gehoorsaamheid aan mekaar nie, maar het eerder te doen met 'n liefdesverbintenisse, waarin verhoudingsmaats mekaar wedersydse respekteer, vir mekaar goed is, vir mekaar help en tot voordeel van die ander een leef (Nicole, 2000:290).

Hooglied is 'n oproep, nie net om kennis te neem van die bekende misbruik en tradisionele posisie van die vrou in die samelewing nie, maar ook van die skewe man-vrou verhoudings. Hooglied wil mense ernstig opneem binne gemeenskaplike en vreugdevolle verhoudings. Hooglied poog om die vrou se posisie as die man se gelyke, volgens die skeppingsorde, te herstel.

2.8.4 Eksklusiewe liefde

Salomo se reputasie met sy baie vroue en byvroue word nou wel nie genoem nie, maar word tog veronderstel bloot met die noem van sy naam. In 6:8 word verwys na die sestig koninginne en tagtig byvroue, terwyl die skaapwagter in 6:9 sy een geliefde in kontras met die baie koninginne en byvroue stel. In die slotverse van hoofstuk 8 verwys die meisie na Salomo se wingerd. Direk daarna noem sy haarself 'n wingerd wat net haar eie is en nie soos die duisend (*shekel* - kan ook verwys na die huur wat betaal moes word) van Salomo nie.

Die eksklusiewe liefde tussen die skaapwagter en die meisie staan in kontras met dit wat Salomo verteenwoordig. Die skaapwagter bied sy liefde aan net een vrou. Sy toewyding is eksklusief en volledig volgens 2:16, 6:3 en 7:10. Die liefde wat seëvier is nie die selfgesentreerde, egoïstiese liefde van Salomo met al sy vroue en besittings nie (Knight &

Golka, 1988:46), maar die eenvoudige suiwer liefde van die skaapwagter wat nie skroom om te droom, opgewonde te raak en homself te gee nie.

Die wonder van hierdie boek lê daarin opgesluit dat daar nie halsoorkop met liefde omgegaan word nie. Dit wil lyk of haar opregte en edel reinheid Salomo se hart verower het - 8:10b. Haar egtheid het gemaak dat hy haar kon vertrou en nie jaloers opgetree het nie. Haar selfbeheersing het haar laat deel in liefdesvreugde, alhoewel selfs dit ook nie 'n waarborg was dat haar man (Salomo) weer later sou aanbeweeg na 'n volgende toe nie. Haar liefde het haar laat bly glo dat daar hoop is vir die verhouding.

Liefde het alles te doen met "*commitment*" of toewyding. Hooglied handel oor die liefde van twee mense wat ten volle aan mekaar toegewyd is. Hierdie konteks van toewyding voorkom dat hulle liefde uitgebuit word, stel hulle in staat om moeilike goed te oorkom en aan te beweeg tot vervulling.

2.8.5 'n Gesonde, na binne gerigte verhouding maak 'n gebalanseerde na buite gerigte verhouding moontlik

Die liefde van Hooglied sluit ander mense in. Derde partye speel 'n belangrike rol in verhoudings. Ander mense en groepe word betrek. In 5:9 word die opinie van 'n groep vrouens gevra en in 8:8-9 kom die meisie se broers waarskynlik aan die woord as hulle hul besorgdheid oor hulle kleinsus uitdruk (Payne, 1996:333). Die liefde van Hooglied is dus nie so op mekaar gefokus dat daar geen tyd, plek en ruimte vir ander is nie. Ander mense en hul opinie en raad is noodsaaklik vir die sukses van 'n liefdesverhouding. Hier is sprake van 'n afhanklikheid, maar ook 'n onafhanklikheid, van 'n bymekaar wees, maar ook 'n aparte funksionering in hierdie verhouding. Daar is sprake van behoort aan, maar nie besit nie. Dit beteken glad nie dat die liefde nie eksklusief is ten opsigte van toewyding aan mekaar nie, maar eerder dat dit nie liefde is wat binne 'n vakuum funksioneer en bestaan nie. Dit is nie 'n liefde wat wil dooddruk nie. Dit is 'n liefde van gelykes, wat mekaar se verskille aanvaar en ruimte maak vir dit wat uniek is in die ander, maar ook 'n liefde wat besef dat dit ander mense nodig het vir 'n gebalanseerde ontwikkeling en groei van 'n verhouding. Hier het ons te doen met 'n liefde waarin die vriendskap en raad van ander opgesoek word. Rasmussen (1993:110-135) dui aan dat geestelike groei en morele vorming slegs binne gemeenskap plaasvind en dat 'n mens ander nodig het om te groei en gebalanseerd te ontwikkel.

2.8.6 Liefde deur swaar en moeilike tye

In Hooglied word 'n realisme oor die liefde aangetref. Hier is sprake van 'n liefde te midde van swaarkry, pyn, eensaamheid, verlange, frustrasies en opoffering (Linafelt, 2002:328-329; Knight & Golka, 1988:56). In 5:6-7 word gelees hoe die meisie tevergeefs na haar geliefde soek, hoe sy geslaan en verneder word (Payne, 1996:333). Daar is 'n erkenning dat liefde nie altyd uitwerk en maklik is nie, maar dat 'n toewyding daaraan, ten spyte van swaar en moeilike omstandighede en ten spyte van goed wat verkeerd loop, daartoe kan bydrae om tot die ontdekking te kom dat "die liefde is sterker as die dood, die hartstog magtiger as die doderyk... Strome water kan die liefde nie blus nie..." (8:6-7). Die liefde tussen twee mense werk op dieselfde manier. Daar is tye van swaarkry en hartseer. Liefde maak soms seer en vra baie, maar in 'n verhouding waarin die geliefdes aan mekaar en die verhouding toegewy is en bly glo in die wonder van liefde, kan dit oorbrug word en die verhouding kan groei.

2.8.7 Reinheid

Hooglied beskryf baie duidelik fisiese aangetrokkenheid met duidelike seksuele ondertone sonder dat die seksdaad voltrek word. Dit wil dus lyk of die paartjie besig is om mekaar die hof te maak met die oog daarop om in die toekoms te trou. Die skaapwagter verwys na die meisie as my suster en my bruid in 4:9-5:1. Beide hierdie terme verwys moontlik na die vaste verbintenis wat reeds voor 'n huwelik bestaan het (Bennet, 2002:3). 5:1 en 7:11-12 is moontlike uitsonderings op hierdie gedagte van reinheid, maar dit is moontlik dat dit bloot 'n uitsien, verlange en begeerte of droom is na wat sal plaasvind na die huwelik voltrek is. Die gebruik van metafore onderstreep die gedagte van reinheid. Veral die verwysing na die meisie as 'n muur in 8:9 beteken eintlik dat sy seksueel rein is. 'n Deur daarteenoor verwys na promiskuiteit. In 8:10 bevestig sy self dat sy 'n muur is - seksueel rein. Ook die tuinmetafoor bevestig hierdie gedagte as die skaapwagter na haar verwys in 4:12 as 'n tuin wat toegemaak is en 'n fontein wat afgekamp is. Drie maal lees ons van liefde wat nie wakker gemaak en aangevuur moet word voor die tyd daarvoor ryp is nie - 2:7, 3:5, 8:4. Die gedagte van reinheid kom hier baie duidelik na vore: "Moenie te ver gaan voor julle nie getroud is nie." Provan (2000:152) is van mening dat hierdie waarskuwing daarop gerig is om die geliefdes te laat beseft dat daar deeglik rekening gehou moet word met die mag en invloed wat liefde op 'n mens kan hê en dat dit 'n geweldige effek op die onderbewuste kan hê. Die mag en impak van liefde op 'n mens se gevoelens, emosies en drange kan veroorsaak dat as dit nie beheer word nie, dit kan handuit ruk. Viviers (1989:80-87) wys egter die gevaar van moraliteit uit indien te rigied met die besweringsrefrein van 2:7, 3:5 en 8:4 gewerk word. Geen verwysing na moraliteit word in Hooglied aangetref nie. Hooglied wil aantoon dat ware liefde, wat 'n gawe van die Verbondsgod is, menslike natuur verbeter en dat dit die enigste manier is waarop die mens 'n

beter mens kan word (Knight & Golka, 1988:59). Juis daarom is dit geweldig belangrik om te beseef dat enige gesprek oor fisiese liefde tussen man en vrou nie gewortel is in die reëls en riglyne van die samelewing nie, maar dat dit gebore word vanuit God se liefde vir die mens en dat die liefde tussen man en vrou verstaan moet word as 'n gawe van God.

Daarom is dit nie 'n bandelose liefde wat in Hooglied besing word nie, maar 'n liefde wat deur die meisie se reinheid bevestig en gedra word, want die laaste verse van hoofstuk 8 herhaal die gedagte van reinheid ('n muur) en dit is hierdie gedagte oor reinheid waarmee die boek afsluit. Sy verklaar in reaksie op haar broers se besorgdheid in 8:8-9 oor hulle kleinsus in 8:10 "Ek is 'n muur..." Net die feit dat dit volg op die hartstogtelike verklaring van 8:6-7 onderstreep die karakter van hierdie vrou en die erns waarmee sy haar reinheid beskou het. Dit is hierdie reinheid wat die grond is waarin ware liefde kan groei (Holmyard III, 1998:167).

2.8.8 Die rol van die seksuele binne verhoudings

Die uitdaging is soos Young (2001) dit stel, dat ons sal erns maak met die feit dat die mens 'n seksuele wese is. Seks is nie iets ekstra nie, maar is veronderstel om deel van 'n diep en holistiese verhouding wat die totale menswees omsluit, te wees. Seks word te veel as 'n vuil handeling beskou waarvoor 'n mens moet skaam wees. Veral binne 'n huwelik kan dit gevoelens van skuld en angs veroorsaak. Die Bybelse standpunt, in teenstelling daarmee, is dat seks mooi en goed is. Dit is treffend om in hierdie verband te ontdek dat een hele boek in die Bybel afgestaan word aan die mooi en die wonder van menslike seksuele liefde (Mott, 1995:16).

Hooglied is baie ryk in beeldspraak waarvan die meeste baie sensueel is. Die reëls waarmee die boek begin is 'n goeie aanduiding daarvan. In die NAV word dit vertaal met "Soen my, soen my weer en weer! Jou liefkosing is beter as wyn ...". Die NIV vertaal dit met "O that you would kiss me with the kisses of your mouth! For your love is more delightful than wine ..." En dit is maar die begin van die boek! Dwarsdeur die boek word baie beskrywings van verskillende dele van mans en vrouens se liggame aangetref en van die genot van aanraking, smaak, klanke en reuk. Liefkosing word in beeldspraak in v 2 vergelyk met die drink van wyn, met die sterk konnotasies van om onder die invloed te wees en van genot. Daar is baie duidelik sprake van erotiese taal in Hooglied. Veral 5:4, 6 en 7:8-9 word algemeen aanvaar as tekste met baie duidelike seksuele intensies. Op een vlak moet baie van hierdie taal wel verwys na die vrou se seksualiteit, "*... yet it is also more than the women's sexuality, it is the woman herself, and the invitation is to more than the act of consummation. It is an invitation for her lover to become one with her*" (Linafelt, 2002:327). Lyke (1999: 208) toon aan hoe die metafore wat in Hooglied

vir menslike liefde gebruik word, verstaan moet word as deel van 'n baie groter verskynsel in die Hebreeuse Bybel waarin God se liefde konsekwent met behulp van seksuele metafore beskryf word. Hooglied wil seksualiteit vier in teenstelling met 'n samelewing wat voortdurend gedrag wil korreger en eintlik konfronteer 'n boek soos Hooglied die leser met die leser se eie soeke, drange en begeertes wat ook groter en meer is as net bloot seksuele vervulling (Walsh, 2000:187-195). Bernard van Clairvaux was oortuig daarvan dat, om Hooglied te verstaan, die leser bereid moet wees om op reis te gaan, bereid om verder as dit wat woorde bied te gaan, *"and to enter mystically by force and awkwardness into a power waiting, silent and kind. It is not that no one showed up for that poor woman in desire. It is that someone never left"* (Walsh, 2000:198).

Holmyard III (1998:170) verklaar dat daar baie duidelik aanduidings is dat daar nie in Hooglied sprake is van die voltrekking van die seksdaad nie, maar dat die teendeel eintlik waar is, naamlik dat die meisie baie duidelik aandui dat sy met seks gaan wag tot na die voltrekking van die huwelik. Drie maal lees ons "moenie die liefde wakker maak en aanvuur voor die tyd daarvoor nie ryp is nie" (2:7, 3:5, 8:4). Dit is interessant om daarop te let dat dit elke keer op 'n toneel volg waarin die plesiere van liefde baie duidelik uitgebeeld word. Ook die verskyning en gesprek met haar broers in 8: 8-10 bevestig hierdie gedagte: ware liefde wag.

Provan (2000:161) is oortuig daarvan dat die verhaal van Hooglied 3 wil herinner dat seksuele aktiwiteite nie gelyk is aan intimiteit nie en dat ons uitgedaag word om anders te gaan leef teenoor God en ons medemens. Dit daag ons uit om die erotiese terug te plaas in die konteks van dit wat goed en opbouend en diep menslik is, en om nie toe te laat dat ons seksualiteit menselewens vernietig deurdat dit toegelaat word om die gepaste tyd en plek daarvoor te probeer ontsnap nie. Te maklik verander liefde in drange en begeertes na seks en romanse in 'n spel waarin jy soveel as moontlik probeer kry voor jy verder beweeg na 'n volgende seksmaat (Lutes, 2001).

Die paartjie van Hooglied is baie verlief, maar die erotiek waarvan sprake is, neem 'n tweede plek in naas die blote genot wat hierdie paartjie in mekaar se teenwoordigheid vind. Dit is ook baie duidelik dat onmiddellike bevrediging en outomatiese seks nie die weg is van vervulling of vreugde nie (Sedgwick, 1997:311). Seks is 'n gawe van God om uitdrukking te gee aan liefde en nie om liefde te vervang nie. Die vervulling van die drang en begeerte om nader aan mekaar te kom, is nie sonde nie. Die liefde wat man en vrou saambring en wat uitloop op die seksdaad is 'n vervulling van die skeppingsopdrag en 'n bevestiging van toewyding in liefde aan mekaar. Seksualiteit word aangebied as iets wat Godgegewe is en deur die huwelik

beskerm word en nie iets wat boos is en net bloot in die huwelik toegelaat word nie (Garret, 1993:378). *"Erotic union is an 'utopia': a 'no place' that exists nowhere except between two lovers and even then only fleetingly. But the memory of the experience pervades and transforms the rest of the world. What could be a more appropriate religious metaphor?"* (Linafelt, 2002:342)." Daarom het ons in Hooglied nie noodwendig net met erotiese stof te doen nie, maar eerder met hoogs romantiese materiaal.

In skrilte kontras hiermee word Hooglied deur sommige verklaarders as hoogs erotiese materiaal hanteer. Die voorstanders van hierdie benadering werk met 'n letterlike lees van die seksuele ondertone van die teks. Black (2000:303) beweer dat die boek nooit staties is nie, maar chaoties en krioelend, lewendig met passie en gemeenskap. Vir Michael Goulder (soos aangehaal deur Burrus en Moore, 2003:31) is Hooglied niks anders as 'n stuk hoë kwaliteit pornografie nie. Veral die werk van Boer (2000:286-298) wat sterk werk met repetisie en onversadigbare seksuele begeerte is soms skokkend. Sy benadering maak gebruik van, soos hy dit noem, *X-egese of seksegese* en hy skroom nie om Hooglied blatant eroties as 'n pornografiese teks te lees en te interpreteer nie. Kritiek hierteen is dat pornografie, soos verkragting, tiperend is van dominerend en daar is genoeg bewyse in die teks dat daar juis 'n ontmaskering en wegbeweeg daarvan is. 'n Verdere argument is dat, waar Boer aandui dat daar seksueel té veel té gereeld gebeur, daar eintlik niks gebeur nie, terwyl die leser voortdurend in afwagting en suspensie gehou word (Burrus en Moore, 2003:39). Hierdie ontwikkeling in interpretasie is in lyn met die ideologiese kritici se standpunt dat daar met groter vrymoedigheid gewerk moet word met aspekte van Bybelse tekste wat in die verlede verklaarders in die verleentheid gelaat het. Daarom is dit verswyg of weggeredeneer, byvoorbeeld met behulp van allegorie en tipologie. Indien Hooglied erotiese en selfs pornografiese literatuur bevat wat inpas by die manlike smaak, is die boek onbruikbaar in beskaafde kringe. In 'n feministiese wêreld sal daar nie plek vir die boek kan wees as dit nie hierdie bagasie kan afskud nie.

Burrus en Moore (2003:32) werk met die uitgangspunt dat 'n ontkenning van die erotiese juis veroorsaak het dat Hooglied te gou en te maklik vergeestelik is. Dit het deur die eeue daartoe gelei dat seks as 'n onderwerp nie bespreek is nie. Die natuurlike gevolg daarvan was dat daar net nog meer oor seks gepraat is - hoe groter die sensuur, hoe meer die onderdrukte belangstelling. Die wêreld waarin ons leef, lewer egter mense wat seksueel baie sterker ontwikkel en blootgestel is. In die hantering van seks en die rol van seks binne verhoudings moet 'n groter eerlikheid en openheid tot gesprek geskep word. Veral die feministiese interpretasie van Hooglied maak erns met hierdie denkwys. In hierdie lig het dit baie groot

waarde, veral met die klem op ware liefde wat kragtig genoeg is as motiveerder vir die huwelik en reproduksie en wat die voertuig is vir gesonde seksualiteit.

Dit wil soms lyk of God self nie erkenning kry met die toename van 'n seksuele lees van die teks en 'n vermindering van die invloed van allegoriserings nie. Burrus en Moore (2003:50) haal Jeanette Winterson aan as sy sê dat sy God mis; dat sy die geselskap van iemand wat heeltemal lojaal is, mis. Die letterlike tradisie van die interpretasie van die Hooglied het soms sinoniem geword met die kritiese tradisie en is gebou op die ruïnes en mislukking van die allegoriese tradisie. Die heteroseksuele benadering van die hantering van Hooglied is afhanklik van die uitskuif van God uit Hooglied. Om aan God sy regmatige plek in Hooglied te gee, is dus die beste teenvoeter teen die heteroseksuele hantering. Maar hierdie God wat moet terugkeer tot die teks, moet 'n God wees wat alle grense en beperkinge van menslike hantering van God en van mekaar en selfs van die teks oortref. Dwarsdeur die Hebreeuse Bybel word God al hoe minder tasbaar en sigbaar, sensories afwesig. In Hooglied word al die sensoriese gewaarwordings aangespreek. *"The Song's spirituality calls for us to notice the wonders of a delighth-full, complex life. It makes those wonders accessible to all. Biblical theophanies are no longer the privilege of patriarchs, prophets, and kings, but now pulsate for simple agrarian couples in love and pained by lust... The Song is a theology of absence, but it manages, unlike us, not to sulk about it. Instead, it celebrates human, sensual life in a teeming creation"* (Walsh, 2000:215-216).

2.8.9 Begeerte en liefde

Uitgestelde bevrediging het die geneigdheid om wat ons as plesier beskou, te vereenvoudig en dit verfyn die begeerte daarna (Walsh, 2000:13). Begeerte kan so maklik as boos beskou word. Juis daarom is dit bevrydend om menslike begeerte dwarsdeur die Bybel raak te loop. In die Bybel kry ons te doen, nie met vaal, verbeeldinglose mense nie, maar met mense wat die vreugdes van die lewe ten volle geniet en daarvoor treur en daarna smag indien dit afwesig is. Begeerte het meer te doen met *"wanting"* as met *"getting"*. *"Desire is the discipline to live on the edge between wanting and satisfaction"* (Walsh, 2000:22). Begeerte word juis versterk deur wat afwesig is en waarna verlang word. In Hooglied word die begeerte nooit bevredig nie, wat die drang na mekaar net nog groter maak. Hooglied handel oor 'n seksuele begeerte tussen twee mense, maar hierdie soeke en drang na mekaar funksioneer as 'n metafoor wat sinspelend ander soektogte, liefde en beperking in die algemeen na vore bring.

'n Verhouding met God werk ook met die beginsel van 'n verlange en behoefte na God en uitgestelde bevrediging. Walsh (2000:21) beskryf dit soos volg: *"As it is, we may live on a*

spiritual edge somewhere between gratitude for the pleasures and joys we experience and a restlessness or yearning for something more.”

Die God van die Ou Testament is 'n God wat mense nie te siene kry nie. Daarom is die soeke en begeerte na sy teenwoordigheid, na die Een wat ons liefhet, op 'n sekere vlak die storie van die Bybel. Die Bybel is eerder 'n boek van belofte en hoop as vervulling, of in ander woorde, 'n boek van uitgestelde bevrediging. Tot 'n mate is dit presies wat geloof is, “om seker te wees van die dinge wat ons hoop, om oortuig te wees van die dinge wat ons nie sien nie” (Hebreërs 11:1). Geloof is die begeerte en verlange na meer en 'n dieper verstaan van God, of van 'n groter bewussyn van sy teenwoordigheid en betrokkenheid in die lewens van mense. En al word hierdie behoefte nooit bevredig nie neem dit nie die geloof daarin weg nie, maar word dit juis deur die begeerte versterk.

2.8.10 'n Erkenning van eie beperktheid en 'n afhanklikheid van God

Vir Karl Barth (vergelyk Garret, 1993:377) toon Hooglied die teenwoordigheid van genade aan ten spyte van sonde en korrupsie in verhoudings. Salomo se huwelikslewe was baie ver van volmaak of voorbeeldig af. Sy hantering van verhoudings het veel te wense oorgelaat. Die laaste persoon by wie daar dus oor verhoudings geleer kan word, is Salomo. God straf hom omdat hy met volksvreemde vrouens getrou het, owerspel gepleeg het en so integriteit ingeboet het. Campbell (2000:27-30) maak baie van die feit dat Salomo se outeurskap van Hooglied in lyn is met die voortsetting van die Dawidiese verbond van 2 Sam 7. In hierdie verband is dit verstommend dat juis hierdie Salomo oor liefde skryf, want ten spyte van sy ontrouheid en owerspel, eer die Here sy toewyding tot moraliteit en die huwelik deur die leser in Hooglied te herinner aan een huwelik wat God se seën daarop gehad het. Daarmee wil die Here aandui dat Hy sy kant van die verbond gaan nakom. Telkens as Salomo genoem word, moet rekening gehou word met die onderstroming van die *verbond*. Hier het die leser te doen met die belofde nageslag van Dawid, wat die naam “geliefde van die Here” (*Jedidja* - 2 Sam 12:25) dra, wat self die draer is van die Dawidiese belofte en in hierdie verband die voorloper is van die Seun van Dawid. Uit die hele familie van Dawid word juis Salomo as opvolger gekies en hierdie man, met sy swak geskiedenis op die terrein van liefde en liefdesverhoudings, skryf die grootste liefdesgedig van die Ou Testament. As Hooglied bloot 'n viering van menslike liefde was, kon enige outeur dit maar geskryf het. Die feit dat die boek aan Salomo toegedig is, onderskryf eintlik God se rol in die nakom van sy beloftes, vertel van God se onvervreembare genade en trou ten spyte van die ontrou van mense. Hierdie verbondstrou (*hesed* van 2 Sam 7:15) is die beste sigbaar daarin dat hierdie God 'n persoon wat juis die liefde misbruik en oortree, gebruik om van sy trou (*hesed*) te vertel. Ten diepste is Hooglied dan 'n viering van

God se trou en liefde vir ons. Hy gee Hom vir ons al verdien ons dit nie en is ons nie sy liefde werd nie, maar aan die ander kant daag dit ons uit om sy voorbeeld van onvoorwaardelike liefde en trou na te streef in liefdesverhoudings waarin ons betrokke is.

Alhoewel die Hebreeuse woord *hesed* nie in Hooglied aangetref word nie, is die prominente idee van Hooglied tog liefde (*chb*) wat sterker is as die dood (8:6). Van menslike liefde kan dit net gedeeltelik waar wees en tog vier Hooglied liefde as iets wat hou en ewigdurend is. In Jeremia 31:3 staan: “Ek het jou nog altyd lief gehad (*everlasting love* - *cahaba*), daarom het Ek jou met geduld (*loving kindness* - *hesed*) verdra.” Dit bring die gedagte van liefde en verbondstrou bymekaar as integrale deel van die profetiese voorstelling van Jahwe as huweliksmaat van die kerk. Volgens Hooglied 8:7 is dit ‘n liefde wat nie geblus kan word nie. Hierdie gedagte veroorsaak dat menslike liefde en pogings om lief te hê altyd in die skaduwee afspeel van ‘n God wat vir ons lief is met ‘n liefde wat vir altyd gaan hou. Die misterie en volheid van hierdie liefde is nie gewortel in die verhouding tussen mense nie, maar in die wyse waarop God vir die mense lief is. En al misluk hierdie liefde tussen mense en word foute begaan, waarin ons die voorbeeld van Salomo navolg, kan gelowiges bly glo in liefde, omdat ons hier te doen kry met ‘n Verbondsgod wie se liefde vir ons nie geblus kan word nie. Beek (1984:147) is van mening dat aardse liefde in Hooglied as geskenk van die Skepper beskryf word binne die menslikheid van die rolspelers.

2.8.11 Die waagstuk: liefde

Daar is seker geen groter waagstuk in die lewe as om vir iemand lief te word nie, as om jou hart oop te stel en vir iemand te gee nie, of iemand in jou lewe toe te laat nie. Hooglied handel ook oor hierdie waagstuk - “*about being a fool for love and all that*”(Merkin, 1994:249). Die teks handel ook oor die kwesbaarheid. Om op iemand verlief te raak, is ‘n blootstelling aan verwerping en vernedering. Drie maal verklaar die Sullamiet dat liefde nie wakker gemaak en aangevuur moet word voor die tyd daarvoor ryp is nie - 2:7, 3:5, 8:4. Dit is moontlik dat hierdie vers ook heenwys na die potensiaal om, uit vrees vir verwerping, eerder die liefde nie aan te wakker nie. Wat ook in hierdie woorde gelees kan word, is die vrees dat ‘n persoon wel waag en sy of haar hoop op iemand of op ‘n spesifieke verhouding plaas en dan teleurgestel word of bespotting en selfs verwerping moet verduur. Om verlief te raak dra altyd die potensiaal of moontlikheid dat die verhouding dalk nie gaan uitwerk nie.

2.9 BASISTEORETIESE RIGLYNE

Die volgende basisteoretiese riglyne kan afgelei word uit hierdie basisteoretiese ondersoek na verhoudings in die boek Hooglied:

- **Die Here se ewigdurende liefde en toewyding aan die mens bly die raamwerk waarbinne die mens kan liefhê (2.8.10).** Die vertikale verhouding tussen God en mens impliseer, bepaal, beïnvloed, benut en skep horisontale verhoudings (2.7.4). Soos 'n ou en meisie 'n eksklusiewe verhouding deel, so het ons as gelowiges ook 'n eksklusiewe verhouding met die Here. Ware liefde is moontlik waar twee mense in volle toewyding aan mekaar hulleself volkome prysgee en dit is nie 'n blote menslike handeling nie en kan slegs verstaan en vasgegryp word as 'n gawe van God (2.8.1). Juis daarom is dit geweldig belangrik om te besef dat enige gesprek oor fisiese liefde tussen man en vrou nie gewortel is in die reëls en riglyne van die samelewing nie, maar dat dit gebore word vanuit God se liefde vir die mens en dat die liefde tussen man en vrou verstaan moet word as 'n gawe van God (2.8.7). Fisiese liefde, aangetrokkenheid tot mekaar en seksuele betrokkenheid kan dus nooit losgemaak word van ons verhouding met God nie (2.8.8). Daarom kan die afleiding gemaak word dat gelowiges anders vry. Die eksklusiwiteit van 'n liefdesverhouding moet gekoester word. Liefde het die potensiaal om die beste in jou maat na vore sal bring. Menslike verhoudings, hoe ons mekaar hanteer, is 'n weerspieëling van die mens se verhouding met God en 'n weerkaatsing van sy liefde vir die mens (2.8.10). Daar moet waardering wees daarvoor dat God se verlossende verbond van genade aan die hart van 'n ware Bybelse teologie lê (2.6.2). Wat in Hooglied aangetref word, is die eb en vloed van 'n passievolle en stormagtige verhouding, as gelees word van uitnodiging, verlies, soeke, viering, verlating en terugkeer. Hierdie interaksie tussen geliefdes is ook soms tiperend van die mens se verhouding met God (2.6.1). Een van die groot probleme van verhoudings, is dat maats nie geestelik op dieselfde vlak is nie en dat hul "commitment" en toewyding dus ook gaan verskil.
- **Verhoudings word in Hooglied gevier.** Die positiewe en toonaard van Hooglied maak die leser opgewonde oor die liefde wat ontstaan, ontwikkel en groei tussen 'n ou en 'n meisie. Daar is min ander tekste en gedeeltes in die Bybel wat so positief en opgewonde is oor dit wat tussen man en vrou binne 'n liefdevolle en stabiele verhouding gebeur, as Hooglied (2.7.1). Hooglied vertel van 'n verhouding wat stadig maar seker groei ten spyte van verwydering, vyandskap en inmenging deur ander (2.6.9). Dit is 'n boeiende verhaal van trou aan ware liefde in die lig van mag en versoekings (2.7.2). Gelowiges kan weer begin

glo in hierdie liefde (2.8.8). Hooglied wil seksualiteit vier en is 'n getuigenis van die een God wat man en vrou gemaak het vir 'n liefdevolle en permanente verhouding met mekaar (2.6.9). Liefde het die potensiaal om lewens te verryk en verhoudings te laat werk. Om vir iemand lief te word bly 'n waagstuk (2.8.11). Een van die mees algemene vrae by jongmense is, "Wanneer en hoe weet ek hierdie persoon is die regte een vir my?" Jongmense sal begelei moet word om te weet wanneer om te waag en 'n kans te vat, maar ook wanneer die persoon nie reg is vir 'n ernstige verhouding nie.

- Liefdesverhoudings is 'n geweldige belangrike **bron van veiligheid en sekuriteit**. Verhoudingsmaats soek die geborgenheid om aan iemand spesiaal te behoort en wedersyds mekaar se lewens te deel. Die vrou in Hooglied droom daarvoor en verlang daarna (3.7.1). Dit is terselfdertyd ook een van die gevare van 'n verhouding, naamlik dat daar 'n skewe verwagting is ten opsigte van die tipe sekuriteit wat 'n verhouding wel bied. Verhoudings moet 'n plek van veiligheid wees, waar geliefdes sekuriteit en veiligheid kan vind.
- Ware liefde vereis die ontdekking dat liefde meer is as die emosie - verliefdheid. Liefde is meer as subjektiewe gevoelens en handel oor baie meer as die bevrediging van persoonlike behoeftes, meer as die persoonlike gewin en is **ten diepste 'n uitdaging om uit selfsug weg te breek**. Romantiese liefde hou meer in as bloot persoonlike gewin, selfsugtige bevrediging en persoonlike voordeel. Dit is 'n opbouende, self-bevestigende en aanmoedigende liefde wat verhoudingsmaats wil verbeter en laat groei, sodat respek vir die ander ontwikkel kan word. Selfgesentreerde en selfsugtige mense, wat net op hulleself en hulle behoeftes gefokus is, kan moeilik ware liefde ontdek (2.8.2). Die prioriteit in Hooglied is op die verhouding waar die ander se belange vooropgestel word. Die doel van 'n verhouding is lojaliteit waar die paartjie mekaar se hoogste geluk soek - 8:10. Waar hierdie passievolle toewyding aan mekaar teenwoordig is en 'n paartjie geleer het om hul bevrediging uit te stel, kan 'n verhouding groei en gesond ontwikkel. Egtheid bou vertroue en te maklik gee jongmense in verhoudings voor in 'n poging om die ander se guns te wen, om net weer later teleurgestel te word. Die klimaks van die lied in 8:5 is nie 'n rowwe sekstoneel nie, maar 'n verhouding waarin elkeen alles sal prysgee vir die ander (2.6.9) en twee mense toegewyd is aan mekaar en aan hul verhouding.
- Verhouding bied voortdurend aan 'n mens die uitdaging om **as volwaardige mens te groei en te ontwikkel**. Ontwikkeling op die terrein van verhoudings speel 'n geweldige belangrike rol in die lewens van jongmense. Die mens is voor die uitdaging om op alle

lewensterreine volwasse te word en as volwaardige man en vrou te ontwikkel. Nooit mag een deel ten koste van 'n ander groter klem en energie ontvang nie. Om 'n gebalanseerde mens te word, is dit belangrik om ook die ontdekking te maak dat verhoudings aan 'n mens die geleentheid bied om op verskillende terreine te ontwikkel. Daar is aangedui hoe 'n liefdesverhouding bydrae tot die ontwikkeling van self-waarde (2.6.9).

- Verhoudings moet ruimte maak vir **volwaardig manwees en volwaardig vrouwees** en wegbreek uit die patriargale denke oor verhoudings waar die vrou en haar rol gedegradeer is (2.6.1). Hooglied poog om die rol en plek van die vrou in die samelewing en in verhoudings te herstel (2.6.8). Daar mag nie sprake wees van 'n misbruik of dominerings van mekaar nie (2.7.1). Die uitdaging word veral aan ouens gestel om in hul hantering van meisies verder te dink as die manlike dominante denke oor die vrou, haar rol en plek in die samelewing en haar waarde en funksie in verhoudings. In 'n verhouding is die man en die meisie gelyke vennote (2.7.3.1). Die waardes van gelykheid en gemeenskaplikheid lyk na van dié mees dominante temas in die boek (2.7.3.2). Wat aangryp in Hooglied is dat daar geen sprake is van strukturele en sistematiese hiërargie, soewereiniteit, outoriteit, beheer, oorheersing en onderwerping in die verhouding van die geliefdes is nie (2.8.3).
- Verhoudings vereis '**n gebalanseerde hantering van seksualiteit**. In Hooglied word seks gevier (2.6.4). Omdat die fisiese en seksuele oorbeklemtoon word en in baie gevalle die fokus van verhoudings onder jongmense is, ontwikkel verhoudings skeef en veroorsaak dit soms dat 'n verhouding in 'n drukgang na groter "commitment" geplaas word en loop romantiese liefde te maklik op seks uit. Hierdie verhouding kan selfs op 'n huwelik uitloop waarvan die wortels in begeerte lê en nie in opofferende liefde nie. Hooglied wil kom aandui dat fisiese aantrekking tussen 'n paartjie tot sy reg kom en gesond gekanaliseer word as dat binne 'n konteks van wedersydse liefde, toewyding en respek plaasvind (2.8.8). In hierdie lig het begeertes en drange wel 'n plek binne 'n gesonde verhouding (2.8.9). Die gedagte van reinheid in Hooglied impliseer dat seks in die huwelik hoort. Hooglied vertel die verhaal van 'n meisie wat duidelik aantoon dat sy met seks gaan wag tot na die voltrekking van die huwelik (2.8.8). Seksuele aktiwiteite is nie gelyk aan intimiteit nie. Die uitstel van bevrediging en van vervulling regdeur die lied, speel 'n baie belangrike rol (2.5). Die hoogtepunt waarmee die boek eindig, is die vervulling van 'n verhouding waarin beide partye bereid is alles prys te gee. Dit is heeltemal anders as die oorbeklemtoonde fokus op onmiddellike bevrediging en seks wat kenmerkend is van die tyd waarin ons leef. Daar sal dus baie reguit en eerlik gepraat moet word oor die rol en plek van seks in 'n verhouding. Dit is baie duidelik dat onmiddellike bevrediging en

outomatiese seks nie die weg is van vervulling of vreugde nie. Die gevaar van onbeteuelde drange en seks behou die potensiaal om verhoudings en lewens te vernietig. Dit impliseer dat daar gewerk sal moet word met gedagtes, drange en begeertes. Jongmense sal toegerus moet word om dit op die regte manier te hanteer en te kanaliseer. Weereens kom die waarde van uitgestelde bevrediging en die uitdaging om met seks te wag tot met die huwelik op die tafel (2.8.8).

- Daar word te maklik onrealistiese verwagtinge gekoester van liefde en 'n liefdesverhouding. Die uitdaging is om realisties te wees oor liefde. Tye van swaar, twyfel, eensaamheid, verlange, frustrasies en opoffering is net so deel van liefde as tye van plesier, vreugde en hartstog. Paartjies moet tot die ontdekking kom **dat verhoudings sekere vaardighede van 'n paartjie vra waaraan soms baie hard gewerk moet word**, om liefde te laat werk. Daar is 'n erkenning dat liefde nie altyd uitwerk en maklik is nie, maar dat 'n toewyding daaraan, ten spyte van swaar en moeilike omstandighede en ten spyte van goed wat verkeerd loop, daartoe kan bydra om tot die ontdekking van die wonder en mag van liefde te kom (2.8.6). Die storie van Hooglied onderstreep weereens dat die hart van die menslike probleem lê in die weiering om te leef binne die ruimte en raamwerk wat God vir die mens gestel het. Nooit mag die effek van **keuses** op 'n mens se lewe en op verhoudings onderskat word nie.
- Mentors en groeigroepe se rol moet herwaardeer word. **Paartjies het die hulp, raad en bystand van vriende, mentors en familie nodig**. Ander mense en hul opinie en raad is noodsaaklik vir die sukses van 'n liefdesverhouding. In Hooglied is sprake van 'n afhanklikheid, maar ook 'n onafhanklikheid. Daar word vertel van van 'n bymekaar wees, maar ook van 'n apart funksionering. Daar is sprake van 'n gesonde wisselwerking tussen verhoudingsmaats en vriende (2.8.5). In hierdie verband kan daar gekyk word na die moontlikheid om groepe op die been te bring vir paartjies waar daar saam gesels kan word oor hul verhoudings.

2.10 VOORLOPIGE GEVOLGTREKKINGS

In hierdie hoofstuk is gewerk met die vraag:

Watter basisteoretiese argumente bied die Skrif - en in besonder die boek Hooglied - op romantiese verhoudings tussen die teenoorgestelde geslag?

- Daar is gepoog om sekere begrippe wat gebruik gaan word, te verduidelik;

- In 'n volgende deel is gekyk na die verskillende verklaringsmoontlikhede wat gebruik is om by 'n betekenisvolle verstaan van die boek Hooglied uit te kom. Die moontlikheid om Hooglied te verstaan as 'n versameling liefdesgedigte is ondersoek. Daar is ook gekyk na die moontlikheid om Hooglied as Wysheidsliteratuur te hanteer.
- Onderzoek is gedoen na hoe Hooglied verstaan moet word en "hoe dit as betekenisdraer optree".
- In die volgende deel van die hoofstuk is spesifiek gekyk na wat Hooglied te sê het oor verhoudings. Daar is aandag gegee aan die horisontale verhoudings, die uitdagings wat Hooglied aan horisontale verhoudings stel en aan die vertikale verhouding tussen God en mens.
- Die vraag is gevra: Wat is die konsekwensies van die basisteoretiese argument vir voorhuwelikse verhoudings?
- Ten slotte is gepoog om sekere basisteoretiese riglyne en afleidings te maak met die oog op voorhuwelikse verhoudings.

HOOFSTUK 3: METATEORIE

A. SKUIWE VAN MODERNISME NA POSTMODERNISME

3.1 INLEIDEND

Die doel van die hoofstuk is om die paradigmaskuiwe wat plaasgevind het van Modernisme na Postmodernisme kortliks te belig en om van die implikasies wat dit op makro-, meso- en mikrokonteks het, veral ten opsigte van verhoudings, aan te dui. Hierdie paradigmaskuif wat plaasgevind het, het 'n baie groot impak op alle lewensterreine en het 'n definitiewe impak op basisteorie, praktykteorie en bedieningspraktyk. Hierdie skuiwe is sigbaar op die makrokonteks, met verwysing na skuiwe wat in die wêreld plaasgevind het, die mesokonteks, met verwysing na skuiwe wat in ons land plaasgevind het in die afgelope klompie jare en op die mikrokonteks, met spesifieke verwysing na skuiwe wat op persoonlike vlak en op verhoudingsvlak plaasgevind het.

3.2 PROBLEEMSTELLING

Die navorsingsvraag waarmee gewerk word, is:

Wat is die metateoretiese implikasies van die skuif van Modernisme na Postmodernisme en watter impak het dit op voorhuwelikse verhoudings, met in ag genome die lewensfase en verhoudings van laat adolessente/jong volwassenes?

In hierdie verband is dit geweldig belangrik om te verstaan dat Postmodernisme nie 'n onverwagse verskynsel uit die niet is nie, maar in 'n sin die logiese konsekwensie en kulminasie van die Modernisme. Postmodernisme is aan die een kant 'n soort her- en terugskouing na Modernisme, maar aan die ander kant kan dit glad nie van Modernisme losgemaak word nie. Postmodernisme is dus repetisie en nie rewolusie nie. Talle van die uitgangspunte van die Postmodernisme kan in ander tydvakke aangetref word. Dit doen eerder 'n koersaanpassing op wendinge wat al vroeër gemaak is (Cilliers, 2002:2).

Die skuiwe van Modernisme na Postmodernisme plaas veral jongmense voor nuwe uitdagings. Verandering is nie altyd negatief nie, maar om dit aan te gryp en tot voordeel te benut, is dit nodig om ingelig en toegerus te wees. Die uitdaging vir die kerk is om hierdie skuiwe te verreken in die wyse waarop na jongmense gekyk word en waarop hulle bedien word. Slegs enkele belangrike lyne gaan getrek word, wat oorloop in die volgende hoofstuk oor die spesifieke uitdagings wat hul lewensfase aan hulle bied.

3.3 DOELSTELLINGS

- Daar word begin met 'n begripsverklaring om sommige begrippe wat gebruik gaan word, te verduidelik. Daar word gekyk na 'n verklaring van Modernisme en ook redes waarom die invloed van Modernisme aan die afneem is. Daar word gepoog om 'n voorlopige definisie en uiteensetting van Postmodernisme te gee.
- In 'n volgende deel word gekyk na die impak van die skuif van Modernisme na Postmodernisme en megatendense wat daaruit voortkom op makro-, meso- en mikrovlak. Tendense op makrovlak verwys na skuiwe wat in die wêreld plaasgevind het. Tendense op mesovlak dui op skuiwe wat in Suid-Afrika plaasgevind het en tendense op mikrovlak is skuiwe en veranderinge wat in die lewens van jongmense plaasgevind het.
- In 'n laaste deel van die hoofstuk word gekyk na van die uitdagings wat die Postmodernisme aan die kerk en die bediening van die evangelie stel.
- Daar gaan ook gepoog word om voorlopig sekere metateoretiese afleidings te maak oor die eise wat aan jongmense en hul verhoudings gestel word.

3.4 BEGRIPSVERKLARING

3.4.1 Algemeen

Die belangrikste begrippe waarmee in hierdie hoofstuk gewerk word, kan soos volg verklaar word:

Paradigma - verwys na 'n verwysingsraamwerk, bepaalde denktradisie, 'n manier van dink en interpreteer of 'n spesifieke navorsingsmodel. 'n Paradigma is die verstaan van die werklikheid binne 'n bepaalde tyd. Volgens Smit (1995:34) beteken 'n paradigma dat lewe in 'n spesifieke gemeenskap gekenmerk word deur 'n patroon of vorm, rolle, strukture en gebruike wat betekenis dra, gedrag motiveer, verhoudings reguleer en grootliks bepalend is in besluite.

'n **Paradigmaskuif** dui op die totale verandering van die hele verwysingsraamwerk. Gewoonlik dui dit op die geboorte van 'n nuwe wêreldbeskouing met nuwe denkraamwerke, interpretasies, singewing van die wêreld en die lewe. Mense skep nie 'n nuwe paradigma nie. Dit groei en ontwikkel binne 'n konteks van 'n netwerk van diverse, sosiale en wetenskaplike faktore. 'n Nuwe paradigma benader die wêreld vanuit 'n totaal nuwe denkraamwerk en

realiteite. Volgens Bosch (1993:185) is 'n paradigma die totale konstellasie van geloof, oortuigings, waardes en tegnieke wat deur 'n bepaalde gemeenskap gedeel word. Dit kan ook beskryf word as interpretasiemodelle, kennisraamwerke, verwysingsraamwerke, navorsingstradisies of geloofsisteme. Dit is belangrik om te verstaan dat 'n oorvleueling van paradigmas voorkom en dat alle mense nie op 'n spesifieke tyd binne slegs een paradigma funksioneer nie.

3.4.2 Modernisme

Modernisme het sy ontstaan in die Verligting van die 17de eeu en die Industriële Rewolusie van die 19de eeu (Thompson & Lotter, 2001:185). Die Fransman, Descartes (1596-1650) word algemeen aanvaar as die grondlegger van die Verligting (Bosch, 1993:264). Die basiese kenmerke van hierdie era behels die volgende:

- ♦ Hierdie era word beskou as die **era van die rede**, veral na aanleiding van Descartes se bekende stelling : “Cogito ergo sum” (ek dink, daarom is ek). Descartes sê dat daar net twee dinge is waarvan hy seker kan wees: homself (individualisme) en die betroubaarheid van die rede en logika (rasionalisme) (Hendriks, 1996:492). Dit het onder andere 'n opbloeï in die wetenskap en tegnologie tot gevolg gehad. Die rede en logika is op alle vorme van kennis toegepas. Baie klem word geplaas op rasionalisme en daaruit voortvloeiend op die selfvertroue van die individualistiese mens (Hendriks, 1996:493). Dit het veroorsaak dat godsdiens as oorbodig beskou is (Rasmussen, 1993:28).
- ♦ 'n Skeiding word gemaak tussen **subjek en objek**. Die natuur en wêreld word die objek van studie waarin die mens die vermoë het om die natuur en die omgewing objektief te bestudeer, terwyl die dele van die geheel en nie meer die geheel nie, bestudeer is. Die *res cognitae* (die mens en menslike verstand) kan die *res extensa* (die totale niemense wêreld) bestudeer. Dit het tot gevolg gehad dat menslike selfvertroue in hul eie vermoë om te ken en te weet, toegeneem het. Selfs God het 'n objek geword wat bestudeer is! Verhoudinge is onder geweldige druk geplaas, want almal en alles word gebruiksojekte (Hendriks, 1996:494). Dit het tot gevolg gehad dat die waarde van mense en objekte bepaal is deur die waarde wat dit vir die verbruiker inhou.
- ♦ 'n Verder kenmerk is dat **direkte oorsaaklikheid** ontwikkel is as sleutel om die werklikheid te verklaar en te verstaan. Die rasonale werk met 'n gevolg-oorsaak-denkpatroon. Die oorsaak bepaal die gevolg. Hierdie gevolge is voorspelbaar en berekenbaar. Die doel van 'n mens se bestaan en vrae na die sin van die lewe het binne hierdie deterministiese

kousale denkpatoon geen ruimte nie. Die menslike verstand word die meester wat alles kan beplan, verstaan en beheer. Daar is in hierdie denkskema nie plek vir geloof en waarde nie, want dit kan nie logies-wetenskaplik en empiries bewys word nie.

- ◆ Hieruit word 'n baie sterk geloof gehandhaaf in **vooruitgang, ontwikkeling en ontdekking**. Daar is geglo dat die mens oor die vermoë beskik om die wêreld 'n beter plek te maak om in te woon deur die uitbreiding van die Westerse kultuur. Omdat hierdie motief egter agter die masker van selfsug en selfverryking geskuil het, het dit aanleiding gegee tot talle wanpraktyke en wandade teen die mensdom.
- ◆ Die klem op die rede het daartoe gelei dat onderskeid gemaak is tussen **feit en waarde**. Wetenskaplike kennis is gesien as feitlik, waardevry en neutraal. Iets is waar as dit bewys kan word. Teenoor feite staan waardes wat gebaseer is op opinies en geloof, wat dus nie dieselfde gewig dra as feite nie en waarvoor daar dus nie plek in hierdie denkraamwerk is nie, of waaraan 'n tweederangse plek gewy word. Geloof, waardes, etiek, reg en verkeerd was subjektiewe oordele en nie feite nie (Hendriks, 1996:494). Daarom is geloof ondergeskik aan wetenskaplike kennis en feite. Tog het teoloë, gevolg deur die oorgrote meerderheid van kerkmense, aanvanklik gepoog om volgens die reëls van Modernisme die geloof in God logies te probeer verklaar en te propageer (Du Toit, 2000:36).
- ◆ Hierdie denkraamwerk het verder tot gevolg gehad dat 'n oortuiging posgevat het dat **alle probleme** in beginsel **oplosbaar** is. Sekere vrae bestaan bloot omdat nog nie genoeg feite bemeester is nie. Die mens het dus oor die vermoë beskik om die wêreld 'n plek te maak volgens sy beeld en ontwerp (Bosch, 1993:267).
- ◆ Die moderne mens is beskou as 'n **bevryde outome individu**. Hieruit het die onwrikbare geloof in die mens en sy vermoë ontwikkel. Elke mens het 'n vrye keuse en kan sy eie keuses uitoefen en volgens sy eie reëls lewe en 'n groot sukses van die lewe maak as hy bereid is om baie hard te werk. Modernisme was 'n manifest van menslike selfvertroue en selftevredenheid (McGrath, 1996:180). Die selfvertroue van die individuele mens berus op sy beheer van die rede en die logika (Hendriks, 1996:493). Een van die gevolge hiervan is dat verhoudings en gemeenskap afgebreek is, want gemeenskap is gedefinieer in ekonomiese terme wat gelei het tot 'n verlies van gemeenskaplike identiteit (Rasmussen, 1993:38). Natuurlik het dit 'n verlies in waardes, deugde, verpligtinge en identiteit tot gevolg gehad.

- ♦ Die resultaat van hierdie denkraamwerk was 'n **sekulêre wêreld**, wat in sy normale gang nie met God rekening gehou het nie, nie *wil of* kan glo nie en ook nie waardes kan handhaaf nie. Geloof is nie op dieselfde vlak as die rede gereken nie. Oor die rede het 'n mens beheer gehad, geloof was té subjektief en nie wetenskaplik kontroleerbaar nie (Hendriks, 1996:493). Modernisme is dus die geloof en belofte dat 'n rasionele, wetenskaplike program en proses aan die mens sekuriteit, voorspoed en beheer oor sy lewe sal gee. Dit is gebaseer op 'n kapitalistiese/sosialistiese, ekonomiese produksiemasjien, op die veronderstelling dat die volk (*the people*) uit vrye keuse sy regering en beleid demokraties verkies; dat 'n volkstaat die hoogste vorm van politieke soewereiniteit is en dat die volk of burgers die dinamiese spilpunt van groei en ontwikkeling is (Rasmussen, 1993:26-27).

3.4.3 Die einde van die Modernisme

Die Modernisme is gedra deur 'n geloof in die mens se potensiaal om goed te wees, revolusionêr te ontwikkel en 'n utopia op hierdie aarde te skep. Na die vernietigende Wêreldoorloë, is 'n wantroue in die ideale van Modernisme en die optimisme van die Verligting aan die orde van die dag. Die ou Bybelse waarheid van Rom 7:18-20 dat die mens in die diepste van sy wese tot niks goed in staat is nie, word al hoe duideliker besef. Empiriese en historiese feite verifieer dit immers! In plaas van 'n beter wêreld, het die gevaar van bandeloosheid, selfvernietiging, asook ekonomiese en militêre misbruik die wêreld 'n meer onseker plek gemaak. Daar moet rekening gehou word met die feit dat 'n deel van die bevolking in Suid-Afrika nog Middeleeus of, anders gestel, premodern leef, 'n groter deel Modernisties is en 'n groeiende deel ontgogel is en besluiteloos staan of krities eksperimenteer op soek na sekerheid en rigting is - die Postmoderniste. Du Toit (2000:18) sit hierdie drie eras skematies uiteen (aangeheg as Bylaag A).

Die eeu van Verligting was 'n tyd van ongekende ontwikkeling. Daar is op verskillende lewensterreine met reuse treë gevorder. Deur die foute wat gemaak is, is waardevolle lesse geleer. 'n Nuwe era se verstaanstruktuur moet nou vorm kry. Geloof en waardes sal hierin waarskynlik weer 'n belangrike rol speel. Die konteks is egter totaal verskillend en 'n totale herinterpretasie van die werklikheid is aan die geskied (Hendriks, 1996:497). Paradigmaverskuiwings is prosesmatig. Sekere aspekte soos die ekonomie van die modernistiese sisteem sal waarskynlik 'n lang en uiters ingewikkelde nawerking hê. Die Modernisme is egter nie verby nie. Die bevraagtekening van die rede of rasionaliteit as hoogste norm van Modernisme lei tot pluralisme en relativisme. Die Postmodernisme het juis op baie van hierdie sake voortgebou. Die gang van die modernistiese lewe, die ekonomie,

kultuur en baie samelewingsverbande bly egter nog Modernisties. Die postmoderne mens is egter onherroeplik aan die kennis van die moderne wetenskap gebind (Janse van Rensburg, 2002:40).

3.4.4 Postmodernisme

- ♦ Postmodernisme is 'n **vaag, swak gedefinieerde algemeen intellektuele uitkyk**, wat gegroei het uit die **mislukking van die ideale, beginsels en waardes wat in die kern van die Modernisme lê**, en mense se ontnugtering en wantroue in die ideale van Modernisme. Postmodernisme verwerp die oortuiging dat die mensdom vooruitgaan deur die gebruik van die rede en tegnologie (Leffel, 1996a:41). Geleerdes verskil oor wat Postmodernisme presies is, maar hulle het konsensus bereik oor die feit dat Postmodernisme die einde van een enkele wêreldbeeld aandui (Grenz, 1996:12). Postmodernisme vernietig nie Modernisme nie. Dit is terselfdertyd 'n produk van, maar ook 'n reaksie teen Modernisme (Rossouw, 1993:895). Die Postmodernisme is 'n mengelmoes van resultaat, gevolg, nageboorte, ontwikkeling en verwerping of ontkenning van die Modernisme (Geyser, 2003:87). Volgens Benhabib (1992:229) is Postmodernisme toegewy aan drie waarhede:
 - # die sterwe van die man - 'n afsterwe van die outonome, selfreflektiewe subjek, wat in staat is om volgens beginsels te leef;
 - # die dood van geskiedenis - 'n afsterwe aan die belangstelling in kennis van die verlede en die stories van groepe uit die verlede;
 - # en 'n afsterf van metafisika - die onvermoë om instellings, praktyke en tradisies te kritiseer of te legitimeer anders as met behulp van immanente aanspraak tot die legitimiteit van die kleinnarratiewe.

Postmodernisme is 'n styl van denke wat agterdogtig is teenoor die klassieke begrip van waarheid, rede, identiteit, en objektiviteit; van die idee van universele vooruitgang of bevryding, van enkele raamwerke, groot narratiewe of uiteindelijke gronde vir verstaan. Dit sien die wêreld as onseker, ongegrond, divers, onstabiel, onbepaald, 'n stel onverenigbare kulture of interpretasies wat 'n teelaarde vorm vir skeptisisme oor die objektiviteit van waarheid, geskiedenis, norme, die gegewenheid van nature en koherensie van idees. Postmodernisme is 'n tipe kultuur wat iets reflekteer van hierdie gewigtige verandering in 'n *"depthless, decentred, ungrounded, self-reflective, playful, derivative, eclectic, pluralistic kuns* wat die grense tussen kulture en tussen kuns en die alledaagse ervaring verdof " (Cilliers, 2002:1-2).

Snyder (1995:217) toon die skematiese verskille tussen Modernisme en Postmodernisme aan.

Dit word aangeheg as bylaag A.

- ♦ Postmodernisme is 'n **belydenis van beskeidenheid**, wat dui op 'n soeke en begeerte van 'n gees wat nie deur Modernisme bevredig kon word nie, 'n **soeke na praktiese wysheid** wat nie die wêreld sal vernietig nie (Rasmussen, 1993:31). Die matelose optimisme in die mens se intellektuele vermoëns en tegnologiese vindingrykheid, wat sedert die opkoms van die wetenskaplike tyd op alle terreine geheers het, was aan skerwe (Du Toit, 2000:51). Die besef dat vandag se kennis slegs die voorkennis van môre is, laat die verantwoordelike ruimte vir erkenning dat die wetenskaplike en teoloog by die grense van die menslike begrip telkens stuit voor die misterie van die werklikheid van God (Steenkamp, 1996:755).
- ♦ Postmodernisme het gegroei vanuit die oortuiging dat daar **geen enkele waarheid** is nie, maar **waarhede**; geen hooforsaak, maar oorsake; geen bevoorregte kultuur, maar kulture, geloof, norme en style. Die Postmodernisme elimineer die begeerte om alles onder een gemene deler te plaas. Verder beklemtoon dit die onvermoë van die denkende subjek om te bemeester en te beheer. Dit verwerp teorieë en verduidelikings wat poog om alles in 'n geheel saam te voeg (Snyder, 1995:216). Dit het 'n ingeboude wantroue in rasionaliteit. Die klem het verskuif van objektiewe waarhede na die verbeelding en gekonstrueerde waarheid (Müller, 1999:18). Mense rig al minder hul lewens in volgens vaste sekerhede en vooraf vasgestelde waardes en waarhede. Om sosiale handeling te verstaan, gaan 'n mens ook nie meer uit vanuit die objektiewe houding van die waarnemer nie, maar vanuit die intersubjektiewe houding van 'n deelnemer (Steenkamp, 1996:753). Daar bestaan 'n groot behoefte aan ervaring, 'n behoefte om soos in die virtuele ruimte van die internet ten volle "*immersed*" te word in 'n wêreld van "*make believe*" (Pieterse, 2002: 80).
- Verskille kan saam bestaan. Postmodernisme neem genot uit **pluralisme en uiteenlopendheid**, terwyl dit poog om deur die situasie-bepaaldheid van alle denke te dink. Postmoderne kunstenaars benut byvoorbeeld doelbewus kontrasterende style vanuit verskillende oorspronge (Grenz, 1996:20). Die postmoderne mens het geen probleem om met 'n verskeidenheid identiteite saam te leef nie. Dit bemoeilik natuurlik die toewyding ("*commitment*") aan 'n spesifieke identiteit soos byvoorbeeld Christenskap (Pieterse, 2002: 81). Presies dieselfde behoort te geld vir "*commitment*" in verhoudings.
- ♦ Postmodernisme word beskou as 'n **kulturele ontvanklikheid sonder absolute, vaste sekerhede, fondasies of waarhede**. Dit verteenwoordig 'n mengsel van style wat almal ewe betekenisvol is. Daar is geen enkele waarheid nie; iets is waar as dit persoonlik as

waar ervaar word. Postmodernisme se aanslag op die waarheid is 'n kulturele voorloop van ontwikkeling wat bydrae tot die outoriteitskrisis - 'n krisis in die oortuigings, tradisies en ideale wat bepalend was vir die Westerse samelewing tot op hierdie punt (Guinness, 2000:14). Volgens die postmodernistiese denke is mense die resultaat van kulturele kondisionering (Leffel, 1996a:34).

- Postmodernistiese denke is **ontnugter deur die totalisering van die Verligting**. Postmodernisme is 'n mosie van wantroue in die totale tradisie van die Verligting se filosofiese, etiese en sosiale denke (Norris, 1993:304). Ook die kerk loop hieronder deur. Dwarsdeur die geskiedenis het die geskiedenis van konflik in die kerk en tussen denominasies min gedoen om die kerk se geloofwaardigheid te bou (Ebert, 1992:46).
- **Holisme word verwerp** - elke groep het die reg om vir hulleself te praat, in hul eie stem wat as outentiek aanvaar moet word. Die soeke na 'n samewerkende model en 'n waardering vir die nierasionele dimensies van waarheid verleen 'n holistiese dimensie aan die postmoderne bewussyn. Postmoderne holisme bevat 'n verwerping van die Verligting se ideaal van 'n onemosionele, outonome, rasonale individu. Die postmoderne mens poog nie om ten volle selfgedrewe individue te wees nie, maar eerder om heel mense te wees (Grenz, 1996:14). Die Postmodernisme wil ook op 'n holistiese wyse na die werklikheid kyk en nie kompartementeel nie, aangesien daar waarskynlik altyd iets meer is as dit wat op rasonale gronde waargeneem word en tasbaar is (Du Toit, 2000:56).
- ◆ Postmodernisme bevat 'n ingeboude toewyding tot **relativisme** (Leffel, 1996a:31). Dit beklemtoon **subjektiwiteit**: wat op hierdie oomblik ervaar en gevoel word, is van belang, maak nie saak hoe kortstondig en verbygaande dit is nie, solank onmiddellike bevrediging gewaarborg word. Hierdie relativisme veroorsaak dat geen morele oordele gemaak word nie, óf uit vrees dat iemand geaaffronteer word, óf uit blote apatie (Geddes, 2001:1). Parker (1997:140) vat dit soos volg saam, "*...there is no truth that we have not put there, no reason except for the rule we live by, no deep signifigance that is not superficial...*" Dit veroorsaak ook dat die postmoderne mens baie krities is. Volgens Snyder (1995:223) is **betekenis** in Postmodernisme **onmoontlik**. Daar is geen uiteindelik doel buite onself nie en elkeen vind betekenis waarin hulle wil. Die lewe moet bloot geleef word en hoef nie noodwendig verstaan te word nie.
- ◆ Die gevoel van **ontnugtering en onsekerheid** as gevolg van die mislukking van die ideale van die Modernisme het 'n vrugbare teelaarde gevorm vir die hergeboorte van die

filosofiese gedagtes van Nietzsche - God is dood - en Heidegger - waarheid is nie voor die hand liggend nie, maar agter die waarneembare werklikheid geleë (Janse van Rensburg, 2002:46). Dit het 'n disintegreerende effek op die Christelike geloof en geloof is al hoe meer uitgelewer aan die wisselende effek van verandering. Gevoelens van **fatalisme** is nie vreemd vir die mens van hierdie tyd nie.

- ♦ As daar geen sin in die lewe is nie, as daar ook geen lewe na die dood is nie, dan is daar net een opsie oop: om die lewe met alles wat dit bied, te omarm. Die postmoderne mens is **homo vitalis** (Janse van Rensburg, 2002: 48). Baumann (1998:64) verklaar hierdie verskynsel soos volg: *"Since life is so short, let us hasten to enjoy it. Since the dead body will be so repulsive, let us hurry to gain all possible pleasure from it while it is still in good health."* Vanweë hierdie obsessie met die lewe, is die musiek hard en polsend, die kuns uitdagend en die spel opwindend-gevaarlik.
- ♦ Tog vererger Postmodernisme net die Modernisme se **ondermyning van gemeenskap en moraliteit**. Waardeposisies word geprivatiseer en gerelativeer in 'n poging om Modernisme te ontkom (Rasmussen, 1993:32). Tog is een van die uitdagings van Postmodernisme om, as gevolg van kontak met al hoe meer groepe, opinies en idees, nuut te dink oor die uitdagings en verantwoordelikheid van oordele oor reg en verkeerd, en om voortdurend eie motiewe en handelingte te ondersoek en te bevraagteken met in ag genome kulturele gebruike, verskille en skeidings (Geddes, 2001: 7). Die individualisme van die moderne samelewing het gelei tot 'n gevoel van kunsmatige vryheid waar die sogenaamde onafhanklike geëmansipeerde individu hom/haar nie deur die norme van buite laat voorskryf het nie. Daarteen wil Postmoderniteit die mens weer ingebed sien in die verborgenheid van verhoudings (Steenkamp, 1996: 759).
- 'n **Herlewing van godsdienstigheid of spiritualiteit** is een van die gevolge van Postmodernisme. Veral die bonatuurlike en misterieuse trek nuwe belangstelling. Deur simbole, rituele en mites te gebruik word 'n wêreld, wat lank onderdruk is ter wille van kennis, wat eintlik beheer en kontrole beteken, opnuut opgewek (Rasmussen, 1993:32). Tog moet hierdie herlewing nie altyd beskou word as 'n herlewing in net Christenskap nie, maar in religie in die algemeen. Postmoderne denke maak ruimte vir verskillende religieë. Hul skeptisisme teenoor objektiewe waarheid veroorsaak dat 'n ander se geloofsoortuiging nie bevraagteken mag word nie, omdat dit impliseer dat 'n eksterne, objektiewe realiteit bestaan, terwyl realiteit 'n sosiale konstruk is (Leffel & McCallum, 1996a:202). Om rasionaliteit op godsdienste toe te pas, beteken dat dit 'n poging is om die Europese

Verligtingskultuur op ander af te dwing. Volgens Postmodernisme skep mense werklikheid: iets is waar omdat ek dit glo. Daarom kan die waarheidsaansprake van 'n ander religie nie bevraagteken word nie, want dan word daardie persoon gedevalueer. Daar word dus veronderstel dat as die inhoud van geloof verwerp word, dit dieselfde is as om die een wat dit glo te verwerp (Leffel & McCallum, 1996a:202). Een van die belangrikste winspunte van Postmodernisme is egter dat daar 'n herwaardering gekom het van die feit dat die mens per definisie 'n spirituele wese is (Du Toit, 2000:55). Die kerk kan nie meer alleen op die kognitiewe steun nie, maar moet ook deur die konatiewe en affektiewe haarself eietyds verwoord binne die unieke situasie waarin sy geroep is (Geyser, 2003:88). Hierdie gedagte van die mens as totale wese en dat spiritualiteit die totale menswees wil aanspreek, bied 'n groot uitdaging vir Christenskap (Rossouw, 1993:899).

- ♦ 'n Nuwe waardering vir die **stories van mense** bring hoop in nuwe lewe. Dit skep die potensiaal vir die Christus storie om lewens te verander, omdat die Bybel in 'n postmoderne wêreld aanvaar word as 'n formatiewe teks in tradisies (Murphy, 1997:129). Die belangrike rol wat stories speel kan egter ook gevaarlik wees, aangesien selfs boosheid en die stories van boosheid mense fassineer en selfs bewonder word, in plaas van om dit te veroordeel (Shattuck, 2001:55).

3.4.5 Die einde van Postmodernisme?

As Postmodernisme uitgewys kan word as waar, 'n wêreldbeeld met objektiewe waarde, dan is die Postmodernisme se hoof uitgangspunt (dat geen objektiewe waarheid moontlik is nie) verkeerd, want soos Strauss (2002:585-586) tereg aantoon, bevat alle kennis en wetenskap sekere norme of grondliggende beginsels is. Volgens hom word gewoonlik in hierdie debat met objektief, universeel/algemeengeldend bedoel. Strauss pleit eerder daarvoor dat, wat die subjek betref, daar eerder gewerk moet word met 'n onderskeid tussen antinormatiewe subjektiwiteit en normgehoorsame subjektiwiteit, wat presies is waarmee wetenskap tog besig is. In praktyk is daar krake in die Postmodernisme se eie teorie, want hoe beantwoord dit die vraag: Is Postmodernisme waar? (Leffel, 1996b:53). En as niks algemeen geldend is nie, hoe kan Postmodernisme algemeen geldend en universeelstrekend wees? (Strauss, 2002:575).

Alhoewel dekonstruksie 'n positiewe bydrae lewer tot epistemologie, is daar egter ook groot gevare (Geyser, 2003:90). Die groot gevaar is dat keuses al hoe minder belangrik word en die postmoderne mens beleef geen spanning om met verskillende godsdienste te eksperimenteer en dit deel te maak van sy denkraamwerk en spiritualiteit nie. Die gevaar hiervan is dat die self die subjek bly. Indien dekonstruksie 'n persoon nie tot selfverantwoordelikheid oproep nie,

kan dit gebruik word as apologetiese verskansing om verantwoordelikheid te ontduik (Geyser, 2003:90).

Die opkoms en val van die Verligting en Modernisme was ongeveer 'n proses van 500 jaar. In hierdie tydvak het geweldige ontwikkelinge op baie lewensterreine plaasgevind. "*I believe one of the major ingredients in the postmodern epistemology, globalism, will be the very thing that carries us out of Postmodernism as swiftly as we enter*" (Risner, 2003). Globalisme sal moontlik die oorsaak wees dat die netwerk van Postmodernisme slegs vir sowat 100 jaar behoort te hou, waarna 'n nuwe golf van post-Postmodernisme sal kom. "*The birth and death of ideologies in this coming age will be more akin to the life span of a human being than the life span of empires or kingdoms*" (Risner, 2003).

3.5 DIE INVLOED VAN DIE VERSKUIWING VAN MODERNISME NA POSTMODERNISME

Die skuif van Modernisme na Postmodernisme het 'n groot impak op die wyse waarop na die wêreld gekyk word en op die wyse waarop die wêreld funksioneer. Hierdie gevolge word bespreek in drie afdelings, naamlik die megatendense op die makrokonteks, wat die implikasies van die paradigmaskuif in die wêreld wil aantoon, die mesokonteks, wat wil aantoon watter skuiwe in die Suid-Afrikaanse samelewing plaasgevind het en die mikrokonteks, wat die implikasies van die tendense op jongmense/jong volwassenes en veral die effek daarvan op verhoudings tussen jongmense wil bespreek. Janse van Rensburg (2002:43) is oortuig daarvan dat dit ewe belangrik is om die meso- en mikrovlak te verreken as wat dit noodsaaklik is om die makrovlak en die globaliserende effek van Postmodernisme in berekening te bring.

3.5.1 Die impak van megatendense op die makrokonteks

Die wêreld waarin ons leef is in 'n oorgangsfase tussen Modernisme en Postmodernisme. Hierdie verskuiwing het 'n groot aantal faktore tot gevolg, wat maak dat ons anders moet kyk en nuut moet dink oor baie sake wat tydens Modernisme aanvaar is.

- ♦ Die opkoms van 'n **kitstoegangskultuur** het die wêreld verklein en kontak moontlik gemaak, op 'n baie vinnige en maklike manier, met ander mense op enige plek in die wêreld. Die term "*global village*" word algemeen gebruik om hierdie verandering te omvat (Boshoff, 1999:3). Inligting het baie meer beskikbaar geword. Die implikasie hiervan is dat enige persoon op enige tyd toegang het tot feitlik enigiets deur bloot die druk van 'n knoppie. Hierdie ontwikkeling word gekenmerk deur hoë tegnologiese rekenaarstelsels,

wêreldwye kontak deur die internet, 'n groeiende selfoonkultuur en 'n inligtingsontploffing. Die beskikbaarheid van informasie verhoog mense se keusemoontlikhede. Inligting het 'n geweldig belangrike ekonomiese kommoditeit geword. Dit is veral kinders en jongmense wat ouer mense (vorige generasie) ver voor is op hierdie terrein van ontwikkeling (Sweet, 2001:12-13, 31-34). Ontwikkeling op die terrein van kunsmatige intelligensie (*artificial intelligence* - *AI*), dit is die vermoë van 'n instrument of meganisme om intelligente gedrag te openbaar, is al ver gevorder (Snyder, 1996:105). Daarmee saam is die skep van 'n virtuele werklikheid een van die nuutste speelterreine van die elektro-kommunikasieveld. (Snyder, 1996:108). Die geweldige impak wat die tegnologiesering en die teknokratisering van die samelewing op die mens het, moet deeglik verreken word (Lotter, 2005:4).

- ♦ Die vestiging van 'n **wêreld ekonomie** word versterk deur globale integrasie en vestiging van netwerk (Snyders, 1996:46). Ekonomiese pragmatisme word die sleutelwoord en die ekonomie word al hoe meer 'n informasie-ekonomie. 'n Verdere tendens is die opkoms van markte en handelsoone, soos byvoorbeeld die EEG (Europese Ekonomiese Gemeenskap), "*Pacific Rim*", NAFTA (North-American Free Trade Agreement), ECO (Economic Cooperation Organization - Moslemelande), samewerking tussen die Verre Oosterse markte en lande, die nuutgestigte Afrika-Unie, sowel as die drukgroep vanuit die Opkomende Ekonomie en Derde Wêreld-lande (Boshoff, 1995:2). Groot klem word geplaas op kwaliteit gespesialiseerde dienste. Die nuwe korporatiewe styl is dié van 'n transnasionale maatskappy (Snyder, 1995:53). Ekonomie word ook al hoe meer interafhanklik. Die drie belangrikste skuiwe wat op ekonomiese terrein plaasgevind het, is 'n skuif in modelle - van hiërargie tot netwerking, wat vereis dat 'n maatskappy as 'n lewende organisme bestuur en hanteer moet word, 'n skuif in bewussyn - besigheid funksioneer nou wêreldwyd en nie meer net plaaslik in isolasie nie, en 'n skuif van goed na simbole - dit wat 'n maatskappy verteenwoordig ("*branding*") en sy diens word belangrik (Snyder, 1995:63). Maatskappye en organisasies begin al meer verstaan dat hulle as 'n sisteem funksioneer. Die bring 'n skuif mee van individualisme na 'n verbondenheid met die wêreld (Senge, 1990: 12). Mense se onvermoë om te verstaan dat hulle deel is van 'n komplekse sisteem binne die wêreld en lopsverbonde is aan mekaar en die wêreld waarin hulle leef, word beskou as die oorsaak van baie van die probleme van Modernisme.
- ♦ **Groter omgewingsbewustheid** en daarmee saam 'n afname in energieverbruik vanweë nuwe ontwikkeling, hersirkulasie, bewaring, benutting van nuwe materiaal en veiliger energiebronne, het geweldige implikasies vir die wêreld waarin ons leef. 'n Groen Rewolusie is feitlik besig om plaas te vind. 'n Groter bewustheid bestaan oor die bedreiging

vir die aarde se ekosisteem, hoofsaaklik as gevolg van groeiende ekologiese krisis, ekologiese gevare, 'n groeiende politieke beweging en die ontwikkeling van 'n ekologiese paradigma (Snyder, 1995:76). Die omgewing word bedreig deur tegnologiese vooruitgang, die "greenhouse"-effek, verdunning van die osoonlaag en nuwe navorsing wat die mense al hoe meer laat besef dat die fyn balans van die natuur beskerm moet word. Daar is 'n al hoe groter bewuswording van die interaksie en verbondenheid van alle fasette van die lewe en omgewing. Daar is toenemende oproepe tot 'n groter verantwoordelike omgaan met die natuur, omgewing en hulpbronne en dat die mens nie maar net die omgewing meer kan eksploiteer vir sy eie gewin en vooruitgang nie. Die postmoderne generasie is daarvan oortuig dat lewe op aarde kosbaar is en dat daar, ter wille van oorlewing, vinnig beweeg moet word na groter samewerking met die aarde (Grenz, 1996:13).

- ♦ **Wetenskaplike deurbrake** in die verstaan van materie besit die potensiaal om die mens nuwe insigte te gee in die aard van die fisiese wêreld. Veral navorsing op die terrein van die kwantumfisika is besig om 'n hele klomp wetenskaplike aannames van die Modernisme te bevraagteken (Snyder, 1995:93). So word die klem byvoorbeeld al hoe meer verskuif van die struktuur na die proses. Daar word al hoe meer gewerk met 'n proses van kennis en nie meer met die simplistiese subjek-objek skeiding en gevolg-oorsaak denke nie. Netwerke, spinnerakke en verhoudings is die terminologieë wat algemeen gebruik word. Hierdie sisteembenadering vra 'n nuwe kyk na aanvaarde uitgangspunte in die wetenskap. Parsons en Leas (1993:8) verklaar dat enige rolspeler in 'n sisteem medeafhanklik is van ander rolspelers. Hierdie medeafhanklikheid het 'n groot impak op die manier wat met die wetenskap omgegaan word. Daar word nou algemeen aanvaar dat antwoorde nie meer bloot verkry word deur net die logika te gebruik nie. Wetenskaplikes raak ook al hoe meer oortuig dat daar meer dimensies is as die drie dimensies waarmee lank gewerk is. Sulke ondersoeke poog om die wêreld waarin ons leef te verklaar, terwyl nuwe uitvindings en navorsing ons verstaan van die wêreld waarin ons leef dramaties sal verander. Die gevolg hiervan is dat nuut gekyk sal moet word na die werklikheid waarin geleef word en dat erken moet word dat daar selfs nie altyd logiese en eenvoudige antwoorde en verklarings bestaan nie.
- ♦ **'n Afname in die invloed van die Westerse samelewing** het ook spesifieke gevolge vir die wêreld. Die Weste beheer nog steeds die ekonomie, politiek en verdediging, maar die wêreldbalans is besig om te verander met veral die Oosterse en Nabye Oosterse lande wat groter invloed begin uitoefen. Die Modernisme het 'n vertroue in die Westerse samelewing gehad. Hierdie vertroue is deur verskeie faktore ontnugter. Dit is die duidelikste sigbaar op

die ekonomiese terrein waar die VSA byvoorbeeld oor die grootste skuld las beskik; op politieke terrein waar baie druk op regerings is om kontak te behou met almal op grondvlak; in die bevolkingskuiwe wat die bevolkingsamestelling van die meeste Westerse lande al hoe meer kosmopolitaans maak; in die ontnugtering met die militêre mag spel en mag misbruik van Westerse lande, en in die opkoms van die populêre kultuur waarin die waarde van menslike lewens afneem, onmiddellike bevrediging die norm is en die invloed van openbare onderrig afneem (Snyder, 1995: 119-122). Dit het 'n afname in die hoë morele lewe tot gevolg. Die Weste, wat tradisioneel die tuiste van die Christendom was, se invloed is besig om te taan.

- ♦ 'n **Magsverskuiwing** in wêreldpolitiek het ook plaasgevind waar die tradisionele magstryd tussen die Weste en die USSR iets van die verlede is. Daar is eerder sprake van 'n skuif tussen noord en suid of tussen "*haves*" en "*have nots*". In hierdie tyd het oorloë en veral etniese konflikte opnuut die gewelddadige ontwaking van boosheid onderstreep, dalk juis omdat die mens se morele vaardighede, maar ook kognitiewe vermoë om dit raak te sien en te noem, verswak het (Cushman, 2001:97). Die "godsdienslike" stryd tussen die tradisionele Christenlande en Moslem militante groepe verhoog ook spanning wêreldwyd, veral in die lig van toenemende terreuraanvalle. Die aanval op die Wêreldhandelsentrum op 11 September 2001 is 'n sprekende voorbeeld hiervan. Sulke gebeure veroorsaak 'n toename in angs en 'n verhoogde soeke na sekuriteit en veiligheid (Louw, 2002:85). Vir baie is Amerika nie bloot die slagoffer van terreur nie, maar het dit ook gekies vir 'n weg van vergelding wat haat en geweld laat toeneem het. Die tragedie van die twee torings ontmasker die ware karakter van boosheid: polarisasie, vervreemding, haat, wraak, vergelding en vyandskap (Louw, 2002:87).
- ♦ 'n Nuwe kyk na **verhoudingstrukture**, met die verbrokkeling van tradisionele gesinverbande, word vereis. Dit is veral die rol van die vrou wat heeltemal verander in vergelyking met die tradisionele sienswyse oor die vrou en die rol wat van haar verwag was om te speel in die huwelik en gesin, en die tradisionele denke oor die huwelik. Seksuele ongebondenheid is tipies van die hierdie mens (Janse van Rensburg, 2002:54). 'n Toename in tieners wat verwag, aborsies, die verspreiding van VIGS, homoseksuele aktivisme en die beskikbaarheid van pornografie plaas nuwe uitdagings aan die kerk (Gill, 1997: 81).
- ♦ **Feminisme** het sy plek ingeneem as deel van die postmoderne skuif in denke, onder andere as gevolg van die opkoms van regstellende aksies op verskillende terreine (Leffel &

McCallum, 1996b: 221). Vroue deel die ervaring van onderdrukking deur mans in 'n manlik gedomineerde samelewing. Vroue in leierskapsrolle plaas groter klem op gemeenskap, informaliteit, versorging en groeigeleenthede (Snyder, 1995:68). Die feministiese beweging het ook 'n nuwe uitdaging op die tafel geplaas vir Bybelinterpretasie. Die opeising van 'n "vroulike self", wat deur die patriargale en androsentriese tradisie genegeer is, is een van die hoof fokuspunte van baie vorme van die feministiese spiritualiteit. Maar dadelik bestaan die gevaar weer dat feminisme gestereotipeer word, wat presies is wat Postmodernisme nie wil doen nie (Grosskopf & Lotter, 2003:26). Die verhouding tussen Feminisme en Postmodernisme moet gekenmerk word deur veelsinnigheid (Martin, 2001:30).

- 'n Generasie **kinders** is groot gemaak wat bekend staan as "latchkey kids", want hulle kom gewoonlik na skool by 'n leë huis omdat beide ouers werk, of in die geval van enkelouers, geen ander keuse het as om te werk nie (Codrington, 1999a: 1). Vir baie lank was die gesin die mikrostrukture wat die gemeenskap aan mekaar gehou het. Gesinsverbrokkeling is aan die orde van die dag. Die realiteit van VIGS en die impak daarvan op gesinne en gemeenskappe plaas nuwe druk op verhoudings. Ook die toename in die wêreldbevolking bring nuwe vrae na vore oor voedselprodusering en -verspreiding. Die steeds toenemende tendens van verstedeliking stel ook nuwe eise aan die gemeenskap. Dit wil egter ook lyk of 'n enkele kenmerkende referent, wat tipies was van die jeugbeweging in die sestigjare, wat hulle uniekheid en visie reflekteer, afwesig is (Giroux, 1998:25).
- ◆ Die Postmodernisme **vra opnuut na die sin en doel van die lewe**. Wat is die sin en betekenis daarvan? Hoe is die heelal aan mekaar gesit? Hoe staan my lewe in verhouding met ander dwarsdeur die geskiedenis? Waarheen is die wêreld op pad? Hierdie is vrae wat nie deur die Modernisme gevra is nie. Die ontnugtering met en onbevrediging van die Modernisme het die gevolg dat hierdie lewensvrae gevra word (Kingma & Lotter, 2002:310). Dit het ook die implikasie dat opnuut na God en Christene gekyk word as moontlike antwoorde op die sinvrae, veral omdat daar besef word dat die Modernisme ook net 'n fase was en dat dit vinnig aan die verbygaan is. Waar die Modernisme klem gelê het op sake soos die doel, ontwerp, hiërargie, sentrering en seleksie, beklemtoon Postmodernisme sake soos spel, kanse, anargie, verspreiding en kombinasie. Strukture van onderdrukking en totalitêre beheer word wêreldwyd onder druk geplaas en uitgedaag. Vooruitgang word ook nie meer as so 'n edel motief beskou nie as gevolg van die misbruik en eksploitering van die omgewing en van mense. Die moderne tegnologie en vooruitgang het misluk om blywende vrede te bewerkstellig. Die wetenskap en teologie kon nie daarin slaag om bevredigende antwoorde te gee op lewensvrae, om die nood van mense verlig of om die

wêreld 'n beter plek te maak om in te woon nie. Dit het tot gevolg dat mense hul vertroue in strukture verloor het. Geloofs- en keusevryheid het Christenskap opnuut voor die uitdaging geplaas om sy geloofsbasis te verantwoord (Bosch, 1993:188). Geloof en godsdiens was te lank vasgevang in 'n rasionele struktuur asof dit die enigste manier was om geloof te verantwoord of godsdiens te beoefen.

Dingemans (1996:183) gaan van die veronderstelling uit dat die Westerse samelewing tans gekenmerk word deur die volgende: 'n wêreldwye karakter waar alle gebeure met alle gebeure saamhang; 'n pluriforme en multikulturele karakter; 'n multireligieuse karakter; 'n gesekulariseerde aard waarin godsdiens se invloed al hoe kleiner word; 'n pragmatiese karakter wat minder ideologies is; 'n burokratiese karakter wat alles met maatreëls wil oplos; individualisme met die tradisionele gemeenskapsverhoudinge wat verbreek en 'n vryblywende karakter waar mense nie meer langtermyn verbind wil raak nie. Hierdie kenmerke is tipies van 'n Postmodernistiese samelewing.

3.5.2 Die impak van megatendense op die mesokonteks

In die afgelope klompie jare het geweldige skuiwe in die Suid-Afrikaanse samelewing plaasgevind. Dit is 'n illustrasie dat geen land los staan van die groter wêreld waarbinne dit staan nie. Die skuiwe in die wêreld het 'n bepaalde effek op 'n land, sy instellings en sy mense. Dit is egter belangrik om te beseft dat, op enige gegewe tyd, mense van verskillende denkraamwerke in 'n land aanwesig is. Met die nuwe regering wat in 1994 aan bewind gekom het, is die Suid-Afrikaanse regeringsbestel volledig modernisties, vanweë die klem op demokrasie, menseregte, kapitalistiese ekonomie en op die volk. Tog leef ons in 'n groter wêreld wat postmodernisties ingekleur is. Terselfdertyd leef baie mense nog in 'n premoderne tydperk. Van die skuiwe wat die afgelope tyd op die mesokonteks plaasgevind het, is die volgende:

- ♦ **'n Kerk-staat-ontbondeling** het plaasgevind. Die kerk het sy invloed nie net by die sekulêre staat verloor nie, maar ook op baie terreine van die samelewing, en dit speel 'n al kleiner rol in die lewens van mense. Ruimte word gemaak vir mense van ander gelowe en godsdiensgroepeerings en hulle speel op alle vlakke van die samelewing 'n al hoe groter rol. Die kerk, en veral die bevoorregte wit kerk, staan voor 'n belangrike uitdaging oor 'n nuwe rol wat sy sal moet speel en oor 'n herdefiniëring van haar identiteit. Onsekerheid en onstabiliteit is een van die noodwendige gevolge in so 'n tyd van verandering (Du Toit, 2000:56).

- ♦ 'n **Verdeling en verskuiwing van mag** het plaasgevind. Dit het meegebring dat blankes al hoe meer begin besef dat hul manier van doen en dink nie meer die enigste is nie en dat daar verskillende oplossingsmoontlikhede is. Die klem word baie sterk op versoening en samewerking tussen alle groepe geplaas. Hierdie verskuiwing veroorsaak dat veral Blankes 'n verlies ervaar wat onsekerheid verhoog (Kingma & Lotter, 2002:319).
- ♦ Die **tradisionele hoofstroomkerke** verkeer onder **geweldige druk**. Daar is 'n beduidende skuif na kleingroepkerke en meer informele kerke. Kerke en leiers wat op grondvlak mense se basiese behoeftes aanspreek, hulle help om die werklikhede van die lewe aan te spreek ten spyte van moeilike omstandighede en ingewikkelde besluite, groei (Hendriks, 1995:41-42). Ook tradisionele kerke waar die gesag in die hande van 'n kleiner groep is, verkeer onder druk aangesien mense eerder beweeg na kerke wat hul behoeftes aanspreek (Hendriks, 1995:42).
- ♦ Gesagsinstansies, veral die tradisionele kerke en leiers, verkeer in 'n **geloofwaardigheidskrisis** vanweë hul meedoen aan wanpraktyke in die vorige politieke bedeling (Kingma & Lotter, 2003:318; Hendriks, 1995:43). Die ontmaskering van magsmisbruik verdiep hierdie ontnugtering. Leierskapstyl sal in die proses van ontnugtering en verandering nuut gedefinieer moet word. Leiers sal weer die respek van 'n samelewing moet verdien deur lewens wat bo verdenking is (Buchanan, 1995: 80).
- ♦ Mense begin opnuut na die **waarheid soek** as gevolg van morele en leerstellige onsekerhede en as gevolg van die mislukking van die Modernisme om bevredigende antwoorde te verskaf op lewens- en sinvrae (Thompson & Lotter, 2001:206). Dit bied 'n ideale geleentheid vir Christenskap om erns te maak met mense se behoeftes en soeke na deelname en deureleefde ervaring. Dit bied aan Christenskap die geleentheid om mense by 'n nuwe ontdekking van 'n ou waarheid te bring (Walsh, 1990:213).
- ♦ **Verskuiwings in die ekonomie** verhoog onsekerheid. Die afgelope tyd se ekonomiese groei, laer rentekoerse, groter mededinging op wêreldmarkte en 'n sterker Rand boesem nie noodwendig vertroue in nie as gevolg van regstellende aksie, werkloosheid, 'n afname in lewenstandaarde, laer spaarkoerse, wanbesteding, bedrog, geweld, die uitvloeï van kapitaal en geskoolde mannekrag na die buiteland en 'n hoër lewenskoste wat langtermyn ekonomiese groei bedreig. Die fokus in die landsbegroting skuif al hoe meer weg van die Blankes na die belange van die swart gemeenskap. In hierdie verband is staatsinisiatiewe sterker gefokus op die bevrediging van basiese behoeftes, menslike ontwikkeling, 'n

herstrukturering van die ekonomie en die demokratisering van die ekonomie en die gemeenskap. Hiervoor word regstellende aksies en die bemagtiging van gemeenskapsorganisasies ingespan. Jongmense word ook meer toenemend beskou as 'n groot verbruikersmark. Die verbruikersmentaliteit veroorsaak dat hulle 'n groot afsetpunt word vir modegiere en omdat hulle meer toegang het tot geld, spandeer hulle meer (Blackman & France, 2001:189).

- ♦ Toenemende groei in **geweld en misdade** is 'n onrusbarende tendens (Kingma & Lotter, 2002:322). Dit is egter kenmerkend van die postmodernistiese samelewing waarin waardes en moraliteit besig is om te sneuwel. Die toename in gesinsmisdade en verkrachtings plaas gesinne en verhoudings onder geweldige druk. Die impak van werkloosheid moet nooit onderskat word op die toename in misdaad nie. Om die voorkoms van geweld bloot aan politieke redes toe te skryf, is naïef aangesien die verskeie vorme daarvan sedert die 1994-verkiesing nog nie afgeneem het nie (Boshoff, 1995:15).
- ♦ Die **demografiese verskuiwings** veroorsaak dat al hoe meer mense van ander bevolkingsgroepe en kulture in die ou blanke woonbuurte in beweeg, wat 'n ontwrigtende effek het op die tradisionele Blanke se gemeenskapservaring (Hendriks, 1995:40). Wit en swart kulture gaan al hoe nader aan mekaar beweeg, wat gedeelde belange belangrik maak.
- ♦ Die toenemende verskynsel van **enkelouergesinne** en die feit dat **vrouens** die **arbeidsmag betree**, het verrykende implikasies op gesinstrukture (Boshoff, 1995:19). Meer en meer mense word opgevang in "*the fast lane with its ratrace ethos*", maar hierdie beweging is funksioneel gedrewe en suksesgeoriënteerd. Dit is tipies van 'n kapitalistiese etos waar vriendskap en gesinsverhoudings ongelukkig die grootste slagoffers is van 'n lewenstyl wat individualisties en uitkomsgefokus is (Hendriks & Erasmus, 2001: 60). Die afwesigheid van ouers as primêre rolmodelle het 'n geweldige negatiewe effek op die morele vorming van jongmense (Prins, 2001:108). Maar dadelik moet vermeld word dat die jeug volgens Prins (2001:106) in hierdie verband 'n seismografiese funksie vervul. Dit beteken dat wanneer die jeug afstand doen van waardes, dit net 'n skerper demonstrasie is van die beweging wat reeds in die samelewing aan die gang is.
- ♦ Die implikasies van die **VIGS-pandemie** op baie lewensterreine moet nie onderskat word nie. Daar bestaan geen twyfel dat dit die rol van die seksuele in die postmoderne tydvak totaal verander het nie (Morris, 2001:56). Van die jongste Suid-Afrikaanse statistieke dui

aan dat 26.5%, teenoor die vorige jaar (2002) se 24.8% swanger vrouens wat getoets is, MIV positief is. Dit beteken dat ongeveer 1 uit elke 4 seksueel aktiewe vrouens MIV positief mag wees. Volgens die ondersoek is vrouens in die ouderdomsgroep 25-29 die hoogste MIV positief, naamlik 34.5% gevolg deur die ouderdomsgroep 30-34 wat 29.5% MIV positief is (Anon., 2003).

3.5.3. Die impak van megatendense op die mikrokonteks

Bogenoemde skuiwe op die makro- en mesokonteks het geweldige implikasies op die lewens en verhoudings van jongmense op die grondvlak. Codrington (2001:2-3) gee 'n uiteensetting van die basiese kenmerke van die verskillende generasies. Hierdie uiteensetting is aangeheg as bylaag C. Die volgende kenmerke poog om die impak van hierdie tendense op die lewens van jongmense te beskryf:

- ♦ **Verhoudings is die heel belangrikste** (Olivier, 2003:24), veral omdat hulle groot word in 'n tyd waar ouers afwesig is en die TV, telefoon, sms'e en e-pos hoof vorme van kommunikasie word. Hulle is op soek na aanvaarding en intimiteit in betekenisvolle verhoudings, ten spyte van die feit dat hulle baie min positiewe rolmodelle oor verhoudings het en nie oor die vermoë en vaardighede beskik om ware en betekenisvolle verhoudings te hê nie (Codrington, 1999a:1). Hulle blootstelling aan gebroke huwelike en ingewikkelde tweedevlakverhoudings, soos my-pa-se-meisie, my-ma-se-eerste-eks-man, my-tweede-stiefpa, my-stiefbroer-se-pa-se-vorige-vrou maak hulle baie skepties oor verhoudings, terwyl die behoefte daaraan deur geen plaasvervangers vervul word nie. Hulle word groot in 'n wêreld waar mense gebruik en misbruik word. Vriendegroepe word in baie gevalle surrogaatgesinne, terwyl die paar betroubare verhoudings baie hoë waarde het. Hulle sal enige iets doen om liefde te kry, terwyl hulle nie weet hoe om lief te hê en liefde te gee nie. Hulle sal seksueel meer aktief word in hul soeke na liefde, intimiteit en aanvaarding. Dit verhoog hul ervaring dat hulle net gebruik word, wat op sy beurt hul eensaamheid en leegheid verhoog. Hierdie is 'n generasie wat visueel funksioneer, maar nie oor die vermoë beskik om te praat oor hul gevoelens nie. Hulle weet nie hoe om dit wat hulle die graagste wil hê, te kry nie. Hulle is die heel bangste om alleen te wees.

- ♦ **Seks kan verwag word**

Volgens navorsing deur die Mediese Instituut het ongeveer 70% hoërskoolkinders al seks gehad (Swartz, 2001:8). Party van hulle (41%) het alreeds op die ouderdom van 14 verskillende seksmaats gehad (Jacobs, 2003:1)! Die boodskap waarmee jongmense groot word en wat deur die media en fliks aan hulle verkoop word, is dat liefde gevind word in

seksuele intimiteit. Seks word gesien as onafwendbaar. Soveel so dat kondoomvervaardigers en gesondheidsowerhede verklaar dat jongmense op geen manier gekeer gaan word om seks te beoefen nie, daarom word hulle aangemoedig om dit veilig te beoefen (Codrington, 1999a:3). Die term “veilige seks” is juis vir hierdie generasie geskep. Die krisis is egter dat waar seks gebruik word om intimiteit, liefde en aanvaarding te probeer bewerkstellig, die teleurstelling net soveel groter is as dit nie in daardie behoefte kan voorsien nie. VIGS het vir hierdie generasie 'n baie groot probleem geword, wat verskillend hanteer word. Die vrees en agterdog van VIGS het 'n dramatiese effek op die wyse waarop na begeerte en seks gekyk word (Morris, 2001:57). Tog wil dit lyk of hierdie agterdog en vrees eerder ouers se probleem is, want dit wil nie lyk of jongmense se ingesteldheid soveel verander het nie. Eintlik word seks waar dit in die verlede as ontspanning gesien is, nou beskou as 'n vorm van Russiese roulette, 'n vorm van moontlike selfvernietiging. Die gevaar maak dit soveel meer opwindend! Hierdie generasie jongmense trou later, maar het vroeër seks as die vorige generasie. Saamwoon voor die huwelik word algemeen aanvaar en beoefen. Huwelike word gebruiksartikels wat, as dit nie werk nie, met die volgende een vervang word.

- **Jongmense leef met verandering en omhels dit.**

Hierdie jongmense mense leef vanuit die oortuiging dat die enigste konstante verandering is. So verander modes en giere baie vinnig en iets word baie gou as outyds gesien. Alles wat nie verander nie, word met agterdog bejeën. Die rol van rekenaars is 'n baie goeie voorbeeld. Die vorige twee generasies het gehoop hulle tree af voordat hulle dit hoef aan te leer en het net genoeg daarvan geleer om dit te kan hanteer. Hierdie generasie leef in die kuberruimte. Die internet, met sy poort tot inligting en ander mense het die lewe totaal verander (Codrington, 1999a:3). Hulle het dus nie net verandering aanvaar nie, maar omhels dit en geniet. Hulle verwag hoëgehaltetegnologie en verloor gou belangstelling as dit outyds is. In hierdie verband sal nuut gedink moet word oor die wyse waarop oordrag plaasvind, deur byvoorbeeld baie meer van simboliese en oudiovisuele vorme van kommunikasie gebruik te maak (Babin, 1991:56). Ook hierdie aanbieding sal egter voortdurend moet verander.

- ◆ **Jongmense leef met baie hoë spanningsvlakke en is oorgeorganiseerd.**

Kenmerkend van hierdie generasies is baie vol skool- en sosiale programme. Die eise wat skole en universiteite aan hulle stel, word ook al hoe hoër en hulle word net besiger (Codrington, 1999a:4). Selfs ontspanning moet georganiseer word. Daar is nie meer tyd om te speel nie. Die toename van realiteits-TV-programme is 'n goeie voorbeeld daarvan.

Daarmee saam word spanningsvlakke opgejaag omdat die eise en verwagtings soveel hoër is. Hulle besit oor baie meer vryhede en geleenthede waaroor besluite geneem moet word; hulle ervaar meer verlies, met die gepaardgaande invloed daarvan op hul sekuriteit en toekomsverwagting. Hierdie jongmense moet voorberei word vir 'n harde lewe, terwyl die omstandighede waarin baie van hulle leef nie altyd hierdie voorbereiding bevorder nie (Elkind, 1984:6). In enige saak wat aangepak of beplan wil word, sal hul vol programme deeglik verreken moet word.

♦ **Pyn en woede neem toe**

Die feit dat 75% van hierdie generasie met net een oorspronklike ouer saamleef, ouers baie afwesig is weens die feit dat beide ouers werk, het hierdie jongmense gedwing om vinniger groot te word. Hulle is nie die normale tyd gegun om 'n normale selfbeeld te ontwikkel nie en het wat Elkind dit noem 'n "patchwork self" ontwikkel (1984:5). Hulle het baie gou geleer hoe broos "*commitment*" is, maar is in 'n premature - en onopgeleide - volwassenheid ingedwing (Beaudoin, 1998:8).

Hierdie generasie is skepties en krities oor die toekoms. Hulle stel meer belang in vandag en hierdie week as volgende jaar. Hulle soek 'n pynstiller om die pyn te verlig en nie 'n geneesmiddel vir die siekte nie (Codrington, 1999a:5). Hulle sal enige iets doen om net vir 'n paar oomblikke te ontsnap van die harde werklikheid. Egskeidings, seksuele misbruik, alkohol- en dwelmmisbruik, geweld en psigologiese trauma is maar van die sake waaraan jongmense blootgestel is (Borthwick, 1992:34). Van die gevolge hiervan is 'n toename in tienerselfmoorde. Meer as 50 000 tieners het in die VSA selfmoord gepleeg in die 1980's (Codrington, 1999a:6). Elke persoon in hierdie generasie het dit al op een of ander stadium oorweeg. Dit het daartoe bygedra dat hulle hard, sinies en bitter geword het, met lae woede-toleransievlakke. Hulle voel soos slagoffers en tree so op. Verbale en fisiese wreedheid kom meer algemeen voor (Codrington, 1999a:6). Die toename van insidente van padwoede in SA is ook moontlik 'n aanduiding dat woedevlakke besig is om te styg.

♦ **Jongmense soek reëls van die regte vorme van gesag**

Hierdie generasie is baie skepties oor en ignoreer bloot gesag. En tog is hulle moeg vir 'n wêreld van totale vryheid wat gekenmerk word deur chaos en verwarring. Volle vryheid het uitgeloop op totale verwarring en gebrokenheid. Hierdie generasie hoef nie die reëls geleer te word nie, maar moet gehelp word om dit te verstaan en om dan ruimte te kry om dit self toe te pas. Posisie en status beteken vir hulle niks. *Gesag en respek moet verdien word* en dit word bepaal deur wie daardie persoon is en hoe hy of sy optree teenoor hierdie

generasie en watter verhouding met so 'n persoon bestaan (Olivier, 2003:46). Verhouding en karakter is die twee bepalende faktore vir gesag om aanvaar te word. Hulle wil graag hê dat iemand vir hulle moet sê wat om te doen en hoe om te leef, maar daardie persoon moet iemand wees vir wie hulle respek het. Mense moet die reg verdien deur eerlikheid, integriteit, egtheid, opregtheid, karakter en onvoorwaardelike aanvaarding om in hulle lewens in te spreek.

♦ **Jongmense wil finansieel onafhanklik funksioneer**

Hulle is selfonderhoudend en vertrou nie instellings nie, omdat hulle eerstehands ervaar het hoe dié wat in beheer is van die wêreld nie daarin kan slaag om die wêreld te beheer nie. Dit het veroorsaak dat hulle nie betrokke wil raak by groot organisasies en regeringsinisiatiewe nie. Vir hulle gaan dit daaroor om geld te maak. Daarom stel hulle nie belang in tradisionele werke nie, maar poog hulle om vinnig geld te maak in korttermynverhoudings met maatskappye. Hierdie generasie het byvoorbeeld al 'n hele klomp internetmiljoenêrs opgelewer (Sweet, 2001: 12-13).

♦ **Die hede is belangriker as die toekoms**

Omdat hierdie generasie soveel keer teleurgestel is, is "*commitment*" afwesig, of vind dit baie stadig en met groot omslag plaas. Langtermyn "*commitment*" moet nie verwag word nie. Hulle word veroordeel omdat hulle nie 'n burgerlike gees het nie, omdat hulle onbetrokke is by die land se verlede en toekomstige ideale, omdat hulle nie in die koerant belangstel nie, hulle nie steur aan openbare aangeleenthede nie, nie relevante sake bespreek nie, nie stem nie, nie omgee nie (Strauss & Howe, 1993:126.). Hierdie apatie maak dit vir hulle moeiliker om te "*commit*". Hulle stel baie meer belang in hul klein groepie vriende as die wêreld daarbuite. Gevolglik het hulle 'n houding van "gryp die dag" (Geertsema, 1998:14). Onmiddellike bevrediging is 'n uitloop hiervan. Plesier word beskou as 'n basiese reg en is 'n wegbeweeg van die gedagte dat huidige opofferings nodig is vir toekomstige bevrediging (Snyder, 1995:127).

♦ **Jongmense het 'n nuwe vorm van leer en kommunikeer**

Hierdie generasie het tegnologie en moderne telekommunikasie omhels. Hulle het 'n totaal nuwe taal aangeleer en kommunikeer op totaal nuwe maniere. Die manier waarop hulle leer is eerder in die vorm van mosaïek as liniêr. Hulle beskik oor die vermoë om inligting vinnig te absorbeer. Wat lyk soos 'n kort aandagspan of 'n onvermoë om te konsentreer op 'n enkele taak, moet nie as probleme gesien word nie, maar eerder as briljante meganismes om 'n oorlading van inligting te hanteer (Rushkoff, 1996:50). Tulgan (1995:176, 186, 191)

wys op hul geweldige aptyt en vermoë om inligting te hanteer. Die rekenaar en TV word hulle gesiglose waardevormers. Navorsing (Wiesenfeld, 2005:390) toon aan dat 945 miljoen mense reeds internetgebruikers was in 2004.

Hierdie generasie besef die waarde en **invloed van die media**. Hulle besef baie goed dat die media gemanipuleer word en vertrou dus baie min van wat hulle sien en lees. Daarom verkies hulle eerder realiteitsprogramme en lewendige uitsendings, byvoorbeeld Big Brother, omdat hulle gebeure kan sien soos dit plaasvind - met min tyd om dit te manipuleer. Hulle staan in 'n lewende interaktiewe verhouding met die media (Rushkoff, 1996:31). Hulle spandeer meer tyd voor die televisie as met hul ouers (Beaudoin, 1998:5). In hierdie verband speel films ook 'n baie groot rol as mode- en kultuurvormer.

Daarom is **stories** geweldig belangrik. Omdat hulle metanarratiewe agter gelaat het, is hulle verplig om hul eie narratiewe te vorm om betekenis en uitdrukking te gee aan wie hulle is (Codrington, 1999a:9). Persoonlike stories wat deursuur is met integriteit, dwing hul respek af. Postmoderniste glo dat elke groep 'n eie storie of 'n narratief het om te vertel, naamlik hul eie verstaan van die werklikheid - 'n verstaan wat nie deur ander ontken, uitgesluit of gemarginaliseer mag word nie. Hulle beskou fundamentaliste as totalitêre denkers wat wil sien dat hul storie ander stories domineer (Leffel & McCallum, 1996a:201).

♦ **Waarheid en rede tel nie, pragmatisme is in beheer**

Hierdie generasie vra nie of iets waar is nie, maar of dit wêrk (Codrington, 1999a:8). Iets mag waar wees, en selfs deur hulle so aanvaar word, maar hulle gee nie om nie, behalwe as dit 'n invloed op hul lewens het. Hulle soek antwoorde op lewensvrae, met die voorwaarde dat die antwoorde werk en toepasbaar op hul lewens is.

● **Jongmense is geestelike soekers wat in die bonatuurlike glo**

Jongmense is baie geïnteresseerd in geestelike sake. Hulle is egter nie noodwendig Christelik nie en stel veral nie belang in georganiseerde godsdiens nie. Hulle stel ook belang in new-age, satanisme, okkultisme, kristalle, die sterre, engele en wat daar ook nog mag wees (Leffel & McCallum, 1996a:199). Daar is ook 'n teruggrype na en eksperimentering met die antieke godsdienste van die Middeleeue. Dit is asof hulle weet dat die antwoorde waarvoor hulle soek in die geestelike dimensie van die lewe geleë is, maar hulle het geen idee waar om te kyk nie (Codrington, 1999a:8). Hulle is oortuig daarvan dat Christenskap en Jesus al genoeg uitprobeer is en nie gewerk het nie (Yancey, 2001:168). Daarom stel hulle nie eintlik eers meer in hierdie opsie belang nie.

Georganiseerde godsdiens is uit, vae individuele spiritualiteit is in. 'n Duidelike skuif het plaasgevind weg van historiese en voorgestelde waarheid na 'n preokkupasie met 'n mistiese ervaring (Leffel & McCallum, 1996a:211). Hulle soeke na ware betekenis is egter opreg. Hulle glo in die bonatuurlike en het geen probleem om transendensie en misterie te verstaan en daarmee te eksperimenteer nie. Hulle soek nie die waarheid nie, hulle soek eerder betekenis. In hul soeke en oomblikke van uiterstes, wanhoop of teleurstelling, vreugde of sukses bereik mens 'n punt waar jy deeglik bewus raak van jou beperkinge en van 'n soeke na 'n transendensie wat groter en meer is as die ervaring self (Van Huyssteen, 1995:11). Tog is daar ook 'n soeke na 'n God wat omgee, 'n kosbare kameraderie van 'n God wat verstaan en beskikbaar is (Louw, 2002:95). Jongmense is honger vir geestelike voedsel wat hul honger gaan stil. Hulle soek iets wat eg is. Die gevaar van Postmodernisme is dat daar so daarop gefokus word om Christus kultureel relevant te maak, dat die gevaar bestaan dat die evangelie oor ons draai - ons ervaring, ons verhoudings, ons behoeftes, ons voorkeure (Wu, 2003). Hierdie soeke neem jongmense verder as die grense van hul spesifieke denominasie en dit moet goed verstaan word dat postmoderne jongmense postdenominasioneel dink oor kerkwees (Collison, 2000). Die impak van die kerk en ander morele leiers en rolmodelle het dramaties afgeneem. Daar is 'n soeke na gelowige mense wat met integriteit leef. Die voorbeeld en lewenswyse van leiers gaan net 'n nog groter rol speel. Hulle wil "*self-critically explore and learn 'ways of being' Christians in this world, that is, the imaginative ability to disclose the possible in the actual, the other in the same, converging differences without fusing, the new in the old, and the never-yet realized enabling to guard against dogmatism*" (Veldsman, 1994:133).

● **Musiek en vermaak is groot**

Musiek vertel hulle storie, wie hulle is. Dit is hulle stem. Die verskeidenheid in musiek weerspieël net hul eie verskeidenheid. Met musiek druk hulle gevoelens en emosies uit. Baie musiek versterk egter eerder hul donker kant, want as hulle byvoorbeeld alleen is, luister hulle na alleen-musiek wat hulle net nog meer alleen maak (Codrington, 1999a:9). Musiek is meer as ritme en styl, dit is die taal van hierdie generasie, hul siel en 'n uitdrukking van wat hulle voel en ervaar. Die invloed van musiek, fliks en popsterre is baie geweldig groot op hul denke en ingesteldheid teenoor die lewe (Borthwick, 1992:33).

3.5.4. Postmoderne uitdagings vir die Evangelie en Christelike gemeenskappe

Die uitdaging bly steeds om die Christelike oortuigings en "*commitment*" binne die heersende kultuur uit te leef en om die evangelie aan 'n postmoderne generasie te verkondig. Posterski (2002) gee 'n interessante uiteensetting van kenmerke van

Postmodernisme, die gevolge daarvan en wat die kerk se reaksie daarop moet wees. 'n Uiteensetting daarvan is aangeheg as bylaag D.

♦ **Postindividualisties**

Ten spyte van die Modernisme se oordrewe klem op die individu, mag die individu en persoonlike verantwoordelikheid en aanspreeklikheid nie totaal uit die prentjie verdwyn nie. Postmodernisme het die weg geopen om te werk met 'n individu-binne-gemeenskap (Grenz, 1996:168). Die rol van die gemeenskap en sosiale netwerk raak geweldig belangrik. Die gemeenskap is belangrik vir kennisoordrag, vir identiteitsvorming, vestiging van 'n gedeelde geloof, 'n ervaring van behoort en 'n ondersteunende struktuur van aktiwiteite en verhoudings (Rasmussen, 1993:113). Postmodernisme dwing die mens om te ontdek dat geloof 'n geweldige belangrike sosiale komponent bevat. Die evangelie moet mense binne die konteks van die gemeenskap waarin hulle leef en beweeg, aanspreek sonder om die idee te vestig dat mense bloot die slagoffers en resultate van hul gemeenskappe is. Mense is ontnugter deur die verbale evangelie. Hulle soek mense wat die evangelie in gesonde, gebalanseerde, outentieke en genesende verhoudings uitleef (Grenz, 1996:169). Mense het mense nodig, Christene het gemeenskapsverbande nodig (Van der Graaf, 2001:15). In hierdie verband lê Postmodernisme nader aan die Bybel as Modernisme, omdat die Bybel Christenskap nooit hanteer as iets net vir individue nie, maar as 'n geloof wat uitgeleef moet word as lede van die liggaam van Christus (McCallum, 1996:243). Die moderne mens word verskeur tussen sy egoïstiese individualisme en sy paradoksale behoefte aan opregte en diep verhoudings (Hendriks, 1997b: 30).

♦ **Postrasionalisties**

Postmodernisme se kritiek op die era van rede is 'n nodige herinnering dat menswees nie volledig bestaan uit 'n kognitiewe dimensie nie. Dit vereis 'n erkenning dat intellektuele refleksie en wetenskaplike omgang nie alleen kontak kan bewerkstellig met elke dimensie van die werklikheid of alleen kan lei tot 'n ontdekking van elke aspek van God se waarheid nie (Grenz, 1996:169). Ruimte moet gemaak word vir misterie, nie as irrasionele komponent nie, maar as 'n nodige herinnering dat die werklikheid van God menslike rasionaliteit by verre oortref. In die woorde van Philip Yancey (2000:27) "*If you find God with great ease, perhaps it is not God you have found.*" Die Christelike geloof is baie meer as net die regte leer of leerstellige waarhede. Dit hoef nie meer net op voorveronderstellings as die sentrale inhoud van die Christelike geloof te fokus nie, maar kan erns maak met 'n dinamiese verstaan van die rol van die intellektuele dimensie van die menslike ervaring en die pogings van die mens om sin te maak van die lewe (Grenz, 1996:

♦ **'n Postdualistiese evangelie**

Die Verligting het met 'n baie sterk onderskeid gewerk tussen die verstandelike bo die stoflike. Dit het veroorsaak dat onderskeid gemaak is tussen die mens se siel en sy liggaam en dat baie klem net geplaas is op die redding van siele. Die postmoderne mens is baie meer gefokus op die *totale mens*. Die evangelie wat verkondig word, moet daarmee rekening hou. Dit impliseer dat met die emosioneel-affektiewe, die liggaamlik-sensuele asook die kognitief-rasionele binne 'n mens gewerk moet word (Grenz, 1996:172). Die evangelie staan ook voor die uitdaging om die mens terug te plaas binne die sosiale en omgewingskonteks wat mense vorm en voed, maar moet ook 'n impuls word vir volledige interaksie, "*commitment*" en verantwoordelikheid (Rasmussen, 1993:113). Die mens binne verhoudings raak belangrik: in verhouding met die natuur en omgewing, in verhouding met ander, in verhouding met God, in ware verhouding met hom- en haarself. Dingemans (1996:91) praat van 'n "*colescence of approaches and a complementarity of approaches*" wat deur die praktiese teologie verreken moet word.

● **'n Postintellektuele evangelie**

Die evangelie moet bevestig dat die mens se bestaan oor meer gaan as die versameling van kennis. Die doel van korrekte leer is om wysheid te bekom (Grenz, 1996:172). Om reg te dink is verseker 'n belangrike aspek in die proses van heiligmaking, want die regte oortuigings en leer is noodsaaklik vir 'n regte lewe. Kennis alleen is egter nie voldoende en enigste maatstaf vir geloof nie. "*Education merely makes man a more clever devil*" (McCallum, 1996: 242). Die relevansie van geloof vir elke lewensterrein moet beklemtoon word. Toewyding aan Christus is baie meer as net 'n intellektuele instemming ten gunste daarvan en 'n besluit daarvoor. Die evangelie se fokus is tog op sowel die hervorming van die mens se intellektuele toewyding, as op die verandering van die mens se ons-karakter en die vernuwing van die totale lewe van die gelowige. Die postmoderne evangelie se korreksie op die oordrewe klem van aksie sonder innerlike verandering, oortuiging en versorging is broodnodig. Die klem is eerder om diep mense te vorm as om besige mense op te lewer.

♦ **'n Postmonologiese aanbieding van die evangelie**

Die fokus sal moet wegskuif van 'n eenlynkommunikasie en -verkondiging na 'n verrekening van die multidissiplinêrekommunikasie-ontwikkeling en -tegnieke waarmee die postmoderne mens saamleef. Die nut van ervaringsleer kan in hierdie verband van onskatbare waarde

wees omdat die mens nie meer net deur feite oortuig word nie, maar ook deur ervaring. Die benutting van die emotiewe en konatiewe elemente kan die beperking van die eenrigting monologiese vorm van kommunikasie in die eredienste verryk (Steenkamp, 1996:759). Kerke sal moet wegkom daarvan om kommunikasie te sien as 'n aflaai van 'n klomp feite, maar eerder betrokke raak in 'n tipe kommunikasie wat die ervarings en verwagtings van die lidmate verreken en wat tot alle fasette van hul menswees spreek (Rossouw, 1993:900). Moeite sal gedoen moet word om die taal van postmoderne jongmense aan te leer (Dillon & Liebelt, 2003) en in daardie taal met hulle te kommunikeer.

Babin (1991:6) se gedagte dat "*the medium is the message*" het 'n geweldig groot impak vir outentieke, opregte, deursigtige lewens van die evangeliedraers. Dit is juis hierdie getuienisse van geloofwaardige getuies wat help om deur die leë beloftes van 'n utopiese dimensie en onwaar fantasie te breek (Veldsman, 1994:133). Die mees postmoderne wat in hierdie tyd gedoen kan word, is om bloot outentiek te wees. Eerlike, opregte en oorspronklike mense het 'n manier om kulturele en godsdienstige grense oor te steek (Risner, 2003). 'n Verdere dimensie in hierdie kommunikasieproses is om die evangelie te bedien. Gelowiges sal opnuut moet leer om te dien.

Die narratiewe het logika en redenering se plek ingeneem as primêre vorme van kommunikasie. Dit plaas die postmoderne kultuur eintlik nader aan die kultuur van die vroeë kerk as die moderne kultuur wat die hedendaagse kerk gevorm het. Jesus het stories en evangelies baie goed gebruik om waarhede te vestig. "*Yet through this, the absolutes of truth never wavered*" (Friesen, 2003).

3.6. METATEORETIESE RIGLYNE

Omdat hierdie studie gefokus is op verhoudings, is dit noodsaaklik om sake wat sterk na vore tree en direk 'n impak het op voorhuwelikse verhoudings uit te lig. Hierdie sake kan soos volg uiteengesit word:

- ♦ **Die rol en plek van spiritualiteit.** Jongmense is geestelike soekers wat in die bonatuurlike glo, wat nie skroom om die geloofsbasis van waaruit met geloof en keuses geworstel word, krities te ondersoek en vars te probeer verwoord nie (3.5.3). Tog is daar ook 'n soeke na 'n God wat omgee, 'n kosbare kameraderie van 'n God wat verstaan en beskikbaar is. In hierdie verband het die narratiewe 'n belangrike rol om te speel, aangesien hulle telkens tot die ontdekking gebring kan word hoe die Godstorie met hul eie stories in aanraking kom en

verrassende raakpunte het. Die plek en gesag van die kerk het afgeneem as vormer van waardes en norme en dit het tot gevolg dat jongmense die kerk se oortuigings oor 'n wye verskeidenheid sake, soos onder andere oor verhoudings, nie meer as bindend of selfs realisties beskou nie (3.5.2). By hulle bestaan 'n opregte soeke na mense wat hul geloof met integriteit uitleef. Tog skram postmoderne jongmense nie weg van misterie nie. Die misterie van 'n God en die misterie van sy onvoorwaardelike liefde vir die mens besit die potensiaal om tot hierdie generasie jongmense te spreek (3.5.3). Ruimte moet gemaak word vir misterie, nie as irrasionele komponent nie, maar as 'n nodige herinnering dat die werklikheid van God menslike rasionaliteit by verre oortref. Daar moet voortdurend besef word dat spiritualiteit vir postmoderne jongmense baie belangrik is, maar dat dit nie noodwendig beteken dat hulle in Christenskap belangstel nie (3.4.4).

- ♦ By jongmense leef daar nie meer noodwendig **'n oortuiging van verliefdheid, passie, wonder of misterie van liefde nie**. Hulle is erg ontnugter oor die realiteit van die gebroke huise waarin baie van hulle leef en daarom skepties en krities oor verhoudings en die huwelik (3.5.3). Individualisme het tot gevolg dat daar 'n groot soeke bestaan na diep, intieme en betekenisvolle verhoudings, ook met maats van die teenoorgestelde geslag binne romantiese verhoudings. Hulle is op soek na aanvaarding en intimiteit in sulke verhoudings, ten spyte van die feit dat hulle baie min positiewe rolmodelle oor verhoudings het en nie oor die vermoë en vaardighede beskik vir ware en betekenisvolle verhoudings te hê nie (3.5.4). Seksuele ongebondenheid binne 'n kultuur wat baie klem plaas op onmiddellike bevrediging, kan tot gevolg hê dat baie romantiese verhoudings oppervlakkig word, gefokus word op fisiese en liggaamlike behoeftes. Dit verhoog bloot hul ontnugtering in verhoudings (3.5.3).
- ♦ **'n Soeke na en behoefte aan aanvaarding en sekuriteit binne 'n verhouding** is 'n saak wat geweldig belangrik is vir jongmense. Die onsekerheid van verandering verhoog hierdie soeke na sekuriteit. Sake wat hierdie soeke na sekuriteit versterk, is 'n afname van invloed en seggenskap van Blankes, 'n tekort aan leiers om as rolmodelle op te tree, onsekerheid oor die toekoms, die vryblywende aard van die samelewing met mense wat hulle moeilik verbind tot langtermynverhoudings, die opbreek van primêre verhoudings, toenemende relativisme, die afbreek en relativering van waardes en die teleurstelling in die kerk en kerkleiers (3.5.2). Verhoudings word die bron van sekuriteit en ongelukkig kan sulke verhoudings dit nog nie werklik bied nie. Hierdie jongmense se soeke na antwoorde weerspieël 'n verdere aspek van hierdie soeke na aanvaarding en sekuriteit. Die vryblywende aard van hierdie generasie jongmense bemoeilik "*commitment*" en verhoog

onsekerheid en eensaamheid. Dit het soms die gevolg dat jongmense feitlik enige iets sal doen net om aanvaarding te kry.

- ♦ **'n Wegbeweeg van selfsug en selfliefde na opofferings en prysgawes ter wille van maats en 'n verhouding** sal 'n uitdaging bly vir hierdie generasie jongmense. Hulle is moeg vir oppervlakkige en kitsantwoorde en simplistiese oplossings. Die verval in waardes en norme plaas verhoudings onder groot druk (3.4.4). Ontvlugting, onmiddellike bevrediging, swak voorbeeld van leiers en rolmodelle, ontnugtering in etiek van die Westerse wêreld en onkonsekwentheid van leiers, geestelikes en gesagsfigure versterk hierdie verval (3.5.1). Toenemende klem op geldmaak plaas die etiese op die agtergrond. Jongmense soek antwoorde op sin- en lewensvrae. In 'n lewenstydvak waar niks as absoluut beskou word nie, soek hulle ankers en hoop. Hulle soek pragmatiese antwoorde wat werk. Relativisme se "*everything goes*"-ingesteldheid bevredig nie meer nie (3.4.4). M. S. Peck (1993:19) maak die analogie dat alle mense op soek is na die paradys en op 'n manier wil teruggaan daarheen. Volgens hom is psigopatologie bloot die poging van mense om daarby uit te kom. Daarom drink mense te veel en eksperimenteer hulle met dwelms om net vir 'n oomblik of 'n paar uur te "*may regain temporarily that lost sense of oneness with the universe.*" Volgens hom hou hierdie ervarings nooit te lank nie en is die prys wat daarvoor betaal moet word, gewoonlik nie die moeite werd nie. Jongmense moet eerder geleer word om krities met die kultuur om te gaan, die vermoë kweek om te onderskei (Friesen, 2003).
- ♦ **Die selfstandige ontwikkeling en groei na individuasie en ontwikkeling van die totale mens** bly die uitdaging vir hierdie jongmense. Die hele saak rondom die soeke na hul identiteit kan eers aan die orde kom na die volgende hoofstuk, maar tog wil dit al lyk of dit 'n saak is wat veral vir jongmense in die lewensfase op pad na volwassenheid, 'n baie groot rol speel. Die gebrek aan 'n verbintenis om hul ware identiteit te ontdek, kan maak dat hulle voorgee in verhoudings, nie hulself is nie omdat hulle bloot net nog 'n klomp sake in hul lewens nie uitgesorteer het nie. Die postmoderne mens is baie meer gefokus op die groei en ontwikkeling van die totale mens en poog nie om ten volle selfgedrewe individue te wees nie, maar eerder om heel mense te wees (3.4.4). Een van die belangrikste winspunte van Postmodernisme is egter dat daar 'n herwaardering gekom het van die feit dat die mens per definisie 'n spirituele wese is. Hierdie gedagte van die mens as totale wese en dat spiritualiteit die totale menswees wil aanspreek, bied 'n groot uitdaging vir Christenskap (3.5.4).

- ♦ **Die ontwikkeling van 'n gelyke vennootskap tussen verhoudingsmaats** is veral deur die opkoms van feminisme, die toename in werkende ma's en die kompeterende arbeidsmark veroorsaak. Dit is veral die rol van die vrou wat heeltemal verander in vergelyking met die tradisionele sienswyse oor die vrou en die rol wat van haar verwag was om te speel in die huwelik en gesin (3.5.1).

- ♦ **'n Gesonde hantering van die seksuele** sal vereis dat deeglik rekening gehou moet word met die feit dat jongmense seksueel meer aktief is in hul soeke na intimiteit en aanvaarding. Die uitdaging is om jongmense die waarde te laat ontdek van seks binne 'n monogame huwelik sonder om simplisties, fundamentalisties of idealisties te wees. Jongmense het 'n geweldige soeke na diep intieme verhoudings omdat hulle wil behoort, maar ook omdat hulle aanvaar wil word (3.5.3). Tog is daar 'n agterdog jeens verhoudings vanuit die huislike situasie waar hulle vandaan kom - verhoudings werk nie. Tradisionele gesinstrukture verkeer onder geweldige druk (3.5.1). Die afwesigheid van gewoonlik beide ouers weens verskillende redes maak jongmense nie noodwendig opgewonde oor langtermynverhoudings nie. Die tydgees van onmiddellike bevrediging word ook baie maklik oorgedra op verhoudings.

- ♦ **Verhoudings vereis die ontwikkeling van sekere vaardighede.** Vir hierdie generasie jongmense, wat groot word in 'n kultuur wat sterk met 'n verbruikersmentaliteit funksioneer en waar onmiddellike bevrediging bepalend is in verhoudings, is die uitdaging dalk groter. Die ingesteldheid van ongebondenheid vergroot hierdie uitdaging verder. Vroeë onafhanklikheid, verantwoordelikheid en verpligtinge kan 'n wanpersepsie skep dat hulle al in staat is om die vryheid wat met verantwoordelikheid gepaard gaan, verantwoordelik te kan benut. Hierdie generasie is baie ver ontwikkel ten opsigte van die benutting van moderne kommunikasiehoopmiddels en tegnologie, maar dit is geen waarborg dat hoër tegnologiese ontwikkeling hoër kontak en dieper kommunikasie tussen mense tot gevolg het nie. Dit is ook waar dat daar 'n soeke bestaan na pragmatiese antwoorde wat soms gesoek word in kitsresepte en maklike antwoorde (3.4.4). Om hierdie jongmense te verstaan, sal na hulle stories geluister moet word en die geleentheid geskep moet word dat hulle die vrymoedigheid sal hê om dit te vertel. Ruimte sal gemaak moet word vir hul soeke na deurelde ervarings en hul klem op subjektiewe persoonlike belewenisse (3.4.4).

- ♦ **Verhoudings met ouers** verkeer onder druk as gevolg van die toenemende verbrokkeling van tradisionele gesinverbande. Vriendskap en gesinsverhoudings is ongelukkig die grootste slagoffers van 'n lewenstyl wat individualisties en uitkomsgefokus is, terwyl die

afwesigheid van ouers as primêre rolmodelle 'n geweldige negatiewe effek op die morele vorming van jongmense het (3.5.2). Daar bestaan baie groot agterdog en kritiek jeens gesagsinstansies en -strukture. Daarteen wil die Postmodernisme die mens weer ingebed sien in die verborgenheid van verhoudings. Die rol van die gemeenskap en sosiale netwerk raak geweldig belangrik. Die gemeenskap is belangrik vir kennisoordrag, vir identiteitsvorming, die vestiging van 'n gedeelde geloof, 'n ervaring van behoort en 'n ondersteunende struktuur van aktiwiteite en verhoudings.

- ♦ Hierdie jongmense wil behoort en aanvaar word en sal daarom soms blindelings die **norme, standarde en maatstawwe van die groep** navolg. Hulle is op soek na aanvaarding en intimiteit in betekenisvolle verhoudings met vriende van dieselfde en die teenoorgestelde geslag, ten spyte van die feit dat hulle baie min positiewe rolmodelle oor verhoudings het en nie oor die vermoë en vaardighede beskik om ware en betekenisvolle verhoudings te hê nie. Postmodernisme wil die mens weer ingebed sien in die geborgenheid van verhoudings (3.4.4).
- ♦ Jongmense soek **rolmodelle**. Mense wat met integriteit hul geloof in die samelewing en binne verhoudings uitleef en wat nie skroom om ander uit te daag nie. Die popster, Bono, se uitdaging aan die kerk om te help met die VIGS-krisis in Afrika is 'n goeie voorbeeld waar die gelowiges uitgedaag word om die sout en lig te wees wat hulle voorgee om te wees (Friesen, 2003). Die popsterre, televisiekarakters en filmhelde is die rolmodelle. Die afwesigheid van kontak met mense in verhoudings wat werk, verhoog hul soeke na rolmodelle. Daar bestaan 'n soeke na iemand wat na hul stories wil luister en dit ernstig sal opneem (3.4.4).

3.7 VOORLOPIGE GEVOLGTREKKINGS

Die navorsingsvraag wat in hierdie hoofstuk aan die orde gekom het, is:

Wat is die metateoretiese implikasies van die skuif van Modernisme na Postmodernisme en watter impak het dit op voorhuwelikse verhoudings, met in ag genome die lewensfase en verhoudings van laat adolessente/jong volwassenes?

- Sekere begripsverklarings is gedoen om sommige begrippe wat gebruik is, te verduidelik. Daar is gekyk na 'n verklaring van Modernisme en ook redes waarom die invloed van Modernisme aan die afneem is. 'n Voorlopige definisie en uiteensetting van Postmodernisme is hanteer.

- In 'n volgende deel is gekyk na die impak van die skuif van Modernisme na Postmodernisme en megatendense wat daaruit voortkom op makro-, meso- en mikrovlak.
- In 'n laaste deel van die hoofstuk is gekyk na van die uitdagings wat die Postmodernisme aan die kerk en die bediening van die evangelie bied.
- Daar is ook gepoog om voorlopig sekere metateoretiese afleidings te maak oor die eise wat aan jongmense en hul verhoudings gestel word.

B. LEWENSFASES

3.8 INLEIDEND

In hierdie studie word gewerk met jongmense in die lewensfase van laat adolessensie (18-22 jaar) tot die eerste deel van die fase van vroeë volwassenskap.

3.9 PROBLEEMSTELLING

In hierdie afdeling van die metateorie word gekyk na watter metateoretiese perspektiewe die gedragwetenskappe bied op die lewens- en ontwikkelingskonteks van laat adolessente tot jong volwassenes.

Hierdie perspektiewe sal soos volg uiteengesit word:

- Daar gaan na die ontwikkelingsfasies en ontwikkelingstake van laat adolessente en vroeë volwassene gekyk word.
- Spesifieke klem word geplaas op fisiologiese, kognitiewe, morele, emosionele en psigologiese ontwikkeling

3.10 LAAT ADOLESSENSIE TOT VROEË VOLWASSENHEID

3.10.1 Inleiding

Voordat gekyk kan word na die verhoudings waarin jongmense is, moet eers deeglik rekening gehou word met die ontwikkeling waardeur jongmense in hierdie lewensfase gaan.

3.10.2 Ontwikkelingsfase

Tydens adolessensie en laat adolessensie vind dramatiese fisiese, kognitiewe, morele, emosionele, psigologiese en sosiale ontwikkeling plaas. Die ontwikkeling op al hierdie terreine het 'n impak op die vermoë om seksualiteit verantwoordelik te hanteer (Goslin, 1994:12). Dit is die eerste keer in die lewe van 'n jongmens dat 'n selfbewussyn gevorm word wat hul verlede, hede en toekoms in 'n gemeenskaplike geheel saambind (Nel, 2003:162).

3.10.3 Ontwikkelingstake

Ten einde tot volwassenskap te groei, moet adolessente sekere ontwikkelingstake uitvoer. Tydens laat adolessensie kies en berei individue hulleself voor vir sekere volwassenskapstake

soos outonomie van ouers, 'n beroep, huwelik en ouerskap (Newman & Newman, 1991:416). Aangesien hierdie proses baie moontlikhede en areas van onsekerheid inhou, mag van die take langer neem om te bemeester (Gerdes, *et al.*, 1988; Wintre & Crowley, 1993:369-383).

Die volgende ontwikkelingstake word deur Louw, van Ede en Louw (1998:392) geïdentifiseer:

- aanvaarding van 'n veranderende liggaamlike voorkoms;
- ontwikkeling van 'n manlike of vroulike geslagsrolidentiteit ;
- ontwikkeling van kognitiewe vaardighede en die verwerwing van kennis;
- ontwikkeling van 'n eie identiteit ;
- ontwikkeling van onafhanklikheid van ouers en ander volwassenes;
- keuse van en voorbereiding vir 'n beroep;
- ontwikkeling van sosiaal verantwoordelike gedrag;
- aanvaarding van en aanpassing by sekere groepe;
- aanknoop van heteroseksuele verhoudings;
- ontwikkeling van 'n sterk emosionele band met 'n ander persoon;
- voorbereiding vir die huwelik en gesinsverantwoordelikhede;
- bereiking van ekonomiese onafhanklikheid;
- ontwikkeling van morele begrip en waardes wat as riglyn vir gedrag kan dien;
- ontwikkeling van 'n waardestelsel wat verband hou met 'n realistiese en wetenskaplike wêreldbeskouing;
- ontwikkeling van 'n lewensfilosofie.

Gerdes *et al.* (1988:284) som die ontwikkelingstake van vroeë volwassenheid soos volg op:

- ontwikkelingstake wat op die *self* betrekking het:
 - om afhanklikheid en verantwoordelikheid te bereik;
 - om die identiteit te stabiliseer;
 - om waardes te definieer;
 - om intimiteit en toegewydheid te ontwikkel.
- ontwikkelingstake wat op *interpersoonlike verhoudings* betrekking het:
 - om 'n huweliksmaat te kies;
 - om 'n bevredigende en betekenisvolle verhouding met jou maat te vestig;
 - om 'n ouer te word en kinders groot te maak.
- ontwikkelingstake wat op die *werk en vryetydsbesteding* betrekking het:
 - om in 'n beroep gevestig te raak;

- om 'n ontspanningspatroon te ontwikkel.
- ontwikkelingstake wat op die *gemeenskap* betrekking het:
 - om 'n plek in die gemeenskap te vind en 'n bydrae te lewer.

Volgens Osmer (1996:12) het adolessente drie belangrike take, naamlik:

- om die verhouding met die gesin van oorsprong te heronderhandel, terwyl hulle beweeg van 'n posisie van ekonomiese en psigologiese afhanklikheid na 'n verhouding van relatiewe onafhanklikheid;
- die verkryging van kennis en vaardighede wat nodig is om deel te neem aan 'n wye verskeidenheid van institusionele kontekste wat kenmerkend is van die samelewing;
- die konstruering van 'n persoonlike sisteem van morele betekenis in reaksie op die uitdagings wat kulturele pluralisme sowel as "*generational discontinuity and instrumental reason*" bied.

Die twee groot opeenvolgende ontwikkelingstake van die naskoolse lewensfase, is volgens Erikson die afhandeling van die soeke na *identiteit*, en daarna die waagstuk om hierdie nuutgevonde identiteit te waag in *intimiteit*, 'n hegte verhouding met iemand van die teenoorgestelde geslag. Wanneer 'n mens die ontwikkelingsproses van die enkeling benader vanuit die eise wat die samelewingstruktuur aan hom stel, kom weer ander take na vore, onder andere om adolessensie te beëindig deur onafhanklikheid van ouers te verkry en bande met adolessente-ondersteuningsgroepe los te maak, en dan belangrike keuses te maak. Die taak om "*commitment*" (verbintenis) te maak, lê op verskillende areas, naamlik liefde, 'n lewensplan (veral beroepskeuses) en lewenswaardes (Gous, 1990:30-31). Osmer (1996:11) lê veral daarop klem dat om volwasse te word, te doen het met "*a transitional social role*". Adolessente moet onafhanklikheid aanleer terwyl hulle nog gedeeltelik afhanklik is; hulle moet 'n persoonlike morele sisteem ontwikkel in 'n samelewing waar moraliteit pluralisties is, meervuldige keusemoontlikhede bestaan, norme gerelativeer word en waar hulle aangemoedig word om etiese relativisme na te streef (Nel, 2003:160).

Identiteitsvorming is 'n dinamiese spanning tussen "*separateness and connectedness*" – afsonderlikheid en verbintenis (Paul & White, 1990:380). Volwassenheid beteken om deur beide intimiteit en identiteit te werk, om empatie vir self en ander, kennis van self en ander, insig in self en ander, getrouheid aan self en ander, geduld met self en ander, en liefde vir self en ander te ontwikkel (Paul & White, 1990:380). "*Young people must achieve individuality - that is, they must mature; survive adolescence, during which self-absorption is appropriate; and*

willfully become members of the world community, without losing their uniqueness" (Curtler, 1997:154).

3.11 FISILOGIESE ONTWIKKELING

Soos eksterne en interne fisiologiese veranderinge intree, word adolessente meer bewus van hul seksualiteit en seksuele behoeftes (Thom, 1991:401, DeLemater & Friedrich, 2002:11). Tydens adolessensie vind seksuele rypwording of te wel puberteit plaas, wat tydens vroeë volwassenheid 'n hoogtepunt bereik (Gerdes, *et al.*, 1988:284). Dit is interessant om daarop te let dat puberteit op 'n al hoe vroeër ouderdom voorkom. Hierdie sekulêre neiging kan onder andere toegeskryf word aan gesonder diëte, beter mediese dienste, verbeterde sanitasie en minder kindersiektes as gevolg van immunisering (Louw, *et al.*, 1998:394).

Adolessente is intens bewus van hierdie liggaamlike veranderinge en dit is een van die ontwikkelingstake van adolessensie om hierdie veranderinge te aanvaar. In hierdie verband speel liggaamlike aantreklikheid en aanvaarding deur 'n portuurgroep 'n baie belangrike rol (Louw, *et al.* 1998:374). Geweldig druk deur die samelewing op adolessente om vinniger groot te word, word aangetref (Ferreira, 1997:23).

3.11.1 Adolessente se seksualiteit

Die vestiging van 'n seksrolidentiteit vind in hierdie lewensfase plaas. Seksrolidentiteit verwys na die vorming van 'n oortuiging, gesindheid en waardes oor die self se funksionering as man of vrou in verskillende areas van die sosiale lewe, insluitende intieme verhoudings, familie, werk, gemeenskap en godsdiens (Newman & Newman, 1991:421). Goff (1990:600) wys byvoorbeeld daarop dat alle mans in hierdie fase 'n mate van onsekerheid oor hul seksualiteit het en hoe dit die heel moeilikste vir mans in hierdie lewensfase is om oor hul seksualiteit en veral oor 'n saak soos masturbasie openlik te praat en daaroor eerlik te wees.

Met betrekking tot seksuele verhoudings staan adolessente voor die volgende uitdagings: hulle moet:

- (i) leer om aan te pas by hul eie veranderende liggame;
- (ii) die aard van fisiologiese en psigologiese geslagsveranderinge begin verstaan en leer om affektiewe verhoudings aan te knoop met lede van die teenoorgestelde geslag;
- (iii) leer om hul nuut verworwe seksdrang se volwaardige plek in hul persoonlikhede te ontdek; en
- (iv) leer om die spanning te hanteer tussen hul eie seksuele drange en die samelewing se onderdrukkende denke oor die seksuele (Paul & White, 1990:388).

'n Belangrike ontwikkelingstaak vir adolessente is om hul seksuele behoeftes op 'n sosiaal aanvaarbare wyse uit te leef sodat dit positief tot hul identiteitsontwikkeling bydra. Sosiale faktore speel 'n belangrike faktor in die uitlewing van hul seksualiteit. Elke kultuur word gekonfronteer met die probleemvraag hoe seksuele begeertes gekanaliseer kan word sodat gesonde ontwikkeling kan plaasvind sonder dat liggaamlike probleme, psigiese probleme en sosiale probleme ontstaan (Louw, *et al.*, 1998:403). Gesonde adolessenteseksualiteit is gebaseer op gesonde selfbeeld en agting en respek vir jouself en ander, vir beide geslagte. Dit gaan van die veronderstelling uit dat mans en vrouens gelyk is, alhoewel nie noodwendig eenders nie (Chilman, 1990:126). 'n Verdere saak wat van belang is in die ontwikkeling van gesonde seksualiteit, is die rol van die gesinsverhoudings omdat dit op baie vlakke van die menslike ontwikkeling funksioneer, insluitende die gesonde ontwikkeling van 'n jongmens se seksualiteit (Chilman, 1990:130).

Die aanmoediging van seksuele permissiwiteit vanaf die vroeë 1960's impliseer 'n wyer goedkeuring van voorhuwelikse seks en 'n afname ten opsigte van die dubbele standarde rakende seksuele aktiwiteite van die verskillende geslagte (Le François, 1998:423-424). Seksuele volwassenheid vind al hoe vroeër plaas en in baie gevalle word die opneem van take van volwassenheid uitgestel weens verdere studie (Noller, *et al.*, 2001:68). As al die veranderlikes in ag geneem word, is dit duidelik dat die ontwikkeling van 'n gesonde seksrolidentiteit geweldig kompleks is en deur 'n groot aantal faktore bepaal word. Die impak wat dit op heteroseksuele verhoudings het, moet deeglik verreken word.

3.12 KOGNITIEWE ONTWIKKELING

Die adolessent se kognitiewe vermoë ontwikkel **kwalitatief** (ontwikkel die vermoë om meer logies te redeneer, abstrak te dink en oor hipotetiese situasies te besin) en **kwantitatief** (ontwikkel die vermoë om take vinniger, makliker en meer effektief te bemeester) (Thom, 1991:419).

Volgens Jean Piaget (1896-1980) se teorie bereik 'n mens in adolessensie die vlak van formeel-operasionele denke (Gerdes, *et al.*, 1988:310; Craig, 1992:36; Miller, 1993:60; Rice, 2004:176). Die kenmerke van formeel-operasionele denke word deur Gerdes (1988:310) en Thom (1991:418) soos volg opgesom:

- **Abstrakte denke** - die vermoë om oor onderwerpe te dink wat nie konkreet teenwoordig is nie. Dit stel die adolessent in staat om oor gekompliseerde sake soos morele aangeleenthede te redeneer.
- **Hipotetiese deduktiewe denke** - die vermoë om hipoteses te stel en probleme aangaande verbande op te los.
- **Interpreposisionele logika** - die vermoë om op grond van stellings of proposisies te redeneer sonder om die werklikheid in ag te neem.
- **Wetenskaplike denke** - die vermoë om die gevolge van bepaalde handeling te antisipeer en daaroor te besin. Hieruit vloei die adolessent se bevraagtekening van sisteme en voorskrifte van ouers en gesagsinstansies voort.
- **Introspeksie** - die vermoë van mense om oor hulle eie gedrag na te dink, hulleself krities te evalueer en hulleself dan te verbeter.

Kognitiewe veranderinge wat moet plaasvind vir die sukses van interpersoonlike verhoudings, is: 'n afname in egosentrisme. Wat hiermee saamgaan, is die vermoë om die ander persoon se siening te begryp, om reëls en norme te verstaan, om met 'n verskeidenheid oplossingsmoontlikhede vir 'n probleem vorendag te kom, om 'n ideale verhouding na te streef en introspeksie oor die self en die self se impak op ander te verreken (Paul & White, 1990:392).

3.13 MORELE ONTWIKKELING

Moraliteit kan beskryf word as 'n sisteem van oordele wat gevel word op dit wat die individu as regte, verkeerde, toelaatbare of ontoelaatbare gedrag bestempel (Goslin, 1994:19). Prins (2001:105) definieer moraliteit as dit wat te doen het met 'n individu of gemeenskap se vermoë om te onderskei tussen goed en kwaad en om daarvolgens te handel. Die vorming van geloof en waardes word in adolessensie vasgelê (Noller, *et al.*, 2001:46). *"The nucleus of a normative culture consists of a system of prohibitions that impose uniform standards on the behavior of the members of a society... the modern form of control is morality, the intrapersonal expression of which for each person is his own individual conscience"* (Lvchenkova, *et al.*, 2003:17). Adolessente se seksuele waardes word alreeds van 'n baie vroeë ouderdom tot 'n groot mate beïnvloed en gevorm deur erotiese literatuur, samelewingsgebruik en media- en filmstereotipes oor seks, wat tot gevolg het dat adolessente al hoe vroeër eroties volwasse raak, terwyl hulle nog nie moreel-geestelik in staat is om verantwoordelike besluite daaroor te neem nie.

Verskillende skole van denke bestaan oor morele vorming. Volgens Walker, Hennig & Krettenauer (2000:1033) beklemtoon die psigoanalitiese teorie die waarde van vroeë ouer-

kindverhoudings, die sosialeleer-teorie beklemtoon weer die impak van rolmodelle, terwyl die kognitiewe ontwikkelingsteorie interaksie met portuurgroepe as meer betekenisvol vir die morele ontwikkeling van jongmense beskou. Piaget en Kohlberg is beide eksponente van die kognitiewe ontwikkelingsteorie.

3.13.1 Kohlberg se teorie van morele ontwikkeling

Kohlberg se teorie van morele ontwikkeling (Gerdes, *et al.*, 1988:291-293; Newman & Newman, 1991:296-298) kan soos volg uiteengesit word:

Vlak	Stadium	Kenmerke
I Voormoreel, prekonvensionele vlak (voor tienderjarige ouderdom)	1. Gehoorsaamheid op grond van straf of beloning 2. Naïewe hedonistiese en instrumentele oriëntering - voordele vir self en geliefdes	Kultureel- en sosiaal-voorskriftelike gedrag Afhanklik van goedkeuring
II Moraliteit van konvensionele rolkonformiteit	3. Soetseunmoraliteit 4. Outoriteit- en sosialeorde-handhawingsmoraliteit	Voldoen aan ander se verwagtinge Gerig op welstand en welsyn van die samelewing
III Moraliteit van selfaanvaarde morele beginsels (postkonvensioneel)	5. Moraliteit van kontrak, samewerking, individuele regte en demokraties aanvaarde reg wat strek oor tyd en kulture 6. Moraliteit van individuele gewetensbeginsels	Internaliseer motivering vir morele optrede Beoordeel gedrag nie net volgens bestaande norme nie, ook volgens gewete, of selfgekose, geïnternaliseerde, abstrakte, etiese beginsels.

As gevolg van die kognitiewe ontwikkeling betree adolessente 'n stadium waar hulle in staat is om self hulle gedrag te beoordeel (Goslin, 1994:20). Adolessente moet eers oor die vlak van formeel-operasionele denke beskik om die hoogste vlak van morele denke te kan bereik (Seiffert & Hoffnung, 1991:5). Formeel-operasionele denke stel adolessente in staat om hipoteses te stel, te ondersoek en afleidings te maak, terwyl die vermoë om abstrak te dink die adolessent in staat stel om oor alternatiewe waardes te dink en dit rasioneel te beoordeel.

(Goslin, 1994:21). 'n Herevaluering van tradisionele morele beginsels word by adolessente aangetref (Newman & Newman, 1991:430). Belangrike besluite rondom veral seksualiteit kan nie geneem word indien daar nie morele ontwikkeling plaasgevind het nie. "*Decisions about sex challenge the moral judgement of the adolescent to the limit*" (Garbarino, 1985:370).

Walker *et al.* (2000:1033-1035) toon tereg aan dat ouers én portuurgroepe 'n belangrike rol speel in die morele vorming van adolessente. Kognitiewe ontwikkeling baat by die interaksie en gesprekke tussen ouers en adolessente oor ware morele dilemmas wat direk betrekking het op die familie en die adolessente, terwyl portuurgroepe weer die geleentheid bied vir die blootstelling aan uitdagende nuwe situasies. Sleutelaspekte vir die goeie funksionering van ouers as morele opvoeders is die kwessies van geloofwaardigheid en kwaliteitskommunikasie (Prins, 2001:108). Die begeerte om te konformeer tot die vriende se opinies het soms 'n negatiewe effek op die ontwikkeling van tieners tydens vroeë adolessensie, veral as die norme en waardes van die groep onder verdenking is.

Die skuiwe in die samelewing, lewenstyle en gesinslewe die afgelope drie dekades veroorsaak dat kinders en adolessente vandag groot word sonder die netwerk van ouers, grootouers, ooms en tannies om hulle te ondersteun en leiding te gee op pad na volwassenheid. Om volwasse te word in selfdissipline, oordeel en verantwoordelikheid benodig adolessente meer bewuste ondersteuning en versorging as ooit voorheen, met minder volwassenes om hiermee te help (Turk & Jacobs, 1995:1-2). Dit veroorsaak dat jongmense meer afhanklik van hul groep is, veral ten opsigte van die keuses wat hulle uitoefen oor seksualiteit. "The measure of maturity is the degree to which one seeks to *know* what is good, consistently *does* it, and *enjoys* doing it" (Bourg, 2002:10).

3.14 EMOSIONELE EN PSIGOLOGIESE ONTWIKKELING

Adolessensie vereis psigologiese aanpassing op 'n dramatiese en verrykende opeenvolging van veranderinge wat hul emosionele lewens meer intensifiseer (Noller *et al.*, 2001:49-50). Sake soos selfbewussyn, verleentheid, ongemak, eensaamheid, spanning in verhoudings met die gesin en familie vererger hul onsekerheid en afsondering in 'n poging om hulself te vind.

Vriende begin 'n al hoe groter psigologiese en emosionele ondersteunende rol speel ten opsigte van sake soos intimiteit, vertroue, wedersydse ondersteuning, ensovoorts. Die vermoë om alleen te kan wees en onafhanklik van die portuurgroep te funksioneer, is geweldig belangrik vir die emosionele ontwikkeling, groei en aanpassing van 'n adolessent (Noller *et al.*, 2001:64).

Die identiteitsvorming van die adolessent het te doen met "a sense of sameness, a unity of personality now felt by the individual and recognized by others as having consistence in time" (Osmer, 1996:20).

Elias (1995:11) verwys na affektiewe ontwikkeling wat plaasvind in hierdie lewenstydperk en dat affektiewe ontwikkeling te doen het met sake soos gevoel, ingesteldheid, emosies, waardes en liefde. Affektiewe ontwikkeling het veral te doen met die volgende vyf sake (Elias, 1995:11-12):

- **'n Stabilisering van ego-identiteit** - hoe persone oor hulleself voel, word minder bepaal deur verbygaande ervarings. 'n Konstante, stabiele en gedefinieerde selfbewussyn bestaan. Veroorsaak 'n toename in selfvertroue (Steele, 1995:115).
- **'n Vryheid in persoonlike verhoudings** - begeertes en persoonlike fantasieë het 'n kleiner impak as by adolessente. Dit het tot gevolg dat verhoudings kan ontwikkel wat meer responsief is op die unieke behoeftes en eienskappe van ander persone. Die rigting van verhoudingsgroei is weg van spanningsvolle, selfbeskermende, gemaskerde gedrag na eerlike, opregte en sensitiewe kommunikasie (Steele, 1995:116).
- **'n Verdieping in belangstellings** - 'n groter mate van betrokkenheid word aangetref in spesifieke areas van belangstelling. Dit behels 'n groter toewyding aan sake soos akademie, stokperdjies, sport, beroep en verhoudings, wat versterk en ondersteun word in 'n stabiele omgewing (Steele, 1995:116).
- **'n Humanisering van waardes** - 'n groter bewussyn ontwikkel vir menslike betekenis in waardes en in die manier waarop die gemeenskap funksioneer. Etiese en morele sake word nie bloot gesien as absolute en onbuigbare reëls nie, maar eerder meer persoonlik in nouer verband met lewenservarings.
- **'n Uitbreiding van omgee** - die welwees van ander raak al hoe belangriker. Empatie vir individue en teenoor die samelewing ontwikkel sterker en hierdie empatie word omgesit in 'n toenemende betrokkenheid by arm, siek en onderdrukte mense. Dit veronderstel 'n toenemende wegbeweeg van die self na 'n meer onselfsugtige lewensingesteldheid.

Emosionele gesonde individue leer om makliker hul waardes en gedrag aan te pas by veranderende omstandighede dwarsdeur die lewe (Wilson, 1995:38).

3.15 GELOOFSONTWIKKELING

Navorsing toon aan dat jong volwassenes toenemend vervreemding, ontevredenheid en disidentifikasie met die godsdienstige liggaam of denominasie waarin hulle opgegroeï het, ervaar (Elias, 1995:12). Dit sluit 'n afname in aktiewe deelname, 'n toename in ontnugtering

oor die kerk se onvermoë om te verander, frustrasie oor die kerk se onvermoë om relevante sake aan te spreek en 'n afname in kerkbywoning in. Daar is op verskillende maniere al gepoog om geloofsontwikkeling te beskryf. Die mees bekende hiervan is die werk van Fowler. Daar gaan ook kortliks gekyk word na voorstelle van Hamilton, Sears, Wangerin en Joy in hierdie verband.

3.15.1 Fowler se korrelasiemodel

Volgens Fowler (1981:92) is geloof "a way of leaning into and finding or giving meaning to the conditions of our lives" en dan werk Fowler nie met geloof as 'n gawe van God nie, maar eerder as 'n menslike fenomeen. Fowler se model van geloofsontwikkeling toon die korrelasie aan tussen geloof en selfontwikkeling. In sy teorie bied Fowler nie 'n klassifikasiesisteem vir geloofsontwikkeling nie en die fases moet ook nie verstaan word as fases van geloofsinhoud self nie (Kingma, 2000:65). Fowler beskryf slegs die vorm of denkstyl wat godsdiens in 'n bepaalde lewensfase aanneem: "describing stages of faith by reference to the operations or ways of making and maintaining meaning, rather than with regard to the contents or the substance of faith" (1982:88).

Fowler se korrelasiemodel kan soos volg uiteengesit word (Joy, 1995:153):

STAGES	STAGES OF FAITH AND SELFHOOD
INFANCY	Primitive faith, incorporative self
PRESCHOOL AGE	Intuitive-projective faith, impulsive self
MIDCHILDHOOD	Mythic-literal faith, imperial self
ADOLESCENCE	Synthetic-conventional faith, interpersonal self
YOUNG ADULTHOOD	Individuative-reflective faith, institutional self
MIDDLE ADULTHOOD	Conjunctive faith, inter-individual self
MIDDLE ADULTHOOD AND BEYOND	Universalizing faith, God-grounded self

Van belang vir hierdie studie is veral die fases van sinteties-konvensionele en individualisties-reflektiewe geloof.

3.15.1.1 Sinteties-konvensionele geloof met die interpersoonlike self

In hierdie fase is die interpersoonlike verhoudings, veral met diegene uit eie kring, van groot vormende belang. 'n Sterk behoefte aan intimiteit asook om êrens te behoort, is waarneembaar. Individue groei dan tot 'n sintese oor hulself uit die voorstellings wat hulle van

hulself by ander leer. Gedeelde verbintnisse en gedeelde loyaliteite speel 'n belangrike rol in hierdie fase (Fowler, 1981:65). Konflik word in hierdie fase om verskillende redes moeilik hanteer en die verbreking van enige sleutelverhouding veroorsaak 'n geweldige krisis. Die individu verklaar en konstrueer die werklikheid en die wesenlike in terme van die interpersoonlike. God word beskou as die een wat mense persoonlik ken en op Hom kan gereken word as vriend, metgesel, lewenslyn of gans andere wat die mens onderhou en tot volheid laat groei (Kingma, 2000:67). In hierdie fase is die individu baie konformerend in geloofstandpunte en daar word baie op ander gesteun om 'n eie waardesisteem saam te stel.

3.15.1.2 Individualisties-reflektiewe geloof met die institusionele self

Hierdie fase word gekenmerk deur 'n meer kritiese nadenke oor die lewe en 'n sterk individualistiese optrede. Daar vind 'n losmaking van die eksterne betekenis van verhoudings plaas asook 'n groter fokus op 'n eie geloofsidentiteit. Die individu begin om self verantwoordelikheid vir eie standpunte te dra. Geloofswaarhede word in hierdie tyd krities beoordeel en daar ontstaan dikwels 'n ernstige soeke na die waarheid, veral wanneer daar 'n konflik ontstaan tussen ou en nuwe modelle en maniere van glo. Geloof word in hierdie fase meer persoonlik en moet eg en samehangend wees. Die risiko's van hierdie fase is onder andere 'n sterk individualisme en 'n oormaat selfafhanklikheid (Fowler, 1981:71).

3.15.2 Hamilton se model van Christelike volwassenheid

Die universele aard van Fowler se werk lok soms kritiek uit. In hierdie verband het Hamilton 'n model uit die evangelies opgestel. Die fokus is op Christelike toewyding op spoor van die dissipels se eie naïewe en ongelyk pad agter Jesus aan tot en met Pinkster en hul eie bemagtiging as getuies in die wêreld (Joy, 1995:154).

5. Maturing in the Church: Body and Mission

4. Intimacy, "Friend" and Sanctification

3. Disillusionment, Despair, Betrayal

2. Triumphalist, Illusion, Ethnocentric

1. Following: Pupils Attaching to Jesus

3.15.3 Sears se weg van lyding as teorie vir geloofsontwikkeling

Sears werk sterk met die begrip lyding en hoe 'n mens se hantering van lyding ontwikkel, wat 'n aanduiding kan wees van geloofsgroei. Die waarde van hierdie werk is dat geloofsgroei soms eerder as afwaartse groei na volwassenheid beskryf kan word (Joy, 1995:154). Sears se model kan soos uiteengesit word (1983:10-23):

5. Suffering as Glory - Mission Faith, Pentacost: God suffers with and for us
4. Vicarious Suffering - Communitarian Faith, Jesus as Servant
3. Suffering as Witness - Individualizing Faith: Jeremiah and Job
2. Suffering as Discipline - Familial Faith: Mosaic Law
1. Suffering as Penalty - Initial Faith: Abrahamic basic trust view; there ought to be no suffering

3.15.4 Wangerin se gebruik van die klassieke mitologie as model vir geloofsontwikkeling

Op spoor van die klassieke Griekse mite oor die liefde tussen Orpheus en Euridice en die fases van liefde waardeur beweeg word, ontwikkel Wangerin 'n eie weergawe van 'n teorie van geloofsontwikkeling (Joy, 1995:155). Hierdie teorie kan soos volg uiteengesit word (Wangerin, 1986:17)

The Sixth Passage: "I Have Called You By Name" Resurrection

The Fifth Passage: Guilt and the Final Refinement, Dying

The Fourth Passage: Faith, Conviction and not Seeing

The Third Passage: Mortification, Supplication

The Second Passage: Death and Mourning

The First Passage: Experience and Language

3.15.5 Joy en die patroon van die Saligsprekinge as model vir geloofsontwikkeling

Na aanleiding van 'n preek van John Wesley oor die saligsprekinge het Joy hierdie model as raamwerk begin ontwikkel om geloofsgroei aan te dui (Joy, 1995:155). "Some have supposed that [Jesus] designed [the beatitudes] to point out the several stages of the Christian course... And it is equally true, that real Christianity always begins in poverty of spirit, and goes on in the order here set down, till the 'man of God is made perfect'" (Wesley, 1872:252). Hierdie weg kan soos volg uiteengesit word:

8. Advocates of victims
7. Peace makers
6. Pure hearted
5. Merciful
4. Hungers for righteousness
3. Victims of forced constraint: Meek
2. Victims of grief: Mourners
1. Victims of poverty

3.15.6 Implikasies vir geloofsontwikkeling

- Dit is geweldig belangrik om te beseef dat baie jongmense, jong volwassenes en selfs volwassenes nog vasgevang kan wees in 'n privaat, impulsiewe en selfgesentreerde intuitief-projektiewe geloof met die idee dat godsdienst/geloof bedoel is om aan jou persoonlike en soms selfsugtige behoeftes te voldoen, terwyl ander weer die imperiaal mities-letterlike persepsie van 'n gemeenskaplike geloof verkies met sy "visions of success and grandeur" van 'n God wat in oorvloed, veral op die materiële terrein, voorsien (Joy, 1995:153). Geloofsontwikkeling is nooit 'n gegewe nie en daar kan nie noodwendig gereken word dat jongmense en jong volwassenes reeds die fase van sinteties-konvensionele en individualisties-reflektiewe geloof bereik het nie. Om uit hierdie selfgesentreerde en magsteologie te beweeg na 'n geloof wat onbeantwoorde gebede en vrae, lyding en swaarkry en die nie-oplossing van probleme verreken, moet jongmense uitgedaag word met nuwe en vreemde situasies en aangemoedig word om te groei.
- Verder is dit baie belangrik om te beseef dat geloofsgroei of ontwikkeling nie bloot 'n natuurlike ontwikkeling is nie, maar dat dit 'n reaksie op 'n oproep tot radikale verandering en bekering vereis (Elias, 1995:16).
- Geloofsonderrig moet hierdie ontwikkeling in verskillende lewensfasies verreken.
- Jongmense se kritiese vrae oor onder andere geloof, geloofsbeleving en die kerk moet gesien word as vordering om eie verantwoordelikheid vir eie geloofstandpunte te neem.
- In hierdie ontwikkelingsfasies is egte pastorale betrokkenheid en die bou van geloofwaardige verhoudings van groot belang - 'n saamloop op die geloofspad is van onskatbare waarde.
- Geloofsontwikkeling is ewigdurende opwegwees en groei na 'n dieper verhouding met die Here. Die teoretiese modelle "hold out stages toward which we point, but which we rarely grasp consistently or fully" (Joy, 1995:160).
- Die ontdekking dat 'n mens voortdurend in die lewe "God's presence with us" (Clark, 1995:137) beleef, het ook spesifieke implikasies vir die imperatief van menswees binne verhoudings.

3.16 METATEORETIESE RIGLYNE

Die volgende metateoretiese beginsels en riglyne kan aangebied word:

- **Ten opsigte van die rol van spiritualiteit** is dit belangrik om te ontdek dat geloofsontwikkeling 'n belangrike deel vorm van die ontwikkeling van adolessente op pad na vroeë volwassenes. Dit sluit 'n afname in aktiewe deelname, 'n toename in ontnugtering oor die kerk se onvermoë om te verander, frustrasie oor die kerk se onvermoë om relevante sake aan te spreek en 'n afname in kerkbywoning in (3.15). Jongmense se vrae oor God en kritiek teen die kerk vorm deel van die fase van geloofsontwikkeling waarin hulle is (3.15.1.2). Geloof word in hierdie fase meer persoonlik en moet eg en samehangend wees (3.15.1.2). Om uit hierdie fase van selfgesentreerde en magsbehepte geloof te beweeg na 'n geloof wat onbeantwoorde gebede en vrae, lyding, swaarkry en die nie-oplossing van probleme verreken, moet jongmense uitgedaag word met nuwe en vreemde situasies wat persoonlike geloofsverantwoording vereis en wat hulle aanmoedig om te groei (3.15.6).
- **'n Oortuiging van verliefdheid/passie/wonder/misterie van liefde** kan in hierdie fase maklik verwar word met gevoelens van aangetrokkenheid en verliefdheid tot iemand van die teenoorgestelde geslag. Liggaamlike ontwikkeling en die groter bewuswording van seksuele behoeftes en drange dra by tot 'n groeiende behoefte aan 'n fisiese verhouding met iemand van die teenoorgestelde geslag. 'n Toename in empatie ontwikkel en jongmense word voorberei vir langtermynverhoudings. Liefdesverhoudings bly 'n waagstuk waar met die nuutgevonde identiteit gewaag word in intimiteit met iemand in 'n romantiese verhouding (3.10.3).
- **'n Soeke na en behoefte aan aanvaarding en sekuriteit binne 'n verhouding**, sowel as sekerheid en veiligheid is kenmerkend van jongmense se lewensfase. Die onsekerheid wat groei en ontwikkeling teweegbring veroorsaak 'n groter behoefte aan aanvaarding by jongmense. Baie keer kom dit eerder na vore in die vorm van kritiek, rebellie of opstandigheid. Sake soos self-bewussyn, verleentheid, ongemak, eensaamheid en spanning in verhoudings met die gesin en familie vererger hul gevoelens van onsekerheid en verhoog onttrekking en afsondering (3.14).
- **'n Wegbeweeg van selfsug en selfliefde na opofferings en prysgawes ter wille van maat en 'n verhouding** is een van die groter uitdagings vir 'n jongmens in 'n lewensfase wat geweldige persoonlike eise stel en waar die fokus sterker op persoonlike ontwikkeling val. Jongmense sal geleer moet word en uitgedaag moet word om ruimte vir ander en

ander se belange te maak. Dit vereis 'n doelbewuste afname in selfsug en egosentrisme (3.12). Die groei na volwassenheid plaas hulle voor die uitdaging om deur beide intimiteit en identiteit te werk, om empatie vir self en ander, kennis van self en ander, insig in self en ander, getrouheid aan self en ander, geduld met self en ander, en liefde vir self en ander te ontwikkel. Jongmense sal uitgedaag moet word om verantwoordelikheid te begin neem vir hul optrede.

- **Die selfstandige ontwikkeling en groei na individuasie en ontwikkeling van die totale mens** word in hierdie lewensfase tot 'n groot mate op die voorgrond geplaas. Die vestiging van 'n persoonlike identiteit is die grootste taak van adolessensie. Die geweldige ontwikkeling wat op 'n groot verskeidenheid terreine moet plaasvind, saam met die aanleer van 'n groot hoeveelheid ontwikkelingstake, moet deeglik verreken word in die groei na volwassenheid (3.10.3). Emosionele gesonde individue leer om makliker hul waardes en gedrag aan te pas by veranderende omstandighede dwarsdeur die lewe (3.14).
- **Die ontwikkeling van 'n gelyke vennootskap tussen verhoudingsmaats** word grootliks bepaal deur die ontwikkeling en vestiging van die geslagsrolidentiteit wat in hierdie lewensfase aangeleer en gemodelleer word (3.10.3). Gesonde adolessenteseksualiteit is gebaseer op 'n gesonde selfbeeld, selfagting en selfrespek, sowel as op agting en respek vir ander mense, insluitend mense van die teenoorgestelde geslag (3.11.1).
- **'n Gesonde hantering van die seksuele hang** baie nou saam met die fisiese ontwikkeling van 'n persoon. Die nuutgevonde identiteit word nou gewaag in intimiteit in verhoudings met iemand van die teenoorgestelde geslag. Die besluite wat jongmense oor die seksuele moet neem, word tot 'n groot mate bepaal deur hul persoonlike morele sisteem wat ontwikkel in 'n samelewing waar moraliteit pluralisties is, meervuldige keusemoontlikhede bestaan, norme gerelativeer word en waar hulle aangemoedig word om etiese relativisme na te streef (3.13.1). Gesonde adolessenteseksualiteit is gebaseer op gesonde selfbeeld, agting en respek vir jouself en ander en afhanklik van 'n gesonde aanvaarding van jouself (3.11.1). Daar is aangetoon dat adolessente, met betrekking tot seksuele verhoudings, voor die volgende uitdagings staan: hulle moet (i) leer om aan te pas by hul eie veranderende liggame, hulle moet (ii) die aard van fisiologiese en psigologiese geslagsveranderinge begin verstaan en leer om affektiewe verhoudings aan te knoop met lede van die teenoorgestelde geslag, hulle moet (iii) leer om hul nuut verworwe seksdrang se volwaardige plek in hul onderskeie persoonlikhede te ontdek en hulle moet (iv) leer om

die spanning te hanteer tussen hulle eie seksuele drange en die samelewing se verwagtinge en vereistes vir gesonde seksualiteit (3.11.1).

- **Verhoudings vereis die ontwikkeling van sekere vaardighede** wat deel uitmaak van die verskillende ontwikkelingstake wat in hierdie lewensfase bemeester moet word (3.10.3). In hierdie lewensfase het jongmense 'n behoefte om te redeneer oor moeilike morele sake om self 'n standpunt te vorm (3.13). Die kognitiewe vermoë ontwikkel kwalitatief en kwantitatief met die implikasie dat jongmense uitgedaag kan word tot ingewikkelde morele en kognitiewe besluitneming (3.12). Adollesente moet leer om onafhanklik te funksioneer, terwyl hulle nog gedeeltelik afhanklik is. Hulle moet 'n persoonlike morele sisteem ontwikkel in 'n samelewing waar moraliteit pluralisties is, meervuldige keusemoontlikhede bestaan, norme en waardes gerelativeer word en waar hulle aangemoedig word om etiese relativisme na te streef (3.10.3).
- **Die impak van ouers op 'n verhouding** word bemoeilik aangesien jongmense in die proses is om hulleself los te maak van hul ouers, hul eie identiteit te vestig en afhanklik te begin funksioneer (3.10.3). Hulle wil hul eie besluite neem en self verantwoordelikheid aanvaar vir hulle lewens en keuses. Die verhouding en rolle met die gesin van oorsprong word heronderhandel, terwyl hulle beweeg van 'n posisie van ekonomiese en psigologiese afhanklikheid na 'n verhouding van relatiewe onafhanklikheid. Kognitiewe ontwikkeling baat by die interaksie en gesprekke tussen ouers en adollesente oor 'n wye verskeidenheid sake, veral ten opsigte van morele dilemmas (3.13.1).
- **Die impak van vriende en vriendegroepe op 'n verhouding** speel 'n ontsaglike groot rol ten opsigte van die keuse van verhoudingsmaats en is bepalend in die vestiging van oortuigings oor verhoudings. Liggaamlike aantreklikheid en aanvaarding deur 'n portuurgroep is geweldig belangrik vir hierdie jongmense (3.11). Volwassenheid beteken om deur beide intimiteit en identiteit te werk, om empatie vir self en ander, kennis van self en ander, insig in self en ander, getrouheid aan self en ander, geduld met self en ander en liefde vir self en ander te ontwikkel (3.10.3). Kognitiewe ontwikkeling baat by die blootstelling aan uitdagende nuwe situasies wat portuurgroepe bied (3.13.1). Die vermoë om alleen te kan wees en onafhanklik van 'n portuurgroep te funksioneer, is geweldig belangrik vir die gebalanseerde ontwikkeling, groei en aanpassing van 'n adollesent (3.14).
- **Die invloed van rolmodelle op 'n verhouding** in die vorm van egte pastorale betrokkenheid en die bou van geloofwaardige verhoudings speel weereens 'n geweldig

belangrike rol in die saamreis op pad na volwassenheid (3.15.6). om te groei en volwasse te word in selfdissipline, oordeel en verantwoordelikheid benodig adolessente meer bewuste ondersteuning en versorging as ooit voorheen, terwyl daar minder volwassenes betrokke is in hul lewens om hiermee behulpzaam te wees (3.13.1).

3.17 VOORLOPIGE GEVOLGTREKKINGS

In hierdie afdeling is gekyk na watter metateoretiese perspektiewe die gedragswetenskappe bied op die lewens- en ontwikkelingskonteks van laat adolessente en jong volwassenes. Daar is spesifiek gekyk na die ontwikkelingsfases en –take van mense in hierdie lewensfase. Spesifieke klem is geplaas op fisiologiese, kognitiewe, morele, emosionele en psigologiese ontwikkeling.

C. VERHOUDINGS

3.18 INLEIDEND

Dwarsdeur die ontwikkeling van die jongmens staan sosiale netwerke sentraal in die ontwikkeling en kwaliteit van interpersoonlike verhoudings (Connolly *et al.*, 2000:1395). Dit wil voorkom asof volwassenes in die toekoms oor groter sosiale veelsydigheid moet beskik, insluitende die vermoë om in verhoudings te funksioneer wat minder voorskriftelik volgens sosiale norme funksioneer en wat 'n verskeidenheid sosiale wêrelde oorbrug (Larson *et al.* 2002:31). Putnam (2000:183-184) beskryf hierdie verandering soos volg: "Thin single-stranded, surf-by interactions are gradually replacing dense, multistranded, well-exercised bonds." Die reëls en taal van daaglikse interaksie is voortdurend besig om te verander. Verhoudings word minder gestruktureerd en deur gemeenskapsnorme voorgeskryf en meer geïmproviseer wat vermoëns vereis om tussen tale en verskillende sosiale wêrelde te navigeer (Larson *et al.*, 2002:32).

Verhoudings op verskillende vlakke het in die afgelope tyd verskillende veranderinge ondergaan. Hieronder is 'n tabulêre weergawe van sommige van hierdie veranderinge.

Tabel 1: Huidige tendense in families (Larson *et al.*, 2002:33)

I. Gesinsgrootte en -samestelling

1. Kleiner gesinne (minder kinders, ooms, tannies, neefs en niggies), meer kinderlose egpare.
2. Voortbestaan en hernuwing van uitgebreide gesinne.
3. Toenemende verskeidenheid van gesinsvorme (Venter, 2004:63-64), meer aanpasbaar en kortstondig.
4. Meer gesinne waar die vrou hoof is.
5. Meer weeskinders en hawelose adolessente.

II. Verbintenisse met ander instellings

6. Verbande tussen gesinne en nou gemeenskapsnetwerke vervaag weens toenemende mobiliteit en verstedeliking.
7. Toename in werkende moeders verhoog gesin se sosiale interaksie.
8. Ander instellings neem instrumentele funksies van gesin oor.

III. Huwelik

9. Gemiddelde ouderdom by vorming van gesinne neem toe.
10. Hoër verwagting van emosionele kwaliteit van die huweliksverbintenis.

11. Toenemende vloeibaarheid en onderhandeling oor rolle tussen mans en vrouens in gesinne met twee ouers, terwyl vrouens nog steeds in die algemeen 'n groter bydra lewer.

IV. Ouer-adolessentverhouding en interaksie

12. Groter ekonomiese besteding aan kinders.
13. Ouers spandeer meer tyd en emosionele energie aan hul kinders.
14. Ouers word minder outoritêr en meer responsief in ouerskappatrone, verminder outoriteit en beheer van ouer.
15. Meer gelyke behandeling en verwagtings van seuns en dogters.
16. Voortbestaan van generasiegaping tussen ouers en kinders.
17. Voortbestaan van familiegeweld teen kinders.

Ten opsigte van verhoudings buite gesinsverband kan die volgende tendense aangetoon word:

Tabel 2: Tendense in niegesinsverhoudings (Larson *et al.*, 2002:41)

I. Veranderende konteks van adolessente se sosiale ervaring

1. Skool word al hoe belangriker as werk as primêre sosiale konteks in alle kulture.
2. Buitemuurse aktiwiteite vorm ook belangrike sosiale konteks.

II. Uitbreiding van portuurgroep

3. Portuurgroep raak belangriker, portuurverhoudings vul meer van adolessente se vrye tyd.
4. Ontstaan en groei van jeugkulture.
5. Die internet raak 'n al hoe belangriker medium vir portuurinteraksie.

III. Romantiese verhoudings en seksualiteit

6. Romantiese liefde en seks word meer openlik bespreek, veral weens invloed van media.
7. Groter aanvaarding van homoseksuele en lesbiese verhoudings.
8. Vroeër betrokkenheid in romantiese en seksuele verhoudings.

IV. Algemene tendense in die sosiale lewe van volwassenes

9. Deïnstitusioneelheid van verhoudings.
10. Verhoudings word meer onderhandel rondom persoonlike doelwitte.
11. Horisontale verhoudings word belangriker.
12. Normeontwaking op sommige terreine.
13. Depersonalisering van openbare sosiale lewe.
14. Baie verhoudings is meer kortstondig.
15. Toenemende interaksie oor diverse lewensfere.

Adolessente word ten diepste geraak deur hierdie veranderinge en moet vaardighede aangeleer word om deel te neem aan intieme verhoudings.

3.19 PROBLEEMSTELLING

In hierdie afdeling van die metateorie word gekyk na watter metateoretiese perspektiewe die gedragswetenskappe bied op sake wat op verhoudings van laat adolessent en vroeë volwassenes van toepassing is, met spesifieke verwysing na die sosiale ontwikkeling, romantiese liefde, seksualiteit, saamwoonverhoudings en die huwelik.

3.20 SOSIALE ONTWIKKELING

Adolessensie vereis aanpassings ten opsigte van verhoudings met ouers, tydgenote, vriendegroepe en met die teenoorgestelde geslag. Vermaak, ontdekking en eksperimentering speel 'n baie groot rol in hierdie lewensfase. Die sentrale sosiale uitdaging vir hierdie tyd is: om die paradoks van onafhanklikheid en afhanklikheid, outonomie en verbintenis te balanseer in 'n wyerwordende konteks van verhoudinge met ouers en tydgenote (Noller, *et al.*, 2001:46). Adolessente moet gedrag aanleer vir verskillende lewensfases, maar dit volg gewoonlik die patroon om jouself te distansieer van die rol wat jy in elke situasie aanleer. Wat nodig is, is 'n proses waar die self die vermoë ontwikkel om te onderskei tussen die verskillende rolle en verhoudings waarvan die persoon deel is (Nel, 2003:160-162). Adolessensie word beskou as die tydperk in die lewensduur waarin die individu die meeste vervreemding ervaar (Epstein, 1998:4). Daarom is die normale sosiale ontwikkeling so geweldig belangrik.

3.20.1 Ouers

Ouers sukkel dikwels om aan te pas by die adolessente se ontwikkeling en hul eie veranderinge met hul middelbare leeftyd (Small & Eastman, 1991:455). Die verlengde periode van adolessente se afhanklikheid van hul ouers bring groter verantwoordelikheid van die kant van die ouers mee. Die veranderinge in die samelewing laat ouers onseker oor hoe om hul kinders voor te berei vir die lewe. Toenemende beskikbaarheid en blootstelling aan potensieel gevaarlike aktiwiteite en invloed, sowel as die erosie van die familie en sosiale ondersteuningsnetwerke veroorsaak dat ouers al meer op hulself aangewese is en min ondersteuning en inligtingsbronne het (Small & Eastman, 1991:455).

Kontak met ouers is belangrik vir die suksesvolle oorgang na die volgende lewensfase. Adolessente se selfwaarde hang baie nou saam met die kwaliteit van 'n familieomgewing. Families is vir kinders die vroegste konneksie met die wêreld en ook dié verbintenis wat die langste hou (Vankatwyk, 2001:239). In families waar intimiteit hoog is en ouers meer demokraties is, is selfwaarde en aspekte rondom selfbeeld hoër, terwyl in families waar konflik

hoog is, selfwaarde laer is (Koon, 1997:471). Die gesin van oorsprong speel 'n belangrike rol in die aanleer van gedragspatrone in verhoudings ten opsigte van sake soos emosionele betrokkenheid, beskikbaarheid, interpersoonlike grense en intergenerasionele hiërargie en manlike en vroulike geslagsrolle (Shulman *et al.*, 1999:214). Ouers speel 'n belangrike rol as mentors wat oor 'n baie langer tyd betrokke is in die lewens van hul kinders. Dit bied hulle die geleentheid om lewende voorbeelde te wees in verskillende kontekste en gedeelde ervarings te hê (Bourg, 2002:10). Adolesseente is eerder op soek na 'n verhouding met hul ouers waar hulle soos volwassenes hanteer word. So 'n verhouding is gebaseer op wedersydse respek, eerder as 'n hiërgies verhouding wat op outoriteit en mag gebaseer is. Hulle verwag vloeibaarheid en openheid teenoor verandering binne 'n nou en ondersteunende familiesisteem. Kommunikasie, konflikthantering en die verskaf van positiewe rolmodelle speel 'n baie belangrike rol hierin (Small & Eastman, 1991:457). Een van die redes vir verhoogde konflik tydens adolessensie is wanneer adolessente hul ouers se reëls en vereistes as minder bindend begin sien. 'n Botsing tussen 'n ouer se outoriteit en 'n adolessent se outonomie vind plaas (Newman & Newman, 1991:420). Konflik tussen adolessente en hul ouers is deel van die wegbreek/opbreek/verlaat-proses, maar waar ouers uiters in beheer wil wees, het dit gewoonlik negatiewe gevolge.

Die uitdaging vir ouers is om hul kinders te help om toenemend groter verantwoordelikheid te neem met in ag genome die ontwikkelingsfase van die adolessent (Small & Eastman, 1991:457). Kinders wie se ouers outonomie denke en selfontdekking aanmoedig, is meer geneig om psigologies en sosiaal beter te ontwikkel (Rodgers, 1999:104). Alhoewel adolessente baie meer ontvanklik is vir beïnvloeding deur hul portuurgroep, is die invloed van die ouers steeds baie belangrik. Ouers bly 'n hoof bron van ondersteuning, selfs al neem die invloed van die portuurgroep toe. Selfs die kwaliteit van romantiese verhoudings word bepaal deur die kwaliteit van 'n verhouding met die ouers (Shulman & Scharf, 2000:101, Rodgers, 1999:102). Waardeoordrag vind eerder deur modellering plaas. Adolesseente wys baie gou op onkonsekwenheid tussen ouers se woorde en daad (Small & Eastman, 1991:459). Dit is meer waarskynlik dat ouers en kinders se waardes en standaarde ooreenstem in gevalle waar die verhouding tussen ouers en kinders gekenmerk word deur openlikheid en warmte. Dit het tot gevolg dat adolessente makliker die redes vir hul ouers se standaarde insien en verstaan en gevolglik makliker hierdie standaarde sal aanvaar, veral ten opsigte van hul ingesteldheid teenoor seksualiteit (Taris *et al.*, 1998:238-239). Ouers beïnvloed die ontwikkeling van algemeen-sosiale vermoëns en vaardighede wat tot uitdrukking kom in adolessente se romantiese verhoudings (Longmore *et al.*, 2001:324).

Geweldig belangrik in hierdie lewensfase is die verlaat van die ouerhuis en die vestiging van 'n onafhanklike self (Newman & Newman, 1991:418). Dit is 'n oorgang van hoërskool na universiteit of 'n verlaat van die ouerhuis; vanuit 'n vasgestelde sosiale netwerk na 'n situasie waarin 'n nuwe sosiale netwerk ontwikkel moet word (Paul & White, 1990:375-400). Die hele tersiêre onderrigstelsel veroorsaak dat baie min jongmense egter volledig onafhanklik word van hul ouerhuise (Dubas & Peterson, 1996:3; Newman & Newman, 1991:419). Dubas en Peterson (1996:9) se studie het aangetoon dat hoe verder jongmense van die huis af studeer, hoe beter is die verhoudings met hulle ouers in die algemeen. Hoe nader hulle aan die huis bly woon het, hoe swakker was die verhoudings veral ten opsigte van intimiteit. By mans het die groter afstand van die huis ook tot gevolg dat 'n groter mate van afwykende gedrag teenwoordig was.

In vroeë volwasseheid is verhoudings met ouers soms beter, want jongmense kry kans om daaroor te dink en ontwikkel groter waardering vir hulle ouers. Sulke positiewe ervarings is nodig vir ervaring van sekuriteit in hierdie oorgangstyd. Die adolessente wat swak verhoudings met hulle ouers gehad het, het die oorgang na vroeë volwasseheid ook baie meer traumaties beleef. Die uitdaging vir hierdie jongmense is om voortdurend die verhoudings te heronderhandel, omdat die hele familie voortdurend verander (Dubas & Peterson, 1996:9). 'n Gesin funksioneer dus as 'n nuwe stelsel, waar enige verandering aan 'n deel 'n effek op al die ander dele van die stelsel en op die hele stelsel het. Vir die ontwikkeling van die adolessent is wedersydse vertroue en warmte tussen ouer en kind geweldig belangrik (Small & Eastman, 1991:457). Olson (1984:90) beskou kommunikasie as dié sentrale element vir gesonde gesinsfunksionering. Kommunikasie is die primêre voertuig waardeur warmte en intimiteit uitgedruk word, waarmee gesinslede hul wedersydse respek vir mekaar aandui, perke gestel word, besluite geneem word, geloof en waardes oorgedra word en mekaar se lewens gedeel word. "If students enter college with strong religious convictions borne of consistent parental example and influence, they are likely to strengthen those convictions and continue to mature spiritually. However, the antithesis is also true" (Fortosis, 1995:240). Moeders wat meer ondersteunend en kommunikatief teenoor hul adolessente dogters was, het tot gevolg dat hul dogters meer ondersteunend en kommunikatief teenoor hul beste vriende was (Black, 2002:249).

Individue met swak verhoudings met hul ouers en waar die verhouding tussen hulle ouers swak is, is meer geneig om romantiese verhoudings te hê wat minder gelukkig en stabiel is. "Insecure attachments to parents may lead to early romantic attachments" (Noller *et al.*, 2001:47). Seksuele permissiwiteit neem af in gesinne waar die kwaliteit van interaksie

toeneem (Taris *et al.*, 1998:248). Vir gesonder sosiale ontwikkeling is die verhouding met ouers van baie groot belang.

3.20.2 Vriendskappe, portuurgroepe

Vriende begin 'n al hoe groter psigologiese en emosionele ondersteunende rol speel ten opsigte van sake soos intimiteit, vertroue, wedersydse ondersteuning, ensovoorts. Hierdie interaksie het 'n geweldige hoë prioriteit. Adollesente benodig vriende vir emosionele ondersteuning, aanvaarding en sosiale interaksie (Noller *et al.*, 2001:59). Vir jonger adollesente is romantiese maats soms eerder maats en kamerade wat ervarings van samewerking en wederkerigheid versterk. Hierdie verhoudings is gewoonlik gebaseer op selfontbloting en gemeenskaplike bevestiging van selfwaarde. Dit is die rede waarom hierdie maats in tye van nood ondersteuning, troos en omgee bied. As gevolg van die ontluikende seksualiteit, word ook dikwels na hierdie vriende gedraai vir seksuele bevrediging (Shulman & Scharf, 2000:101). Navorsing toon aan dat adollesente wat aangetoon het dat hulle ondersteunende verhoudings met vriende van dieselfde geslag het, ook ondersteunende romantiese verhoudings het (Connolly *et al.*, 2000:1396).

Om te veel tyd tussen vriende deur te bring het egter ook in sommige gevalle 'n negatiewe impak op selfvertroue, inisiatief en "*coping skills*." Die sleutel lê in 'n balans tussen alleenwees en vriendskappe (Noller, *et al.*, 2001:65). Portuurgroepe skep 'n konteks waarbinne romantiese verhoudings kan ontwikkel, maar waarborg nie die kwaliteit van sulke verhoudings nie (Connolly, *et al.*, 2000:1406). Aanvaarding deur die portuurgroep speel 'n belangrike rol in die morele ontwikkeling van die adollesent. Die groep stel naamlik norme waarmee die adollesent moet konformeer. In die sekuriteit wat die groep bied, vind die adollesent 'n "oefenveld" vir menslike verhoudings - nie net met die eie geslag nie, maar ook met die teenoorgestelde geslag (Hill, 1991:30). Adollesente ontmoet ook moontlike verhoudingsmaats deur interaksie met vriende van die teenoorgestelde geslag wat hulle reeds ken en wat deel vorm van die massa waarin hulle beweeg (Connolly, *et al.*, 2000:1405). Ouens en meisies se verhoudings verskil op belangrike punte: meisies plaas baie groot klem op emosionele sake, terwyl ouens meer fokus op take, aktiwiteite en rolle en minder op emosionele intimiteit.

Vriende voorsien in kameraadskap, affeksie, raad en begrip. Eienskappe wat moet bestaan vir bevredigende verhoudings met vriende sluit in sake soos om ontvanklik te wees, oor goeie kommunikasievaardighede te beskik, sosiaal gewild te wees, jou lewe te verryk, ontvanklik te wees, emosioneel gebalanseerd te wees en om te gee. In hierdie verhoudings leer adollesente vertrou wat geweldig belangrik is vir verhoudings met die teenoorgestelde geslag (Mitchell,

1990:848). Tydgenote speel 'n groter rol in die bespreking en uitsorteer van kwessies wat vir hulle belangrik is, maar in laat adolessensie speel 'n romantiese verhouding 'n groter rol hierin. Vriendegroepe bepaal die pas van seksuele en heteroseksuele ontwikkeling (Noller *et al.*, 2001:66).

Vroeë volwassenes vorm vriendskappe met mense wat in terme van geslag, ouderdom, ras, opvoeding, inkomste, beroep en huwelikstatus baie dieselfde as hulle is. Soos romantiese verhoudings ontwikkel wat later oorgaan in huwelike, skuif die fokus geleidelik weg van vriende na die huwelik en gesin. Saam met toenemende eise van die gesin en ouerskap is dit te verstane dat die invloed van vriende minder word (Noller *et al.*, 2001:98).

3.20.3 Romantiese verbintenisse

Teen die ouderdom van 17-18 spandeer adolessente die meeste van hulle vrye tyd saam met persone van die teenoorgestelde geslag. Betrokkenheid in romantiese verhoudings en buitehuwelikse seksualiteit neem toe (Larson, *et al.*, 2002:161). Hierdie betrokkenheid het 'n positiewe impak op hulle buie en gevoelens: in die geselskap van die teenoorgestelde geslag voel adolessente meer aantreklik, beter en meer belangrik as wanneer hulle met vriende van hulle eie geslag sosialiseer. Hierdie toename in positiewe gevoelens mag lei tot die ontwikkeling van romantiese liefde. 'n Adolessent se gewildheid in dieselfde geslagsgroep word bepaal deur sy of haar gewildheid met die teenoorgestelde geslag (Noller *et al.*, 2001:67). Adolessente wat hulle ouerhuis verlaat, mag 'n sterk behoefte ervaar om iewers te behoort en mag gevolglik betrokke raak in intense verhoudings van korte duur (Ferreira, 1997:20). In verhoudings tree individue baie keer op soos van hulle verwag word en word hulle beïnvloed deur vorige ervarings wat hulle gehad het (Shulman *et al.*, 1999:214).

Paul & White (1990:377) gebruik 'n teorie om verhoudingsvolwassenheid van jong volwassenes te bepaal. Op die mees basiese vlak verwys verhoudingsvolwassenheid na die relatiewe vlak van volwassenheid waarmee die persoon betrokke raak in 'n verhouding.

Drie vlakke van verhoudingsvolwassenheid is geïdentifiseer, naamlik :

- **Selfgefokus** - *Kognisie, affek en gedrag is eenvoudig en reaktief gerig op eie wense en planne; intieme kommunikasievaardighede is eksperimentierend, gefokus op selfverwante aspekte of konkrete eksterne onderwerpe. Met betrekking tot seksualiteit is daar wel 'n beperkte mate van begrip vir wederkerigheid en konsiderasie vir 'n ander se seksuele behoeftes. Aspekte rakende affek en emosie is uitgesluit.*

- **Rolgefokus** - *Begin ander sien as persone in eie reg; respek en erkenning vorm deel van vriendskappe of romantiese betrokkenheid; wil sosiaal aanvaarbaar optree; vind dit nog moeilik om ongemak in verhouding met mekaar te deel; kommunikasie is eenvoudig en veralgemenend.*
- **Geïndividualiseerd-verbonde** - *Emosionele en intuïtiewe waarneming van ander se standpunt; openbaar affektiewe begrip vir mekaar; ondersoek motiewe en antisipeer behoeftes; omgee vir verhoudingsmaat behels roltoepaslike aktiwiteite; emosionele ondersteuning en persoonlike uitdrukking van besorgdheid; toegewyd aan mekaar; hoë premie op kommunikasie vir konflik- en probleemoplossing; gemaklike uitdrukking van deernis en affek en 'n aanvaarding van frustrasies by tye.*

Die omgee- en verbinteniskomponente in romantiese verhoudings raak al hoe belangriker in verhoudings hoe ouer jongmense word, veral omdat daar 'n soeke is na 'n spesifieke persoon om mee romantis te verbind (Shulman & Scharf, 2000:101).

3.20.3.1 Intimiteit

Intimiteit verwys na die soeke na of behoefte aan emosionele nabyheid, waardering en ondersteuning en dit is deur die bevrediging van hierdie behoeftes dat die individu die vermoë tot intimiteit ontwikkel (Thériault, 1998:494). Adollesente se kapasiteit vir volwasse intimiteit is beperk, maar dit weerhou hulle nie van eksperimentering daarmee nie. Adollesensie kenmerk gewoonlik die eerste ervaring van romanse, liefde, seksuele eksperimentering en intense vriendskappe. Dit help adollesente om geleidelik die vermoë tot wederkerige volwasse intimiteit te begin ervaar deur die ontwikkeling van 'n seksuele identiteit, 'n vermoë tot intimiteit en die aanleer van sosiale en interpersoonlike vaardighede (Ferreira, 1997:20).

Soos vriendskappe verdiep, word intimiteit volgens Sharabany (1994:453-455) op die volgende wyses uitgeleef:

- Openlik en spontaan - vorm van selfopenbaring en terugvoer, positief en negatief.
- Sensitiwiteit en kennis - ervaring van empatie en begrip, sonder dat dit noodwendig verbaal gekommunikeer moet word.
- Gevoelens van verbondenheid, verlange.
- Eksklusiwiteit in vriendskapsverhouding wat behels dat daar unieke kwaliteite is wat aanleiding daartoe gee dat die vriendskapsmaats voorkeur gee aan hulle verhouding bo ander verhoudings.
- Om wedersyds te gee en te deel.
- Met 'n mate van openheid en gereedheid om hulp te vra en te aanvaar.

- Om tyd saam te spandeer en dinge saam te doen.
- Vertroue en lojaliteit om 'n geheim te kan hou en ondersteunend te wees.

Adolesensie is die tyd waarin adolessente die vermoë tot intimiteit begin ontwikkel. Fisiese veranderings, veranderings in die sosiale bewussyn en sosiale rolle dra by tot die adolessent se toenemende begeerte, kapasiteit en geleentheid vir intimiteit (Paul & White, 1990:375). Intimiteit is 'n komplekse verskynsel en hang saam met 'n aantal eienskappe wat tipies by individue voorkom wat in staat is tot intimiteit. Dit sluit volgens Ferreira (1997:28-35) sake in soos: die vermoë om te vertrou, selfopenbaring, emosionele nabyheid, stel en handhawing van gesonde grense, androgene geslagsrolle, ervaring van 'n eie identiteit en die ervaring van eie selfagting. Die jong volwassene se krisis oor intimiteit volg op die adolessent se krisis oor identiteit.

Volgens Paul & White (1990:376) sluit intimiteit faktore in soos noue relasies en is dit nie beperk tot seksuele verhoudings nie. Intimiteit het kognitiewe, affektiewe en gedragskomponente en is van toepassing op vriendskap en romantiese verhoudings. 'n Belangrike kognitiewe komponent is die vermoë om perspektief te kan neem - om sake deur die oë van 'n ander raak te sien. 'n Belangrike affektiewe element van intimiteit is empatie - die vermoë om 'n ander se gevoelens aan te voel, om te kan deel in die emosionele ervaring van 'n ander persoon. Belangrike gedragskomponente is om op 'n betroubare wyse op te tree, sensitief en responsief te wees teenoor die ander se gevoelens en die vermoë om 'n verbintenis te maak in 'n verhouding, om gelykheid en gemeensaamheid na te streef en aan effektiewe kommunikasie te werk.

3.20.3.2 Liefde en liefdestyle

Ses liefdestyle word algemeen geïdentifiseer (Hendrick & Hendrick, 1986:392-402, Raubenheimer, 1997:173-177; Shulman & Scharf, 2000:105-106):

- *Eros* - fisiese liefde, aantrekkingskrag
- *Ludus* - rollespelieliefde, hou ander persoon onseker, manipuleer, "play hard to get"
- *Storge* - vriendskapsliefde, groot klem op vriende wees
- *Pragma* - praktiese, objektiewe liefde, hoe sal persoon as man of pa wees
- *Mania* - preokkupasie met die romantiese verhouding, alle ander sake gaan staan stil, van minder belang
- *Agape* - omgee, selfopofferende liefde

Liefde is 'n uiters komplekse emosie wat uit verskillende komponente bestaan. Liefde neem deur die lewensloop verskillende vorme aan en word nie net deur die persoonlikheid van die betrokkenes beïnvloed nie, maar ook deur faktore soos ontwikkelingstadia, geslagsverskille en kultuurhistoriese kontekste (Louw, *et al.*, 1998:554). Die driehoekige teorie van liefde van Robert Sternberg erken die kompleksiteit van liefde en voer aan dat dit uit drie onderskeibare komponente bestaan (1986:119-135):

- **Hartstog** word gekenmerk deur 'n intense fisieke, kognitiewe en emosionele aangetrokkenheid tot 'n persoon. Dit veroorsaak gevoelens soos opgewondenheid, ekstase en euforie. Hartstog kom gewoonlik aan die begin van 'n verhouding voor en staan bekend as verliefdheid. 'n Sterk mate van onsekerheid kom ook voor omdat intimiteit nog nie gevestig is nie.
- **Intimiteit** verwys na die ontwikkeling van wedersydse vertroue, openheid en aanvaarding van mekaar. Dit impliseer ook 'n eerlike uitruiling van gevoelens sonder dat persone vrees dat hulle verwerp sal word. Intimiteit is noodsaaklik vir die groei van 'n verhouding en vorm die grondslag van hegte verhoudings, onder andere die huweliksverhouding.
- **Verbintenis** is 'n bewuste besluit om die liefdesverhouding in stand te hou, vir mekaar te sorg en mekaar te ondersteun.

Die relatiewe teenwoordigheid of afwesigheid van hierdie komponente gee aanleiding tot sewe tipes liefde, naamlik:

- om van iemand te hou - sluit net intimiteit in, hartstog en verbintenis ontbreek
- verliefdheid - op hartstog gebaseer, intimiteit en verbintenis ontbreek
- leë liefde - gebaseer op verbintenis, hartstog en intimiteit ontbreek
- romantiese liefde - sluit hartstog en intimiteit in, verbintenis ontbreek
- oppervlakkige liefde - op hartstog en verbintenis gebaseer, intimiteit ontbreek
- kameraadskaplike liefde - intimiteit en verbintenis is hier ter sprake, hartstog ontbreek
- volkome liefde - hartstog, intimiteit en verbintenis is hier ter sprake

3.20.3.3 Uitgaanverhoudings

Die vermoë van adolessente om die emosionele aspekte en magspel van geslag in een-tot-een verhoudings met lede van die teenoorgestelde geslag te beoefen, is een van die belangrikste take van adolessensie (Quatman, *et al.*, 2001:212). 'n Uitgaanverhouding het een van die volgende doelwitte: rekreasie en ontspanning, leer rolle vir toekomstige huwelik, sosialiseer in die wêreld van intieme verhoudings, bepaal ooreenstemming, ter wille van status, verskaf 'n konteks vir affeksie en seksuele ervaring. So 'n verhouding leer jou oor ander en jouself, vind plaas ter wille van plesier, omdat ander dit doen, en omdat dit die behoefte van 'n mens is om

in 'n intieme verhouding met 'n ander te wees (Havelin, 2000:6-7). En natuurlik is die uiteindelik doel van uitgaan om 'n gepaste lewensmaat te kry (Whyte, 1990:40). "While dating may be a major pathway to experience in heterosexual relationships, it clearly has a number of different subsidiary purposes as well: recreation, socialization, status achievement, courtship, sexual experimentation, companionship, intimacy, identity formation, individuation" (Paul & White 1990:388). Individue wat daarin geslaag het om sake rondom hul eie identiteit uit te sorteer, fokus meer op intimiteit, hulle is geneig om meer stabiel te wees in verhoudings en ervaar groter bevrediging daaruit (Noller *et al.*, 2001:70). Navorsing wil aantoon dat jongmense vroeër betrokke raak by uitgaanverhoudings, seksuele aktiwiteite en saamwoon, wat eerder dui op 'n intimiteitsrewolusie as 'n seksuele rewolusie (Whyte, 1990:38).

Alhoewel die gebruike verander het ten opsigte van uitgaanverhoudings, het die uiteindelik doel dieselfde gebly: om deur oefening en eksperimentering in heteroseksuele verhoudings die finale, konstante volwasse verhouding te vorm. "Although dating can be a positive and self-enhancing relationship, there may be dangers in steady dating which promote exclusivity prematurely" (Samet & Kelly, 1987:244). Sulke uitgaanverhoudings vereis vroeë en selfs te premature emosionele betrokkenheid in die afwesigheid van voldoende emosionele volwassenheid, sowel as "a premature crystallization of identity, hindering an actualization of one's full potential with a wider variety of people." (Paul & White 1990:388).

Hoe ouer adolessente word, hoe groter klem word in verhoudings geplaas op sake soos sekuriteit, nabyheid en gemeenskaplike "commitment" (Shulman & Scharf, 2000:114). Navorsing toon aan dat in gevalle waar 'n maat oorweeg word vir 'n langtermynverhouding, groter klem geplaas word op sake soos humor, intellek en intelligensie en 'n maat se vermoë tot stimulerende sosiale interaksie (Regan & Joshi, 2003:18). In teenstelling daarmee het Regan & Joshi (2003:18) aangetoon dat uiterlike en fisiese kenmerke weer 'n belangriker rol speel as 'n persoon oorweeg word vir 'n korttermyn, tydelike, seksuele verhouding. Whyte (1990:247-248) toon aan dat individue wat baie beperkte uitgaanervarings met minder maats gehad het en trou sonder dat hulle hul maat baie lank of selfs intiem ken, geensins hoë risiko gevalle is vir huweliksukses nie! Wat wel opgeval het, is dat romantiese liefde en nieuutgaanervarings 'n sterker aanduiding is vir sukses. Vrouens wat vir 'n lang tyd in baie verhoudings voor die huwelik betrokke was, mag selfs swakker keuses ten opsigte van 'n huweliksmat uitoefen, of as gevolg van besluiteloosheid, ergernis of weens die afname van beskikbare mans (Whyte, 1990:249). Sodra iemand in 'n verhouding met 'n volgende persoon is, kan die verhouding maklik met 'n vorige een vergelyk word, maar daar kan net in uitsonderlike gevalle terug beweeg word na die vorige verhouding omdat daardie verhoudingsmaat gewoonlik ook

aan beweeg. Die bestaande verhouding kan baie moeilik met toekomstige verhoudings vergelyk word, omdat die karakter van so 'n moontlik toekomstige verhouding slegs dagdrome bly. In hierdie aspek speel tydsberekening 'n baie belangrike rol, want 'n ideale maat daag min op die regte tyd op en soms word keuses vir 'n maat gemaak wat in sommige geval minder ideaal is, bloot ter wille van 'n verhouding. Die wonder van liefde is dat baie sulke verhoudings tog wel soms uitwerk.

Dit is baie gevaarlik om die afleiding te maak dat daar 'n spesifieke patroon is waarop uitgaanverhoudings werk en wat die effek daarvan op die huwelik is. Uitgaanverhoudings werk soms anders as wat verwag word, met ander resultate en ander elemente wat mense in 'n verhouding saambring, saamhou en uit mekaar laat gaan, as wat soms verwag word. Die misterie van die liefde tussen 'n man en 'n vrou werk nie altyd volgens spesifieke patrone en voorskrifte nie. Daar bestaan ook geen ander werkbare alternatief as die "onvolmaakte" proses van uitgaanverhoudings om by 'n "geskikte" huweliksmaat uit te kom nie.

3.21 SEKSUALITEIT

Seksualiteit is 'n sentrale aspek van menswees dwarsdeur 'n mens se totale lewe en sluit seks, geslagsidentiteit, geslagsrolle, seksuele oriëntasie, erotisisme, plesier, intimiteit en voortplanting in. Seksualiteit word ervaar en uitgedruk in gedagtes, fantasieë, begeertes, oortuigings, waardes, gedrag, gebruike, rolle en verhoudings. Seksualiteit word beïnvloed deur die interaksie van biologiese, psigologiese, sosiale, ekonomiese, politieke, kulturele, etiese, wetlike, historiese, geestelike en spirituele faktore (World Health Organization, 2004). Daar is toenemend klem, vanuit verskillende dissiplines, op die sosiale, kulturele en historiese kontekstualisering en samestelling van seksualiteit (Stone, 2000:235). "While rooted in our bodies, sexuality also includes our minds, emotions, dreams, hopes, expectations, fears, memories, wills and self-understanding of who we are. It is our embodied sensuous connectedness to all reality... our human capacity and longing for intimacy and communion with others and with God" (Hayes, 1998:244-245).

Voorhuwelikse seksuele permissiwiteit word beskou as houdings jeens die toelaatbaarheid van voorhuwelikse seksuele aktiwiteite, waar die tradisionele seksuele norme geen seksuele aktiwiteite voor die huwelik toelaat nie. Tradisionele seksuele norme in die samelewing het bepaal dat seksualiteit slegs binne die heteroseksuele huwelik uitgeleef mag word. Die voorkoms van alternatiewe vir die uitlewing van seksualiteit en die instellings waarbinne dit plaasvind, soos onder andere voorhuwelikse seksuele aktiwiteite en saamwoonverhoudings

voor die huwelik, homoseksualiteit en homoseksuele "huwelike", vrywillige enkelouerskap en "swinging", dui op die aanvaarding van permissiewe seksuele norme, of te wel voorhuwelikse permissiwiteit. In terme van die nuwe norme word individuele vrye keuse in plaas van konformiteit en selfrealisering in plaas van kollektiewe solidariteit, positief gesanksioneer. Die individu besluit self oor die toelaatbaarheid of wenslikheid van 'n bepaalde handeling, soos byvoorbeeld voorhuwelikse seksuele aktiwiteite; individuele keuses geniet voorrang bo samelewingsvoorskrifte of norme (Venter, 1994:192-193). As 'n mens erns maak met etnoloëse oortuiging dat "the more complex a culture is the more restrictive its attitudes will be in regard to premarital sexual activities", dan is daar tans 'n regressie in die ontwikkeling van die gemeenskap besig om plaas te vind (Ivchenkova, 2003:17)!

In die verlede was seks beperk tot paartjies wat reeds verloof is, terwyl dit nou algemeen voorkom by paartjies in ernstige, vaste verhoudings (Noller *et al.*, 2001:71, Caron & Moskey, 2002:519). In 1999 is bevind dat 48% meisies en 52% ouens tussen graad 9 en 12 reeds seksueel aktief (DeLamater & Friedrich, 2002:11). Op 20 het 75% van VSA se tieners al seks gehad (Turk & Jacobs, 1995:93), terwyl Regan & Joshi (2003:14) beweer dat die meeste tieners teen 16 al betrokke was in een of ander vorm van seksuele aktiwiteit. Die algemene ouderdom waartydens seks die eerste maal plaasvind, het ook afgeneem en die aantal seksmaats het toegeneem (Caron & Moskey, 2002:516). In 'n onlangse studie onder hoërskoolkinders deur die Mediese Navorsingsraad, is bevind dat 40% van alle skoolkinders in Suid-Afrika al seksueel aktief is, 14% van alle kinders het al teen die ouderdom van 13 seks gehad en meer as die helfte van die wat seksueel aktief is, het al meer as een seksmaat gehad (Merton, 2004).

Meisies se eerste seksmaat is gewoonlik iemand met wie sy ernstig in 'n verhouding is, terwyl mans meer geneig is tot onverskillige seks. Meisies wil meer hul maat gelukkig hou ("please"), kan moeilik nee sê vir seksuele toenadering, en is oortuig dat seks van hulle verwag word. As die ou besluit of seks gaan plaasvind en die keuse vir geboortebeperking maak, het meisies ook makliker seks. Meisies is dus meer kwesbaar ten opsigte van verwagte rolle (Noller, *et al.*, 2001:71).

"Youth nationwide are experiencing a collective blurring of distinctions between moral and immoral behavior. The reasons for this change are complex and troubling. At the same time, surveys indicate that more than a third of ninth graders say they have had intercourse, and about half of high school students report engaging in oral sex. And a recent Gallup survey shows that while a solid majority of older Americans believe that sex

outside of marriage is immoral or sinful, only a quarter of young people aged 18 to 29 feel similarly" (Rabey, 2000).

Rabey (2000) gee die volgende redes hiervoor:

- Jongmense is liggaamlik vroeër gereed vir seks.
- Hulle is baie meer wêreldwys oor seksuele sake en ontwikkel vinniger as wat hulle emosionele volwassenheid kan hanteer.
- Die tydgees is teen jongmense om seks te weerstaan, die popkultuur is byvoorbeeld propvol seksuele boodskappe in musiek, lirieke, rolprente, advertensies, TV en die internet.
- Wat hierdie situasie vererger, is dat jongmense toenemend afgesny is van volwassenes wat hulle leiding kan bied oor beter lewenstylkeuses.

Venter (1994:199-204) het in 'n studie onder damestudente onder andere aangetoon dat:

- hoe meer 'n damestudent ten gunste van voorhuwelikse seksuele permissiwiteit-met-affeksie én voorhuwelikse seksuele permissiwiteit-sonder-affeksie is, hoe minder sal sy verbind wees tot die huweliksluwe;
- hoe meer godsdienstig 'n damestudent is, hoe minder is sy ten gunste van voorhuwelikse seksuele permissiwiteit-met-affeksie én voorhuwelikse seksuele permissiwiteit-sonder-affeksie;
- hoe meer gereeld moeders met hul dogters oor seksualiteit kommunikeer, hoe minder sal die dogter ten gunste wees van voorhuwelikse seksuele permissiwiteit-sonder-affeksie;
- studente wat lief vir iemand of verloof is, statisties beduidend meer ten gunste van voorhuwelikse seksuele permissiwiteit-met-affeksie as ander studente is.

3.21.1 Seksuele gedrag, besluite en dilemmas

Verskillende redes word aangevoer waarom sommige jongmense nie seks het nie. Sommige is oortuig daarvan dat dit moet wag vir die huwelik - gewoonlik op grond van familiewaardes en geloofsoortuiging. Ander is meer oop vir seks maar het net nog nie die regte maat raakgeloop nie, of was nog nie in die regte situasie nie. Net so is daar verskillende redes waarom jongmense wel seks het. Positiewe gevoelens van byvoorbeeld omgee, fisiese aantrekking, verwagting en groepsdruk, en kontekstuele faktore soos alkohol, dwelms en spesiale geleenthede is redes wat aangevoer word. Studies toon aan dat jongmense goed ingelig is oor seksueel oordraagbare siektes en MIV/vigs, maar dat dit nie beteken dat hulle meer veilige seks beoefen nie! Die rede hiervoor is dat veilige seks komplekse besluitneming vereis, soos om teen groepsdruk in te gaan en met jou maat te kommunikeer (Noller *et al.*, 2001:72). Dit beteken dat voorseks gesprekke tussen maats moet plaasvind. Small & Luster (1994:189) toon

aan dat daar 'n drie maal groter kans is dat jongmense wat seksueel gemolesteer is, seksueel aktief gaan wees. Ook permissiewe gedrag van ouers dien as aansporing vir jongmense om seksueel aktief te raak (Small & Luster, 1994:189). Müller en Pienaar (2002:144) toon aan dat ouers en ander rolmodelle 'n groter rol speel in jongmense se keuse oor seksualiteit. Dit speel selfs 'n belangriker rol as Bybelse siening en godsdienstige beskouing daaroor.

Adolesseente van beide geslagte gebruik metodes om seks aan te moedig. Ouens gebruik meer dwang, manipulasie, terwyl meisies meer seksuele beskikbaarheid aantoon. Baie studies het aangetoon dat adollesseente min probleme het met "date-rape" onder sekere omstandighede, byvoorbeeld as die ou 'n klomp geld op die meisie uitgegee het, as sy dronk of "stoned" is en as sy al reeds voorheen seks gehad het. Maagdelikheid word ook te maklik net gekoppel aan vroulike seksualiteit as aan manlike seksualiteit (Lvchenkova, 2003:24). Tog bestaan 'n komplekse denke onder adollesseente oor seks. Dit wil soms lyk of hulle meer konserwatief word in hul denke oor seks. Alhoewel voorhuwelikse seks al hoe meer algemeen aanvaar word, is adollesseente negatief oor promiskuiteit. Seksuele intimiteit gaan gewoonlik saam met hoë vlakke van gevoelsintimiteit. In hierdie verband speel tydsberekening 'n baie belangrike rol. Die tydsberekening waarmee 'n verhouding begin word en die pas van groei in intimiteit het 'n beduidende effek op die mate van intimiteit wat op latere stadiums in die verhouding bereik word en wat in 'n volgende verhouding bereik gaan word (Whyte, 1990:93). Waar verhoudingsmaats toegewyd en ernstig is oor die verhouding, word seks maklik deel van die verhouding (Regan & Joshi, 2003:14). Navorsing hieroor wil laat blyk dat daar 'n baie hoë korrelaat is tussen "secure attachments" en hoë vlakke van vertroue, "commitment" en verhoudingsbevrediging met beter en oper kommunikasie (Noller *et al.*, 2001:76-77).

Om seksuele intiem te verkeer buite die huwelik is nie meer vreemd nie. "Delay of satisfaction has lost its allure" (Baumann, 2000:162). Verwagtings dat intimiteit uitgestel sal word - ten minste tot na verlowing indien nie tot die huwelik nie, val op dowe ore in die lig van die logika wat sê "that whatever one does in an exclusive, romantic relationship must be all right" (Whyte, 1990:39). Tog wil dit lyk dat die druk van aanvaarding deur gemeenskap en ouers en nie die kerk nie, die sterkste motivering is vir besluite rondom seksualiteit (Müller & Pienaar, 2003:143-144).

Hill (1991:211-212) het ook bevind dat liefde vir 'n persoon hulle tot seksuele omgang sou beïnvloed. Hiervolgens is nie die huwelik nie, maar slegs liefde 'n voorvereiste vir geslagsgemeenskap. Verder het sy bevind dat 'n beduidende getal studente 'n behoefte het aan begeleiding in heteroseksuele verhoudings en veral hul behoefte aan Christelik

verantwoordbare hantering van seksualiteit, wat sprekend is van 'n bewuste soeke na en behoefte aan rigtinggewende waardes. Meek *et al.* (2004:73) dui byvoorbeeld aan dat daar 'n gebrek is aan eerlike gesprek oor seksualiteit en 'n afwesigheid van ouer persone wat hul eie stryd en ervarings in die hantering van hul seksuele gevoelens met jongmense deel. Die afwesigheid van 'n omgewing waarin eerlik gepraat kan word oor die hantering van seksuele gevoelens, veroorsaak dat jongmense onseker is oor hoe om op te tree en eerder verkies om daaroor te swyg (Meek *et al.*, 2004:75).

Navorsing toon aan dat persone wat godsdienstig toegewyd is, minder seksueel permissief is as ander wat minder toegewyd is (Taris *et al.*, 1998:240). Dit is in hierdie verband dat Peck (1993:227) opmerk, "so I got to thinking that chastity maybe, should be defined as a three-way relationship between two human beings and God, in which God is allowed to call the shots." Tog het navorsing in Brittanje in 1994 aan die lig gebring dat minder as 1% van 16-24-jariges nie voor die huwelik seks gehad het nie (Thatcher, 1999:104). Dit dui onder andere daarop dat die kerk se tradisionele lering oor seks voor die huwelik totaal geïgnoreer word! Dit kan moontlik 'n aanduiding wees dat, wat seksuele verhoudings betref, in 'n post-Christelike era inbeweeg word. Wat hierdie hele gesprek verder bemoeilik, is dat "young persons are still being told that sex is dangerous, cheap and a serious source of moral guilt, unless one is married, which somehow makes the very same act legitimate" (Müller & Pienaar, 2003:145).

'n Postmoderne seksuele etiek sal poog om 'n meer pragmatiese ingesteldheid teenoor seksualiteit in te neem, wat die waarde van seksuele pluralisme en diversiteit onderstreep, terwyl dit die belangrikheid van die konteks volledig verreken. Stone (2000:238) stel dit soos volg: "The need for sexual norms and values is not denied, but such norms and values are acknowledged to be contingent on and relative to the times, places and populations in relation to which they are elaborated".

3.21.2 Seksualiteit en spiritualiteit

'n Baie eng verstaan van seks is dat seks net bloot gelyk is aan koïtus (Müller & Pienaar, 2003:144). Hierdie siening bemoeilik die gesprek rondom seksualiteit, aangesien 'n baie komplekse saak met vele kante wat fisiese, psigologiese, sosiale, religieuse en politieke aspekte van menswees omvat, afgewater word tot vroe oor hoe, met wie, waarom nie, waar, en wanneer (Barton, 1998:369). Hayes (1998:245-246) dui op sewe tekens wat 'n skuif aandui in die religieuse persepsie van menslike seksualiteit, naamlik:

- 'n groter bewustheid van seksuele teologieë,
- om seksualiteit te sien as deel van die totale menswees en nie as iets ekstra nie,

- duidelikheid oor die veronderstelde bedoeling van seksualiteit,
- werk met seksualiteit in die konteks van 'n vleesgeworde ("*incarnational*") teologie,
- seksuele etiek beweeg van daad-gefokus na die relasionele,
- nuwe begrip vir die kerk as seksuele gemeenskap in teenstelling met die persepsie dat die kerk aseksueel is,
- verstaan seksualiteit in terme van die persoonlike en gemeenskaplike in teenstelling daarmee dat dit privaat is.

Daar is 'n skuif in denke oor die verband tussen seksualiteit en spiritualiteit vanweë die holistiese hantering van die mens en as gevolg van die wyse waarop seksualiteit teenwoordig is in alle menslike ervarings. Dit vereis 'n doelbewuste wegbeweeg van die dualistiese skeiding tussen liggaam en gees. Om geestelike mense te wees, beteken nie om geen liggaamlike of fisiese drange, begeertes en behoeftes te hê nie, of om dit te ignoreer of as van minder belangrik of selfs sondig af te maak nie, maar dit is eerder 'n erkenning van die werklikheid dat 'n mens se totale wese, denke, emosies, gevoelens, dade, liggaam en gees aan die Here behoort en dat die Gees van God in mense woon. In verhoudings word verkeerdelik van die maat verwag om in alle behoeftes te voorsien. "We look to our spouse or lover to meet all of our needs, to fulfill us, to bring us a lasting heaven on earth" (Peck, 1993:224). Waar daar 'n erkenning bestaan dat seksualiteit en spiritualiteit gekoppel is, groei die ontdekking dat vervulling eerder vloei vanuit spiritualiteit, wat seksualiteit omhels.

Die woord seksualiteit kom van die Latynse woord *sexus* wat verbonde is aan die woord *secare*, wat verdeel beteken. Dit veronderstel onvoltooidheid, 'n soeke na heelheid en verbintenis. Seksualiteit het te doen met en is verbonde aan ons totale menswees. "While rooted in our bodies, sexuality also includes our minds, emotions, dreams, hopes, expectations, fears, memories, wills and self-understanding of who we are" (Hayes, 1998:244). Seks is dus baie meer as 'n fisiese daad, drang of begeerte. "Sexuality is our embodied sensuous connectedness to all reality... our human capacity and longing for intimacy and communion with others and with God" (Ellison, 1996:222). Seksualiteit is dus baie nou gekoppel aan elke faset van 'n mens se lewe. Dit groei uit die ontdekking en erkenning van die onvolledigheid van 'n mens en "... is manifested by an urge towards wholeness and a yearning for the godhead" (Peck, 1993:220). Is dit nie wat spiritualiteit ook bedoel is om te wees nie? Dit ontspring tog ook uit die mens se ontdekking van onvolledigheid en word gemanifesteer deur 'n begeerte en drang na heelheid deur 'n soeke na 'n verhouding met 'n godheid. Beide seksualiteit en spiritualiteit gee tog uitdrukking aan die vermoë, begeerte of behoefte om in 'n intieme verhouding met iemand te staan of om verbintenis aan te gaan.

3.21.3 Saambly of saamwoonverhoudings

Romantiese maats is die heel belangrikste verhouding vir vroeë volwassenes. Hierdie maats saam met ander vriende vervul in die vroeë volwassenes se behoefte om te behoort (Noller *et al.*, 2001:85).

Saambly raak al hoe gewilder en kom deesdae algemeen voor. Oor die algemeen is saamwoonverhoudings van korte duur. Een derde van paartjies woon saam vir minder as 'n jaar en net 16% doen so vir langer as vyf jaar (Thatcher, 1999:104). Meer as 50% van almal wat deesdae trou, het voor die huwelik saam hul met maat gebly. Hoe jonger 'n paartjie is, hoe makliker woon hulle saam. Die meeste jongmense sien saamwoon eerder as 'n uitstel van die huwelik as 'n alternatief daarvoor. Baie van die jongmense wat saamwoon, aanvaar nie dat dit verkeerd of sonde is nie (Müller & Pienaar, 2003:138).

Redes wat aangevoer word vir saamwoon is onder andere as gevolg van die mislukking van tradisionele metodes van maatseleksie, verhoudings, huwelike en die begin van 'n gesin, die vermoë om swangerskap te vermy met behulp van voorbehoeding, die begeerte by sommige om promiskuiteit te vermy, om die gevolge en verantwoordelikhede van getroudwees te ontsnap, groepsdruk, dat dit finansiële meer voordelig is en as tydelike maatreël tot studies voltooi is of tot die maat werk gekry het (Thatcher, 1999:104). In Suid-Afrika het saamwoon van ongetroude paartjies vanaf 1980 jaarliks met 100% toegeneem (Louw, *et al.*, 1998:586).

Verskillende soorte saamwoonverhoudings bestaan volgens Noller *et al.* (2001:86):

- Proefsaamwoon - gesien as voorbereiding vir die huwelik
- Tydelike saamwoon - voorkeur van dié met groot besware teen die huwelik en verantwoordelikhede wat dit meebring, lae "commitment", tydelik, van korte duur
- *De facto* verhoudings - hoofsaaklik as gevolg van ekonomiese redes, ook omdat dit alreeds 'n gebruik is in die samelewing en dit as vanselfsprekend aanvaar word, plaasvervangend vir huwelik

Saamwoon is gewild omdat betrokkenes oortuig is dat dit tot voordeel van 'n toekomstige huwelik is, dat dit 'n verhouding skep wat meer gelyk is, dat dit onrealistiese illusies oor 'n maat ontmasker en dat dit groter vryheid en kleiner "commitment" verskaf. Van die ander gevolge van hulle wat reeds saam gewoon het voor die huwelik, is 'n groter permissiwiteit teenoor seks en 'n meer liberale werkverdeling. Dié paartjies wat nog steeds verkies het om nie te trou nie, maar net saam te bly, het 'n afname in seksuele aantrekking ervaar, minder lief gevoel vir die maat en was minder tradisioneel oor werkverdeling. Die langtermyngevolge van saamwoon is

egter nie noodwendig positief nie. Die effek van saamwoon op 'n latere huweliksverhouding met 'n ander maat is problematies (Noller *et al.*, 2001:87). 'n Aansienlike hoër egskedingsyfer is ook 'n groter moontlikheid. Die redes hiervoor is kompleks. Dit is nie altyd duidelik of dit toevallig is en of dit seleksiefaktore reflekteer nie. Byvoorbeeld, vroeë volwassenes wat nie saamwoon nie kom gewoonlik uit 'n sekere religieuse of etniese agtergrond wat ook gekant is teen huweliksverbrokkeling. Daarteenoor kan dié wat wel saamwoon minder toegewyd wees teenoor hul maat, kan moontlik minder moeite doen om die verhouding in stand te hou, of kan selfs minder genoeg wees om aan te pas by huweliksrolle. Alternatiewelik kan 'n paartjie wat saamwoon ook besluit om te trou om die verhoudingsprobleme te oorkom. 'n Besluit om saam te woon word gewoonlik baie vinnig en soms oorhaastig gemaak, wat soms kan aandui dat daar bloot 'n behoefte aan 'n verhouding is en dat gesonde besluitneming afwesig is. Langtermyn psigologiese aanpassings word ook beïnvloed. Uit navorsing wil dit blyk dat saamwoon nie so gesond vir individue en verhoudingsontwikkeling is nie!

Binstock & Thornton (2003:438) het bevind dat saamwoonverhoudings meestal nie baie lank hou nie. Die laer vlak van verbintenis in saamwoonverhoudings word gewoonlik oorgedra na die huwelik. Dit is een van die redes waaraan die groter onstabiliteit van huwelike waar die paartjie eers saam gewoon het, toegeskryf kan word (Binstock & Thornton, 2003:441). Paartjies wat voor die huwelik saamwoon het, het 'n 65% groter kans dat die huwelik gaan opbreek (Binstock & Thornton, 2003:441). Die groot verskil tussen huwelike en saamwoonverhoudings is die groter mate van verbintenis en stabiliteit wat die huwelik bied. Die tydelikheid van saamwoonverhoudings open die moontlikheid dat die verbintenis enige tyd vir enige rede kan opbreek sodra die behoefte of begeerte bevredig is en opgedroog het (Baumann, 2000:149).

Tog bied die realiteit van saamwoonverhoudings 'n uitdaging aan die kerk vir die hantering daarvan. Vir baie jongmense is dit nie meer belangrike om te vra "Hoe ver mag ek gaan?" nie, maar is die uitgangspunt eerder dat ek so ver mag gaan as wat ek wil (Müller & Pienaar, 2003:138). Vir baie jongmense is die kerk nie meer die normbepaler in sake rondom seksualiteit nie. Om dit bloot te veroordeel, kan verwydering veroorsaak en die kerk se stem vervreem in die lewens van baie jongmense.

3.22 HUWELIK

Huwelike is ook blootgestel aan dramatiese veranderinge. Egskedings het die afgelope 20 jaar vervyfvoudig: een derde van alle huwelike eindig in egskeding, ses uit tien egskedings het

kinders betrokke, een uit elke drie huwelike is vir een party 'n hertrou-situasie (Lewis *et al.*, 1992:12). Die grootste verandering wat seker plaasgevind het, is die verskuiwing van die huwelik as instelling na die huwelik as verhouding (Lewis, *et al.*, 1992:13). Die volgende tabel verduidelik hierdie skuiwe:

Tabel 3: Van instituut na verhouding (Lewis, *et al.*, 1992:15)

INSTITUUT	VERHOUDING
1. Min vryheid van keuse van huweliksmaats	1. Groot vryheid van keuse
2. Huwelik gekoppel aan wyer gemeenskaps- of familieverbintenis	2. Huwelik relatief onafhanklik van wyer gemeenskaps- of familieverbintenis
3. Klem op ekonomiese aspekte van die huwelik, bv. eiendom en seksuele verdeling van werk	3. Klem op die emosionele en interpersoonlike aspekte van die huwelik
4. Publieke belang	4. Private belang
5. Huwelik as een van 'n aantal sosiale verhoudings	5. Huwelik as die sentrale volwasse verhouding
6. Relatiewe ongelykheid in die huwelik, patriargaal	6. Relatiewe gelykheid in die huwelik, kameraadskap
7. Min klem op gemeensame seksualiteit, seksualiteit sterk gekoppel aan voortplanting.	7. Positiewe klem op seksualiteit, seksuele disfunksie gesien as 'n teken van huweliksprobleme.

Kinders internaliseer basiese verwagtings en ingesteldheid rakende die gedrag van huweliksmaats deur observasie van hul ouers en deelname aan die gesin (Shulman *et al.*, 1999:214). Die gesin van oorsprong bly dus die basiese model vir toekomstige verwagte huweliksverhoudings (Shulman *et al.*, 1999:219). Drie basiese weë deur 'n verhouding na die huwelik is geïdentifiseer (Noller *et al.*, 2001:88):

“Prolonged” - 'n stadige op-en-af vordering

“Accelerated” - beweeg vinnig na 'n hoë vlak van verbintenis

“Intermediate” - beweeg relatief stadig in die vroeë fases, met 'n geleidelike toename in verbintenis

Hierdie patrone word beïnvloed deur ouderdom van ontmoeting, ouers se gesindheid teenoor verhouding, en vlakke van konflik en ambivalensie binne verhouding. Die begrip

huweliksgereedheid veronderstel 'n groeiende verbintenis tot die verhouding. Verbintenis is die kernverskil tussen huwelik en saamwoon. 'n Groei in verbintenis vind plaas as gevolg van toenemende bevrediging binne 'n verhouding, die afname van ander alternatiewe en die feit dat belangrike bydraes en beleggings in die verhouding gemaak is, soos tyd, energie en geld. Verbintenis bevorder gedrag wat belangrik is vir groei en die instandhouding van die verhouding (Noller *et al.*, 2001:89). Daar moet ook rekening gehou word met die feit dat huweliksmaats ook nog verander en groei en dat dit waar is dat 'n huweliksmaat na 'n klompie jaar nie meer dieselfde persoon is die een waarmee getrou is nie.

Navorsing wys dat 'n huwelik meer geneig is om binne die eerste 10 jaar te verbreek. Egskeiding vind ook meer geredelik plaas waar paartjies jonk getrou het. Kommunikasie en wedersydse begrip word aangedui as kernfaktore om dit te voorkom (Noller *et al.*, 2001:90). Baie huweliksprobleme het hul wortels in destruktiewe gedrag wat al teenwoordig is voor die huwelik. Die stryd om mag en beheer maak die oplossing van konflik soveel moeiliker. Vanuit die dialektiese perspektief vereis persoonlike verhoudings "connection and autonomy, both openness and closedness, both novelty and predictability" (Noller *et al.*, 2001:91). Vir die huwelik is dit belangrik om 'n balans tussen hierdie faktore uit te werk om hierdie teenstrydighede te bestuur.

Verbintenisstyle speel ook 'n groot rol. So het die onsekerheid van die man 'n impak op latere huweliksgeluk wat onsekerheid verhoog. Dieselfde tendens kan gesien word in jong vrouens wat hoogs afhanklik en angstig is oor die verhouding waar hul behoeftes nie voldoende aangespreek kan word deur 'n man wat ongemaklik is met intimiteit nie. "Secure individuals may report more satisfying relationships because they communicate more openly and directly" (Noller *et al.*, 2001:92). Sekerheid van verbintenis bevorder kommunikasiepatrone, emosionele uitdrukkingsvermoë en konstruktiewe konflikthantering wat weer groter huweliksbevrediging aan die hand werk.

'n Geloofwaardige hantering van die huwelik vereis 'n doelbewuste visie van heilige liefde wat romanse, kameraderie en langtermynverbintenis insluit (Thatcher, 1999:11). Alhoewel die samelewing dramaties verander het en ander eise aan huwelike gestel word, is dit opmerklik om daarop te let dat sake soos hoë vlakke van wedersydse kommunikasie, die uitdrukking van affeksie, wedersydse betrokkenheid in besluitneming, patrone van finansiële bestuur, sosiale omgang en die daarstel van 'n veilige ruimte om te groei en te ontwikkel nog steeds belangrik is in die huwelik en in baie gevalle groter voorspellers is vir huweliksukses (Whyte, 1990:253-257). Tog moet dit ook aanvaar word dat 'n veranderende samelewing veroorsaak dat anders

oor die huwelik gedink word en as gevolg van die tydgees ander uitdagings daaraan gestel word. "Commitments of the 'till death do us part'-type become contracts 'until satisfaction lasts', temporal and transient by definition, by design and by pragmatic impact - and so prone to be broken unilaterally, whenever one of the partners sniffs out more opportunity and better value in opting out of the partnership rather than trying to save it at any - incalculable - cost" (Baumann, 2000:163). As verhoudings nie 'n saak is waaraan hard gewerk moet word en baie opofferings daarvoor gemaak moet word nie, maar eerder 'n saak is waarvan onmiddellike bevrediging verwag word en 'n saak wat verwerp kan word as dit nie bevredig nie en wat bloot in stand gehou word as en solank as wat dit bevredig, is verhoudings in die moeilikheid. Die Christelike geloof stel duidelike alternatiewe teenoor die postmoderne seksuele etiek vir die huwelik. Hierdie verskille kan soos volg in tabelvorm uiteengesit word:

Tabel 4: Postmoderne en Christelike benadering tot die huwelik (Thatcher, 1999:64, 303).

Postmoderne benadering tot die huwelik	Christelike benadering tot die huwelik
1. Marginalisering van die huwelik 2. Verlaat die tradisionele betekenis van die huwelik 3. Kinders afwesig 4. 'n Individualistiese kyk na die mens 5. Verafgod romantiese liefde 6. Persoonlike identiteit as lewenslange projek/uitdaging 7. Oppervlakkigheid van 'n sekulêre posttradisionele etiek 8. Tradisie van laat-humanisme 9. Kortstondige seksuele verhoudings 10. Postpatriargale, postreligieuse etos	1. Sentraliteit van die huwelik as 'n etiek van wedersydse self-prysgawe 2. Herstel van die tradisionele betekenis van die huwelik, kinders, getrouheid, sakramentele karakter 3. Kinders as gawe en seën van God 4. 'n Sosiale siening van die mens as persoon in relasies 5. 'n Goddelik-menslike liefde wat gewortel is in die Drie-eenheid 6. Christelike identiteit wat deur en in verhouding met ander ontwikkel 7. Diepte van die Christelike passievolle etiek, die kommunale karakter van moraliteit 8. Herstel van die historiese, ontwikkelende Christelike tradisie 9. Lewenslange verbond met een persoon 10. Postpatriargale, outentieke religieuse etos

Huwelike word nog steeds beskou as 'n permanente verhouding met diep gewortelde, wedersydse verpligtinge tussen huweliksmaats met 'n verwagting van seksuele getrouheid (Whyte, 1990:62).

In navorsing het Whyte (1990:209) aangetoon dat die volgende sake deur respondente aangedui word as faktore wat huweliksukkes voorspel: gedeelde waardes, persoonlikheidseienskappe, gewoontes, ontspanningsaktiwiteite, sosiale lewe, vriende, ervaring van die vrou dat sy betrokke is en deelneem in probleemoplossing, beplanning en finansiële aangeleenthede, ondersteunende verhoudings en interaksie met ouers en familie aan weerskante selfs al verskil hul agtergrond, gesin van oorsprong, voorhuwelikse ervarings en huweliksverwagtings. Een van die verrassende gevolgtrekkings van sy navorsing is dat ervarings tydens uitgaan en ander voorhuwelikse ervarings nie so 'n groot impak het op die sukses van die huwelik as wat soms verwag word nie (Whyte, 1990:247). Dit weerspreek die uitgangspunt dat baie ervaring nodig is in uitgaanverhoudings om die regte keuse te maak en jou 'n beter kans gee "of living happily ever after." 'n Belangrike ontdekking wat huweliksmaats en jongmense op pad na die huwelik moet maak, is dat die lewe 'n mengelmoes van vreugde en pyn, spanning en frustrasies is; dat 'n verhouding nooit totaal volmaak kan wees nie omdat dit aangegaan word tussen twee feilbare mense; dat verwagtinge oor die huwelik realisties moet bly en dat volmaakte geluk net waar is van sprokiesverhale. Met al sy probleme, foute en gebreke bly die huwelik 'n baie belangrike instelling wat die potensiaal het om mense se lewens dieper en meer betekenis te gee (Whyte, 1990:259).

Die Christelike ideaal van die huwelik as 'n lewenslange, monogame, openbaar erkende, heteroseksuele verbintenis verskaf 'n raamwerk waarbinne volwasse seksuele verhoudings kan ontwikkel.

3.23 METATEORETIESE RIGLYNE

- **Ten opsigte van die rol van spiritualiteit** moet vermeld word dat geloofsontwikkeling 'n belangrike deel vorm van die ontwikkeling van adolessensie na vroeë volwassenheid. Daar is gepoog om aan te dui dat 'n baie nou verbintenis bestaan tussen seksualiteit en spiritualiteit en dat weg beweeg moet word van 'n dualistiese liggaam-gees skeiding in die hantering van seksualiteit (3.21.2). Die verhouding van die mens met God het 'n bepalende invloed in denke oor seksualiteit. Daar is aangetoon dat studente 'n behoefte het aan begeleiding in heteroseksuele verhoudings en 'n toenemende behoefte het aan 'n Christelik verantwoordbare hantering van seksualiteit (3.21.1). Aan die ander kant wil dit voorkom of

die rol van die kerk as normbepaler besig is om al hoe kleiner te word en jongmense eerder na ouers en vriende as na godsdiensinstellings kyk as motiveerders of bepalers van vroeë seksuele intimiteit. Tog word geloofsoortuigings baie sterk gevorm deur konsekwente voorbeelde van ouers wat aan die Here toegewyd is (3.20.1). Dit het 'n bepalende invloed op horisontale verhoudings. Daar is ook aangetoon dat persone wat godsdienstig toegewyd is, minder seksueel permissief is as ander wat minder toegewyd is (3.21.1).

- **'n Oortuiging van verliefdheid/passie/wonder/misterie van liefde** word in heteroseksuele verhoudings in hierdie lewensfase aangetref. Die verliefdheid aan die begin van 'n verhouding word soms verkeerdlik verwar met opofferende liefde en word maklik die maatstaf vir verhoudings (3.20.3.2). Dit is interessant om daarop te let dat romantiese liefde 'n baie sterk bepaler is vir die sukses van 'n verhouding (3.20.3.3). Die misterie van die liefde tussen 'n man en 'n vrou werk nie altyd volgens spesifieke patrone en voorskrifte nie, en moet daarom gekoester en geniet word (3.20.3.3). Daar bestaan ook geen ander werkbare alternatief as die "onvolmaakte" proses van verlief word en waag in uitgaan verhoudings om by 'n "geskikte" huweliksmaat uit te kom nie (3.20.3.3). Die gevaar bestaan egter dat waar verhoudingsmaats toegewyd en ernstig is oor die verhouding, seks maklik deel word van die verhouding. Hiervolgens is nie die huwelik nie, maar slegs liefde 'n voorvereiste vir geslagsgemeenskap (3.21.1). 'n Belangrike ontdekking wat huweliksmaats en jongmense oppad na die huwelik moet maak, is dat die lewe 'n mengelmoes van vreugde en pyn, spanning en frustrasies is, dat 'n verhouding nooit totaal volmaak kan wees nie, omdat dit aangegaan word tussen twee feilbare mense, dat verwagtinge oor die huwelik realisties moet bly en dat volmaakte geluk net waar is van sprokiesverhale. Met al sy probleme, foute en gebreke bly die huwelik 'n baie belangrike instelling wat die potensiaal het om mense se lewens te verdiep (3.22).
- **'n Soeke na en behoefte aan aanvaarding en sekuriteit binne 'n verhouding** is baie nou gekoppel aan die soeke na intimiteit. Intimiteit verwys na die soeke na of behoefte aan emosionele nabyheid, waardering en ondersteuning en dit is deur die bevrediging van hierdie behoeftes dat die individu die vermoë tot intimiteit ontwikkel (3.20.3.1). Positiewe ervarings oor jongmense se verhoudings met hul ouers is nodig vir die ervaring van sekuriteit in hierdie oorgangstyd (3.20.1). Die soeke na aanvaarding en sekuriteit is een van die redes waarom jongmense betrokke raak in saamwone verhoudings, terwyl die laer vlak van verbintenis in saamwone verhoudings hierdie behoefte nie werklik bevredig nie, maar eerder verdiep (3.21.3). Die groot verskil tussen huwelike en saamwone-verhoudings is die groter mate van verbintenis en stabiliteit wat die huwelik bied (3.21.3). Hoe groter

sekerheid by jongmense bestaan oor 'n verhouding, hoe beter is die kommunikasiepatrone, emosionele uitdrukkingsvermoë en konstruktiewe konflikthantering wat weer groter huweliksbevrediging aan die hand werk (3.22).

- **'n Wegbeweeg van selfsug en selfliefde na opofferings en prysgawes ter wille van maat en 'n verhouding** is seker een van die grootste uitdagings vir verhoudings. In hierdie lewensfase begin jongmense hul eie keuses maak wat hul soms in botsing bring met konformiteit aan 'n groep of teenoor samelewingsvoorskrifte of norme (3.21). Ongelukkig wil dit lyk of uitgestelde bevrediging nie meer as sterk motivering dien in besluite oor vroeë seksuele betrokkenheid nie, terwyl dit al hoe meer aanvaarbaar raak dat enige iets veroorloof word in 'n eksklusiewe romantiese verhouding (3.21.1). Opofferings ter wille van maat en ter wille van die verhouding word bedreig deur onmiddellike bevrediging, 'n afname in toewyding en 'n gebruikersingesteldheid teenoor verhoudings (3.22).
- **Die selfstandige ontwikkeling en groei na individuasie en ontwikkeling van die totale mens** het in hierdie lewensfase baie te doen met die beweging van identiteit na intimiteit. Individue wat daarin geslaag het om sake rondom hul eie identiteit uit te sorteer, fokus meer op intimiteit en hulle is geneig om meer stabiel te wees in verhoudings en ervaar groter bevrediging daaruit (3.20.3.3). Adolessente se selfwaarde hang baie nou saam met die kwaliteit van 'n familie-omgewing (3.20.1). Dit is in hierdie lewensfase waar die jongmens op baie tereinne 'n eie oortuiging en eie identiteit moet ontwikkel. Dit veroorsaak egter soms botsings en konflik met hul ouers, maar selfs dit is deel van die wegbreek/opbreek/verlaat-proses (3.20.1). Uitgaan verhoudings vereis vroeë emosionele betrokkenheid by 'n ander persoon. Dit is soms baie moeilik om te hanteer aangesien jongmense nog nie altyd voldoende emosionele volwassenheid bereik het om die verantwoordelikhede en implikasies van 'n verhouding te hanteer nie (3.20.3.3). Selfstandige ontwikkeling is 'n lewenslange proses van groei en verandering.
- **Die ontwikkeling van 'n gelyke vennootskap tussen verhoudingsmaats** word grootliks bepaal deur die voorbeeld wat jongmense in hul ouerhuise kry. Die sentrale sosiale uitdaging vir hierdie tyd is: om die paradoks van onafhanklikheid en afhanklikheid, outonomie en verbintenis te balanseer in 'n wyer wordende konteks van verhoudinge met ouers en tydgenote (3.20). Dit het ook sekere implikasies vir die vestiging van rolle en rolverwagtinge in verhoudings. Saamwoon verhoudings skep soms 'n verhouding wat meer gelyk is en ontmasker onrealistiese illusies oor maat (3.21.3). Ongelukkig gaan soveel

ander belangrike elemente verlore of is dit afwesig in sulke verhoudings. Die uitdaging bly vir jongmense om hul geslagsrolle in verskillende verhoudings te vestig.

- **'n Gesonde hantering van die seksuele** verkeer onder druk deur die feit dat seks nou algemeen voorkom by paartjies in ernstige, vaste verhoudings. Jongmense is liggaamlik vroeër gereed vir seks, hulle is baie meer wêreldwys oor seksuele sake en die tydsgees is teen jongmense om seks voor die huwelik te weerstaan (3.21). Seksuele norme en grense het geskuif. Dit veroorsaak dat jongmense baie makliker met seks eksperimenteer. Aan die ander kant bestaan onder adolessente 'n komplekse denke oor seks en wil dit soms lyk of hulle meer konserwatief word in hul denke oor seks. Alhoewel voor-huwelike seks al hoe meer algemeen aanvaar word, is adolessente negatief oor promiskuiteit (3.21.1). Die feit dat seks buite die huwelik as goedkoop, gevaarlik en immoreel voorgelê word, veroorsaak nie dat jongmense seksueel onaktief is nie. (3.21.1). Saamwonen verhoudings bedreig 'n gebalanseerde Bybelse siening en 'n gesonde hantering van die seksuele, aangesien dit groter permissiwiteit tot gevolg het (3.21.3). Huwelike word nog steeds beskou as 'n permanente verhouding met diep gewortelde wedersydse verpligtinge tussen huweliksmaats met 'n verwagting van seksuele getrouheid van beide partye.
- **Verhoudings vereis die ontwikkeling van sekere vaardighede.** Alhoewel die samelewing dramaties verander het en ander eise aan huwelike gestel word, is dit opmerklik om daarop te let dat sake soos hoë vlakke van wedersydse kommunikasie, die uitdrukking van affeksie, wedersydse betrokkenheid in besluitneming, patrone van finansiële bestuur, sosiale omgang en die daarstel van 'n veilige ruimte om te groei en te ontwikkel nog steeds belangrik is in die huwelik en in baie gevalle groter voorspellers is vir huweliksukkes (3.22). Die belangrikheid van gesonde kommunikasie kan nie genoeg beklemtoon word nie. Dit is dié sentrale element vir gesonde gesinsfunksionering en die primêre voertuig waardeur warmte en intimiteit uitgedruk word, waarmee gesinslede hul wedersydse respek vir mekaar aandui, perke gestel word, besluite geneem word, geloof en waardes oorgedra word en mekaar se lewens gedeel word (3.20.1). Om 'n gesonde besluit oor die seksuele te neem, is dit geweldig belangrik dat 'n paartjie moet leer om met mekaar daaroor te praat (3.21.1). Kommunikasie en wedersydse begrip word aangedui as kern faktore wat seks voor die huwelik voorkom. 'n Paartjie moet ook leer om hul konflik te hanteer, aangesien baie huweliksprobleme hul wortels het in destruktiewe gedrag wat al teenwoordig is voor die huwelik. As daar nie hard gewerk word aan verhoudings en baie opofferings daarvoor gemaak word nie, kan dit bloot bestaan ter wille onmiddellike

bevrediging en vir die vervulling van selfsugtige behoeftes, sonder die dieper toewyding aan 'n ander persoon en 'n verhouding (3.22).

- **Die impak van ouers op 'n verhouding** mag nooit onderskat word nie. Die sentrale sosiale uitdaging vir hierdie tyd is, om die paradoks van onafhanklikheid en afhanklikheid, outonomie en verbintenis te balanseer in 'n wyer wordende konteks van verhoudings met ouers en tydgenote (3.20). Ouers en adolessente sukkel dikwels om aan te pas by hierdie uitdagings. Gesonde verhoudings tussen ouers en kinders is belangrik en verskaf die nodige sekuriteit vir die suksesvolle oorgang na die volgende lewensfase (3.20.1). Adolessente is eerder opsoek na 'n verhouding met hul ouers waar hulle as volwassenes hanteer word en wat gebaseer is op wedersydse respek, as na 'n hiërargiese verhouding wat op outoriteit en mag gebaseer is. Kinders wie se ouers outonome denke en selfontdekking aanmoedig, is meer geneig om psigologies en sosiaal beter te ontwikkel. In vroeë volwassenheid is verhoudings met ouers soms beter, want jongmense kry die geleentheid om meer daaroor na te dink en ontwikkel groter waardering vir hulle ouers. Daar is ook aangetoon dat seksuele permissiwiteit afneem in gesinne waar die kwaliteit van interaksie toeneem en waar ouers positiewe rolmodelle oor seksualiteit is (3.20.1). In teenstelling daarmee dien die permissiewe gedrag van ouers as aansporing vir jongmense om seksueel aktief te raak (3.21.1). Die gesin van oorsprong bly dus die basiese model vir toekomstige verwagte huweliksverhoudings (3.22).
- **Die impak van vriende op 'n verhouding** kan ook in die konteks geplaas word van die groter psigologiese en emosionele ondersteunende rol wat hulle speel ten opsigte van sake soos intimiteit, vertroue, wedersydse ondersteuning ensovoorts (3.20.2). Adolessente benodig vriende vir emosionele ondersteuning, aanvaarding en sosiale interaksie. Om te veel tyd tussen vriende deur te bring het egter ook in sommige gevalle 'n negatiewe impak op selfvertroue, inisiatief en "*coping skills*." Portuurgroepe skep 'n konteks waarbinne romantiese verhoudings kan ontwikkel, maar waarborg nie die kwaliteit van sulke verhoudings nie (3.20.2). Aanvaarding deur die portuurgroep speel 'n belangrike rol in die morele ontwikkeling van die adolessent. In die sekuriteit wat die groep bied, vind die adolessent 'n "oefenveld" vir menslike verhoudings - nie net met vriende van dieselfde geslag nie, maar ook met vriende van die teenoorgestelde geslag. Vriendegroepe bepaal die pas van seksuele en hetero-seksuele ontwikkeling. Soos romantiese verhoudings ontwikkel, wat later oorgaan in huwelike, skuif die fokus geleidelik weg van vriende na die huwelik en gesin. Saam met toenemende eise van die gesin en ouerskap is dit te verstane dat die invloed van vriende al minder word (3.20.2).

- **Die invloed van rolmodelle op 'n verhouding** mag nooit onderskat word nie. Jongmense is toenemend afgesny van volwassenes wat hulle leiding kan bied oor beter lewenstylkeuses. Daar is aangetoon dat daar 'n gebrek is aan eerlike gesprek oor seksualiteit en 'n afwesigheid van ouer persone wat hul eie stryd en ervarings in die hantering van hul seksuele gevoelens met jongmense deel (3.21.1). Die afwesigheid van 'n omgewing waarin eerlik gepraat kan word oor die hantering van seksualiteit veroorsaak dat jongmense onseker is oor hoe om op te tree en eerder verkies om daaroor te swyg (3.21.1).

3.24 VOORLOPIGE GEVOLGTREKKINGS

In hierdie afdeling van die metateorie is gekyk na watter metateoretiese perspektiewe die skuiwe in die samelewing, vanaf modernisme na postmodernisme, en die gedragswetenskappe bied op die lewens- en ontwikkelingskonteks van laat adolessente tot jong volwassenes. Daar is ook spesifiek gekyk na die skuiwe en uitdagings wat dit op verhoudings het.

Hierdie perspektiewe is soos volg uiteengesit:

- Daar is na die impak wat die skuif van modernisme na postmodernisme op verhoudings het, gekyk. Die makro-, meso- en mikrotendense met die spesifieke uitdagings wat dit aan die evangelie en verhoudings bied, is aangedui.
- Daar is na die ontwikkelingsfases en ontwikkelingstake van laat adolessente en vroeë volwassene gekyk. Spesifieke klem is geplaas op fisiologiese, kognitiewe, morele, emosionele, psigologiese en geestelike ontwikkeling.
- Verder is gekyk na watter metateoretiese perspektiewe die gedragswetenskappe bied op verhoudings waarin laat adolessente tot jong volwassenes betrokke is. Daar is veral gekyk na die sosiale ontwikkeling met spesifieke verwysing na verhoudings met ouers, portuurgroepe en romantiese verbintenisse. Sake wat bespreek is, is intimiteit, liefdestyle, uitgaan verhoudings, seksualiteit, seksualiteit en spiritualiteit, saamwoonverhoudings en die huwelik.

HOOFSTUK 4: EMPIRIESE NAVORSING OOR DIE STAND VAN VOORHUWELIKSE VERHOUDINGS

4.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk word die empiriese proses verduidelik wat vir hierdie navorsing gebruik is. Verder word die empiriese data geïnterpreteer met die oog op voorhuwelikse verhoudings.

4.2 DOEL VAN EMPIRIESE ONDERSOEK

Die doel van die empiriese ondersoek is om op 'n wetenskaplike wyse ondersoek in te stel na die huidige stand van voorhuwelikse verhoudings en om te bepaal watter begeleiding noodsaaklik is in die voorbereiding van hierdie jongmense met die oog op die huwelik.

4.3 METODOLOGIESE VERANTWOORDING VAN EMPIRIESE ONDERSOEK

Die empiriese ondersoek is gedoen aan die hand van 'n kwalitatiewe ondersoek waar met paartjies wat tans in 'n voorhuwelikse verhouding is en met paartjies wat al in voorhuwelikse verhoudings was, onderhoude gevoer is. Daar is van die ongestruktureerde aangesig-tot-aangesig metode van onderhoudvoering gebruik gemaak (Scheurich, 1997:61-79; Shurink, 1998:297-312; Neuman, 2000:344, 371-374). Onderhoude is 'n ontmoeting tussen mense in 'n poging om groter begrip vir mekaar te hê (Silverman, 2001:92).

Kwalitatief impliseer 'n klem op die kwaliteite, prosesse en betekenismoontlikhede wat nie eksperimenteel ondersoek of gemeet word in terme van kwantiteit, hoeveelheid, intensiteit of frekwensie nie. Kwalitatiewe navorsing beklemtoon eerder die sosiaalgekonstrueerde aard van die werklikheid, die intieme verhouding tussen navorser en respondente, navorsing en die situasiebepaaldheid van navorsing (Denzin & Lincoln, 2003:13). Kwalitatiewe metodes is meer beskrywend van aard en holisties, terwyl aspekte van die saak hanteer word in die lig van die hele saak (Ragin, 1994:120)

4.4 KWALITATIEWE NAVORSING

Die doel van kwalitatiewe navorsing is gewoonlik om by 'n oorspronklike of egte of betroubare verstaan van mense se ervarings uit te kom. Daar word geglo dat die beste manier om daarby uit te kom is deur gebruik te maak van oop vrae, soos byvoorbeeld "Vertel my jou storie"

(Silverman, 2001:13). Kwalitatiewe navorsing help om die leëwêreld van 'n respondent te verstaan. Daarom is die werklike doel van kwalitatiewe navorsing nie om opinies of mense te tel nie, maar om 'n verskeidenheid opinies en verskillende weergawes van die saak te ondersoek (Gaskell, 2000:39-41). Kwalitatiewe navorsing bied die geleentheid om by inligting uit te kom wat die egtheid of oorspronklike aard van mense se ervarings weergee, byvoorbeeld met behulp van ongestruktureerde, oop onderhoude, wat gewoonlik gebaseer is op vooraf-observasie en navorsing oor 'n saak, sonder om die respondent te manipuleer (Silverman, 2001:87). Daar is sekere areas van die sosiale lewe wat moeilik met vraelyste getoets word, byvoorbeeld mense se ingesteldheid en ervaring van sekere situasies. Dit bied 'n geleentheid om by 'n dieper verstaan en kennis uit te kom. In hierdie verband het Gaskell (2000:38) die volgende gesê: *"...the social world is actively constructed by people in their everyday life, but not under conditions of their own making."*

Kwalitatiewe navorsing is 'n direkte aanslag teen die "waardevrye-objektiewe-wetenskapsmodel" vir navorsing (Denzin & Lincoln, 2003:12). Kwalitatiewe navorsing het ontwikkel vanuit eenvoudige navorsingstegnieke met die spesifieke doel voor oë om die gesigspunte van gewone mense te bepaal. Die grootste sterk punt van kwalitatiewe navorsing is die vermoë daarvan om te analiseer wat werklik in 'n natuurlike situasie gebeur. Kwalitatiewe navorsing open nuwe velde van navorsing, bring nuwe perspektiewe na die tafel, is voorlopig van aard en werk nie met absolute kennis en sekerhede nie. Hierdie aard van navorsing sluit baie goed aan by die postmoderne denke en verstaan van die werklikheid waar die opinie van elke individu van waarde is. Kwalitatiewe navorsing het aangedui dat wat mense dink net so belangrik is as wat hulle doen; dat gedrag nooit ten volle verstaan kan word sonder 'n begrip vir die oortuigings daaragter en die situasie waarin dit plaasvind nie (Joubert, 1992:171). In kwalitatiewe navorsing word sterk gewerk met die ervaaarde werklikheid van 'n respondent of die werklikheid waaruit 'n respondent kom. Baie groot klem word op die outentieke aard daarvan gelê en daarom gee dit dus nie om dat daar wel sprake mag wees van vooroordele nie.

Die taak van navorsing is om klem te plaas op die beskrywing van die ervaring van respondente en op die navorser se eie betrokkenheid en ervaring tydens die onderhoud. Konneksies tussen navorser en respondent is belangrik vir begrip en dieper verstaan. Kwalitatiewe navorsing gee aan respondente die geleentheid om op eie unieke manier die werklikheid te beskryf. Betekenis word egter reeds met die onderhoud geskep ("*construct*") wat veroorsaak dat die gefokusde interaksie tussen navorser en respondent die onderwerp kan word (Silverman, 2001:95). Daar word met die veronderstelling gewerk dat een stel vrae nie

pas by elke respondent nie en dat respondente die geleentheid gegee word om self sake te opper wat buite die skedule lê.

Kwalitatiewe navorsing het vier onderskeie kenmerke, naamlik:

- ❖ 'n konneksie word tussen betekenis en aksie gemaak;
- ❖ betekenisvolle aksies word bestudeer binne die mees natuurlik moontlike konteks;
- ❖ die uitgangspunt is dat die navorser die rol van 'n "*interpretive subject*" vertolk (Jensen, 2002:236); en
- ❖ respondente is "active sensemaking subjects", want hoe die werklikheid of ervaring beskryf word, is deel van die wêreld wat beskryf word en hoe respondente betekenis skep, is daarom geweldig belangrik (Silverman, 2001:96).

Die gevaar bestaan dat die vrae oor kwaliteit en betroubaarheid van kwalitatiewe navorsing, tipes moderne vrae en kriteria is en binne 'n postmoderne wêreld onvanpas is. Die proses van kwalitatiewe navorsing, eerder as die getrouheid aan moderne vereistes, verleen geloofwaardigheid daaraan (Seale, 2000:18). Inligting wat met 'n onderhoud bekom word, hoef nie as waar of vals hanteer te word nie, maar eerder as weergawes van perspektiewe oor 'n saak of verskillende sentimente oor enige onderwerp onder bespreking. Dit stel ons bloot aan 'n *repertoire* van narratiewe wat tot ons beskikking kom oor 'n aangeleentheid wat kontekstueel bepaal word (Silverman, 2001:112).

Om geloofwaardig te wees, moet kwalitatiewe navorsing bereid wees om kritiese vrae te vra oor die navorsing (Silverman, 2001:221):

- i - Is die metodes van die navorsing gepas by die aard van vrae wat gevra word?
- ii - Is die konneksie met bestaande kennis of teorie duidelik?
- iii - Is daar 'n duidelike uiteensetting van die kriteria wat gebruik is in die seleksie van studievoorwerpe/respondente en van die versameling van inligting en analise?
- iv - Pas die sensitiwiteit van die metodes by die navorsingsvrae?
- v - Was die data-insameling en optekening sistematies?
- vi - Word verwys na aanvaarde prosedures van analise?
- vii - Hoe sistematies is die analise?
- viii - Word voldoende bespreking gewy aan die redes vir die indeling van temas, konsepte en kategorieë vanuit die ingesamelde inligting?
- ix - Is daar voldoende bespreking van die bewyse vir of teen die navorser se

argumente?

- x - Word duidelike onderskeid gemaak tussen data en interpretasie?

Bevredigende antwoorde op hierdie vrae bepaal die geloofwaardigheid van die studie.

Volgens Janesick (1998:30) kan die volgende vrae tydens 'n onderhoud gebruik word:

- ❖ **Basiese beskrywende vrae:** "Vertel my wat gebeur het. Beskryf hoe jy gevoel het."
- ❖ **Opvolgvrae:** "Jy het hierna verwys. Verduidelik wat jy daaronder verstaan."
- ❖ **Ervarings-/voorbeeldvrae:** "Kan jy vir my 'n voorbeeld gee waarom jy so sê?"
- ❖ **Verduidelikende vrae:** "Wat bedoel jy as jy dit sê?"
- ❖ **Strukturele/paradigmatiese vrae:** "Wat sou jy sê in die oorsake of gevolge hiervan?"
- ❖ **Vergelykende/kontrasterende vrae:** "Jy verskil hieroor. Verduidelik. Watter besware het jy?"

'n Groter getal onderhoude beteken nie noodwendig dieper of meer kennis en 'n dieper verstaan nie. Ervarings mag uniek wees, maar net 'n sekere hoeveelheid ervaringsmoontlikhede bestaan en is gewoonlik die uitkoms van die sosiale proses. Onderhoude is gewoonlik langer en beslaan 'n groter liggaam inligting, wat tot gevolg het dat belangrike data soms verlore gaan as gevolg van die hoeveelheid stof wat geïnterpreteer moet word. Daar word aanbeveel dat nie meer as 15-25 individuele onderhoude gevoer moet word nie (Gaskell, 2000:43). In hierdie studie is met 8 paartjies twee individuele onderhoude gevoer en is 'n groepsgebesprek by twee geleenthede met 'n groter groep gevoer.

4.5. ONDERSOEKGROEP

4.5.1 Paartjies in verhouding

Paartjie 1: Die paartjie ken mekaar al van skool af en is tans beide derdejaarstudente op universiteit. Beide woon in 'n kampuskoshuis. **Hulle het al 'n vaste verhouding vir 2 jaar.**

Die navorser ken hulle al drie jaar en het al in die verlede gesprekke met die paartjie gehad oor hulle verhouding. Hulle vorm deel van 'n leiersgroep met wie die navorser baie kontak het en 'n lang pad stap. Paartjie het al seks gehad.

Paartjie 2: Hierdie paartjie het op universiteit ontmoet. Beide is finalejaarstudente. Beide het in 'n kampuskoshuis gewoon, maar is tans woonagtig in privaat behuising in die dorp. **Hulle het al 'n vaste verhouding vir 3 jaar** en hulle trou

aan die einde van die jaar.

Die navorser het 'n goeie verhouding met die paartjie en ken hulle al 3 jaar.

Paartjie 3: Hierdie paartjie het ook op universiteit ontmoet en **gaan al ongeveer 4 jaar vas uit.** Hulle trou aan die einde van die jaar. Beide is finalejaarstudente en beide het vanuit hul ouerhuise studeer.

Navorsers het 'n redelike goeie verhouding met paartjie en het hulle al in die verlede pastoraal begelei. Hierdie paartjie het alreeds 'n seksuele verhouding.

Paartjie 4: Hierdie paartjie is beide derdejaarstudente en het deur die loop van die jaar ontmoet. **Hulle gaan nou sowat 5 maande uit.**

Die navorser ken albei redelik goed, stap al vir 3 jaar 'n pad met die meisie en ken die ou sowat 2 jaar. Hulle slaap per geleentheid saam, maar ontken dat hulle seksueel aktief is.

Paartjie 5: Albei studente is vierdejaars en albei woon in die dorp. **Hulle gaan nou al ongeveer 'n jaar en 'n half uit.**

Die navorser ken die meisie baie goed, loop al vir 4 jaar 'n baie nou pad met haar, maar ken die ou net van sien.

Paartjie 6: Die ou is derdejaar en die meisie is in haar eerstejaar. **Hulle het so pas begin uitgaan.** Navorsers ken die ou baie goed, maar meisie nie so goed nie. Hierdie verhouding het **na 2 maande opgebreek.**

Paartjie 7: Die ou is finalejaaronderwysstudente en die meisie is derdejaar. Navorsers ken beide redelik goed. **Hulle gaan al amper 2 jaar (21 maande) vas uit.** Die ou woon in 'n studentehuis, die meisie in 'n koshuis op kampus. Hulle slaap per geleentheid saam, maar ontken dat hulle seksueel aktief is.

Paartjie 8: Hierdie paartjie was **sowat 18 maande saam voordat die verhouding opgebreek het.** Beide is finalejaarstudente.

Die navorser ken die meisie al vyf jaar en het die ou deur die meisie ontmoet. Nadat die verhouding opgebreek het, was die ou nie beskikbaar vir verdere gesprekke nie.

4.5.2 Groepsgesprek

'n Groep van 12-15 studente, 5 ouens en 10 meisies, wat weekliks byeenkom vir Bybelstudie is by geleentheid gepols oor verhoudings en dit het op 'n paar groeps gesprekke oor die betrokke onderwerp uitgeloop. Die navorser ken al 15 redelik goed en kom al met sommige 'n baie langer pad as net een jaar se Bybelstudie.

4.5.3 Metode van ondersoek

Met elke paartjie is ten minste twee gesprekke gevoer aan die hand van kwalitatiewe navorsing.

4.6. ONDERSOEKRESULTATE

Die ondersoekresultate word in drie afdelings ingedeel, naamlik **die grondhouding, verhoudingsvaardighede en die plek en rol van breër verhoudings** (vgl. 2.9, 3.6, 3.16, 3.23).

4.6.1 Reaksie ten opsigte van grondhouding

4.6.1.1 Die rol en plek van spiritualiteit

- Geestelik gaan dit nie goed in die verhouding nie. Hulle doen nie saam Bybelstudie nie, kom nie by God uit soos dit moet nie en voel skuldig daaroor. Hulle bid tog maklik saam. Sy neem hom tot 'n mate kwalik, want hy is die ou en hy moet leiding neem, terwyl sy tog erken dat dit nie goed gaan met haar eie verhouding met die Here nie. Sy eie verhouding met die Here is ook nie wat dit moet wees en al was nie. Weet nie hoe en waar om te begin om dit reg te maak nie (p 1).
- Die afgelope jaar het hulle gesien en ervaar hoe die Here voorsien (p 2).
- Dat hul op hul knieë was en deur God se genade was al wat veroorsaak het dat hulle so lank kon uitgaan (p 3).
- God, genade en die wil om dit te laat werk, gaan hul verhouding laat werk (p 3).
- Geestelik was hierdie afgelope 5 maande vir hulle wonderlik. Die geestelike band in hul verhouding is vir hulle geweldig belangrik en dit het 'n baie groot impak op hul besluit oor die seksuele. Tog sukkel hulle met die seksuele, veral as hy "down" is en dit nie geestelik goed met hom gaan nie; as hy in 'n geestelike "dip" is. Dit is swaar as sy die dra-werk moet doen, nog swaarder as hulle albei geestelik "down" is. Omdat hulle Christene is, omdat hulle 'n

verhouding met die Here het, is seks uit. Hulle is ook so grootgemaak. God se liefde is vir hulle groter as die fisiese. Daar is 'n baie nou verhouding tussen die geestelike en die fisiese sy van 'n verhouding. Die geestelike vlak van 'n verhouding bepaal die seksuele (p 4).

- Die Here het haar gewys wat haar plek in verhouding is: as maat, sy vennoot, om by hom te pas, om saam te werk. Hy kan nie die heelyd voorloop nie; daar is sekere tye wat sy 'n groter verantwoordelikheid moet neem en dan moet dit vir haar moontlik wees. Sy moet soms die dra-werk doen (p 4).
- Die geestelike is vir hulle geweldig belangrik in die verhouding. Dit is belangrik dat die ou ook geestelik moet voorloop, dat hy die meisie kan help en dat hulle mekaar help (p 4).
- Hul kerkverband verskil en hulle het 'n vraag oor hoe hulle moet aanpas by mekaar se kerke. Aanvanklik het hy gevoel sy dwing hom om by haar aan te pas, veral omdat sy 'n leiersrol in haar gemeente speel, maar hulle besef hulle sal moet "compromise". Vir beide is die kerk belangrik (p 5).
- Hul godsdiens is vir hulle beide baie belangrik en alhoewel hul belewenis en verwagting van godsdiens mag kan verskil, het dit nie gekeer dat hulle oor diep goed gepraat het nie (p 6).
- Hul verhouding wat opgebreek het en 'n klomp onbeantwoorde vrae daaroor, het 'n negatiewe impak op sy verhouding met die Here (p 6).
- Dit is belangrik dat die paartjie op dieselfde geestelike golflengte moet wees (p 8).
- Sonder 'n deeglike Christelike grondslag en oortuigings raak 'n paartjie te maklik intiem (groep).
- Daar word te min gevra wat God of die Bybel van 'n verhouding verwag (groep).

4.6.1.1.1 Konklusie

'n Noue verband bestaan tussen spiritualiteit en verhoudings. Respondente se persoonlike verhouding met die Here het 'n direkte en indirekte impak op hul verhouding met mekaar en hulle hantering van mekaar. Op verskillende vlakke ervaar hulle ook hoe die Here binne hulle verhoudings voorsien en ontdek hulle sy genade en sorg. Respondente se verhouding met die Here het 'n bepaalde invloed op die morele keuses wat hulle uitoefen. Dit wil egter ook lyk asof daar 'n groter behoefte is aan duidelike leiding vanuit die Skrif oor spesifieke verhoudingsaangeleenthede. Verhoudingsmaats is wedersyds baie afhanklik van hul maat se persoonlike verhouding met die Here. By van die respondente is

daar 'n duidelike afhanklikheidsbesef van die Here vir hulle verhouding. Die opbreek van verhoudings veroorsaak 'n geloofskrisis by jongmense wat op 'n manier aangespreek moet word.

4.6.1.2 'n Oortuiging van verliefdheid/passie/wonder/misterie van liefde

- Dit is opwindend en lekker om by mekaar te wees. Hulle bly glo in die wonder van liefde, al is hulle nou al lank saam (p 1).
- “Ons het nie gedink dat dit moontlik is om so lief te wees vir iemand nie” (p 5).
- Die ou was al in die verlede in verhoudings waar daar nie 'n “spark” was nie, wat weer opgebreek het. Hy moes besluit of hy gaan waag, 'n kans gaan vat met sy gevoelens vir die meisie. In nadenke was daar ook in hierdie verhouding aanvanklik nie 'n “spark” nie (p 6).
- Sy het geleer dat jy nie net iemand vat omdat jy iemand wil hê nie. “Don't settle for second best” (p 8).
- 'n Probleem in hul verhouding is dat sy lank gevat het voor sy oortuig was dat sy regtig vir hom lief is (p 8).
- Gaan versigtig om met 'n ander se gevoelens (p 8).
- Meisies het 'n behoefte om spesiaal te voel en om vertroos te word (p 8).
- As daar nie 'n “spark” is nie, kan 'n verhouding nie werk nie (p 8).
- Vir 'n verhouding om te begin moet daar 'n konneksie wees, iets wat 'n mens se aandag vasvang in 'n ander persoon (groep).
- Meisies moet veral versigtig wees om nie te gou te emosioneel te raak, te gou hul harte te ontbloot en te sterk oor te kom nie. Dit skrik ouens soms af (groep).
- “Ons luister nie altyd na ons harte nie” (groep).
- Hul verhouding het haar gehelp om oor die spanning van haar studies te kom (p 8).
- Hulle het baie gelag - dit was een van die sake wat hulle ook na mekaar toe aangetrek het (p 8)

4.6.1.2.1 Konklusie

By die meeste paartjies is daar 'n behoefte te bespeur aan die verwondering van die liefde. Daar is 'n duidelike soeke na en behoefte aan daardie iets (“spark”) wat 'n ou en 'n meisie na mekaar toe aantrek. Terselfdertyd is daar 'n besef dat om verlief te word en jou hart vir iemand te gee, 'n waagstuk eerder as 'n goedkoop waagtoertjie is. Verhoudings wat werk, verloor nie die opwindende van saamwees, die lekker van tyd wat in mekaar se geselskap deurgebring word nie. Daar is ook 'n besef dat 'n ander persoon se gevoelens met respek hanteer moet word.

Veral meisies het die behoefte om spesiaal te voel en gekoester te word. Dit wil ook lyk of verhoudings 'n groot bydrae lewer om die vreugde in die lewe te herontdek en te vier.

4.6.1.3 'n Soeke na en behoefte aan aanvaarding en sekuriteit binne 'n verhouding

- Hul verhouding is tans baie moeilik, omdat hulle nog baie lank sal moet wag voor hulle kan trou. Dit is as gevolg van beide se studies en sy prakties wat nog voorlê. Dit veroorsaak onsekerheid by haar. Sy soek groter vastigheid en hy kan en wil dit nie nou al vir haar gee as hy self onseker is oor wat voorlê nie (p 1).
- Daar was die afgelope jaar baie spanning en onsekerheid, veral rondom hul eie soeke na werk en hul onsekerheid oor wat hulle volgende jaar gaan doen en waar hulle gaan werk kry (p 2).
- Effens spanning op hierdie stadium oor wanneer hulle einde 2005 klaarmaak: Waarheen? Wanneer? Moet hulle nou al saam begin soek na werk op dieselfde plek, terwyl hulle nog nie verloof is nie? (p 4).
- Die ou moet begin werk terwyl die meisie nog verder gaan studeer. Dit veroorsaak geweldige onsekerheid en hulle besef dat die verhouding aanpassings sal moet maak (p 5, 7).
- Dit wil lyk asof sy nie sonder 'n verhouding kan funksioneer nie. Sy het gereeld 'n verhouding, baie mansvriende, het voor hierdie verhouding gereeld uitgegaan, selfs saam met ander ouens wat sy nie so goed ken nie en het relatief min meisievriende. Om 'n ou te hê, kan "in" wees. Sy soek sterk aanvaarding by 'n ou ter wille van haar eie selfbeeld en selfwaarde (p 4).
- Vertroue is vir hulle baie belangrik in die verhouding (p 5).
- Aanvanklik was sy bang dat, omdat hy nog nie voorheen 'n verhouding gehad het nie, dit sou veroorsaak dat hy na 'n tyd gaan aan beweeg as hy iemand "beter" kry, of iemand anders kry wat hom gaan vat, of dat hy nog soek en nie tevrede met haar gaan wees nie. Gewoonlik is dit die patroon waarop verhoudings werk (p 5).
- Die feit dat sy in vorige verhoudings betrokke was, het aanvanklik spanning in hulle verhouding veroorsaak (p 5).
- Hulle huise en agtergronde stem ooreen. Hulle het deur dieselfde krisisse gegaan, veral ten opsigte van hul ouers wie se verhouding nie goed was nie. Dit het hulle na mekaar toe getrek (p 6).
- Die ou het 'n geskiedenis van "bang wees dat die verhouding gaan bom", nie

gaan uitwerk nie, en daarom is hy baie versigtig. Dit het gewoonlik altyd na sowat 2 maande gebeur, omdat hy eerder kies vir die vroeë seerkry as om later meer seer te kry. Dit veroorsaak spanning en onsekerheid by hom (p 6).

- Op die vraag wat hom sekerheid gaan gee dat dit die regte meisie vir hom is, was sy antwoord: "Vrede" (p 6).
- Nadat hul verhouding opgebreek het, het hy baie met die vrae geworstel: Hoe weet ek dat 'n "girl" die regte een vir my is? Hoe breek 'n ou op sonder om die meisie seer te maak? Hoe weet ek dat ek die Here reg gehoor het? Dit het tot gevolg dat hy selfvertroue verloor oor en in verhoudings (p 6).
- Sy het uit 'n skoolverhouding gekom wat baie sleg was en toe het sy vinnig op universiteit 'n ander ou gekry op "rebound", in haar soeke na sekuriteit (p 7).
- Die oorseegeenery veroorsaak baie spanning in hul verhouding. Die onsekerheid daarvan is vir haar die ergste (p 7).
- Haar vorige ou het haar altyd gedreig: "Ek los jou!" As hulle nou in die verhouding vassit, dan is haar reaksie dus altyd - "Gaan jy my nou los?" Hy moes haar leer dat hy haar nie gaan los nie, maar dat hulle verskille moet hanteer en deurwerk. Hy gee altyd vir haar die versekering dat om te verskil nie beteken dat hulle gaan uitmaak nie. Hulle is in 'n verhouding en hulle moet daaraan werk (p 7).
- Sy wil nie in woede reageer nie. Sy weet dat sy baie en soms te emosioneel raak en dat sy te erg reageer. Sy wil nie baklei nie en het eintlik net 'n behoefte dat hy haar moet vasdruk (p 7).
- Vir haar is hierdie aspek van hul verhouding goed. Sy het die ervaring gehad dat hy haar tog aanvaar het (p 8).
- By meisies in die algemeen is daar 'n baie groter soeke na 'n verhouding met iemand van die teenoorgestelde geslag, wat baie keer tot gevolg het dat meisies die eerste en beste ou wat aan hulle aandag gee, sal vat (groep).
- Meisies kom soms desperaat voor, verwag te veel te gou, wil te gou te ernstig raak. Dit veroorsaak dat ouens soms in 'n "blik gedruk" voel en net wil weggom uit die verhouding (groep).
- Onsekerheid oor die toekoms plaas ekstra druk op 'n verhouding (groep).

4.6.1.3.1 Konklusie

Jongmense in hierdie lewensfase het 'n geweldige behoefte aan sekuriteit. Onsekerheid in verhoudings word geweldig negatief beleef. Hierdie onsekerheid word verhoog deur onsekerheid oor werkvooruitsigte, onsekerheid oor langertermyn-verhoudingsbeplanning,

verhoudingspanning, verhoudingskonflik, onsekerheid oor die maat se bedoeling en plan met 'n verhouding. Wat hierdie onsekerheid vererger, is dat 'n paartjie nie altyd in 'n posisie is om groter vastigheid aan mekaar te bied nie.

Die gevaar bestaan dat veral meisies hul sekuriteit in 'n verhouding soek en in sommige gevalle nie sonder 'n verhouding kan funksioneer nie. Die aanvaarding en sekuriteit van 'n verhouding gee aan hulle selfwaarde wat soms die gevolg het dat hulle met die eerste en beste persoon 'n verhouding aanknoop. Dit is dalk ook die rede waarom meisies soms te vinnig ernstig raak en ouens soms die ervaring het dat meisies te gou te ernstig wil raak. Vorige verhoudings en vorige liefdes is 'n verdere bron wat onsekerheid verhoog. Vorige verhoudings wat nie uitgewerk het nie, is ook die oorsaak van onsekerheid in 'n volgende verhouding. Soms word verhoudings 'n bron van sekuriteit te midde van ongelukkige verhoudings met vriende of met ouers.

Verhoudings wat opbreek, veroorsaak baie vrae en onsekerhede - selfs in hul geloofsleuens. Dit wil lyk of dit ook 'n negatiewe effek op hul selfbeeld het. Ongelukkig veroorsaak dit dat hulle soms te vinnig in 'n volgende verhouding in beweeg of heeltemal van verhoudings af weg beweeg.

4.6.1.4 'n Wegbeweeg van selfsug en selfliefde na opofferings en prysgawes ter wille van maat en verhouding

- Beide is "committed" of toegewyd tot die verhouding. Dit is vir hulle geweldig belangrik in hulle verhouding - hulle wil graag hê dat die verhouding moet werk (p 1). "Commitment" maak dat hulle bereid is om daaraan te werk ten spyte van moeilike goed en selfs foute van hul maat. Hulle gaan nie sommer opgee nie.
- Die feit dat hulle aan die einde van die jaar trou, veroorsaak dat hul verhouding op baie terreinne "rustiger" geword het. Hulle is seker van mekaar en het nie meer allerhande "issues" wat hulle vroeër in hul verhouding omgekrap het nie (p 2).
- Hulle wil trou en is tevrede met wat hulle het. Hulle soek nie iemand anders nie (p 3).
- Hulle sien die opofferings raak wat hulle bereid is om vir mekaar te maak. Dit beteken vir beide baie (p 1). Opofferings wat hulle bereid is om vir mekaar te maak, is byvoorbeeld tyd, ondersteuning, om hulself te gee, goed te doen waarvoor hulle nie noodwendig lus is nie ter wille van hul maat, om vroeër op te staan en ekstra goed te doen (p 1).

- Op uitreik was dit moeilik, want in Afrika beteken die toon van affeksie dat 'n paartjie seksueel aktief is. Daarom kon hulle glad nie fisies affeksie aan mekaar toon nie (p 4).
- Die ou is baie gewoond om op sy eie te wees. Dit is moeilik vir haar om daarby aan te pas, want hy soek alleentyd. Aanvanklik was dit vir haar moeilik, want sy is nie 'n alleenmens nie. Daarom het sy dit eers persoonlik opgeneem, maar nou hanteer sy dit al beter en maak hulle meer ruimte vir mekaar (p 5).
- Beide besef dat hulle sekere aanpassings sal moet maak as hulle wil hê dat die verhouding volgende jaar gaan oorleef (p 7).
- 'n Verhouding vra "commitment" (p 8)
- Ouens manipuleer maklik 'n meisie om hul eie behoeftes en drange te bevredig (groep).
- Dit help, veral ten opsigte van keuses oor die fisiese in 'n verhouding, om jou maat se belange op die hart te dra (groep).

4.6.1.4.1 Konklusie

'n Wedersydse besef word by baie van die paartjies aangetref dat dit baie harde werk verg om 'n verhouding te laat werk ten spyte van foute en moeilike goed wat op hulle pad kom. Daarvoor is dit belangrik om wedersydse opofferings ter wille van mekaar en die verhouding te maak. Die implikasie hiervan is baie duidelik dat daar sterk gewerk moet word met uitgestelde bevrediging, wat eintlik 'n vreemde konsep word in 'n kitskultuur.

Sodra die doel waarheen hulle met die verhouding op pad is duideliker word, raak dit makliker om die opofferings te maak. Een van die grootste uitdagings van voorhuwelikse verhoudings is wanneer twee uiteenlopende mense mekaar vind en hulle bereid is om opofferings en prysgawes te maak en nader na mekaar groei. Eers as jy jou maat se belange bo jou belange stel, kan jy aan jouself begin sterf. Ten opsigte van die seksuele is dit een van die belangrikste besluite wat 'n paartjie kan neem.

4.6.1.5 Die selfstandige ontwikkeling en groei na individuasie en die ontwikkeling van die totale mens

- Hulle is bereid om hul foute en tekortkominge te erken. Hulle gaan haal nooit ou koeie uit die sloot nie (p 1).
- Sy is 'n baie meer emosionele persoon wat goed geweldig vir haar aantrek en dit baie persoonlik opneem, maar wat al gegroei het in die vermoë om daaroor te praat (p 2).

- Sy moes leer om haar selfvertroue weer terug kry na 'n paar slegte verhouding en vriendskappe met die teenoorgestelde geslag (p 4).
- Wat vir hulle baie lekker is van hulle verhouding, is hoe hulle by mekaar pas. Sy deel sy drome en hul studierigtings bied hulle die geleentheid om verskillende beroepsopsies te ondersoek waarby beide kan inpas. Sy deel sy groot liefde vir sendingwerk en sy sal saam met hom na enige plek toe gaan (p 4).
- Hulle het geleer om nie van mekaar te verwag om perfek te wees nie. Hulle is baie realisties en gee ruimte vir mekaar se foute. Dit help hulle om te ontspan, meer natuurlik te wees en nie voor te gee nie (p 4).
- Hul verhouding is nie inperkend of beperkend nie. Hulle vertrou mekaar en leef buite 'n verhoudingskokon. Hulle het vriende van verskillende geslagte behou. Hulle het nie 'n na binne versmorende verhouding nie, maar gee mekaar spasie (p 5).
- Persoonlik verskil hulle baie - sy is 'n ekstrovert en hy 'n introvert. Soms dink hulle dat hulle te veel verskil, maar hulle begin ontdek dat hulle mekaar begin aanvul en wedersyds by mekaar leer (p 5).
- Hy glo dat die verhouding hom sal vorm, terwyl hy weet dat daar geen waarborg is dat dit sal uitwerk nie (p 6).
- Sy weet waarheen sy op pad is en wat sy uit die lewe wil hê. Sy hou daarvan om self besluit te kan neem en is nie 'n ja-en-amen mens nie. Sy wil kan redeneer oor sake en het 'n opinie (p 6).
- Haar vorige verhouding was nie vir haar goed nie. Hulle het baie baklei. Die ou het haar baie gemanipuleer en dit was nie goed vir haar selfbeeld nie (p 7).
- Hulle is realisties en besef en erken hulle eie tekortkominge en gebreke. hulle glo in eerlikheid oor die self en dat die fout nie altyd by iemand anders gesoek moet word nie. Hulle breek deur die illusie dat daar 'n perfekte maat is (p 8).
- Hulle het opgebreek, want hulle het nie mekaar aangevul en die beste in mekaar na vore gebring nie (p 8).
- 'n Swak selfbeeld veroorsaak dat 'n meisie soms sal vashou aan 'n verhouding al is dit nie vir haar goed nie, net uit vrees om die ou te verloor. Baie keer is dit haar oortuiging dat sy die ou sal verander en word sy maklik deur so 'n persoon gemanipuleer (groep).
- Daar bestaan soms onrealistiese en onvolwasse verwagtings en eise by paartjies. By veral meisies bestaan 'n oorvereenvoudigde en 'n oorromantiese idee oor verhoudings (groep).
- Paartjies gaan baie langer uit en bly langer verloof as gevolg van 'n

veranderende samelewing en groter werkdruk (groep).

- Jongmense het 'n behoefte om hulself en hul maat te leer ken. Daarom is dit noodsaaklik om in verhoudings met die teenoorgestelde geslag betrokke te raak (groep).
- As 'n verhouding nie uitwerk nie, of as 'n meisie die ervaring het dat ouens nie in haar belangstel nie, kan dit maklik gebeur dat sy 'n swak selfbeeld begin ontwikkel. Hulle koppel maklik hul selfwaarde en selfbeeld aan die mate van belangstelling wat hulle kry vanaf die teenoorgestelde geslag (groep).
- Baie jongmense loop met die persepsie rond dat hulle nie goed genoeg of aantreklik genoeg is nie (groep).

4.6.1.5.1 Konklusie

In hierdie lewensfase is jongmense op 'n intensiewe wyse besig om hul eie identiteit te slyp en hul persoonlikhede te vorm en te vestig. Dit is daarom te verstane waarom dit geweldig belangrik is dat jongmense die proses van individuasie omhels en om die ontdekking te maak dat die mens 'n totale wese is en op verskillende terreine moet ontwikkel, terwyl elke ontwikkeling 'n sistemiese impak het op die geïntegreerde en interafhanklike geheel. Omdat jongmense nog nie ten volle volwasse is nie en op verskillende terreine moet groei in volwassenheid, het dit 'n bepaalde effek op voorhuwelikse verhoudings.

In hierdie groeiproses het dit groot waarde om eerlik en realisties te wees oor foute en tekortkominge. Die uitdaging bly om ruimte te maak vir mekaar se verskille en dit eerder te beskou as 'n geleentheid vir groei. Daar bestaan soms onrealistiese en onvolwasse verwagtings en eise by paartjies. By veral meisies bestaan soms 'n oorvereenvoudigde en 'n oorromantiese idee oor verhoudings. Dit is geweldig belangrik om selfstandig te ontwikkel en sonder 'n verhouding met iemand van die teenoorgestelde geslag te kan klaarkom. Selfwaarde, selfbeeld en aanvaarding word soms nog te maklik deur 'n verhouding bepaal en van 'n verhouding verwag. Dit het groot waarde om die ontdekking te maak dat voorhuwelikse verhoudings met die teenoorgestelde 'n ruimte bly vir groei en selfontdekking op pad na volwassenheid en ter voorbereiding vir die huwelik.

4.6.1.6 Die ontwikkeling van 'n gelyke vennootskap van verhoudingsmaats

- Haar ou sal nooit chauvinisties optree nie, hy maak haar nie af as maar tipies vrou nie (p 1).
- Sy wil graag hê haar ou moet sterker leiding neem (p 1) en haar veral help in belangrike besluite wat sy nou oor byvoorbeeld haar toekoms moet neem,

waaroor sy nie alleen wil besluit nie (p 1).

- Vir die ou voel dit of sy opinie nie vir haar tel nie. Sy kom gewoonlik na hom toe as sy klaar 'n besluit geneem het en dan voel dit vir hom dat sy nie eintlik meer sy raad nodig het nie. Baie keer voel dit vir hom of sy die raad wat hy gee, ignoreer en in elk geval haar eie kop volg. Dit veroorsaak dat hy nie vrymoedigheid het om by 'n volgende geleentheid weer sy opinie te gee nie (p 1).
- Die ou neem sterk leiding en inisiatief (p 4).
- Die Here het haar gewys wat haar plek in verhouding is - as maat, vennoot, om by hom te pas, saam te werk, dat hy nie die heeldyd kan voorloop nie en daar sekere tye is wat sy 'n groter verantwoordelikheid moet neem en dan moet dit vir haar moontlik wees; sy moet soms die dra-werk doen (p 4).
- Hy wil die broodwinner word en wil sterk leiding neem. Op die oomblik is dit 'n frustrasie, want die praktyk van hul situasie maak dit nie altyd moontlik nie (p 5).
- Een van die sterk punte in hul verhouding is dat hulle nuut en vars oor tradisionele rolle dink en ruimte maak vir mekaar se situasies. Soms verwag sy sterk leiding van hom af, want sy wil nie altyd haar sin hê nie! Sy soek duidelike perke en leiding van hom in sekere situasies en oor sekere sake (p 5).
- Meisies neem sterker inisiatief en leiding in verhoudings. Dit is 'n frustrasie dat ouens nie 'n sterker rol speel nie (p 8). Daarom domineer meisies soms. Die samelewing verwag dat meisies 'n sterker rol op baie terreine speel en dit is soms 'n bedreiging vir ouens, veroorsaak 'n swakker selfbeeld en het apatie tot gevolg by baie ouens (p 8).
- Ouens staan min op vir reg of verkeerd - "anything goes". Hulle wil nie standpunt inneem nie (p 8).
- Ouens en meisies het nog in die meeste gevalle 'n tradisionele verwagting van verhoudings, naamlik dat die ou sterk leiding moet neem en die meisie moet volg (groep).
- Dit is belangrik vir 'n paartjie om saam te kan praat, verskille te kan uitredeneer, om mekaar as emosionele gelykes te sien en te hanteer, om as span te funksioneer en in verskille kompromieë aan te gaan (groep).

4.6.1.6.1 Konklusie

Elke persoon kom met sekere verwagtings oor verhoudingsrolle na 'n verhouding. Hierdie rolle word tot 'n mate bepaal deur die samelewing en die voorbeeld wat jongmense by hul ouers sien. Ongelukkig funksioneer sommige verhoudings nog binne 'n patriargale denksisteem,

terwyl wedersydse ondersteuning en samewerking binne 'n verhouding sterker na vore moet tree. Meisies is soms nog te afhanklik van haar ou se opinie en is in sommige gevalle huiwerig om self onafhanklike besluite te neem. Gelukkig is die teendeel ook al waar in sommige verhoudings, waar die meisie sterk onafhanklik kan funksioneer. Die feit dat verhoudings langer word en oor groter afstand moet funksioneer, het die gevolg dat meisies as't ware gedwing word om meer onafhanklik te word. By sommige meisies leef daar 'n frustrasie dat die ouens nie sterker leiding en inisiatief neem in hul verhouding nie. Dit wil ook lyk dat die feit dat die meisie 'n al sterker rol begin speel in sommige gevalle veroorsaak dat die ou apaties word, dit as bedreiging ervaar en selfbeeldprobleme ontwikkel. Dit word geweldig belangrik vir 'n verhouding om as span te funksioneer waar verhoudingsmaats mekaar aanvul, ondersteun en ruimte laat vir onafhanklike ontwikkeling.

4.6.1.7 'n Gesonde hantering van die seksuele

- Hulle het al seks gehad en dit veroorsaak skuldgevoelens en frustrasies (p 1).
- Hulle gaan met seks wag tot voor die huwelik. Op 'n stadium in hulle verhouding was dit baie moeilik gewees om nie seks te hê nie. Hy is grootgemaak dat 'n man respek vir 'n meisie het. Om te wag met seks tot die huwelik en nie die meisie te misbruik nie, is een van die maniere waarop 'n ou vir 'n meisie kan wys dat hy vir haar respek het (p 2).
- Hulle het besluit om nie voor die huwelik saam te woon nie, omdat hulle weet watter gevolge dit inhou. Dit bly 'n oppervlakkige "commitment" (verbintenis) en bederf alles wat die huwelik spesiaal maak (p 3).
- Hulle verstaan waarom seks vir die huwelik bedoel is. Hulle het al met seks geëksperimenteer sonder om koïtus te hê (!), maar dit het deure oop gemaak en 'n mens kry dit nie weer toe gemaak nie. Hulle het maar besluit om 'n "trelldoor" op te sit. Dit was vir hom 'n ervaring dat hy met sy foute deur sy maat aanvaar word. "Ek is so lief vir jou... aanvaar jou volledig." Hul verhouding het baie op ander terreine ontwikkel en gegroei en dan is dit moeilik om nie op seksuele terrein ook te ontwikkel nie. Hy besef dat hulle dit baie keer probeer regverdig, maar tog het dit hulleself voor hul maat ontbloot op baie diep vlakke en verleen dit 'n diepte aan hul verhouding wat dit baie spesiaal maak. Gelukkig het hierdie eksperimentering nog nie 'n patroon geword nie en vind dit slegs per geleentheid plaas. Dit veroorsaak geweldige skuldgevoelens by haar: "Is ons verhouding nou verdoem?" (p 3).
- Die meisie se seksualiteit is die maatstaf vir die seksualiteit van die verhouding - wat sy haarself en maat veroorloof, bepaal hoe seksueel aktief hulle gaan word

in die verhouding en hoe ver hulle sal gaan (p 4 & 6).

- Hulle het baie oor die seksuele gepraat vroeg in hulle verhouding. Vir hulle is die fisiese betrokkenheid by mekaar 'n wys dat hulle omgee, dat dit uit die hart kom, 'n uitvloeisel van hulle liefde vir mekaar en nie as gevolg van 'n hormoon-"craving" nie. Die geestelike band in hul verhouding is vir hulle geweldig belangrik en dit het 'n baie groot impak op hul besluit oor die seksuele. Seks hoort in die huwelik - beide is baie ernstig daaroor. Tog sukkel hulle met die seksuele, veral as hy "down" is en dit nie geestelik goed met hom gaan nie; as hy in 'n geestelike "dip" is. Dit is swaar as sy die dra-werk moet doen; nog swaarder as hulle albei geestelik "down" is! Hulle wil nie saamwoon voor die huwelik nie - dit maak dinge net te moeilik en onmoontlik om jouself dan te fisies beheer. Verder gaan jy kompromieë aan oor jou getuienis en jou meisie se reputasie. Omdat hulle Christene is, omdat hulle 'n verhouding met die Here het, is seks uit. Hulle is ook so grootgemaak. God se liefde is vir hulle groter as die fisiese. Seks voor die huwelik veroorsaak 'n band tussen 'n ou en 'n meisie wat moeilik gebreek word en het spanning, wantroue, 'n gebrek aan vertroue en "commitment" tot gevolg. Dit foeter 'n verhouding op. Tog is dit vir hulle soms baie moeilik om hulle hormone te keer (p 4).
- Mens loop met skuldgevoelens rond oor die fisiese as 'n mens swak is daarin (p 4).
- Hoe keer 'n mens dat jy seks voor die huwelik het? Dit is 'n besluit wat vooraf geneem moet word. Hulle moet leer om vryspraak en vergiffenis te aanvaar teenoor hulle skuldgevoelens. Hulle is kwaad vir hulself en hulle is teleurgesteld omdat hulle drooggemaak het; gefrustreerd omdat daar keer op keer met dieselfde goed geworstel word en hulle swig. 'n Fisiese verhouding (soos jy fisies betrokke is by mekaar) is soos 'n gang waarin jy af beweeg en deure oopmaak wat nie weer toegemaak kan word nie (p 4).
- Vir albei is seks voor die huwelik uit - hy plaas glad nie druk op haar vir seks nie, terwyl hulle baie daaroor praat. Hulle glo dat seks vir die huwelik gemaak is (p 5).
- Sy is geskok oor die hoë vlak van seksuele aktiwiteite van hul vriende. Hulle het selfs druk van hulle kant ervaar om seksueel aktief te word. Hul vriende kan nie verstaan waarom hulle nie seks het nie (p 5).
- Hulle is ook gekant teen saamwoon voor die huwelik: eers trou, dan saamwoon, dan huwelik (p 5).
- Hul krisis is dat niemand oor seksualiteit praat nie, veral nie die kerk nie. Hulle

het 'n geweldige behoefte dat veral die kerk eerlik daaroor moet wees. Daar moet oor seks gepraat word en mense moet ingelig word, veral oor die redes waarom dit die moeite werd is om te wag (p 5).

- Dit is die meisie se oortuiging dat sy nie tweedehands is en wil wees nie. Daarom sal sy met seks wag tot met die huwelik (p 5).
- Seks veroorsaak spanning en onsekerheid in 'n verhouding - hulle sien dit in hul vriende se verhoudings. Ouens (én meisies) is baie slim en weet hoe om iemand van die teenoorgestelde geslag te speel om seks uit 'n verhouding te kry (p 5).
- Hul verhouding het fisies te vinnig ontwikkel omdat die meisie uit 'n vorige verhouding wat fisies was, kom. Die ou was lanklaas in 'n fisiese verhouding en hy wou nie gehad het dat verhouding so vinnig fisies moes ontwikkel nie. Toe hy met haar daaroor praat, was dit sy ervaring dat die meisie seergemaak gevoel het (p 6).
- Die kerk het 'n baie klein rol gespeel rondom inligting, riglyne en rigting in verhoudings, veral ten opsigte van die seksuele. Dit het eerder 'n waarskuwende rol gespeel: "Bly weg van seks af; pas op vir verhoudings..." Hulle sal eerder wil sien dat die kerk 'n beter prentjie sal skets oor hoe God seks sien (p 6).
- Sy eie persoonlike verhouding met die Here en die feit dat hulle al gesien het hoe mense naby aan hulle seergekry het, sowel as die opvoeding wat hulle by hul ouers gekry het, het hul denke en oortuigings oor die rol van die seksuele in verhoudings, gevorm (p 6).
- Die kerk moet eerlik praat oor seksualiteit - is die kerk skaam daaroor? Preek daaroor, want mense wil weet wat die Bybel sê (p 6).
- Hy verstaan hoe maklik 'n mens seks kan hê en besef hoe belangrik dit is om vooraf 'n besluit daaroor te neem. Dit was vir hom skokkend om te ontdek dat die meisie die een is wat die lyn trek! (p 6).
- 'n Maand gelede het haar pa 'n "bytjie-blommetjie-gesprek" met haar gehad! En dit net na aanleiding van die feit dat hulle en 'n ander "couple" 'n naweek saam sou weggaan. Hulle is oortuig daarvan dat 'n besluit oor seksualiteit iets is waaroor hulle self kan besluit. As hulle seks wou gehad het, sou hulle dit al lankal op universiteit gedoen het, veral omdat hulle baie geleenthede daarvoor het (p 7).
- Dit is moeilik om nie seks te hê in 'n verhouding nie. Hulle sal wel so nou en dan saam slaap. Hulle albei glo dat as 'n mens seks voor die huwelik het, is 'n mens

in die oë van die Here getroud. As 'n mens dit een keer gedoen het, is dit baie moeilik om terug te draai (p 7).

- Seks is baie algemeen tussen hulle vriende en hulle is nie eers meer privaat daaroor nie. Daar word baie algemeen gepraat oor die fisiese. Groepsdruk maak dit vir hulle baie moeilik om met seks te wag. Van hulle vriende wat hoor hoe lank hulle al uitgaan, veronderstel bloot dat hulle alreeds seks gehad het. Hulle kan nie glo dat hulle nog nie seks gehad het nie (p 7).
- Die boodskap wat die media oordra, is dat daar niks mee verkeerd is om te eksperimenteer nie. Dit is een van die redes waarom so baie jongmense wel seks voor en buite die huwelik het (p 7).
- Dit was vir hierdie paartjie die enigste rede waarom hul verhouding aangegaan het (p 8). Selfs na hul verhouding opgebreek het, het hulle soms bymekaar gekom en "heavy" gevry, wat veroorsaak het dat die meisie gevoel het dat sy gebruik is (p 8). Hul verhouding was baie fisies, maar sonder om seks te hê/die seksdaad te doen. Die meisie het dit toegelaat ter wille van aanvaarding. Die ou het soms kru voorstelle gehad (p 8).
- Dit is nooit moeilik om nee te sê vir seks nie. (Sy kom uit 'n gebroke huis en was as kind gemolesteer; dit maak dit makliker om nee te sê vir seks.) Die ou het in 'n vorige verhouding seks gehad en baie druk op haar daarvoor geplaas. Dit het veroorsaak dat sy hom wantrou. Sy het ontdek dat hy min begrip vir haar gehad het en dat hy selfsugtig was (p 8).
- Meisies voel soms dat daar te ver gegaan word. Die ou word fisies meer veroorloof uit vrees dat sy hom sal verloor (groep).
- Hoe langer 'n paartjie uitgaan en hoe vaster die verhouding is, hoe groter fisiese eise word aan 'n paartjie gestel. Die volwassenheid van die paartjie bepaal die keuse wat hulle uitoefen oor seksualiteit (groep).
- Paartjies bly al hoe meer saam en slaap al hoe meer saam. Baie meisies sal by die ou oorslaap en ouens sal uitslaap. Saam slaap beteken ook nie dat die paartjie noodwendig seks het nie, maar dit is eerder die norm as die uitsondering en dit is wat verwag word en wat daarmee gekommunikeer word, naamlik dat 'n paartjie seksueel aktief is (groep).
- Studente is in die algemeen baie meer seksueel aktief met 'n groter verskeidenheid maats en meestal vind dit bepland plaas (groep).
- Daar bestaan 'n vrees by van die meisies of hulle nog rein mans gaan kry (groep).
- MIV is nie meer 'n afskrikmiddel om jong mense te weerhou van seks nie.

Ongewenste swangerskappe is 'n groter afskrikmiddel (groep).

- Mense kom soms geforseerd bymekaar en raak te gou te ernstig in 'n verhouding (groep).

4.6.1.7.1 Konklusie

Seksualiteit is vir al die paartjies 'n geweldige moeilike saak. Veral die paartjies wat al lank uitgaan, ontwikkel op ander terreine en dan is dit baie moeilik om die seksuele te onderdruk. Van die paartjies erken openlik dat hulle al seks gehad het (1, 3). Dan is dit weer van die ander se oortuiging om met seks te wag vir die huwelik (2, 4, 5, 7). Selfs hierdie paartjies erken egter dat dit baie moeilik is om nie seks te hê nie. Seks voor die huwelik veroorsaak 'n band tussen 'n ou en 'n meisie wat moeilik gebreek word en het spanning, wantroue, 'n gebrek aan vertroue en "commitment" tot gevolg (4). Tog is dit vir hulle soms baie moeilik om hulle hormone te keer en van die paartjies erken dat hulle fisies baie ver gaan, sonder koïtus (2, 3, 4, 5, 7, 8). Vorige verhoudings wat baie fisies was, het 'n groot invloed op die huidige verhouding en die grense wat gestel word. Die skuldgevoelens wat met eksperimentering in 'n fisiese verhouding gepaard gaan, bemoeilik die verhouding en moet aandag kry.

'n Bekommerende tendens is dat van die paartjies (3, 4 & 8) wat die ontstaan en voortbestaan van hul verhouding aan die Here toeskryf, en skynbaar baie "geestelik" is, baie worstel met seksualiteit. Dit is dié paartjies wat met die meeste geverbaliseerde skuldgevoelens rondloop as gevolg van wat hulle hulself in die verhouding veroorloof ten opsigte van seksualiteit. Dit laat die vraag ontstaan of 'n "sterk" spiritualiteit nie veronderstel is om keuses oor die seksuele te vergemaklik nie en om die skuldgevoelens oor die verkeerde hanteer ("die te ver gaan") beter te kanaliseer nie? Bekommernis bestaan dan oor hul werklike geestelike diepte. Die gevaar bestaan ook dat hulle oorkompenseer vir die seksuele deur baie geestelik te wees. Die navorser se posisie as hul predikant kon moontlik ook hiertoe bygedra het, naamlik dat hulle voor die dominee moes voorgee om meer toegewyd te wees. Dalk bestaan die gevaar ook dat waar mense geestelik 'n ervaring het van diep deel of iets geestelik saam beleef het, daar 'n sterker fisiese aangetrokkenheid ontstaan. Seksualiteit en spiritualiteit lê dus baie nader aan mekaar as wat soms voorgehou word.

Dit wil voorkom asof die kerk nie die primêre motiveerder is om te wag met seks tot die huwelik nie. Dit wil eerder lyk of hul persoonlike verhouding met die Here, ouers, vriende en negatiewe ervarings van ander 'n belangriker motiveerder is om met seks te wag tot die huwelik. Uit respek vir sy meisie en omdat hy so grootgemaak is, wil hy daarmee wag (2). Daar bestaan 'n baie groot behoefte vir duideliker begeleiding van die kerk se kant af rondom seksualiteit. Aan

die ander kant is vriende een van die grootste motiveerders om wel seks voor die huwelik te hê. Dit is geweldig belangrik om al op 'n baie vroeë stadium in 'n verhouding 'n besluit te neem oor hoe ver hulle fisies wil gaan in die verhouding. Dit wil ook voorkom as of mans 'n sterker rol moet speel in die begrening van die fisiese verhouding.

Saamwoonverhoudings kom baie algemeen voor. Tog beskou die paartjies met wie 'n onderhoud gevoer is dit nie as 'n opsie nie, as gevolg van 'n gebrek aan werklike toewyding. Van die paartjies het aangedui dat hulle per geleentheid wel saam slaap sonder dat hulle seks het, maar dit is onder die studente die verwagting dat saam slaap seks impliseer.

4.6.2 Reaksie ten opsigte van verhoudingsvaardighede

4.6.2.1 Verhoudings vereis die ontwikkeling van sekere vaardighede

Die **bereidheid om aan 'n verhouding te werk**, eie beperkinge en tekortkominge te besef en te verbeter en die daarmee gepaardgaande **opofferings en prysgawes** wat gemaak word, speel 'n belangrike rol in verhoudings. Hier kom sake soos onder andere kommunikasie en konflikthantering aan die orde.

- Beide is "committed" tot die verhouding en dit is baie belangrik vir hulle in 'n verhouding - hulle wil graag hê dat die verhouding moet werk (p 1). "Commitment" maak dat hulle bereid is om daaraan te werk. Ten spyte van moeilike goed en selfs foute van hul maat, gaan hulle nie sommer opgee nie.
- Die feit dat hulle aan die einde van die jaar trou, veroorsaak dat hul verhouding op baie terreine "rustiger" geword het. Hulle is seker van mekaar en het nie meer allerhande "issues" wat hulle vroeër in hul verhouding omgekrap het nie (p 2).
- Hulle wil trou, is tevrede met wat hulle het en soek nie iemand anders nie (p 3).
- Hulle besef dat dit waarde sal hê om op 'n punt met iemand te praat oor algemene verhoudingsvaardighede (p 6).
- 'n Verhouding vra "commitment" (p 8)
- Paartjies besit oor net sowat 30% van die vaardighede wat nodig is om verhoudings te laat werk. Daarom kan dit van baie groot waarde wees om paartjies daarmee te help (p 8).
- Daar is nie een patroon of een resep wat gaan maak dat verhoudings suksesvol is en werk nie. Mense en hul verwagtings van verhoudings en die huwelik is verskillend (groep).
- Mense dink soms te romanties oor verhoudings en is nie altyd realisties in die

besef dat daar in 'n verhouding deur moeilike goed, soos konflik en verskille, gewerk moet word en dat 'n verhouding harde werk vereis nie. Paartjies breek soms juis as gevolg daarvan te maklik op (groep).

- As jy lief is vir iemand is dit nie *werk* om aan jou verhouding en jouself te werk en te verander nie. Dan is dit ook 'n saak wat van beide kante af kom en wederkerig funksioneer. Weereens is daar nie 'n bepaalde patroon of resep wat gevolg moet word nie (groep).
- 'n Verhouding vra opoffering (groep).

4.6.2.1.1 Kommunikasievaardighede

- Die ou is 'n baie goeie luisteraar. Hy stel regtig belang. Hy sal haar toelaat en aanmoedig om heeltmal uit te praat (p 1).
- Sy weet nie altyd hoe om hom te hanteer as dit sleg gaan met hom nie - weer kommunikasie, praat en deel (p 1).
- Aanvanklik het sy situasies geïgnoreer en stilstuipe gekry. Kommunikasie is vir hulle ontsaglik belangrik. Hy is iemand wat sake uitpraat. Hy is meer beredeneerd en hou daarvan om 'n saak by die horings te pak en dit uit te sorteer (p 2).
- Hy doen moeite om geduld met haar te hê en begrip te kry - hulle is werklik mekaar se sielsgenote (p 2).
- Hulle het uit hul verhouding geleer om geduldig met mekaar te wees, eerlik te wees, hoe belangrik kommunikasie is en om reguit te wees en goed uit praat (p 3).
- Hierdie ruk het hulle gedwing om net te praat en briewe te skryf, wat baie goed was vir hul verhouding. Kommunikasie is 'n sterk punt in hulle verhouding. Kan baie, lekker en oor enige iets praat, oor positiewe en negatiewe goed, met groot vrymoedigheid. Kommunikasie is geweldig belangrik (p 4).
- Sy dink lank voor sy praat omdat haar vinnige en reguit antwoorde en opmerkings haar in die verlede al in die moeilikheid laat beland en laat seerkry het, en ander seer gemaak het (p 4).
- Hul verhouding het baie vinnig ontwikkel en beteken vir albei ongelooflik baie. Hulle het mekaar vooraf goed geken. Die eerste paar maande voor hulle uitgegaan het en in hulle verhouding het hulle geweldig baie gepraat (p 4).
- Hulle praat baie en broei nie oor probleme of verskille nie. Hulle probeer om nooit kwaad te gaan slaap nie (p 5).
- Daar is te veel wat 'n mens verhoed om te kommunikeer, soos byvoorbeeld

selfone, afstand, vervoer en praktiese goed wat verhoudings soms moeilik maak (p 6).

- Hulle besef dat hulle mekaar baie in die rede val. Sy verloor beheer as sy kwaad raak en raak dan fisies. Hy is die kalm een wat stilbly en soms weg loop tot sy afgekoel het. Hy besef ook dat sy stilbly deel is van sy eie poging om nie in woede verkeerde goed te sê nie en dat dit haar help om deur 'n saak te dink. Hulle los nooit 'n saak wat tussen hulle is nie - eventueel praat hulle daaroor (p 7).
- Die een saak wat hulle in kommunikasie gebruik, is om te sê "Ek voel..." Dit help hulle baie in konflikhantering. Dit help hulle ook om baie eerlik met mekaar te wees. Hulle kan oor hul probleme praat (p 7).
- Die ou het 'n onvermoë om te praat as goed pla en "sulk" eerder (p 8). Sy praat as goed pla; praat dit deur (p 8)
- 'n Paartjie het nodig om baie te praat. So maklik word die fokus verloor en draai die verhouding net oor die fisiese. Omdat daar nie oor die moeilike keuses betreffende die fisiese aspek van 'n verhouding gepraat word nie, kan dit maklik 'n groot "issue" in die verhouding word (groep).
- Waar 'n ou of meisie in die verlede al seergekry het in verhoudings, bestaan 'n huiwering om te vinnig oop te maak en openlik en eerlik oor alle fasette te praat (groep).

4.6.2.1.2 Konflikhantering

- Hulle gaan haal nie ou koeie uit die sloot nie. Hulle hanteer verkeerdwees baie goed - is bereid om te erken en te bely, om om vergiffenis te vra (p 1).
- Konflikhantering is soms vir haar 'n probleem - sy is soms skielik weer terug in haar ou styl van stilstuip, om nie te ondersteun nie en te onttrek. Dit is moeilik om in woede te praat as gevolg van die wyse waarop haar ma haar hanteer en konflik hanteer. Sy wil praat, maar is bang dat sy soms te vinnig praat en verkeerde goed sê. Hy hou homself maklik in en is 'n goeie luisteraar en konflikhanteerder (p 1).
- Daar was verskille in hul verhouding wat hulle moes leer om te hanteer en dit het nie, soos soms verwag word, hul verhouding verongeluk nie (p 6).
- Vir die verhouding om te werk, moet hulle kompromieë aangaan en aanpassings maak. Hulle moet ruimte maak vir mekaar se standpunte (p 6).
- Hulle het geweldig baie konflik oor sy keuse om volgende jaar oorsee te gaan, terwyl sy nog moet studeer (p 7).

- Haar vorige ou het haar altyd gedreig: "Ek los jou!". As hulle nou in die verhouding vassit, dan is haar reaksie dus altyd - "Gaan jy my nou los?" Hy moes haar leer dat hy haar nie gaan los nie, maar dat hulle verskille moet hanteer en deurwerk. Hy gee altyd vir haar die versekering dat om te verskil nie beteken dat hulle gaan uitmaak nie. Hulle is in 'n verhouding en hulle moet daaraan werk (p 7).
- Die een saak wat hulle geleer het, was om in kommunikasie gebruik te maak van die tegniek om te sê "Ek voel...". Dit help hulle baie in konflikhantering. Dit help hulle ook om baie eerlik met mekaar te wees. Hulle kan oor hul probleme praat (p 7).
- Hulle baklei baie, maar "issues" word nie hanteer en opgelos nie, kom net weer terug (p 8).

4.6.2.1.3 Konklusie

Realisme vereis dat verhoudings harde werk is en nie sommer vanself gaan werk nie. Die bereidheid om aan 'n verhouding te werk, word grotendeels bepaal deur die toewyding van die paartjie aan mekaar en aan die verhouding. Verhoudingsvaardighede is iets wat met oefening aangeleer kan word. Kommunikasie speel 'n geweldige belangrike rol in alle verhoudings. Egtheid, geduld en eerlikheid is onontbeerlik vir goeie kommunikasie. Paartjies besef terdeë dat hulle opofferings moet maak en kompromieë moet aangaan om die verhouding te laat werk. Ongelukkig word kommunikasie- en konflikhanteringspatrone ook in die ouerhuis gevestig en daar gemodelleer. 'n Belangrike besef waartoe paartjies moet kom, is dat konflik nie noodwendig sleg is nie, maar deurgewerk kan en moet word. Dit help nie om dit te vermy, te ignoreer of selfs die verhouding op te breek as daar moeilike sake kom wat hulle moet hanteer nie. Paartjies breek soms te maklik op as hulle met hul verskille gekonfronteer word en dalk het baie studente 'n té romantiese idee oor verhoudings. Die waarde van vergiffenis in konflikhantering is kosbaar.

4.6.3 Reaksie ten opsigte van die rol en plek van breër verhoudings

4.6.3.1 Die impak van ouers op 'n verhouding

- Hy kry die idee dat hy nie goed genoeg is vir haar ouers nie, omdat hy op skool 'n "stoutgat" was. Dit veroorsaak dat hy nie vrymoedigheid het om met haar ma te praat nie. Hy het feitlik geen verhouding met haar ma nie. Dit versleg die verhouding tussen haar en haar ma, wat in elke geval nog nooit baie goed was

nie. Sy is te onafhanklik na haar ma se sin. Dit versterk weer die geweldige konflik wat tussen haar en haar ma is. In konfrontasie loop sy weg, want dit help nie om met haar ma daaroor te praat nie. Sy voel magteloos en vermy liewers konfrontasie (p 1).

- Vroeër het hulle ook nogal spanning in hul verhouding met haar ouers gehad, maar dit het beter geword namate die verhouding gegroei het. Hulle het ook van hulle kant baie moeite gedoen om uit te reik na haar ouers (p 2).
- Sy ouers het 'n "amazing" voorbeeld vir hom gestel van die onselfsugtigheid van liefde tussen 'n man en 'n vrou, hoe 'n man 'n vrou met respek hanteer en hoe sy ouers mekaar se beste vriende is (p 2).
- Beide hulle ouers het geen probleem met die verhouding nie. Haar ouers aanvaar hom en hanteer hom baie volwasse. Sy ouers kry haar betrokke, maak haar deel van hul huis en doen moeite om haar in te trek (p 4).
- Hulle wil baie graag los kom van hul ouers. Hulle wil op hul eie voete begin staan, nie omdat die verhouding met hul ouers sleg is nie en nie uit rebellie uit nie (p 5).
- Hulle kry baie ondersteuning by hulle ouers (p 5).
- Dit wat sy ouers hom geleer het, het sy denke oor die seksuele sterk gevorm (p 6).
- Haar verhouding met haar ma is nie goed nie. Haar ma is baie statusbewus. Sy mag byvoorbeeld nie huil voor ander mense of op die begrafnis van haar oma nie, want "Wat sal die mense sê?". Haar ma kon haar glad nie ondersteun nie. Haar ma is geweldig voorskriftelik en die verhouding met haar ma is so sleg dat sy nie eers wil huis toe gaan nie omdat hulle so baie vassit en baklei (p 7).
- Haar ma voel dat haar ou haar wegrokket. Dit sweep haar net nog meer op teen haar ma omdat haar ma die verhouding nie wil aanvaar en haar wil laat gaan nie (p 7).

4.6.3.1.1 Konklusie

Ouers mag nooit die belangrike rol wat hulle in hul kinders se lewens en ten opsigte van hul keuses speel, onderskat nie. Spanning kom soms voor tussen meisies en hul ma's, wat soms op 'n spits gedryf word sodra die meisie in 'n verhouding met iemand van die teenoorgestelde geslag betrokke raak (1, 7). Aan die ander kant is daar ook verhoudings met ouers wat getuig van ondersteuning, respek, positiewe invloed en goeie rolmodelle (2, 4, 5, 6). Jongmense is in 'n lewensfase waarin hulle hulself geleidelik van hul ouers losmaak. Dit wil lyk asof, waar die verhouding met die ouers goed is, hierdie oorgang baie makliker plaasvind. Waar die

verhouding met ouers egter problematies is, veroorsaak hierdie wegbeweeg geweldig konflik, woede en onsekerheid.

4.6.3.2 Die impak van vriende op 'n verhouding

- Die ou mis goeie, diep vriende in sy lewe. Hy het baie oppervlakkige vriende, maar geen werklike sielsgenote nie. Dit is vir hom sleg, want hy het nie iemand met wie hy altyd man-goed deur kan praat nie. Sy het wel so 'n vriendin wat vir haar baie beteken (p 1).
- Ander vriende kyk op na hulle in terme van verhoudings. Dit is vir hulle soms moeilik omdat hulle verhouding nie altyd voorbeeldig voel nie. Hulle weet hulle maak foute en weet hulle sukkel ook met sekere goed (p 1).
- Sy vriende dink sy meisie sit op sy kop (p 1).
- Kontak met ander paartjies is vir hulle baie goed en noodsaaklik (p 1). Dit het baie waarde om oor verhoudingsgoed met ander te praat en mekaar te ondersteun.
- Hulle is gedwing om met die span oor hulle verhouding te praat. Vir ander in die span is gevra hoe hulle die verhouding moes hanteer. Dit het kommunikasie in die span verbeter. Die span het groter verantwoordelikheid vir mekaar begin neem. Hierdie openheid en eerlikheid het 'n groot verskil in die span gemaak. Hierdie fasette het ook in hul verhouding posgevat (p 4).
- Sy vriende help nie in keuse oor seksualiteit nie. Sy het ook nie werklik vriendinne met wie sy hieroor kan praat nie. Sy het wel 'n baie noue verhouding met haar ma (p 4).
- Vriende is die grootste drukgroep wat bydra daartoe dat paartjies seks het (groep).
- In die algemeen sal 'n groep wat net bymekaar kom om oor verhoudings te praat, nie werk nie, omdat hulle vreemd vir mekaar is. Dit is onnatuurlik, daar is min vertroue, hulle is skaam en kan maklik voorgee (p 4).
- Gemeenskaplike vriende maak die verhouding makliker (p 5).
- Sy is geskok oor die hoë vlak van seksuele aktiwiteite van hul vriende. Hulle het selfs druk van hulle kant ervaar om seksueel aktief te word. Hul vriende kan nie verstaan waarom hulle nie seks het nie. Hulle het al selfs goeie vriende verloor as gevolg van hul oortuigings oor seks voor die huwelik. (p 5)
- Inligting en oortuigings ten opsigte van seksualiteit lê nie op 'n preekvlak nie, maar eerder op 'n vriendskapsvlak (p 5).
- In kleingroepgesprek is almal nie altyd eerlik nie en kan hulle nie openlik praat

nie. Saam met baie noue vriende kan dit wel werk (p 5).

- Hulle het meer geleer uit die foute van ander met wie hulle kontak gehad het of gesprekke mee gehad het oor die gevolge van 'n verkeerde besluit waarmee hulle moes saamleef (p 6).
- Hulle praat moeilik voor vreemde mense omdat sake baie keer diep persoonlik is. Hulle het eerder 'n behoefte om in aparte geslagsgroepe oor verhoudings sake te praat. Tog bly baie verhoudings sake baie persoonlik. In 'n groep waar mense al 'n lang pad met mekaar stap en verhoudings gebou het, is dit meer natuurlik om daarvoor te praat, maar goeie verhoudings moet bestaan (p 6).
- Haar vriende is heeltemal gekant teen die idee dat hy oorsee gaan en sy agterbly en is oortuig daarvan dat dit nie goed is vir die verhouding nie en dat hulle uit mekaar gaan dryf. Dit het 'n groot invloed op haar (p 7).
- Baie vriende het haar verwyt omdat sy met haar vorige ou uitgemaak het en sy het baie vriende en vriendinne verloor. Dit was vir hulle 'n baie slegte tyd (p 7).
- Seks is baie algemeen tussen hulle vriende en hulle is nie eers meer privaat daarvoor nie. Daar word baie algemeen gepraat oor die fisiese. Groepsdruk maak dit vir hulle baie moeilik om met seks te wag. Van hulle vriende wat hoor hoe lank hulle al uitgaan, veronderstel bloot dat hulle alreeds seks gehad het. Hulle kan nie glo dat hulle nog nie seks gehad het nie (p 7).
- Mense om jou en hul opinies speel soms 'n belangrike rol (groep).

4.6.3.2.1 Konklusie

Vriende speel 'n ontsaglik belangrike rol in die lewens van jongmense. Vriendegroepe kan positiewe en negatiewe drukgroepe wees. Alle jongmense het 'n behoefte om deel te wees van vriendegroepe en die opinie van vriende bepaal tot 'n groot mate gedrag. Meisies en ouens het vriende van dieselfde geslag nodig met wie hulle intieme sake wil deurpraat. Hoe beter hierdie verhoudings is, hoe makliker kan oor diep en intieme sake gepraat word. Kontak met ander paartjies kan van waarde wees as daar wedersydse vertroue bestaan. So 'n groep kan egter ook bedreigend en onnatuurlik wees, afhangende van die verhoudings wat in die groep bestaan. Dit is belangrik om te beseef dat mense en hul opinies in hierdie lewensfase geweldig belangrik is.

4.6.3.3 Die invloed van rolmodelle op verhoudings

- Die goeie verhouding wat paartjie 1, 2, 5 en 6 met die navorser het, maak dit makliker is om eerlik oor moeilike goed te praat.
- Die paartjies met wie die navorser al in die verlede gewerk het (p 1, 2, 4 en 6)

het groter vrymoedigheid gehad om dieper te deel.

- In van die gesprekke (p 4) het die navorser tog die aanvoeling gehad dat hulle nie 100% eerlik is nie, veral rondom seksualiteit en hul seksuele betrokkenheid by mekaar.
- Dit het geweldig waarde om met iemand te praat oor hulle verhouding (p 4).
- 'n Groot behoefte bestaan aan eenpaartjie-begeleidingsgesprek met 'n dominee of 'n mentor met wie hulle oor 'n langer tyd 'n pad kan stap (p 4).
- Dit het geweldig waarde om met iemand te praat wat uit sy of haar eie lewe voorbeelde kan gee oor sake waarmee paartjies worstel (p 5).
- Jongmense wil graag leer uit die verhoudingservaring van jong volwassenes (groep).
- Dit is goed om 'n plek te hê waar 'n mens kan vrae vra en eerlik kan wees (groep).

4.6.3.3.1 Konklusie

Jongmense soek rolmodelle wat bereid is om hul lewens en ervaring te deel. Hoe beter hierdie verhouding met hierdie persone is, hoe dieper is hierdie gesprekke en hoe meer vrymoedigheid bestaan om eerlik te vra en te deel. So 'n pad wat met 'n paartjie gestap word, kan baie help om 'n paartjie te begelei in hul verhouding. Ouens en meisies het 'n behoefte aan individuele mentorgesprekke met iemand wat vertrou word, waar hulle raad kan vra en hul opinies en oortuigings kan toets.

4.7 VOORLOPIGE GEVOLGTREKKINGS

In hierdie hoofstuk is op 'n wetenskaplike manier ondersoek ingestel na die huidige stand van voorhuwelikse verhoudings. Daar is gepoog om die verskillende fasette van voorhuwelikse verhoudings nader te ondersoek in 'n poging om jongmense beter te begelei met die oog op die huwelik.

HOOFSTUK 5: PRAKTYKTEORIE

5.1 INLEIDING

Die vraag wat hierdie navorsing na vore gebring het, is: Hoe moet jong mense begelei word in hul voorhuwelikse verhoudings? In hierdie hoofstuk word gepoog om praktykteoretiese beginsels daar te stel vir die sinvolle begeleiding van jongmense in voorhuwelikse verhoudings met die oog op die huwelik.

5.2 PROBLEEMSTELLING

Die navorsingsvraag waarmee in hierdie hoofstuk gewerk gaan, is:

Watter praktykteoretiese riglyne kan neergelê word vir die effektiewe begeleiding van jong volwassenes in voorhuwelikse verhoudings?

Hierdie argument gaan soos volg uiteengesit word:

- 'n Begripsverklaring van die wese van 'n praktykteorie word aangebied.
- Basisteoretiese gegewens en metateoretiese perspektiewe word in 'n hermeneutiese wisselwerking geplaas met die oog op die ontwerp van 'n praktykteorie.

5.3 PRAKTYKTEORIE

'n Praktykteorie beskryf hoe 'n basisteorie in praktyk behoort te funksioneer (Venter, 1995:1999) en ontstaan uit 'n wisselwerking tussen teorie en praktyk, terwyl dit gerig is op 'n bepaalde handelingsstrategie vir die bedieningspraktyk (Hendriks, 1997a:11).

Omdat dit 'n pastoraal teologiese studie is, sal daar beweeg moet word na 'n bedienings- of begeleidingsmodel. Die gevaar bestaan om wetties of voorskriftelik daarvoor te dink en so terug te val op 'n modernistiese wyse van denke. Daar sal voortdurend rekenskap gehou moet word dat met postmodernistiese jongmense gewerk word wat nie binne rigiede voorskriftelike raamwerke funksioneer nie, maar wat voortdurend met verandering, verskeidenheid, fragmentasie, pluraliteit, diversiteit, toevallighede en onsekerhede gekonfronteer word. Tog is dit die navorser se oortuiging dat sekere riglyne of beginsels met vrug gestel kan word vanuit die raamwerk wat die basisteorie reeds op die tafel geplaas het (vgl 2.9).

5.4 DIE ROL EN PLEK VAN SPIRITUALITEIT

In die eerste plek sal gewerk moet word met paartjies se Godsbegrip. Hulle sal begelei moet word tot 'n ontdekking van God se troue en genadige verbondsliefde (2.6.2, 2.8.1, 2.8.10). Dit is die liefde van 'n God wat die mens voortdurend opsoek of voortdurend 'n ontmoetingsgebeurtenis met die mens tot stand bring of skep (2.7.4). Dit is 'n God wie se liefde nie op verdienste funksioneer of daarvan afhanklik is nie, maar wat eerder in sy ewige genade en troue vryspraak voortdurend uitreik na die mens en dit voortdurend in die oog het om die mens in sy verhouding met God, met hom- of haarself en met ander mense te herstel en te vernuwe (2.6.1, 2.8.7). Hierdie troue liefde van die Here wil 'n ruimte skep van waaruit gesprekke en nadenke oor 'n verhouding plaasvind (2.8.7). So 'n verhouding wil juis sekuriteit en sekerheid bied as anker te midde van al die onsekerheid, vloeibaarheid en relatiwiteit en as bron en inspirasie vir die liefde tussen 'n ou en 'n meisie.

In die pastorale versorging gaan dit ten diepste om die totale mens binne 'n heel spesifieke verhouding, naamlik sy verhouding tot God (3.21.2). Die kern van menswees handel oor die ontdekking dat 'n mens voortdurend in die teenwoordigheid van 'n skeppende en herskeppende God leef (3.6). Die inkarnasie van God in Jesus open nuwe weë vir die kommunikasie met en die hantering van mense, wat ten diepste relasioneel word. In hierdie verband is dit geweldig belangrik om te besef dat spiritualiteit 'n dinamiese krag verteenwoordig wat deur die werking van die Heilige Gees gedryf word (Janse van Rensburg, 2003:317). Dit het ook tot gevolg dat nuut gedink moet word oor die waardes waarop 'n voorhuwelikse verhouding tussen twee mense van die teenoorgestelde geslag funksioneer. Die ontdekking kan gemaak word dat daar nie maklike en simplistiese antwoorde is nie, maar dat daar eerder 'n ontdekking is van 'n konteks waarbinne eerlik met die vrae en die lewe geworstel word in die mens se soeke na sin en betekenis in die lewe (3.5.3, 3, 15.6).

Die mate waarop die mens afhanklik is van die Here se liefde, genade en vergifnis, is veronderstel om die maatstaf te wees waarop verhoudingsmaats mekaar ook met liefde, genade en vergifnis hanteer (4.6.1.1.1). Dan kan 'n verhouding 'n ruimte word waar mense se foute, mislukkings en teleurstellings ernstig geneem word, en dit in die lig hanteer word van 'n God wat voortdurend ons foute, mislukkings en teleurstellings gebruik om ons nader aan Hom te bring. Ruimte moet gemaak word vir die ontdekking van die misterie van God wat op verrassende, onvoorspelbare en kreatiewe maniere met die mens omgaan (3.5.3).

Paartjies kan gehelp word om te groei in elkeen se persoonlike verhouding met die Here, maar ook om as paartjie saam nader aan die Here te groei. In hierdie verband kan 'n paartjie:

- gelei word tot die ontdekking van 'n inkarnasiespiritualiteit, of van wat dit beteken om voortdurend orals in die teenwoordigheid van die Here te lewe;
- saam Bybelstudie doen of selfs net saam Bybel lees - spesifieke Bybelstudies kan in hierdie verband uitgewerk word. Dit is egter geweldig noodsaaklik dat sekere riglyne en beginsels vir gereformeerde Skrifgebruik ook hanteer word om hulle in staat te stel om op 'n verantwoordelike manier met die Skrif om te gaan;
- saam te bid en tyd te maak vir die Here;
- ander geestelike dissiplines te ontwikkel;
- saam eredienste en ander godsdienstige geleenthede by te woon;
- saam betrokke te raak by gemeenteaksies en uitreike;
- betrokke te raak saam met ander gelowiges in 'n kleingroep (Oostenbrink & Lotter, 2002:543-552);
- hul wedersydse verwagtings oor die geestelike in hul verhouding deur te gesels en die plek van die Here in hul lewens te verbaliseer.

'n Verhouding mag nooit as 'n kruk funksioneer nie. Die feit dat 'n paartjie saam by die Here uitkom, mag nooit 'n plaasvervanger word vir persoonlike tyd wat 'n persoon op sy eie met die Here het nie. Vanuit 'n eie persoonlike tyd met die Here en 'n persoonlike leef saam met die Here, kan begin word om spontaan met mekaar te deel wat elkeen ervaar, beleef, hoor, sien en lees. So word die teenwoordigheid van die Here 'n groeiende werklikheid en word dit nie beperk tot 'n spesifieke tydsgleuf of faset van 'n verhouding nie. Die gevaar is altyd om 'n skeiding te maak tussen wat sogenaamd "heilig" is en wat "profaan" is en om met hierdie dualisme verskillende aspekte van die verhouding te hanteer asof daar sekere terreine is, met spesifieke verwysing na verhoudingsaangeleenthede, waarin die Here meer belangstel as in ander (3.21.2).

Net so bestaan die gevaar om ten opsigte van die praktykteorie God se handelende teenwoordigheid te beperk tot hierdie afdeling oor spiritualiteit. Dit het groot waarde om voortdurend te ontdek hoe God kreatief en skeppende teenwoordig is op elke terrein van 'n verhouding. Dit het min waarde om *net* deur die **indikatief** van God se verbondsliefde aangespreek te word, terwyl die bedoeling van 'n verhouding met die Here tog duidelik is om erns te maak met die **imperatief** van verandering, openheid vir groei en ontwikkeling waar die Woord en die Gees aanspraak maak op die lewe van die mens (2.6.1, 2.7.4, 2.8.1, 2.8.8). Die waarde van 'n verhouding met die Here vir jongmense in 'n voorhuwelikse verhouding is dat hulle uitgedaag word om hul totale menswees aan die Here, die eise van sy Woord en die inwerking van die Heilige Gees ondergeskik te stel en van daaruit uitgedaag te word om in hulleself en in hul verhouding nader aan die Here te groei (3.15.6).

Elkeen van die ander geïdentifiseerde terreine word ten diepste beïnvloed en gevorm deur die mens se verhouding met hierdie troue Verbondsgod wat in liefde en genade met die mens op weg gaan.

- Die oortuiging van verliefdheid/passie/wonder/misterie van liefde kan tog net groei en ontwikkel uit die Bron van liefde.
- 'n Soeke na en behoefte aan aanvaarding en sekuriteit binne 'n verhouding sal altyd bepaal word deur die mate waarin aanvaarding en sekuriteit binne 'n verhouding met die Here realiseer.
- Die wegbeweeg van selfsug en selfliefde na opofferings en prysgawes ter wille van die maat en die verhouding kan tog net op die spoor van Jesus Christus se groot daad van selfopoffering en selfprysgawe plaasvind.
- Die selfstandige ontwikkeling en groei na individuasie en die ontwikkeling van die totale mens kan alleen plaasvind binne die ruimte van God se verbondsliefde en sy ideaal dat elke mens moet groei tot geestelike volwassenheid en sy of haar Godgegewe potensiaal en gawes ten volle bereik en op elke lewensterrein uitleef.
- Die ontwikkeling van 'n gelyke vennootskap van verhoudingsmaats staan ten diepste in die lig van die skeppingsbedoeling van man en vrou.
- 'n Gesonde hantering van die seksuele is onmoontlik indien nie erns gemaak word met God, sy Woord en sy Gees nie.

- Die feit dat verhoudings harde werk en opoffering vra en dat 'n mens uitgedaag word om aan vaardighede soos kommunikasie en konflikthantering te werk met die oog op die groter heil van die individu en die verhouding, staan tog in die lig van die imperatief van die Woord wat mens uitdaag om erns te maak met verhoudings op alle vlakke.
- Die impak van ouers, vriende en rolmodelle op 'n verhouding is van allergrootste belang, aangesien die mens nie in isolasie geskep is nie en slegs binne verhoudings volwaardig mens kan word.

5.5 'N OORTUIGING VAN VERLIEFDHEID/PASSIE/WONDER/MISTERIE VAN LIEFDE

'n Geloofwaardige hantering van voorhuwelikse verhoudings en van die huwelik vereis 'n doelbewuste visie van heilige liefde wat romanse, kameraderie en langtermyn-"commitment" insluit (3.22). In Hooglied word so 'n liefde beskryf en gevier (2.6.9, 2.7.1, 2.8.8). Die waagstuk om verlief te word, bly een van die misteries van menslike verhoudings en sal aanhou om mense uit te lok om hul harte weg te gee (2.8.11, 3.10.3, 3.20.3.3, 4.6.1.2.1).

- Doen moeite om die liefde te vier met rituele, simbole en briewe.
- Maak ruimte vir die misterie van verliefwees - geniet dit, droom daaroor, koester dit en ontwikkel die vermoë om gereeld na daardie fase van julle verhouding terug te gaan en dit saam te vier.
- Werk met **misterie**. Moenie wegskram daarvan nie. Jongmense word groot in 'n omgewing waar die misterie in fliks - Lord of the Rings, Harry Potter, videospeletjies en -simulasies - deel is van hul lewens. Hulle smag en soek daarna. Gaan kyk saam na sulke fliks en praat na die tyd oor die impak en effek wat dit persoonlik gehad het en waar daar ooreenstemmings is met elkeen se storie en met die Here se storie.
- Doen moeite om mekaar te waardeer. Praat meer gereeld oor wat julle in en van mekaar hou, wat julle aantrek, maar ook afstoot.
- Verhoudingsmaats kan meer moeite oor 'n langer tyd doen om mekaar spesiaal te laat voel. Dit is veronderstel om dwarsdeur 'n verhouding 'n belangrike plek te hê en nie net in die hofmaakfase van 'n verhouding nie.

- Maak tyd om te speel, om te ontspan, om te lag en die lekker en opwindende in die lewe te geniet. Vind uit wat jou maat se belangstelling is en wat jou maat geniet. Spandeer tyd daaraan.
- Neem jou eie en jou maat se gevoelens en emosies ernstig op - praat en luister.
- Wees eerlik met jouself en jou maat, al maak dit soms seer.
- Pasop om jou hart te gou weg te gee, om te gou verlief te raak, om te gou en te maklik jouself te gee.
- Bly droom oor wat vir jou belangrik is in 'n verhouding en in 'n verhoudingsmaat. Hou die standarde hoog en moenie kompromieë aangaan ter wille van ander of ter wille van aanvaarding nie. "Don't settle for second best!"

5.6 'N SOEKE NA EN BEHOEFTE AAN AANVAARDING EN SEKURITEIT BINNE 'N VERHOUDING

'n Soeke na sekuriteit, sekerheid en veiligheid is kenmerkend van jongmense in hierdie lewensfase. Dit word versterk deur die tydgees van Postmodernisme (3.6, 3.16, 3.20.3.1, 4.6.1.3.1). Sake soos die verlengde jeugjare en die prestasiebewuste sukseskultuur en soms hoë verwagtings van ouers plaas groot sosiale druk op jongmense. Dit dra veral by tot sake soos gevoelens van minderwaardigheid, depressie, neerslagtigheid, lusteloosheid, lewensmoegheid, selfverwerping, 'n swak ego-identiteit en 'n negatiewe selfbeeld, wat weer die soeke na sekuriteit en aanvaarding verhoog (3.5.2, 3.14). Te maklik word 'n verhouding met iemand van die teenoorgestelde geslag die bron vir aanvaarding en die plek vir sekuriteit (2.9, 3.6, 4.6.1.3.1).

In hierdie verband is dit belangrik dat die volgende sake met jongmense in verhoudings, maar ook met jongmense in die algemeen, deurgewerk moet word:

- 'n Belangrike vraag wat jongmense in verhoudings moet beantwoord, is: Is ek in die verhouding om aanvaar te word of omdat ek aanvaar word nes ek is? In hierdie verband sal dit ook van waarde wees om die eise wat die spesifieke lewensfase waarin hulle is, deur te praat en vir die paartjie te verduidelik. Dit kan ook van waarde wees om stof en inligting hieroor tot hul beskikking te stel. Dit alleen behoort alreeds 'n groter begrip vir hul eie en hul maats se worstelinge te weeg te bring.

- Baie moeite en tyd sal afgestaan moet word om te werk met die selfbeeld van jongmense, om hulle te begelei tot die ontdekking dat 'n mens se selfbeeld nooit geleë kan wees in enige horisontale verhouding of enige ander persoon nie, maar dat dit geïnternaliseer moet word.
- Gebroke verhoudings besit die potensiaal om die soeke na aanvaarding en sekuriteit te verhoog. Daarom is dit belangrik om sulke verhoudings met die betrokke persone deur te werk, die geleentheid aan hulle te bied om daaroor te praat, om uit hulle foute te leer, om ander mense en hulself te vergewe waar nodig, om die vermoë te ontwikkel om die groter prentjie raak te sien en om opnuut doelwitte te stel vir 'n "beter" verhouding vorentoe.
- Dit behoort ook waarde te hê om 'n realistiese tydsbeplanning vir 'n verhouding te doen. Daarvoor moet hulle vrae kan antwoord soos "Op watter punt wil ons waar wees op verskillende terreine in ons verhouding?" Dit kan help dat 'n verhouding nie te gou te ernstig word nie en dat een faset van die verhouding nie skeef ontwikkel terwyl ander fasette verwaarloos word nie.
- 'n Vraag wat eerlik mee geworstel moet word, is die vraag: "Hoe verstaan ek God se wil vir my verhouding?" of anders gestel, "Hoe weet ek dat dit die regte ou of meisie vir my is?". Weer is dit belangrik om te werk vanuit 'n gereformeerde Skrifbeskouing en jongmense sal vaardighede aangeleer moet word om die Skrif reg te hanteer.
- In enige volgende verhouding het dit waarde om op 'n punt openlik en eerlik te praat en te kan praat oor vorige verhoudings en die impak daarvan op hul lewens.
- Jongmense sal geleer moet word dat hulle nie van 'n voorhuwelikse verhouding kan verwag om 'n baie groot mate van sekuriteit te bied nie. Ten slot van sake is dit een van die verwagtings van die huwelik.
- Jongmense sal voor die uitdaging moet kom om nie ander lewensfasette af te skeep ter wille van of as gevolg van hul verhoudings nie. Ruimte en tyd moet geskep word en aan mekaar gegun word vir ander belangstellings.
- Jongmense in verhoudings moet steeds ruimte en tyd maak vir vriende van dieselfde geslag.

5.7 'N WEGBEWEEG VAN SELFSUG EN SELFLIEFDE NA OPOFFERINGS EN PRYSGAWES TER WILLE VAN DIE MAAT EN VERHOUDING

Een van die grootste uitdagings vir jongmense is om die beginsels van selfbeheersing en uitgestelde bevrediging aan te leer te midde van 'n kultuur waar verantwoordelikheid ontdoek word en die gevolge van keuses gerelativeer word (2.9, 4.6.1.4.1). Die beginsel van onmiddellike bevrediging kenmerk die meeste verhoudings. Dit staan in direkte kontras met wat vir jare aan jongmense geleer is oor die funksionering van verhoudings (3.21.1, 3.22). Jongmense sal op 'n baie vroeë stadium die waarde van uitgestelde bevrediging aangeleer moet word, omdat dit baie nou saamhang met die beginsels van selfopoffering en selfprysgawe (2.8.2, 2.8.4). Die sosiale en kulturele bronne wat tipies is aan Postmodernisme is nie in staat om 'n etiek van verantwoordelikheid te kweek of in stand te hou nie, veral omdat die vraag bestaan, "Waarvoor moet hulle verantwoordelikheid neem as mens net vandag het om voor te leef en 'n geloof in die dag van môre afwesig is?" Die postmoderne jongmense is moeg vir oppervlakkige en kitsantwoorde en simplistiese oplossings (3.6). Jongmense sal uitgedaag moet word om aan mekaar en aan 'n verhouding toegewyd te wees (2.9).

- Daag jongmense uit om voortdurend aan die belange van en voordele vir hul maat te dink in die keuses wat gemaak word oor die verhouding.
- Spandeer tyd aan sake wat vir die verhoudingsmaat belangrik is.
- Maak eerlike prysgawes van sake wat vir jou belangrik is, maar nie vir jou verhoudingsmaat nie.
- Jongmense moet geleer word om te dien en goed te wees vir iemand sonder om beloning terug te verwag.
- Gee doelbewus jou regte en voorregte prys ter wille van jou maat en verhouding.
- Moenie altyd doen waarvoor jy lus is nie. Laat jou maat soms voorstelle maak en leer om eg opgewonde daaroor te raak.
- Leer om na jou maat te luister. Daarmee gee 'n mens waarde aan jou maat se opinie en standpunt oor sake en plaas jy jou eie opinies op die agtergrond.

- Vra jouself eerlik: "Wat is die heel kosbaarste in my lewe?". Sal jy dit prysgee ter wille van jou maat en die verhouding?
- Raak sensitief vir maniere waarop jy vir jou maat goed kan wees, hom/haar kan bedien en spesiaal kan laat voel.
- Maak tyd om 'n slag saam met jou maat te kuier sonder dat 'n ander afspraak julle aanjaag.
- Gee soms saam iets wat vir julle kosbaar is vir iemand anders wat dit dalk meer nodig het.
- Erken jou foute en tekortkominge en vra om vergiffenis.
- Spaar soms saam vir iets wat julle beide byvoorbeeld graag wil koop of beplan saam aan 'n uitstappie en leer op so manier prakties die vrug van uitgestelde bevrediging.
- Leer om te wag. Raak meer geduldig, veral as die meisie soms baie langer vat om gereed te maak vir 'n afspraak.

5.8 DIE SELFSTANDIGE ONTWIKKELING EN GROEI NA INDIVIDUASIE EN DIE ONTWIKKELING VAN DIE TOTALE MENS

In hierdie lewensfase is jongmense op 'n intensiewe wyse besig om hul eie identiteit te slyp en hul persoonlikhede te vorm en te vestig (4.6.1.5.1). Jongmense moet individuasie bereik, met ander woorde volwasse word, adolessensie oorleef en doelbewus deel en betrokke raak van 'n groter gemeenskap sonder om hul uniekheid prys te gee (2.9, 3.11.1, 3.16). Eintlik is jongmense in die proses om die mense te word wat God wil hê hulle moet wees (3.23, 4.6.1.5.1). Die belangrike bydrae van Postmodernisme in hierdie verband, is dat dit 'n herwaardering gebring het vir die feit dat met die totale mens gewerk moet word (3.5.4). In hierdie verband kan 'n liefdesverhouding ook 'n belangrike rol speel as bydrae tot die ontwikkeling van selfwaarde (2.6.9, 3.6, 3.20.3.3, 4.6.1.5.1).

- Leer jongmense om gemaklik te wees met hulleself en hulleself te aanvaar.
- Benut verskillende persoonlikheidstoetse, soos byvoorbeeld 30-PF-vraelys en die MBTI-toets om aan hulle die geleentheid te bied om hulleself en hul maats beter te verstaan.

- Gee aan hulle die geleentheid om sterk punte en gawes realisties te identifiseer en om foute en tekortkominge raak te sien en te erken.
- Leer jongmense om in hulle denke ruimte te maak vir verskillende standpunte en oortuigings, sonder dat hulle daarmee hul eie standpunte hoef prys te gee.
- Laat hulle terselfdertyd ontdek dat 'n teenoorgestelde of net ander opinie ook waarde het en die potensiaal het om hul eie standpunt te verryk.
- Leer hulle die waarde van sisteemdenke ontdek om die waarde van verandering en kompleksiteit te waardeer.
- Gebruik spanning, konflik en verskille in 'n verhouding tot voordeel as identifisering van die verskuilde potensiaal waaroor 'n verhouding beskik.
- Lei jongmense tot die ontdekking dat geen mens in kompartemente funksioneer of leef nie. Elke keuse op elke lewensterrein het verreikende gevolge en implikasies vir elke ander lewensterrein.
- Skep die geleentheid waar 'n paartjie baie eerlik kan wees oor hul verskille, hoe hulle mekaar aanvul en komplementeer en oor wat hulle van die ander persoon aantrek, maar ook wegstoot.
- Weereens moet verhoudingsmaats die geleentheid hê om tyd saam met hul onderskeie vriende van dieselfde geslag deur te bring. In hierdie verband is dit belangrik dat 'n paartjie moet ontdek dat hulle vriende buite die verhouding ook moet hê en dat hulle nie jaloers hoef te wees op hierdie vriendskappe nie.
- 'n Verdere vraag wat van waarde kan wees is, "Bring jy die beste in jou maat na vore?"
- Hou op om voor te gee en jou maat te probeer beïndruk.

5.9 DIE ONTWIKKELING VAN 'N GELYKE VENNOOTSKAP TUSSEN VERHOUDINGSMAATS

Die verskillende geslagsrolidentiteite kom sterk na vore in hierdie lewensfase (3.10.3, 3.23). Dit is nodig om krities hiermee om te gaan, aangesien dit baie sterk gevorm word deur tradisionele rolverwagtings. Hooglied het baie te sê oor die herstel van die posisie van die vrou teenoor die patriargale denke oor die plek en rol van die vrou in verhoudings en in die samelewing (2.6.1, 2.6.8, 2.8.3, 3.5.1). Die ontdekking moet gemaak word dat ouers en meisies gelyke vennote in verhoudings is (2.7.3.1, 4.6.1.6.1).

- Gee aan die paartjie die geleentheid om hul onderlinge verwagtings van die rol van man en vrou duidelik te kommunikeer.
- Vra kritiese vrae oor die verskillende rolverwagtings, soos byvoorbeeld:
 - # - "Waarom dink jy is dit die rol van die man en verwag jy hierdie funksie van die vrou?"
 - # - "Wat beteken dit om 'hoof te wees van die huis', in lyn met Jesus as hoof van kerk?"
 - # - "En wat as die vrou 'n groter salaris inbring?"
 - # - "Hoe het julle ouers mekaar hanteer?"
 - # - "Wat is positief en negatief in hulle verhouding?"
- Plaas die beginsel van spanfunksionering op die tafel en bespreek dit met die paartjie.

5.10 'N GESONDE HANTERING VAN DIE SEKSUELE

Die uitdaging bly om met veranderende mense in 'n veranderende omgewing met behulp van nuwe benaderings te werk. Seks is deur God geskep. Met ander woorde seks is goed. Vanuit die Joodse tradisie erf ons 'n baie positiewe ingesteldheid teenoor seksualiteit (2.7.1, 2.9). Seksualiteit en spiritualiteit vorm deel van 'n holistiese geheel en is onlosmaaklik aan mekaar verbonde (4.6.1.7.1). Dalk is die grootste ontdekking wat jongmense in die gesprek oor seksualiteit moet maak, dat enige verhouding met iemand van die teenoorgestelde geslag eintlik 'n drierigtingverhouding is, twee mense en God (2.8.7, 3.21.2). Die inkarnasie van Jesus Christus en die teenwoordigheid van die Heilige Gees impliseer dat 'n mens voortdurend, orals en altyd in sy teenwoordigheid leef. Hierdie ontdekking kan benouend of bevrydend wees

Jongmense se oortuigings oor seksualiteit sal baie eerlik en openlik op die tafel geplaas moet word (3.6, 3.23). Een van die mees algemene klagtes was dat die kerk baie sterker leiding vanuit die Skrif moet bied oor seksualiteit (4.6.1.7.1). Daar sal oor die volgende sake eerlik gepraat moet word sonder om dit uit 'n posisie van mag of meerdere kennis te doen, maar eerder met 'n ingesteldheid van *eerlik saam worstel met moeilike sake waarvoor daar nie maklike swart en wit antwoorde bestaan nie*:

- Omdat seksualiteit baie meer is as koïtus en deel uitmaak van daaglikse menswees, sal 'n paartjie se "seksbegrip" deurgepraat moet word. Verreken die gedagte dat 'n mens baie meer is as 'n geestelike wese binne 'n liggaam, wat eintlik net 'n leë dop is. Seksualiteit is volledig deel van menswees en baie meer as net 'n ervaring of 'n drang of begeerte. Beweeg weg van 'n daadgefokusde denke oor seksualiteit na 'n verhoudingsgefokusde plek vir seksualiteit. Die kerk is ook 'n seksuele gemeenskap teenoor die denke dat die kerk aseksueel is en net met die hoër geestelike sake te doen het. Seks is net so heilig en nie die "groot sonde" nie. Seksualiteit is nie 'n private aangeleentheid nie, maar het alles te doen met ander mense en die gemeenskap en per implikasie ook die geloofsgemeenskap.
- In hierdie verband behoort dit waarde te hê om jongmense in 'n verhouding uit te daag om hul eie oortuigings oor die rol en plek van seks in hul verhoudings deeglik met hul verhoudingsmaat deur te praat, saam 'n besluit te neem oor hoe ver hulle onderneem om te vry en selfs hierdie oortuiging neer te skryf en dan gereeld saam daaroor te bid.
- Wanneer het 'n mens seks met iemand? 'n Paartjie moet tot die besef gebring word dat seks lank voor penetrasie al reeds plaasgevind het. Hieroor kan 'n paartjie besluit om mekaar te help om voortdurend die impak van denke, gesprekke en fliks te verreken en mekaar aan te moedig of uit te daag om eerlik daaroor te wees.
- Verreken deeglik die eise van 'n kultuur waarin seksualiteit aantreklik en uitloklik gemaak en aangebied word. Watter impak het 'n samelewing wat ingestel is op onmiddellike bevrediging op die seksuele verwagtings van 'n paartjie? Paartjies kan hieroor saampraat en aangemoedig word om eerlik te wees oor hul seksuele verwagting en onderneem om mekaar te help om op meer te fokus as persoonlike bevrediging.
- Hanteer die Bybelse oortuigings oor seksualiteit en jongmense se denke oor seksualiteit in kleingroepgesprekke. Help jongmense om hul persoonlike oortuiging vanuit die Bybel te vorm oor seks voor die huwelik en die plek van die seksuele binne 'n verhouding.
- Gee aan jongmense die geleentheid om te praat oor die konsekwensies van seks met iemand anders. Help hulle om te ontdek dat die gevolge baie dieper en op baie ander terreine lê; dat seks nie net 'n fisiese daad is nie. "Watter verantwoordelikhede bring seks mee?"

- Benut films en snitte uit films as onderrig- en identifiseringsmedium om die hedendaagse oortuigings oor seksualiteit en verhoudings in die algemeen te ontbloot. Voorbeelde van films is: As Good as it Gets, The Story of Us, Lost in Translation, Vanilla Sky. Praat saam oor flieks wat hulle gekyk het.
- Vir jongmense word seks baie keer as boos, goedkoop en gevaarlik voorgehou. Maar sodra jy getroud is, word presies dieselfde daad skielik legitiem. Watter verskil maak getroudwees aan seks? Om seks net as goedkoop te beskou, is dieselfde as om die huwelik net as 'n seremonie te sien. 'n Nuwe waardering van die huwelikverbintenis as 'n lewenslange, monogame, openbaar erkende, heteroseksuele verbintenis waaronder die waardes van eksklusiwiteit, getrouheid, toewyding en permanensie verstaan word, maak dit oorbodig om nuwe reëls en regulasies daar te stel vir die regulering van voorhuwelikse seksuele aktiwiteite.
- Op watter waardes of beginsels wil 'n paartjie hul verhouding bou? Watter impak het hierdie waardes op elke terrein van hul verhouding en natuurlik ook op die seksuele? Daag jongmense uit om waardegedrewe besluite te neem. Help hulle om 'n waardelysie op te stel wat hulle gedrag kan motiveer.
- Omdat die realiteit van die lewe is dat mense nie meer vanselfsprekend toekomstgedrewe leef nie, maar vir die hier en nou, vir onmiddellike bevrediging, is dit geweldig belangrik dat die hede met betekenis gevul moet word en nuwe betekenis moet kry, wat ook noodwendig 'n impak sal hê op die toekoms. Die "instant gratification" wat die kerk bied (of moet bied) moet dus diep, eg en betekenisvol wees, moet waardegedrewe wees en mense kan saamneem en opgewonde maak, moet holisties wees en die totale mens en die sake van die dag aanspreek. Help jongmense met dit wat hulle hier en nou beleef. Begin preek oor vandag, oor die realiteit van die lewe. Gee aan paartjies die geleentheid om hul drome vir hul verhouding deur te praat en neer te skryf en mekaar gereeld daaraan te herinner.
- 'n Kerk/dominee moet ophou om vir jongmense net te preek oor die huwelik en meer fokus op huidige verhoudings voor die huwelik in hul preke. Hanteer en praat oor sake soos respek vir hulself en ander, om hul liggame te versorg as lewende tempels van God en om eerlik te kan wees oor komplekse gevoelens, drange, begeertes, emosies en denke oor die seksuele.

- Jongmense het nodig om ervaring op te doen ten opsigte van die interaksie met die teenoorgestelde geslag voordat hulle hulleself in romantiese verhoudings of selfs die huwelik begeef. Skep geleenthede of benut bestaande geleenthede waar jongmense van verskillende geslagte saam is om te praat oor verhoudingsaangeleenthede.
- Daag jongmense uit om binne 'n kultuur te leef waarin individualisme, fisiese aantrekking en seksuele vaardigheid belangrik geag word. Hoe lyk 'n Christen se getuienis, veral ten opsigte van 'n verhouding met iemand van die teenoorgestelde geslag, binne so 'n wêreld?
- Praat eerlik oor die motivering om vir seks te wag tot die huwelik. Om bloot nee te sê vir seks voor die huwelik gaan nie keer dat jongmense seks het nie. Wat gaan mense daarvoor motiveer? Watter effek het veldtogte soos “Ware Liefde Wag” of “The silver ring thing” op jongmense? Dien dit as effektiewe motivering of verhoog dit morele dwang en skuldgevoelens?
- Jongmense moet egter uitgedaag word en 'n geleentheid gebied word om vooraf reeds 'n keuse uit te oefen om met seks te wag tot die huwelik. Dit behoort ook waarde te hê om te motiveer waarom hulle 'n sekere keuse uitoefen. Hierdie keuse moet nie vanuit 'n morele dwang of as gevolg van groepsdruk of as resepmatige kitsoplossing plaasvind nie, maar eerder vanuit 'n genade-geloofsoortuiging.
- Die probleem is dat 'n verhouding op verskillende vlakke groei. Daar vind ook groei op die vlak van intimiteit plaas. Hoe moet dit hanteer word? Hoe ver mag 'n mens vry? Waar mag jy vat en wanneer mag jy daar vat?
- Hoe moet 'n jongmens sy of haar fisiese drange hanteer? Moet dit net eenvoudig onderdruk word of kan aan hierdie frustrasie uiting gegee word deur masturbasie of ander vorme van selfbevrediging, solank penetrasie net nie plaasgevind het nie? Gesels saam oor die gevolge van elke keuse en die impak daarvan op mense se lewens.
- Wat moet met die skuldgevoelens wat gewoonlik met 'n fisiese verhouding, masturbasie en “te ver gaan” gepaard gaan, gemaak word?
- Dit is belangrik dat jongmense wat met skuldgevoelens rondloop oor fisiese foute wat hulle in verhoudings gemaak het, vergiffenis kan ontvang en vrypraak kan ontdek. Bied die

geleentheid om vergiffenis daarvoor te vra en help jongmense om die Bybelse siening oor vryspraak te ontdek.

- As daar een terrein is waar jongmense nodig het om God se genade te ontdek, dan is dit op die terrein van die seksuele. Wat het God se genade te sê vir jongmense se fisiese verhoudings?
- Skep geleenthede waar jongmense na mekaar se stories kan luister, saam kan praat, hul ervarings kan deel en mekaar kan help in hul keuse oor die seksuele.
- Dalk sal dit van waarde wees om gesprekke te fasiliteer met getroude paartjies wat bereid is om eerlik te praat oor die rol en plek van seks in hul huwelik. Dit kan waarde hê om jongmense tot die ontdekking te bring dat hul lewensfase en kultuur ongelukkig 'n geweldige groot en onregverdige fokus op seks plaas, asof dit die een saak is wat geluk, aanvaarding en sukses in 'n verhouding bepaal.
- Paartjies sal eerlik moet wees oor hoe belangrik seks vir hulle geword het en in watter mate hulle drange en begeertes hulle aantrekkingskrag geword het. Wat is die sake wat op 'n langer termyn 'n verhouding laat werk?

Dalk het dit waarde om hierdie deel af te sluit met die opmerking dat die hele saak van seksualiteit 'n mynveld geword het waardeur met groot versigtigheid en wysheid beweeg moet word. As gelowiges sal 'n eerlike keuse gemaak moet word om opreg en eg saam met jongmense deur hierdie sake te worstel sonder om eenvoudige, simplistiese, moralistiese antwoorde en kitsresepte op te dis. Dit het in sommige gevalle eerder die potensiaal om iemand verder van God en sy genadige en liefdevolle betrokkenheid met die mens, te laat eindig. Dalk moet die ontdekking opnuut gemaak word dat hierdie opweg-wees met hierdie sensitiewe en tog belangrike saak ook in die teenwoordigheid van hierdie Here plaasvind. En dat Hy begrip het vir die mens en sy of haar stryd en worsteling, en dat Hy dieper as die oppervlak mense se harte en motiewe raaksien. Dalk moet hierdie soektog eindig by die ontdekking dat hierdie God nog steeds 'n verhouding begeer met elke mens en gaan bly uitreik na die mens en betrokke gaan bly in ons worsteling met hierdie moeilike saak.

5.11 VERHOUDINGS VEREIS DIE ONTWIKKELING VAN SEKERE VAARDIGHEDE

Dit is nodig om 'n balans te vestig tussen emosies en gevoelens van verliefdheid en liefde aan die een kant en die realisme aan die ander kant dat verhoudings nie net sommer uitwerk nie, maar dat jongmense harde en moeilike keuses moet maak, bereid sal moet wees om hard te "werk" aan 'n verhouding en bereid sal wees om opofferings te maak ter wille van hul maat en die verhouding, as hulle wil hê dat 'n verhouding moet uitwerk (2.8.6, 2.9, 4.6.2.1.3).

Keuses oor enige saak is nie blote swart-en-wit opsies om tussen reg en verkeerd te kies nie, maar is wyd uiteenlopend en kompleks en deel van 'n lewenslange groeiproses (3.4.4). Waardes groei en verander soos 'n mens groei en verander (3.10.3).

Die volgende sake en vrae kan hanteer word:

- Watter vaardighede het jongmense nodig om verhoudings te laat werk?
- Watter sake is daar waaraan julle sal moet werk - elkeen persoonlik, maar ook gemeenskaplik?
- Watter sake het die potensiaal om julle verhouding te verongeluk as dit nie hanteer word nie?
- Watter opofferings verwag jy van jou maat en jou maat van jou?
- Die uitdaging bly om jongmense se vermoë om hulle intimiteitsbehoefte self te reguleer, te ontwikkel en om hulle te help om self verantwoordelikheid te neem vir hul intieme verhoudings. Die jongmens moet die geleentheid gegun word om selfstandig sy eie probleme op te los. Geen kitsoplossings of kortpaadjies bestaan op hierdie pad nie. Jongmense het vryheid om te kies, maar moet ook ontdek dat hulle die verantwoordelikheid dra van die gevolge van hul keuse.
- Moralisme is die neiging om uitwendige gedragskodes en reëls oor te dra sonder die nodige motivering of verduideliking en selfs teologiese begroning. Daar word gewerk met algemene skemas en antwoorde wat nie genoeg rekening hou met die spesifieke situasie waarin die spesifieke jongmens hom bevind nie. Veral naskoolse jongmense beleef 'n moralistiese hantering van hul probleme as 'n miskien van hul volwassenheid en 'n

bedreiging vir hul eie selfstandigheid. 'n Eksistensiële-pragmatiese benadering vra erns vir die probleme waarmee jongmense hier en nou worstel. Ontwikkelingsvrae oor persoons- (wie is ek?), sosiale (wat is my verhouding tot ander?) en geloofsidentiteit (wat glo ek?) moet meer gevra word en meer geleentheid moet geskep word om eg en eerlik saam te reis in die ontdekking daarvan.

Twee sake wat besondere klem kry in hierdie afdeling is kommunikasie en konflikthantering. Vaardighede hieroor kan met groot vrug byvoorbeeld op 'n verhoudingseminaar aangebied word.

5.11.1 Kommunikasievaardighede

'n Algemene ervaring in die era van onbeperkte kommunikasie is dat mense toenemend alleen word. Die kerk staan voor 'n uitdaging om hierdie individualisme en eensaamheid te hanteer. E-pos, selfone en die internet het die wêreld kleiner gemaak, maar nie noodwendig mense nader aan mekaar gebring nie (3.6). Die implikasie is dat die meeste mense van vooraf geleer moet word om te kommunikeer en dit begin gewoonlik by die vermoë om te leer om te luister (2.9, 3.6, 3.21.1, 3.23, 4.6.2.1.3).

- Daag paartjies uit om aktief na mekaar te luister.
- Leer jongmense om eerlik te kan praat en hul gevoelens openhartig te verbaliseer. Dit is veral ouens en mans wat hierdie vaardigheid aktief sal moet aanleer.
- Leer jongmense om probleme uit te praat eerder as om dit te internaliseer en daaroor te tob.
- Dit het veral groot waarde om oor moeilike etiese sake en taboe-onderwerpe te praat, aangesien dit 'n manier is waarop 'n persoonlike opinie gevorm word.
- Omdat die fisiese in baie gevalle 'n verhouding oorheers, kan 'n paartjie 'n afspraak in 'n openbare plek maak en hulleself dwing om vir 'n tyd net met mekaar te praat en dan nie net oor oppervlakkige sake nie, maar oor dieper sake wat hul lewens raak.
- En weer: Leer paartjies om aktief na mekaar te luister.

5.11.2 Konflikhantering

Paartjies het nodig om te leer hoe om te verskil en hoe om verskille tussen mekaar te hanteer. Dit is geweldig maklik om konflik te vermy deur nooit daaroor te praat of dit nooit te konfronteer nie. Dan loop 'n verhouding die gevaar om nie eg en eerlik te ontwikkel nie en kan dit uitloop op 'n geweldige uitbarsting of 'n koue onttrekking wat baie maklik op die opbreek van 'n verhouding kan uitloop. Om konflik te hanteer, is nie altyd maklik nie (2.8.6, 3.22). Die manier waarop mense konflik hanteer, verskil. 'n Paartjie moet leer om konflik te bestuur en breuke te herstel, om waar nodig verhoudings op 'n etiese manier te verbreek en om die emosionele gevolge daarvan te hanteer (4.6.2.1.3).

- Jongmense moet leer om nie hulleself te gou te probeer verdedig en te regverdig nie.
- Probeer verstaan wat die oorsaak of rede is vir die verskil of konflik.
- Leer om jou foute eerlik te erken, verskoning te vra en om mekaar te vergewe.
- Maak ruimte vir jou maat om foute te mag maak. Niemand is volmaak nie.
- Leer die vaardigheid aan om nie altyd reg te probeer wees nie, maar om werklik jou maat se kant van 'n saak in te sien. Leer om ook te ontdek dat jou opinie en standpunt foute het en beperkend is en in sommige (dalk die meeste!) gevalle verkeerd kan wees.

5.12 DIE IMPAK VAN OUERS OP 'N VERHOUDING

'n Ondersteuningsnetwerk is ononderhandelbaar om die volwasse wêreld te betree en selfs om volwasse romantiese verhoudings te vestig (2.8.5, 3.6). Verbintenisse met gesinne, families, vriende en portuurgroepe is geweldig belangrik om hierdie funksie te vervul (2.9, 3.20.1). Nooit mag die geweldige impak wat die ouerhuis op die vorming van kinders en jongmense het, onderskat word nie (3.5.2, 4.6.3.1.1). So word jongmense se keuse oor seksualiteit primêr deur hul ouers, die omgewing en dan spesifiek ander rolmodelle, bepaal (3.20.1). Ouers se huweliksgedrag en voorbeeld dra oor op adolessente (3.22). Positiewe en negatiewe tendense in huidige huwelike gaan 'n bepalende invloed hê op die volgende generasie. Die impak van ouers op 'n verhouding word bemoeilik, aangesien jongmense in die proses is om hulleself los te maak van hul ouers, hul eie identiteit te vestig en afhanklik te begin funksioneer (3.10.3, 3.20, 4.6.3.1.1).

- In hierdie verband is dit belangrik om aan jongmense die geleentheid te gee om na te dink oor die invloed wat hul ouers op hul vorming gehad het. Dit kan in die vorm van 'n lewensverhaal of deur storievertelling plaasvind waar hulle van familiefotos, herinneringe en familiegebeure gebruik kan maak om positiewe en negatiewe ervarings en lewenslesse te vertel wat hulle in hul gesinne geleer het.
- Watter waardes in jul ouers se huwelik wil julle graag modelleer? Watter waardes in jul ouers se huwelik sal julle graag eerder wil vermy? Watter impak dink julle het hulle huwelik op julle gehad?
- Ouers moet ook voortdurend uitgedaag word aangesien hul toewyding aan die Here en aan hul huwelik die sterkste voorbeeld en invloed in die lewens van hul kinders het.
- In gevalle waar verhoudings met ouers nie goed is nie, kan dit groot waarde hê om alle partye te betrek in 'n gespreksituasie. Indien probleme baie dieper gewortel lê, kan dit raadsaam wees om 'n gesin te verwys vir verdere terapie.

5.13 DIE IMPAK VAN VRIENDE OP 'N VERHOUDING

Die invloed van vriende dra geweldig sterk by in die vorming van jongmense se oortuigings oor 'n groot verskeidenheid sake (3.6, 3.23, 4.6.3.2.1). Jongmense funksioneer baie sterk in vriendegroepe en vriendegroepe kan met groot vrug bedien en gebruik word om mekaar te ondersteun (3.13.1, 3.20.2). 'n Gesonde wisselwerking tussen vriende en persoonlike afhanklikheid en onafhanklikheid moet aangemoedig word (2.8.5, 3.14).

- Bemagtig jongmense met die nodige vaardighede om gesprekke met hulle vriende te fasiliteer.
- Benut kleingroepe, gespreksgroepe en ondersteuningsgroepe in die pastoraat. Kleingroepe kan veilige ruimtes word wat openhartigheid en eerlikheid aanmoedig, waar jongmense vrymoedigheid kan neem om te waag en kan deelneem aan gesprekke oor moeilike en sensitiewe onderwerpe.
- Kleingroepe kan die behoefte om te behoort, aanspreek vanwaar jongmens uitgedaag kan word om oor hul geloof en oortuigings te praat en dit uit te leef.

- Kleingroepe bied aan jongmense die ondersteuning wat hulle nodig het om die lewe en al die eise daarvan te hanteer.
- Jongmense moet aangemoedig word om weer op hulle beurt hul vriende uit te daag, te ondersteun en wedersyds mekaar aanspreeklik te hou. Op so 'n manier kan portuurgroepe 'n positiewe drukgroep word.
- In hierdie verband kan dit ook van waarde wees om eerlik te kan gesels oor die positiewe en negatiewe invloed van vriende ten opsigte van keuses wat jongmense maak.
- Gespreksgroepe oor verhoudings kan begin word, maar dit sal met groot sensitiwiteit hanteer moet word. Paartjies wat betrokke is, sal eers die ervaring moet hê dat hulle veilig is in so 'n groep voordat hulle op 'n dieper vlak sal deel en hulle self sal ontbloot.
- Jongmense sal gehelp moet word in hul keuse van vriende.

5.14 DIE INVLOED VAN ROLMODELLE OP VERHOUDINGS

Daar bestaan 'n baie groot behoefte by jongmense aan ouer mense wat die rol van mentors of rolmodelle kan vertolk in hul lewens (3.15.6, 4.6.3.3.1). In baie gevalle het jongmense die behoefte om net met iemand betroubaar te praat oor hulle probleme (3.21.1). Jongmense soek egte, diep verhoudings (3.6). Hulle het nie tyd vir oppervlakkige verhoudings wat hul tyd mors en hul integriteit onderskat nie (3.4.4). Op 'n kreatiewe manier moet gepoog word om volwasse rolmodelle betrokke te hou in die lewens van jongmense (3.13.1, 3.23).

- Die pastor sal die vermoë moet ontwikkel om 'n verhouding te bou met jongmense. Dit kan gebeur waar daar opregte belangstelling en betrokkenheid is, waar tyd gemaak word vir jongmense en hul probleme, waar jongmense die ervaring het dat hulle en hul probleme werklik vir die pastor belangrik is, waar hulle die ervaring het dat die pastor van hom- of haarself gee in die verhouding wat ontwikkel.
- In die pastorale gesprek gaan dit nie oor die oplossing van die probleem nie, maar oor 'n warm, empatiese verhouding met 'n mens met 'n probleem. Dit skep vrymoedigheid, eerlikheid, gemak en toeganklikheid. Daarom is die regte verhouding belangriker as die regte tegniek.

- Dit is soms belangriker om te luister as om raad te gee. Jongmense soek nie in die eerste instansie feite nie, maar iemand wat sal luister en verstaan, sonder om dadelik te veroordeel of dadelik kitsantwoorde te bied. Abstrakte en teoretiese formulerings van antwoorde en oplossings het 'n beperkte appèl op jongmense met hul uitgesproke behoefte aan meelewing en ervaring.
- So 'n mentor/rolmodel/pastor moet met jongmense kan identifiseer en werklik begrip kan hê vir hul lewensfase, die omgewing en kultuur waarbinne hulle probeer sin maak uit die lewe en hierdie jongmense onvoorwaardelik kan aanvaar.
- Dit is geweldig belangrik dat so 'n persoon vanuit 'n egte en deurleefde verhouding met Jesus Christus eerlik sal saamreis met jongmense in hulle soeke na sin en antwoorde in die lewe. In hierdie verband moet die radikaliteit van God se onvoorwaardelike en onverdiende genade met groot erns baie duidelik oorgedra word.
- So 'n gesprek moet eerder fasiliterend van aard wees en die mentor/rolmodel/pastor moet daarteen waak om met vooropgestelde planne en idees na die gesprek te kom, maar toelaat dat die jongmens self die agenda en ritme bepaal. Op so 'n manier neem hulle eienaarskap van so 'n geleentheid en sal hulle dit nie ervaar as inperkend en voorskriftelik nie, maar hulleself as gelykes in die gesprek beskou.
- Ruimte moet vir jongmense gemaak word om te sê wat hulle voel, dink, glo, oor twyfel, mee verskil en mee worstel sonder die vrees van veroordeling.
- Neem jongmense en hul bekommernis, worsteling, soeke en vrae oor hul liggame, seksualiteit en hul verhoudings ernstig op.
- Die gespreksituasie moet met groot vertroulikheid hanteer word. Die jongmens moet die ervaring kry dat sy mentor/rolmodel/pastor betroubaar is. Dit veronderstel 'n verhouding van wedersydse openheid wat 'n belangrike voorwaarde vir selfontplooiing en vir die groeiproses na selfvertroue is.
- Van die mentor/rolmodel/pastor word verwag om eg, eerlik en opreg te wees, empaties te luister, om hom- of haarself te wees, sonder maskers en voorgee, terwyl hy of sy nie bang is om hul eie beperktheid, onvermoë en onkunde te erken nie. Dit het 'n oorrედingskrag wat

moeilik weerstaan kan word. Dit behoort ook baie groot waarde te hê indien die mentor eerlik sy of haar eie worsteling hieroor te deel.

- Geleenthede buite die formele pastorale situasie moet benut word vir informele kontak. Dit dra by tot die ervaring dat die pastor in die individu as mens belangstel, wat dan weer 'n belangrike bydrae lewer in die ontwikkeling van vertroue en 'n verhouding waarbinne moeilike sake makliker vanuit 'n wedersydse vertrouensverhouding hanteer kan word.
- Wanneer betroubare mense met duidelik uitgesproke waardes jongmense, met wie hulle in 'n verhouding staan, uitdaag om eg en eerlik te worstel met moeilike keuses en besluite, sal sulke jongmense hierdie situasie as 'n leergeleentheid beskou en kan dit gedrag bepaal.
- Dan kan jongmense makliker uitgedaag word om verantwoordelikheid en aanspreeklikheid te aanvaar vir hul eie gedrag. Jongmense behoort hierdie uitdaging ernstig op te neem.
- Hanteer elke persoon as 'n unieke individu met sy eie storie en geskiedenis.
- Dit kan ook van groot waarde wees om paartjies wat jonk getroud is, betrokke te kry in mentorsgeprekke met paartjies wat nog betrokke is in voorhuwelikse verhoudings.
- Hanteer mense ten spyte van hul foute, mislukkinge, tekortkominge en persoonlikhede met genade. Dit plaas so 'n verhouding terug binne die raamwerk van 'n genadige God wat in so 'n verhouding met elke mens wil tree en wat die basis en grondslag vir mense se liefde vir mekaar vorm. Dit was tog ten diepste die voorbeeld wat Jesus ons gestel het.

5.15 VOORLOPIGE GEVOLGTREKKINGS

'n Praktykteorie kan nooit net 'n program wees nie. Die oplossings kan nooit net geleë wees in strukture, planne en formules nie. Die storie van elke paartjie verskil: hul omstandighede en afkoms verskil; hul ervarings is uniek; die wyse waarop hulle bymekaar gekom het is uniek; wat dit is wat maak dat hulle bymekaar bly is uniek; elkeen se stryd met seksualiteit is uniek. Alhoewel daar raakpunte en ooreenkomste is, bly die uitdaging om paartjies in voorhuwelikse verhoudings te begelei in hierdie doolhof van die lewe, deur eerder vanuit 'n verhouding saam op reis te gaan as vanuit 'n posisie van meerdere kennis en gesag, voorskriftelik riglyne neer te lê vir die moets en moenies van verhoudings. In hierdie verband is dit dus geweldig belangrik om te bly ontdek dat dit

meer waarde het om met integriteit te fokus op die bou van 'n egte en deurleefde verhouding met jongmense in die lig van God se genadeverhouding met die mens.

In hierdie hoofstuk is gepoog om die praktykteoretiese beginsels vir die begeleiding van jongmense in voorhuwelikse verhoudings uiteen te sit deur middel van breë riglyne wat gevolg kan word.

HOOFSTUK 6: BEVINDINGE

6.1 INLEIDING

In hierdie studie is vanuit die praktiese teologie ondersoek gedoen na die impak van die Postmodernisme op voorhuwelikse verhoudings. Hierdie studie het soos volg uiteengeval:

- In hoofstuk 1 is die probleemstelling en voorgestelde werkswyse uiteengesit.
- In hoofstuk 2 is Hooglied gebruik as basisteoretiese vertrekpunt vir hierdie studie oor voorhuwelikse verhoudings.
- Hoofstuk 3 handel oor die metateoretiese uitgangspunte wat in hierdie studie gevolg is en val uit in drie onderafdelings :
 - a. Daar is eerstens gekyk na die skuif van Modernisme na Postmodernisme en die uitdaging wat dit bied vir voorhuwelikse verhoudings.
 - b. Tweedens is die lewensfase van jongmense vanaf adolessensie na vroeë volwassenheid kortliks bespreek, spesifiek met verwysings na die impak daarvan op voorhuwelikse verhoudings.
 - c. In die derde plek is spesifiek gekyk na huidige ontwikkeling op die terreine van verhoudings, sosiale ontwikkeling, seksualiteit en die huwelik met die oog op voorhuwelikse verhoudings.
- Hoofstuk 4 bied die empiriese navorsing oor die stand van voorhuwelikse verhoudings aan.
- Hoofstuk 5 is die praktykteoretiese uiteensetting vanuit die basisteorie, metateorie en empiriese navorsing met die oog op die sinvolle begeleiding van paartjies in voorhuwelikse verhoudings.
- In hoofstuk 6 word die resultate, samevatting en gevolgtrekkings weergegee.

6.2 GEVOLGTREKKINGS

Die basisteoretiese werk het elf (11) fokusareas geïdentifiseer wat as raamwerk kan dien in die begeleiding van jongmense in voorhuwelikse verhoudings (vgl. 2.8). Hierdie fokusareas is die volgende:

- 1. Die rol en plek van spiritualiteit**
- 2. 'n Oortuiging van verliefdheid/passie/wonder/misterie van liefde**
- 3. 'n Soeke na en behoefte aan aanvaarding en sekuriteit binne 'n verhouding**
- 4. 'n Wegbeweeg van selfsug en selfliefde na opofferings en prysgawes ter wille van die maat en 'n verhouding**
- 5. Die selfstandige ontwikkeling en groei na individuasie en ontwikkeling van die totale mens**
- 6. Die ontwikkeling van 'n gelyke vennootskap tussen verhoudingsmaats**
- 7. 'n Gesonde hantering van die seksuele**
- 8. Verhoudings vereis die ontwikkeling van sekere vaardighede**
 - 8.1 Kommunikasie**
 - 8.2 Konflikhantering**
- 9. Die impak van ouers op 'n verhouding**
- 10. Die impak van vriende op 'n verhouding**
- 11. Die invloed van rolmodelle op 'n verhouding**

Die metateoretiese implikasies op hierdie 11 fokusareas is ook telkens aangedui. Die empiriese navorsing het ook gepoog om aan te dui in watter mate hierdie fokusareas van belang is vir paartjies met wie kwalitatiewe onderhoude gevoer is. Hierdie fokusareas kan as raamwerk dien vir die pastorale begeleiding van jongmense in voorhuwelikse verhoudings.

6.2.1 Skematiese uiteensetting van fokusareas

'n Skematiese uiteensetting van hierdie fokusareas kan soos volg daar uitsien:

Basisteoretiese riglyne	Metateoretiese riglyne – Postmodernisme	Metateoretiese riglyne - Lewensfase
1. Verhoudings word gewortel en gedra deur God se liefde vir die mens. Die beste voorbeeld van hierdie liefde is God se verbondsliefde en die storie van die Bybel.	1. Postmodernisme maak ruimte vir die misterie van God. Groot klem word op stories geplaas	1. Geloofsontwikkeling is 'n ewigduende opweg-wees.
2. 'n Nuwe ontdekking van, opwinding oor en vlering van verhoudingsliefde is moontlik. Dit dien as 'n aansporing om opnuut te waag in verhoudings en met liefde.	2. Die mens binne verhoudings raak belangrik. 'n Soeke bestaan na diep en intieme verhoudings.	2. 'n Toename in empatie, omgee en betrokkenheid by ander kom voor. Jongmense begin hulleself voorberei vir langer termyn verhoudings.
3. Verhoudings kan 'n plek van veiligheid en sekuriteit wees.	3. 'n Geweldige hoë behoefte aan en soeke na sekuriteit ontwikkel. Die verwagting bestaan dat persone van die teenoorgestelde geslag dit moet bied. Jongmense soek antwoorde op lewens- en sinvrae.	3. Die voorkoms van kritiese vrae dui op 'n behoefte daaraan om eie verantwoordelikheid te begin neem.

Basisteoretiese riglyne	Metateoretiese riglyne – Postmodernisme	Metateoretiese riglyne – Lewensfase
4. Verhoudings daag individue uit om weg te breek uit selfsug en selfgesentreerde gedrag en motiewe.	4. Postmodernisme is moeg vir oppervlak-kige, kitsantwoorde en simplistiese oplossings Die verval van normes en waardes is algemeen. 'n Kultuur van dien en opoffering begin ontwaak.	4. Jongmense in hierdie lewensfase kan nog vasgevang wees in 'n privaat, impulsiewe en selfgesentreerde intuïtief-projektiewe geloof en moet leer om self verantwoordelikheid te begin aanvaar.
5. Verhoudings verskaf 'n ruimte waarbinne 'n persoon as volwaardige mens kan ontwikkel. Dit bied die geleentheid tot individuasie . Werk met die mens as geheel . Seksualiteit is deel van die totale menswees en nie iets apart en boos nie.	5. Postmodernisme is meer daarop gefokus om holisties met die totale mens te werk. Dit veronderstel 'n wegbreek van 'n gefragmenteerde hantering van mense . Daar bestaan 'n soeke daarna om diep mense te vorm. Mense soek opnuut na hul identiteit .	5. 'n Soeke na identiteit, sekuriteit en sekerhede is tipies van hierdie lewensfase. Daar vind 'n toename van kennis en vaardighede plaas.
6. 'n Herwaarderling en herstel van die posisie van die vrou as gelyke vennoot in verhoudings word in Hooglied aangetref.	6. Dit is 'n tydvak waarin feminisme , die emansipasie en bemagtiging van die vrou meer algemeen voorkom.	6. Die vestiging van die geslagsrol identiteit vind plaas. Mans en vrouens is gelyk , maar nie eenders nie.

Basisteoretiese riglyne	Metateoretiese riglyne – Postmodernisme	Metateoretiese riglyne – Lewensfase
7. Daar moet nuut en vars gedink word oor seksualiteit. Seks hoort in die huwelik. Hooglied is baie sterk teen outomatiese en geforseerde seks. Daar word baie sterk met die beginsel van uitgestelde bevrediging gewerk.	7. Jongmense is op 'n baie vroeër stadium baie meer seksueel aktief. 'n Kultuur van onmiddellike bevrediging bestaan en mense leef vir die oomblik. Vir baie is môre afwesig – net vandag tel. 'n Verbruikersmentaliteit is aanwesig, Vroeë onafhanklikheid en verantwoordelikheid word van individue verwag en dit word oorgeplaas op verhoudings.	7. Jongmense moet hul liggaamsveranderinge aanvaar en hanteer. Hulle word uitgedaag tot 'n gesonde aanvaarding van hul seksualiteit.
8. Verhoudings vra harde werk, prysgawes en opofferings.	8. Die vryblywende tendens maak langtermyn verhoudings moeilik. Mense soek pragmatiese antwoorde en soms kitsoplossings.	8. Die kognitiewe vermoë ontwikkel kwalitatief en kwantitatief. Jongmense ontwikkel die vermoë tot abstrakte denke.

Basisteoretiese riglyne	Metateoretiese riglyne – Postmodernisme	Metateoretiese riglyne – Lewensfase
9. Die rol wat ouers speel word noodsaaklik in verhoudings.	9. Postmodernisme werk baie sterk met die individu binne gemeenskap . Mense binne verhoudings word belangrik. Agterdog en kritiek teenoor en die ondermyning van ouers, gesagsfigure en reëls kom algemeen voor.	9. Die wegbreek van en spanning met ouers gaan saam met die vestiging van 'n eie identiteit en persoonlike onafhanklikheid . Dit bemoeilik verhoudings met die ouers. 'n Heronderhandeling van rolle word nodig.
10. Die rol wat vriende en portuurgroepe speel word noodsaaklik in verhoudings.	10. Jongmense sal feitlik enige iets doen om deur groep en vriende aanvaar te word .	10. Portuurgroepe is geweldig belangrik.
11. Die rol wat rolmodelle speel word noodsaaklik in verhoudings.	11. 'n Soeke bestaan na geloofwaardige rolmodelle . 'n Ontnugtering bestaan oor die afwesigheid van rolmodelle in die kerk.	11. Egte pastorale betrokkenheid en die bou van geloofwaardige verhoudings is van groot belang. 'n Behoeft bestaan aan iemand om 'n geloofspad mee saam te loop .

Metateoretiese riglyne - Verhoudings	Empiriese werk	Praktykteoretiese werk
1. Ontdek dat 'n verhouding uit 3 rolspelers bestaan – 2 mense en een God. Godsdienstige toewyding verlaag permissiwiteit. 'n Noue verband kan aangetoon word tussen seksualiteit en spritualiteit.	1. 'n Persoonlike verhouding met die Here beïnvloed maat en verhouding. Jongmense ontdek God se genade, sorg en voorsiening en raak meer afhanklik van God. 'n Verhouding met die Here beïnvloed morele keuses. Hulle soek duideliker leiding vanuit die Skrif	1. Werk met mense se Godsbegrip. Ontwikkel 'n inkarnasie spiritualiteit. Geestelike dissiplines en die bywoning van geestelike aktiwiteite raak belangrik. Die waarde van 'n kleingroep word kosbaar. Onderstreep die gevaar van 'n skeiding tussen "heilig" en "profaan". Werk met die indikatief en imperatief van God se genade en liefde.
2. Die romantiese ideaal van een persoon vir 'n lewenslange verbintenis bly voortbestaan. Romantiese liefde bly belangrik. Die doel van uitgaan bly om 'n gepaste lewensmaat te kry. Jongmense se vermoë tot volwasse intimiteit bly beperk. Die misterie van liefde kan nie patroonmatig bepaal word nie.	2. By jongmense is daar 'n soeke en verlange na die "spark" van verlief-wees. Dit bly 'n waagstuk om hul harte weg te gee. Verhoudings wat werk raak nie vervelig nie. Meisies het 'n behoefte om gekoester te word en spesiaal te voel. Verhoudings help hulle om die vreugde in die lewe te herontdek en te vier.	2. Doen moeite om liefde en die misterie daarvan te vier. Maak tyd vir verlief-wees, speel en lag. Druk waardering uit, koester maat. Praat en luister en neem mekaar se gevoelens ernstig op. Leer om eerlik te wees al maak dit seer. Besef die gevaar daarvan om te maklik verlief te raak. "Don't settle for second best".
3. Die emosionele ondersteuning verbonde aan 'n verhouding met ouers en vriende is bepalend vir die ervaring van sekuriteit en geborgenheid. Die sekuriteit van 'n verhouding is 'n ideale oefenveld vir die lewe. Die lae vlak van verbintenis van saamwoon-verhoudings is problematies.	3. 'n Geweldige soeke na sekuriteit bestaan. Dit word verhoog deur onsekerheid oor plan met verhouding, toekoms-en werksplanne. Voorhuwelikse verhoudings kan nog nie volle sekuriteit bied nie. Meisies soek sekuriteit te vroeg in 'n verhouding. Vorige verhoudings verhoog onsekerheid. Die opbreuk van verhoudings het 'n negatiewe effek op sekuriteit-soeke.	3. Werk met paartjies se motivering vir die verhouding. Kweek begrip vir die eise van hul lewensfase. Werk aan 'n gesonde selfbeeld. Werk deur bagasie van vorige verhoudings. Help paartjie met realistiese tydsbeplanning. Help hulle in hul soeke na God se wil. Leer paartjie om eerlik te kan wees. Ontmasker onrealistiese verwagtings van verhouding. Daag paartjie uit tot 'n gebalanseerde ontwikkeling. Maak ruimte en tyd vir ander vriende.

Metateoretiese riglyne - Verhoudings	Empiriese werk	Praktykteoretiese werk
4. Die meeste verhoudings is nog geweldig selfgesentreerd. Uitgestelde bevrediging en per implikasie, om met seks te wag tot na die huwelik, spreek nie meer jongmense aan nie. Baie sterk klem bestaan op onmiddellike bevrediging, wat ten diepste selfsugtig is.	4. Verhoudings vereis harde werk. Persone in verhouding moet bereid wees om wedersydse opofferings te maak. Die beginsel van uitgestelde bevrediging is vreemd vir die huidige kitskultuur. 'n Gesamentlike gekommunikeerde doel met die verhouding vergemaklik wedersydse opofferings.	4. Werk met selfbeheersing en uitgestelde bevrediging. Soek altyd die hoogste voordeel vir maat. Maak eerlike prysgawes. Ontdek die waarde van onvoorwaardelike diens en prysgawe van regte en voorregte. Leer luister, spaar en wag. Maak tyd om net op maat te fokus. Beoefen die beginsel om wag te gee. Erken foute eerlik.
5. Die paradoks van onafhanklikheid teenoor afhanklikheid en outonomie teenoor verbintenisse moet verreken word. Jongmense verlaat hul ouerhuis en vestig 'n onafhanklike self. Die mens is 'n seksuele wese, selfs godsdiens en geloof is nie a-seksueel nie.	5. Elke persoon moet 'n eie identiteit en persoonlikheid ontwikkel. Omhels individueasie. Groeï vereis eerlikheid en realisme. Maak ruimte vir verskille. Selfstandige ontwikkeling bly belangrik.	5. Aanvaar eie identiteit. Benut verskillende persoonlikheidstoetse. Wees realisties oor gawes en tekortkominge. Maak ruimte vir ander opinies en verskille. Ontwikkel 'n sisteëmdenke. Ontdek die potensiaal wat opgesluit lê in die regte hantering van spanning en konflik. Hou op om voor te gee, wees eerlik en eg.
6. Meer gesinne word aangetref waar die vrou hoof van die huis of broodwinner is. Meer werkende moeders word aangetref. Dit vereis 'n onderhandeling tov rolverdelings in die huis en huwelik. Meer gelyke verwagting en hantering van seuns en dogters. Die voorkoms van hiërargiese verhoudings is besig om af te neem.	6. Spesifieke verwagtings bestaan tov verhoudingsrolle. Wedersydse ondersteuning en samewerking raak al hoe belangriker. Oorblyfsels van die patriargale denke oor verhoudings kom nog voor. Meisies is soms nog té afhanklik. Meisies verwag sterker leiding van ouens. Wil as span funksioneer en mekaar aanvul en ondersteun.	Werk met geslagsrol-identiteit. Paartjie moet wedersydse verwagtings tov rolle in die verhouding duidelik kommunikeer. Lei paartjie tot ontdekking en voorneme om as span te funksioneer.

Metateoretiese riglyne - Verhoudings	Empiriese werk	Praktykteoretiese werk
7. Paartjies trou later, maar is vroeër seksueel aktief. Seks word meer openlik bespreek en beoefen. Homoseksualiteit word toenemend aanvaar. Meer verhoudings is fisies en kortstondig. Die kwaliteit van romantiese verhoudings word onder andere bepaal deur die kwaliteit van die verhouding met hul ouers. Portuurgroepe skep die konteks vir die ontstaan van romantiese verhoudings. Vriendegroepe bepaal grootliks die pas van seksuele ontwikkeling. Jongmense ontwikkel 'n seksuele identiteit. Jong volwassenes se krisis met intimiteit volg op die adolessent se krisis oor identiteit. Seksuele permissiwiteit neem toe. Mans is meer geneig tot onverskillige seks. Veilige seks vereis komplekse besluite. Waar verhoudingsmaats toegewyd en ernstig is oor die verhouding, word seks maklik deel van die verhouding. Saamwoon kom algemeen voor.	7. Seks bly 'n probleem, veral in langer verhoudings. Baie paartjies gaan fisies te ver en dit veroorsaak geweldige skuldgevoelens en spanning in die verhouding. Een gevolg hiervan is dat 'n verhouding geestelik skeef ontwikkel om te oorkompenseer vir die fisiese. Die kerk slaag nie as primêre motiveerder om met seks te wag voor die huwelik nie. Ouers, vriende, vorige negatiewe ervarings en 'n persoonlike verhouding met die Here is sterker motiveerders. Hulle verkeer onder druk van vriende om seksueel meer aktief te word. Vroeg in hul verhouding moet die paartjie saam besluit oor die fisiese. Saamslaap kom algemeen voor, maar dit impliseer nie noodwendig dat 'n paartjie seksueel aktief is nie.	7. Werk met paartjie se "seks-begrip". Help paartjie om die oortuiging te verbaliseer en 'n doelbewuste keuse vooraf te maak oor seks voor die huwelik. Verreken die impak van samelewing. Soek saam Bybelse riglyne. Praat oor die langtermyn konsekwensies van seks voor die huwelik. Neem waardegedrewe besluite. Laat paartjie saam droom oor en beplan vir die toekoms. Wees eerlik oor drange, gevoelens en begeertes. Skep geleenthede vir interaksie met die teenoorgestelde geslag. Wek met getuigenis-verantwoordelikheid in wêreld. Verreken die gebalanseerde groei op alle lewensterreine. Hanteer skuldgevoelens wat mag bestaan. Ontdek God se genade en vergiffenis. Luister na mekaar se stories.
8. Meer pragmatiese denke oor verhoudings en seks word vereis. Praktiese sake is soms 'n sterker voorspeler vir verhouding-sukses. Gesonde kommunikasie is baie belangrik. Leer paartjie om konflik te hanteer. Die diepte van hul toewyding bepaal die opofferings wat hulle bereid is om te maak.	8. Hulle is realisties oor die harde werk wat 'n verhouding vereis. 'n Besef bestaan oor die waarde van weder-sydse toewyding. Kommunikasie en konflikhantering is geweldig belangrik. Verhoudings vra opoffering en kompromieë. Verhoudings breek soms te maklik op. Paartjies besef die waarde wat vergiffenis inhou vir hul verhouding.	8. Begelei paartjie om self verantwoordelikheid te neem vir keuses en besluite. Besef die gevaar van moralisme. Ontwikkel kommunikasievaardighede. Leer paartjies om na mekaar te luister en sake deur te praat. Moenie daarvan wegstroom om oor moeilike etiese sake te praat nie. Hanteer sake wat konflik veroorsaak. Maak ruimte om fout te maak en leer om mekaar te vergewe.

Metateoretiese riglyne - Verhoudings	Empiriese werk	Praktykteoretiese werk
9. Ouers maak groot emosionele opofferings vir hul kinders. Dramatiese gesinsveranderings kom voor – gesinne is kleiner, meer uitgebreid, groter verskeidenheid bestaan, meer aanpasbaar, ouers afwesig, kinders is meer onafhanklik. Die generasiegaping bly groot. Hierdie lewensfase word gekenmerk deur spanning tussen ouers en kinders. Die kwaliteit van die familie-omgewing is bepalend vir die oorgang na 'n volgende lewensfase.	9. Die belangrike rol van ouers mag nooit onderskat word nie. Verhoudings volg sterk patrone vanuit die ouerhuis. Hierdie lewensfase vereis 'n losmaak van die ouers. Dit veroorsaak geweldig spanning veral tussen meisies en hul ma's.	9. Verreken die invloed van ouers op hul kinders. Gee geleentheid vir elkeen om sy storielyn te trek en te vertel. Verreken die positiewe en negatiewe invloed van ouers. Kry ouers betrokke in die pastorale begeleiding van hul kinders. Skep 'n geleentheid om ook met ouers te praat.
10. Die tydvak en lewensfase vereis groter sosiale vaardighede. Die skool en universiteit word die primêre sosiale konteks. Portuurgroepe speel 'n al hoe belangriker rol. Verreken die opkoms van 'n jeugkultuur.	10. Vriendegroepe speel 'n ontsaglike belangrike rol as positiewe of negatiewe drukgroepe. Jongmense het vriende van dieselfde geslag nodig. Dit het waarde vir 'n paartjie om kontak te hê met ander paartjies.	10. Ontwikkel vaardighede om met vriende te praat. Kry vriende wat bereid is om wedersyds te ondersteun en uit te daag. Verreken die positiewe en negatiewe impak van vriende. Begin met 'n gespreksgroep oor verhoudings. Help jongmense in die keuse van hul vriende.
11. Jongmense soek positiewe rolmodelle. Van sulke mense word egtheid en konsekwenheid verwag. Daar is tans 'n afwesigheid van ouer persone wat bereid is om hul eie worstelinge eerlik te deel.	11. Hulle soek rolmodelle wat eg en eerlik sal saamreis. Hoe beter 'n verhouding met sulke persone, hoe dieper raak die gesprekke. Daar bestaan ook 'n behoefte aan individuele mentorsgesprekke. Jongmense het baie keer net die behoefte aan iemand wat as klankbord kan optree.	11. Bou eg en eerlike verhoudings met jongmense, leer om empaties te luister. Die verhouding is belangriker as 'n tegniek. So 'n persoon moet kan identifiseer met jongmense en jongmense met hom/haar. Werk altyd vanuit 'n deurleefde verhouding met Jesus Christus. Gesprekke moet fasiliterend van aard wees. Neem jongmense ernstig as unieke mense. Informele kontak is belangrik. Hanteer jongmense met genade.

6.3 FINALE GEVOLGTREKKINGS

Die skuif wat in die samelewing vanaf Modernisme na Postmodernisme plaasgevind het, het 'n dramatiese impak op verskillende terreine gehad. Een van die terreine wat spesifiek daardeur geraak is, is die terrein van voorhuwelikse verhoudings. In hierdie studie is gepoog om Hooglied as basisteorie te gebruik in die ondersoek na voorhuwelikse verhoudings. Die perspektiewe wat die basisteorie geopen het, is verder deur die metateorie uitgebrei en geëvalueer. Die eise wat die Postmodernisme en die spesifieke lewensfase stel aan voorhuwelikse verhoudings waarin jong volwassenes betrokke is, is deur kwalitatiewe gesprekke met 'n aantal paartjies geëvalueer. 'n Praktykteoretiese raamwerk, wat behulpzaam kan wees in die pastorale begeleiding van jong volwassenes in voorhuwelikse verhoudings, is daargestel.

6.4 Ander voorgestelde terreine van studie

Hierdie studie het slegs enkele sake rondom voorhuwelikse verhoudings op die tafel geplaas. In verdere navorsing en studie kan aandag gegee word aan:

- Die plek en rol van seksualiteit in voorhuwelikse verhoudings en die huwelik,
- 'n Gelowige verantwoording oor seks voor die huwelik,
- Die impak van ouers op die keuse wat jongmense uitoefen in verhoudings,
- Faktore wat bepalend is in die keuse van 'n verhoudingsmaat,
- Watter riglyne bied Hooglied vir die gesprek oor homoseksualiteit.

6.5 Sleutelwoorde

Hooglied, Modernisme, Postmodernisme, voorhuwelikse verhoudings, lewensfase, jong volwassenes, laat adolessente, studente, seksualiteit, spiritualiteit, rolmodel.

Song of Songs, Modernism, Postmodernism, dating, pre-marriage relationships, stages of life, young adults, late adolescence, students, sexuality, spirituality, model.

BIBLIOGRAFIE

- AALDERS, G.C. 1952. Het Hooglied. Commentaar op het Oude Testament. Kampen : N.V. Uitgeversmaatscappij J.H. Kok. 151 p.
- ANON. 2003. National HIV and syphilis sero-prevalence Survey in South Africa. [Web:] www.doh.gov.za/aids/index.html [Datum van onttrekking: 12 Desember 2003].
- BABIN, P. 1991. The New Era in Religious Communication. Minneapolis, Minn. : Augsburg Fortress. 235 p.
- BARTON, S. C. 1998. 'Glorify God in your body' (1 Corinthians 6:20): Thinking theologically about sexuality. (In Hayes, M. A., Porter, W. en Tombs, D., eds. Religion and Sexuality. Sheffield : Academy Press. p. 366-379.)
- BASSON, M.M.J. & BREYTENBACH, A.P.B. 1995. 'n Ondersoek na die teologiese relevansie van die metaforiese spreke in Hooglied. *Hervormde Teologiese Studies*, 51(2):438-453.
- BAUMANN, Z. 1998. Postmodern Religion? (In Heelas, P ed. Religion, modernity and postmodernity. Oxford: Blackwell Press, p 55-75.)
- BAUMANN, Z. 2000. Liquid Modernity. Cambridge: Polity Press. 228 p.
- BEAUDOIN, T. 1998. Virtual Faith: The Irreverent Spiritual Quest of Generation X. San Francisco: Jossey-Bass Publishers. 213 p.
- BEEK, M.A. 1984. Prediker, Hooglied. Nijkerk : Uitgewerij G F Callenbach. 231 p.
- BENHABIB, S. 1992. Situating the Self. Cambridge: Polity Press. 266 p.
- BENNET, S.J. 2002. Love over Gold: The Song of Songs for Aotearoa-New-Zealand. *International Review of Missions*, 91(360):31-41, January.
- BINSTOCK, G. & THORNTON, A. 2003. Separations, Reconciliations, and Living Apart in Cohabiting and Marital Unions. *Journal of Marriage & Family*. 65(2):432-444. May.
- BLACK, F.C. 2000. Beauty or the Beast? The grotesque body in the Song of Songs. *Biblical*

Interpretation, 8(3):302-323.

BLACK, K.A. 2002. Associations between Adolescent-Mother and Adolescent-Best Friend Interactions. *Adolescence*. 37(146):235-254. Summer.

BLACKMAN, S & FRANCE, A. 2001. Youth Marginality under 'Postmodernism'. (In Stevenson, N. *Culture and Citizenship*. London: Sage Publications. 180-197.)

BOER, R. 2000. The Second Coming: Repititions and insatiable desire in the Song of Songs. *Biblical Interpretation*, 8(3):276-299.

BORTHWICK, P. 1992: A Global Family of Teenagers. *The Youthworker*. 1:32-37. Winter.

BOSCH, D.J. 1993. Transforming mission: paradigm shifts in theology of mission. New York: Orbis. 367 p.

BOSHOFF, H. 1995. Die transformasieproses in Suid-Afrika: Kerklike implikasies. Instituut vir Toekomstudies. Potchefstroomse Universiteit vir CHO. 40 p.

BOSHOFF, H. 1999. Christenwees/gemeentewees in 'n tyd soos dié... (Voordrag gelewer as deel van 'n Teologiese Dag vir predikante op 14 April 1999.) Potchefstroom. 4 p. (Ongepubliseer.)

BOURG, F.C. 2002. The Family Home as the Place of Religious Formation. (In Jeanrond, W.G. & Cahill, L.S. (Eds). *Religious Education of Boys and Girls*. London: SCM Press. p 9-16).

BUCHANAN, D. 1995. A Leader's authority. (In Buchanan, D. & Hendriks, H.J. red. *Meeting the Future*. Randburg: Knowledge Resources. p 78-88.)

BURDEN, J.J. 1987. Hooglied. (In Burden, J.J. & Prinsloo, W.S., reds. *Tweegesprek met God*. Kaapstad : Tafelberg Uitgewers. p 57-82.)

BURRUS, V. & MOORE, S.D. 2003. Unsafe Sex: Feminism, pornography and the Song of Songs. *Biblical Interpretation*, 11(1):24-52.

BYBEL. 1988. The Holy Bible: New International Version. Discipleship Study Bible. Grand Rapids, Mich. : Zondervan Publishing House.

BYBEL. 1993. Die Bybel: nuwe vertaling. Kaapstad : Bybelgenootskap van Suid-Afrika.

CAMPBELL, I.D. 2000. The Song of David's Son: Interpreting the Song of Solomon in the light of the Davidic Covenant. *Westminster Theological Journal*, 62. p 17-32.

CARON, S.L. & MOSKEY, E.G. 2002. Changes over time in Teenage Sexual Relationships: Comparing the High School class of 1950, 1975 and 2000. *Adolescence*. 37(147):515-527. Fall.

CARR, D. 2000. Gender and the shaping of desire in the Song of Songs and its interpretation. *Journal of Biblical Literature*, 119(2):233-248.

CHAVE, P. 1998. Towards a Not Too Rosy Picture of the Song of Songs. *Feminist Theology*, 18:41-53. May.

CHILMAN, C.S. 1990. Promoting healthy adolescent sexuality. *Family Relations*. 39(2):123-132. April.

CILLIERS, J. 2002. Prediking as spel: 'n Homileties-estetiese perspektief op Postmodernisme. *Praktiese Teologie in Suid Afrika*. 17(1):1-28.

CLARK, M.C. 1995. Sociocultural Characteristics and Tasks of Young Adults. (In Atkinson, H. (ed). *Handbook of Young Adult Religious Education*. Birmingham, Alabama: Religious Education Press. p 118-138).

CODRINGTON, G.T. 1999a. 12 Sentences that define Generation X. [Web:] www.youth.co.za/resource/genx12.htm [Datum van onttrekking: 25 November 2003].

CODRINGTON, G. T. 1999b. Multi-generational ministries in the context of a local church. (Verhandeling. M.Diac.) [Web:] www.tomorrowtoday.biz/generations/minresource002.htm [Datum van onttrekking: 12 November.2003].

CODRINGTON, G.T. 2001. Ministry to Different Generations. (Voordrag gelewer as deel van 'n NGK Sinodale toerustingsgeleentheid 15-16 Februarie 2001). Potchefstroom. 4 p. (Ongepubliseer).

COLLISON, M 2000. Seven Trends to Watch in the Next Decade. *The Youthworker*. January/February. [Web:] www.youthspecialties.com/articles/topics/culture/seven.php [Datum van onttrekking: 12 Desember

2003].

CONNOLLY, J., FURMAN, W. & KONARSKI, R. 2000. The Role of Peers in the Emergence of Heterosexual Romantic Relationships in Adolescence. *Child Development*. 71(5):1395-1408. September/October.

CRAIG, G.J. 1992. Human Development. 6th ed. New Jersey : Prentice-Hall. 475 p.

CURLER, H.M. 1997. Rediscovering Values, Coming to Terms with Postmodernism. Armonk, New York: M.E. Sharp. 179 p.

CUSHMAN, T. 2001. The Reflexivity of Evil: Modernity and Moral Transgression in the War in Bosnia. (In Geddes, J.L. Evil after Postmodernism. New York: Routledge. p 79-100.)

DELAMATER, J. & FRIEDRICH, W.M. 2002. Human Sexual Development. *Journal of Sex Research*. 39(1):10-14. February.

DENZIN, N.K. & LINCOLN, Y.S. 2003. The Discipline and Practice of Qualitative Research. (In Denzin, N.K. & Lincoln, Y.S. The Landscape of Qualitative Research. Second Edition. Thousand Oaks. Calif.: Sage Publications. p 1-45).

DILLON, W. & LIEBELT, J. 2003. Between Two Worlds: Ministering to Modern Parents and Postmodern Students. *The Youthworker*. March/April. [Web:]www.youthspecialties.com/articles/topics/family/two_worlds.php [Datum van onttrekking: 12 Desember 2003]

DINGEMANS, G.D.J. 1996. Manieren van Doen. Inleiding tot de studie van de Praktische Teologie. Kampen : Kok. 248 p.

DOVE, M. 2001. "Merely a Love Poem"? (In Devlin-Glass, F & McCredden, L., eds. Feminist Poetics of the Sacred. Oxford: University Press. p 150-164.)

DUBAS, J.S. & PETERSEN, A.C. 1996. Geographical Distance from Parents and Adjustments During Adolescence and Young Adulthood,. (In Leaving Home: Understanding the Transition to Adulthood. San Fransisco : Jossey-Bass Publishers. p 3-16).

DU TOIT, B. 2000. God? Geloof in 'n postmoderne tyd. Bloemfontein: CLF Uitgewers. 188 p.

EBERT, J. 1992. New tactics for an Old Realm: Youthwork in the UK. *The Youthworker*. 1:44-50. Winter.

EDMEE, D. 1998. The Song of Songs and the Cutting of Roots.. *Anglican Theological Review*, 80(4):547(15). Fall. [In Academic Search Premier, Full display: www-sa.ebsco.com] [Datum van onttrekking: 3 Junie 2003]

ELIAS, J. 1995. Purpose and Scope of Young Adult Religious Education. (In Atkinson, H. ed. *Handbook of Young Adult Religious Education*. Birmingham, Alabama: Religious Education Press. p 9-27).

ELLIOT, M.W. 1994. Ethics and aesthetics in The Song of Songs. *Tyndale Bulletin*, 45.1:137-152.

ELLISON, M. 1996. 'Sexuality and Sprituality: An Intimate - and Intimidating - Connection'. (In Thatcher, A. & Stuart, E. (Eds). *Sexuality and Gender*. Leominster, Herefordshire: Gracewing/Fowler Wright Books. p 220-227).

EXUM, J.C. 1999. How does the Song of Songs mean? On reading the Poetry of Desire. *Svensk- Exegetisk-Arsbok*, 64: 47-68.

FERREIRA, T.G.J. 1997. Aspekte geassosieer met 'n vrees vir intimiteit by laat-adolessente. Potchefstroom: PU vir CHO. (Verhandeling - M.A.) 131 p.

FOWLER, J.W. 1981. *Stages of Faith: The Psychology of Human Development*. San Francisco. Calif.: Harper. 352 p.

FOWLER, J.W. 1982. Theology and Psychology in the Study of Faith Development. (In Kepnes, S. & Tracy, D., eds. *The challenge of psychology to faith*. New York: Seabury. 87-90.)

FOX, M.V. 1983. Love, passion and perception in Israelite and Egyptian love poetry. *Journal for Biblical Literature*, 102:219-228.

FRIESEN, G. 2003. PoMo-phobia: The Fear of Postmodernity. *The Youthworker*. November/December. [Web:]
www.youthspecialties.com/articles/topics/postmodernism/pomo.php [Datum van onttrekking: 12 Desember 2003].

FUERST, W.J. 1975. The Books of Ruth, Esther, Ecclesiastes, The Song of Songs, Lamentations. The Cambridge Bible Commentary. Cambridge : Cambridge University Press. 267 p.

GASKELL, G. 2000. Individual and Group Interviewing. (In Bauer, M.W. & Gaskell, G. Qualitative Researching with text, image and sound. London: Sage Publications Ltd. p 38-56)

GARBARINO, J. 1985. Adolescent development: an ecological perspective. Ohio : Bell & Howell. 665 p.

GARRET, D.A. 1993. Proverbs, Ecclesiastes, Song of Songs. The New American Commentary. Volume 14. Nashville, Tn: Broadman Press. 448 p.

GEDDES, J.L. 2001. Evil after Postmodernism. New York: Routledge. 118 p.

GEERTSEMA, H.G. 1998. 'n Kort karakteristiek van die Postmodernisme en die uitdaging wat dit aan 'n Christelike universiteit stel. Wat beteken Postmodernisme? *Potchefstroom - Instituut vir Reformatoriese Studie-Studiestukke*. 369:10-17.

GERDES, L.C., MOORE, C., OCHSE, R. & VAN EDE, D. 1988. Die ontwikkelende volwassene. 2de uitg. Durban : Butterworth. 369 p.

GEYSER, D.T., 2003. Die missionêre aktualiteit van die soekersensitiewe kerkmodel in 'n postmodernistiese samelewing. Randse Afrikaanse Universiteit (D Litt-proefskrif). 414p.

GILL, R. 1997. Moral Leadership in a Postmodern Age. Edinburgh: T&T Clarck. 174 p.

GLEDHILL, T. 1994. The Message of The Song of Songs. The Bible Speaks Today. Leicester : Inter-Varsity Press. 254 p.

GOFF, J.L. 1990. Sexual confusion among certain college males. *Adolescence*. 25(99):599-615. Fall.

GOSLIN, L. 1994. Die seksuele gedrag, kennis en houdings van die student in laat-adolessensie. Potchefstroom: PU vir CHO. (Verhandeling - M.A.) 215 p.

GOUS, J.H.G. 1990. Die sisteembenadering in die individuele pastoraat met studente. Universiteit van Suid-Afrika. (Proefskrif - D Th) 248 p.

GRENZ, S.J. 1996. A Primer on Postmodernism. Grand Rapids, Mich. : William B. Eerdmans Publishing Company. 204 p.

GROBLER, L.P. 1997. Spiritualiteit as perspektief op adolessensie: 'n Studie gerig op pastorale beraad. Pretoria: Unisa (Proefskrif - D.Th.) 429 p.

GROSSKOPF, O.H. & LOTTER, G.A. 2003. "Gifts among the genders?" – Some methateoretical considerations. *Practical Theology in South Africa*. 18(2):13-32.

GUINNESS, O. 2000. Time for Truth. Leicester: Inter-Varsity Press. 139 p.

HAMILTON, N. 1984. Maturing in the Christian life. Philadelphia: Geneva Press. 192 p.

HAVELIN, K. 2000. Dating: What is a Healthy Relationship? Mankato, Minnesota: Capstone Press. 64 p.

HAYES, M.A. 1998. Sexuality and Spirituality: Embattled enemies or kissing cousins? (*In* Hayes, M.A., Porter, W. & Tombs, D. (eds). Religion and Sexuality. Studies in Theology and Sexuality 2. Sheffield: Sheffield Academic Press. p 240-247).

HENDRICK, C. & HENDRICK, S. 1986. A theory and method of love. *Journal of Personality and Social Psychology*. 50:392-402.

HENDRIKS, H.J. 1995. South African Denominational Growth and Decline 1991-1991. *Journal of Theology for Southern Africa*. 91:35-57. June.

HENDRIKS, H.J. 1996. Modernisme: ten diepste ons identiteit? *In die Skriflig*. 30(4):489-501.

HENDRIKS, H.J. 1997a. Navorsingsterminologie. Ongepubliseerde klasnotas. Universiteit van Stellenbosch. 17 p.

HENDRIKS, H.J. 1997b. Kerklike Megatrends: Bedieningsimplikasies. *Nederduits Gereformeerde Teologiese Tydskrif*. 28(1&2): 27-38.

HENDRIKS, H.J. & ERASMUS, J. 2001. Interpreting the new religious landscape in Post-apartheid South Africa. *Journal of Theology for Southern Africa*. 109:41-65. March.

HEYNS, L.M. & PIETERSE, H.J.C. 1998. Eerste treë in die Praktiese Teologie. Pretoria: Gnosis. 102 p.

HILL, C. 1991. Die begeleiding van onderwysstudente ten opsigte van heteroseksuele verhoudings. Randse Afrikaanse Universiteit. (Verhandeling - D Sielkundige Opvoedkunde) 242 p.

HOLMYARD III, H.R. 1998. Solomon's Perfect One. *Bibliotheca Sacra*, 155:164-171, April-June.

IVCHENKOVA, N.P., EFIMOVA, A.V. & AKKUZINA, O.P. 2003. Attitudes of Adolescents Toward the Onset of Sexual Activity. *Russian Education and Society*. 45(3):16-29. March.

JACOBS, E. 2003. Rude awakening for parents. *The Star*. 10 Desember.1.

JANESICK, V.J. 1998. "Stretching" Exercises for Qualitative Research. London: Sage Publications Ltd. 133 p.

JANSE VAN RENSBURG, J. 2002. Die Postmoderne mens aan wie die Evangelie verkondig moet word. *Praktiese Teologie in Suid Afrika*. 17(2): 38-59.

JANSE VAN RENSBURG, J. 2003. Praktiese teoloog van die Woord: 'n beoordeling van die teologie van JS Kellerman. *Nederduits Gereformeerde Teologiese Tydskrif*. 44(3&4):313-319.

JENSEN, K.B. 2002. The qualitative research process. (In Jensen, K.B. ed. A Handbook of Media and Communication Research. London: Routledge. p 235-253).

JOHNSTONE, G. 2003. Lord of the Rings. *Kindred Spirit*, 27(1):7, Spring.

JOUBERT, D. 1992. Reflections on social values. Pretoria: Human Science Research Council Publishers. 185 p.

JOY, D. 1995. Religious, Moral, and Faith Development of Young Adults. (In Atkinson, H. (ed). Handbook of Young Adult Religious Education. Birmingham, Alabama: Religious Education Press. p 139-162.)

KAISER, W.C. Jr., 2000. True Marital Love in Proverbs 5:15-23 and the Interpretation of Song of Songs (In Packer, J.I. & Soderlund, S.K., eds. The Way of Wisdom. Grand Rapids, Mich. :

Zondervan Publishing House. p. 106-116.)

KINGMA, B.R. 2000. Die Pastorale Begeleiding van Universiteitstudente in hulle Dienswerk as Christene. Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys. (M.Th verhandeling). 158 p.

KINGMA, B.R. & LOTTER, G.A. 2002. Begrip vir die lewenskonteks van mense as 'n vereiste vir pastorale begeleiding. *Koers*. 67(3):309-328.

KNIGHT, G.A.F. & GOLKA, F.W. 1988. Revelation of God. A Commentary on the Books of The Song of Songs and Jonah. Grand Rapids, Mich. : WM. B. Eerdmans Publishing Company.

KOON, J.O. 1997. Attachment to parents in late adolescence and their relationship with self-image. *Adolescence*. 32(126):471-483. Summer.

LAIRD, M. 2002. Under Solomon's Tutelage: The Education of Desire in the Homelies on the Song of Songs. *Modern Theology*, 18(4):507-525, October.

LANDY, F. 1979. The Song of Songs and the Garden of Eden. *Journal of Biblical Literature*, 98:513-528.

LARSON, R. W., WILSON, S., BRADFORD BROWN, B., FURSTENBURG, F.F. & VERMA, S. 2002. Changes in Adolescents' Interpersonal Experiences: Are They Being Prepared for Adult Relationships in the Twenty First Century? *Journal of Research on Adolescence*. 12 (1)31-68.

LEFFEL, J. 1996a. Our New Challenge: Postmodernism. (In McCallum. D. ed. The Death of Truth. Minneapolis: Bethany House Publishers. p 31-44.)

LEFFEL, J. 1996b. Postmodernism and "The Myth of Progress": Two Versions. (In McCallum. D. ed. The Death of Truth. Minneapolis: Bethany House Publishers. p 45-57.)

LEFFEL, J. & McCALLUM, D. 1996a. Postmodern impact: Religion. (In McCallum. D. ed. The Death of Truth. Minneapolis: Bethany House Publishers. p 199-214.)

LEFFEL, J. & McCALLUM, D. 1996b. The Postmodern Religious Shift: Five Case Studies. (In McCallum. D. ed. The Death of Truth. Minneapolis: Bethany House Publishers. p 215-234.)

- LE FRANÇOIS, G.R. 1998. *The Lifespan*. 6th ed. Belmont, Calif. : Wadsworth Publishing Company. 640 p.
- LEWIS, J., CLARK, D. & MORGAN, D. 1992. *Whom God hath joined together*. London: Routledge. 308 p.
- LINAFELT, T. 2002. Biblical Love poetry (... and God). *Journal of the American Academy of Religion*, 70(2):323-345.
- LLOYD CARR, G. 1984. *The Song of Solomon*. Leicester : Intervarsity Press. 175 p.
- LONGMORE, M.A., MANNING, W.D. & GIORDANO, P.C. 2001. Preadolescent Parenting Strategies and Teen's Dating and Sexual Initiation: A Longitudinal Analysis. *Journal of Marriage and Family*. 63(2):322-336. May.
- LOTTER, G.A. 2005. Technologizing and technocratization: where does the human side fit in? (Artikel gelewer tydens 'n kongres oor tegnologie in die Wes-Kaap in Junie 2005.) 11 p. (Ongepubliseerd.)
- LOUW, D.A., VAN EDE, D.M. & LOUW, A.E., reds. 1998. *Menslike Ontwikkeling*. 3de uitg. Kaapstad : Kagiso Tersiër. 764 p.
- LOUW, D.J. 2002. Nightmare after the American Dream - Reassessing Paradigms and a possible Leap into "Trans-postmodernity"? *Praktiese Teologie in Suid Afrika*. 17(2): 75-97.
- LUTES, C. 2001. Should Christians Sing Love Songs? *Campus Life*, 60(2):38(1), September. [In Academic Search Premier, Full display: www-sa.ebsco.com] [Datum van onttrekking: 3 Junie 2003]
- LYKE, L, 1999. The Song of Songs, Proverbs, and the Theology of Love. (In Seitz, L & Greene-McCreight, eds. *Theological Exegesis*. Grand Rapids, Mich. : Wm B Eerdmans. p208-223.)
- MANTIN, R. 2001. Can Goddesses travel with Nomads and Cyborgs? Feminist theologies in a Postmodern Context. *Feminist Theology*. 26:21-43, January.
- MAZOR, Y. 1990. The Song of Songs or the Story of Stories. *Scandinavian Journal of the Old Testament*, 1:1-29.

McCALLUM, D. 1996. Evangelical Imperatives. (In McCallum, D. ed. The Death of Truth. Minneapolis: Bethany House Publishers. p 235-261.)

McGRATH, A.E. 1996. A Passion for truth: The Intellectual Coherence of Evangelism. Downers Growth, Ill.: Intervarsity Press. 287 p.

MEEK, K.R., MCMINN, M.R., BURNETT, T, MAZZARELLA, C & VOYTENKO, V. 2004. Sexual Ethics Training in Seminary: Preparing Students to Manage Feelings of Sexual Attraction. *Pastoral Psychology*. 53(1):65-79. September.

MERKIN, D. 1994. The Woman in the Balcony: On rereading the Song of Songs. (In Büchmann, C. & Spiegel, C. Out of the Garden. Woman writers on the Bible. New York : Fawcett Columbine. p 238-251.)

MERTON, M. 2004. 40% of schoolkids having sex. [Web:] www.news24.com/News24/South_Africa/News/0,,2-7-1442_1599639,00.html [Datum van onttrekking: 5 Oktober 2004].

MILLER, P.H. 1993. Theories of Developmental Psychology. 3rd ed. New York : Freeman and Company. 498 p.

MITCHELL, C.E. 1990. Development or restoration of trust in interpersonal relationships during adolescence and beyond. *Adolescence*. 25(100):847-853. Winter.

MORRIS, D.B. 2001. The Plots of Suffering: Aids and Evil (In Geddes, J.L. Evil after Postmodernism. New York: Routledge. p 55-75.)

MOTT, S.C. 1995. The Goodness of Sexual Love in the Song of Songs. *Christian Social Action*, 8:16, May.

MÜLLER, J.C. & PIENAAR, H.E. 2003. A Social-constructionist, narrative understanding of the Church's morality on sex. *Verbum et Ecclesia*. 24(1):137-155.

MURPHY, N. 1997. Anglo-American Postmodernity: Philosophical Perspectives on Science, Religion and Ethics. Boulder. CO: Westview Press. 228 p.

MURPHY, R.E. 1990. The Song of Songs. Hermeneia - A Critical and Historical Commentary on

the Bible. Minneapolis : Fortress Press. 237 p.

NDOGA, S.S. & VIVIERS, H. 2000. Is the woman in the Song of Songs really that free? *Hervormde Teologiese Studies*, 56(4):1286-1307.

NEL, F.B.O. 1998. An ecological approach to the quest for new horizons in the Christian view of sexuality. (In Hayes, M.A., Porter, W. & Tombs, D. (eds). Religion and Sexuality. Studies in Theology and Sexuality 2. Sheffield: Sheffield Academic Press. p 380-403).

NEL, M. 2003. Youth ministry: The challenge of individuation. *Praktiese Teologie in SA*. 18(1):151-196.

NEUMAN, W.L. 2000. Social Research Methods. Needham Heights, M.A.:Allyn & Bacon. 558 p.

NEWMAN, B.M. & NEWMAN, P.R. 1991. Development through life: A Psychosocial Approach. 5th ed. Pacific Grove, Calif. : Brooks/Cole Publishing Company. 692 p.

NICOLE, R.R. 2000. The Wisdom of Marriage. (In Packer, J.I. & Soderlund, S.K. The Way of Wisdom. Grand Rapids, Mich.: Zondervan Publishing House. p 280-295.)

NOLLER, P., FEENEY, J.A. & PETERSON, C. 2001. Personal Relationships Across the Lifespan. Hove, East Sussex : Psychology Press. 191 p.

NORRIS, C. 1993. The Truth about Postmodernism. Cambridge, Mass.: Blackwell Publishers. 333 p.

OLIVIER, S. 2003. Church for a real world. Vanderbijlpark: Over Boundaries. 87 p.

OLSON, G.K. 1984. Counseling Teenagers. Loveland Colorado: Group Books. 528 p.

OOSTENBRINK, J.W. & LOTTER, G.A. 2002. Gemeentelike bedieningsgestaltes ter bevordering van kleingroepsspiritualiteit. *Nederduits Gereformeerde Teologiese Tydskrif*. 43(3&4):543-554.

OSMER, R.R. 1996 Confirmation: Presbyterian practices in ecumenical perspective. Louisville: Geneva Press. 260p.

OSTRIKER, A. 2000. A Holy of Holies: The Song of Songs as Countertext. (In Brenner, A. &

Fontaine, C.R., eds. *The Song of Songs. A Feminist Companion to the Bible*, 6. Sheffield : Sheffield Academic Press. p 17-58.)

PAYNE, R. 1996. *The Song of Songs: Song of Woman, Song of Man, Song of God. The Expository Times*, 107:329-333, August.

PARKER, S. 1997. *Reflective Teaching in the Postmodern World*. Philadelphia: Open University Press. 177 p.

PARSONS, G. & LEAS, S.B. 1993. *Understanding Your Congregation As A System*. An Alban Institute Publication. 138 p.

PAUL, E.L. & WHITE, K.M. 1990. The development of intimate relationships in late adolescence. *Adolescence*, 25(98):375-400.

PECK, M.S. 1993. *Further Along The Road Less Traveled*. London: Simon & Schuster. 255 p.

PIETERSE, H.J.C. 1993. *Praktiese Teologie as Kommunikatiewe Handelingssteorie*. Pretoria: RGN-Uitgewers. 203 p.

PIETERSE, H.J.C. 2002. Prediking in 'n Postmoderne Lewensgevoel. *Praktiese teologie in Suid Afrika*. 17(1): 75-101.

POPE, M.H. 1977. *Song of Songs. The Anchor Bible*. New York : Doubleday & Company Inc. 743 p.

POSTERSKI, D. 2002. Mapping the Post-modern Maze. Laity Equipping for the Presbyterian Church in Canada. [Web:] <http://www.presbycan.ca/flames/laityequipping/maze.html> [Datum van onttrekking: 20 Junie 2003].

PRINS, J.M.G. 2001. Intensionele Morele Vorming: Noodsaaklik in Kerklike Jeugbediening. *Praktiese Teologie in Suid Afrika*. 16(1): 105-119.

PROVAN, I.W. 2000. The Terrors of the Night: Love, Sex and Power in Song of Songs 3. (In Packer, J.I. & Soderlund, S.K., eds. *The Way of Wisdom*. Grand Rapids, Mich. : Zondervan Publishing House. p. 150-167.)

PUTNAM, R.D. 2000. *Bowling alone: The collapse and revival of American community*. New York: Simon & Schuster. 544 p.

QUATMAN, T., SAMPSON, K., ROBINSON, C. & WATSON, C.M. 2001. Academic, Motivational and Emotional Correlates of Adolescent Dating. *Genetic, Social & General Psychology Monographs*. 127(2):211-235. May.

RABEY, S. 2000. Fast, Easy, and Unfulfilling Teen Sex. [Web:] www.youthspecialties.com/articles/topics/sexuality/teen_sex.php [datum van onttrekking: 12 Desember 2000].

RAGIN, C.C. 1994. *Constructing Social Research*. Thousand Oaks, Calif.: Pine Forge Press. 194 p.

RASMUSSEN, L.L. 1993. *Moral fragments and moral community*. Minneapolis, Minn. : Fortress Press. 176 p.

RAUBENHEIMER, J.E. 1997. Love styles, Christain faith, and religious orientation of a group of students from the UOFS. University of the Orange Free State. (M Verhandeling). 206 p.

REGAN, P.C., & JOSHI, A. 2003. Ideal Partner Preferences among Adolescents. *Social Behavior and Personality*. 31(1):13-20.

RICE, F.P. 2004. *The Adolescent: Development, Relationships and Culture*. 11th ed. London: Allyn & Bacon. 576 p.

RISNER, J. 2003. Having a Purpose-Driven, Seeker-Sensitive, Family-Based, Postmodern Ministry. *The Youthworker*. November/December. [Web:] www.youthspecialties.com/articles/topics/postmodernism/having_postmodern.php. [Datum van onttrekking: 12 Desember 2003].

RODGERS, K.B. 1999. Parenting Processes Related to Sexual Risk-Taking Behaviors of Adolescent Males and Females. *Journal of Marriage and Family*. 61(1):99-110. February.

ROSSOUW, G.J. 1993. Theology in a postmodern culture. *Hervormde Teologies Studies*. 49(4):894-907.

- RUSHKOFF, D. 1996. *Playing the Future: How Kids' Culture Can Teach Us to Thrive in an Age of Chaos*. New York: Harper Collins. 288 p.
- SAMET, N. & KELLY, E.W. 1987. The relationship of steady dating to self-esteem and sex role identity among adolescents. *Adolescence*. 22(85):231-245.
- SCHEURICH, J.J. 1997. *Research Method in the Postmodern*. London: The Falmer Press. 189 p.
- SEALE, C. 2000. *The Quality of Qualitative Research*. London: Sage Publications Ltd. 214 p.
- SEARS, R. 1983. Healing and Family spiritual/emotional systems. *Journal of Christian Healing*. 8:10-23.
- SEDGWICK, C. 1997. Let There Be Love! *The Expository Times*, 108:310-311.
- SEIFFERT, K.L. & HOFFNUNG, R.J. 2000. *Child and adolescent development*. 5th ed. Dallas : Houghton Mifflin. 40 p.
- SENGE, P.M. 1990. *The Fifth Discipline: The Art & Practice of The Learning Organization*. New York: Doubleday. 423 p.
- SHARABANY, R. 1994. Intimate friendship scale: conceptual underpinnings, psychometric properties, and construct validity. *Journal of Social and Personal Relationships*. 10:449-469.
- SHATTUCK, R. 2001. Narrating evil: Great Faults and "Splendidly Wicked People". (In Geddes, J.L. *Evil after Postmodernism*. New York: Routledge. p 45-55.)
- SHULMAN, S., ROSENHEIM, E. & KNAFO, D. 1999. The Interface of Adolescent and Parent Marital Expectations. *The American Journal of Family Therapy*. 27: 213-222.
- SHULMAN, S. & SCHARF, M. 2000. Adolescent Romantic Behaviors and Perceptions: Age- and Gender-Related Differences, and Links With Family and Peer Relationships. *Journal of Research on Adolescence*. 10(1):99-118.
- SHURINCK, E.M. 1998. The methodology of unstructured face-to-face interviewing. (In De Vos, A.S., Ed. *Research at grass roots*. Pretoria: J.L. van Schaik. p 297-312).
- SILVERMAN, D. 2001. *Interpreting Qualitative Data*. Second Edition. London:SAGE Publications. 325 p.

SMALL, S.A. & EASTMAN, G. 1991. Rearing adolescents in contemporary society: A conceptual framework for understanding the responsibilities and needs of parents. *Family Relations*. 40(4):455-463, October.

SMALL, S.A. & LUSTER, T. 1994. Adolescent Sexual Activity: An Ecological, Risk-Factor Approach. *Journal of Marriage and Family*. 56:181-192. February.

SMIT, A. 1995. Outdated leadership patterns. (In Buchanan, D. & Hendriks, H.J. red. Meeting the Future. Randburg: Knowledge Resources. p 33-42.)

SNAITH, J.G. 1993. Song of Songs. The New Century Bible Commentary. Grand Rapids, Mich.: William B. Eerdmans Publishing Company. 140 p.

SNYDER, H.A. 1995. Earthcurrents: The Struggle for the World's Soul. Nashville:Abingdon Press. 334 p.

STEELE, L. 1995. Psychological Characteristics of Young Adults. (In Atkinson, H. (ed). Handbook of Young Adult Religious Education. Birmingham, Alabama: Religious Education Press. p 93-117).

STEENKAMP, L.J.S. 1996. Kerk en Kultuur in 'n Postmoderne samelewing. *Hervormde Teologiese Studies*. 52(4): 746-764.

STERNBERG, R. 1986. A triangular theory of love. *Psychological Review*. 93:119-135.

STONE, K. 2000. Sexuality. (In Adam, A.K.M. Handbook of Postmodern Biblical Interpretation. St Louis. Miss.:Chalice Press. 233-238).

STRAUSS, D.F.M. 2002. Voorrae rondom die geloofwaardigheid van die Bybel in 'n "Postmoderne tyd". *Nederduits Gereformeerde Teologiese Tydskrif*. 43(3&4):570-592.

STRAUSS, W. & HOWE, N. 1993. 13th Gen: Abort, Retry, Ignore, Fail? New York: Vintage Books, 225 p.

SWARTZ, S. 2001. Condoms: Some Points Worth Pondering. *The Edge*. 1(4):8, Autumn.

SWEET, L. 2001. Carpe Manana. Grand Rapids, MI.:Zondervan. 204 p.

- TARIS, T.W., SEMIN, G.R. & BOK, I.A. 1998. The Effect of Quality of Family Interaction and Intergenerational Transmission of Values on Sexual Permissiveness. *The Journal of Genetic Psychology*. 159(2):237-250.
- THATCHER, A. 1999. Marriage after Modernity, Christian Marriage in Postmodern Times. New York: New York University Press. 329p.
- THÉRIAULT, J. 1998. Assessing Intimacy With the Best Friend and the Sexual Partner During Adolescence: The PAIR-M Inventory. *The Journal of Psychology*. 132(5):493-506.
- THOM, D.P. 1991. Adolessensie. (In Louw, D.J., red. Menslike Ontwikkeling. Pretoria : HAUM. p 393-466.)
- THOMPSON, G.G. & LOTTER, G.A. 2001. Challenges and opportunities of Postmodernity for the Church. *Studia Historiae Ecclesiasticae*. 17(1):184-216.
- TRIBLE, P. 1987. A Daughter's Death: Feminism Criticism and the Bible. (In O'Connor, M.P. & Freedman, D.N. eds. Background for the Bible. Indiana : Eisenbrauns. p 112-143.)
- TULGAN, B.1995. Managing Generation X: How to bring out the Best in Young Talent. Santa Monica: Merritt Publishing, 287 p.
- TURK, B.M., JACOBS, M.L. 1995. Moving out into the world. Thousands Oaks, California: Corwin Press, Inc. 155 p.
- VAN DER GRAAF, J. 2001. De Apostel ook Profeet. Zoetermeer: Uitgeverij Boekencentrum. 69 p.
- VAN DIJK-HEMMES, F. 1989. The Imagination of Power and the Power of Imagination. *Journal for the Study of the Old Testament*, 44:75-88.
- VAN HUYSSTEEN, J.W. 1995. Is there still a realistic challenge in postmodern theology? *Hervormde Teologiese Studies*, 5(1): 3-42.
- VANKATWYK, P.L. 2001. Towards a Balanced Whole: The Well-Functioning family. *The Journal of Pastoral Care*. 55(3):239-251.

VAN ROOYEN, H, 2002. 'n Kruiskulturele ondersoek na voorspellers van jong volwasse studente se houding teenoor die huwelik. Universiteit van die Vrystaat. (Verhandeling - M Soc Sc) 109 p.

VELDSMAN, D.P. 1994. When reality has become a pale reflection of our images... Imagining faith in Christ in a postmodern context. *Skrif en Kerk*. 15(1):121-140.

VAN TONDER, M. 1991. Studentepastoraat in die Ned Geref Kerk. Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika..sa. (D. Th. Proefskrif) 529 p.

VENTER, A, 1994: Voorhuwelikse seksuele permissiwiteit onder damesstudente. Randse Afrikaanse Universiteit. (Verhandeling - M A). 216 p.

VENTER, C.J.H. 1995. Die Woord in die werklikheid. Wetenskapsteoretiese perspektiewe op Diakonologie. *In die Skriflig*, 29(1 en 2):181-202, Mrt./Jun.

VENTER, H.V. 2004. Die begeleiding van gesinne in die plaaslike kerk binne die konteks van die postmodernisme: 'n Prakties-teologiese benadering. Noordwes-Universiteit . (M Th Skripsie) 138p.

VIVIERS, H. 1989. Die Besweringsrefrein in Hooglied 2:7, 3:5, 8:4 - "Moenie die liefde rypdruk nie" of "steur ons nie in ons liefde nie". *Skrif en Kerk*, 10(1):80-89.

WALKER, L.J., HENNIG, K.H. & KRETTENAUER, T. 2000. Parents and Peer Contexts for Children's Moral Reasoning Development. *Child Development*. 71(4):1033-1048. August.

WALSH, C.E. 2000. Exquisite desire. Minneapolis, Mich. : Augsburg Fortress. 245 p.

WALSH, D. 1990. After Ideology: Recovering the Spiritual Foundations of Freedom. Washington, DC: The Catholic University of America Press.296 p.

WANGERIN, W. 1986. The orphean passages: The drama of faith. San Francisco: Harper & Row. 303 p

WATSON, W.G.E. 1995. Some Ancient Near Eastern Parallels to the Song of Songs. (*In Davies, R. et al. eds. Words Remembered, Texts Renewed: Essays in Honour of John F A Sawyer. Sheffield : Sheffield Academic Press. p 253-271.*)

- WEBB, B. 1990. The Song of Songs: A Love Poem and as Holy Scripture. *The Reformed Theological Review*, 49: 91-99.
- WESLEY, J. 1872. The Works of John Wesley. Vol 5. Grand Rapids, MI.:Zondervan. 387 p.
- WHYTE, M.K. 1990. Dating, Mating and Marriage. New York.: Walter de Gruyter. 259 p.
- WIESENFELD, L.P. ed. 2005. The World Almanac and book of facts. New York.: WRC Media Company. 1017 p.
- WILSON, F.R. 1995. Basic Principles of Religious Education for Young Adults. (In Atkinson, H. ed. Handbook of Young Adult Religious Education. Birmingham, Alabama: Religious Education Press. p 28-65).
- WINTRE, M.G. & CROWLEY, J.M. 1993. The adolescent self-concept: A functional determinant of consultant preference. *Journal of Youth and Adolescence*. 22(4):369-383.
- WORLD HEALTH ORGANIZATION, 2004. Sexual Health. [Web:] www.who.int/reproductive-health/gender/sexual_health.html [Datum van onttrekking: 16 September 2004].
- WORTHINGTON, E.L. 1995. Religious Education and Marital Issues. (In Atkinson, H. ed. Handbook of Young Adult Religious Education. Birmingham, Alabama: Religious Education Press. p 291-312).
- WU, E. J-H. 2003. The Danger of Postmodernism: Making the Gospel about Us. *The Youthworker*, November/December. [Web:] www.youthspecialties.com/articles/topics/postmodernism/danger.php [Datum van onttrekking: 12 Desember 2003].
- YANCEY, P. 2000. Reaching for the Invisible God. Grand Rapids, MI.: Zondervan Publishing House. 301 p.
- YANCEY, P. 2001. Soul Survivor: How my Faith survived the Church. London: Hodder & Stoughton. 307 p.
- YOUNG, F. 2001. Sexuality and Devotion. *Theology & Sexuality: The Journal of the Institute for the Study of Christianity & Sexuality*, 14: 80(17p), March. [In Academic Search Premier, Full

display: www-sa.ebsco.com] [Date of access:3 June 2003].

ZERFASS, R. 1974. Praktische Theologie als Handlungswissenschaft. (In Klostermann, F. & Zerfass, R. reds. Praktische Theologie heute. München: Kaiser. p.164-177.)

Bylaag A Skuiwe van Premoderne, na Moderne na Postmoderne tydvak (Du Toit, 2000:18).

Premodern(Voorwetenskaplik)	Modern (Wetenskaplik)	Postmodern (Nawetenskaplik)
Klassieke tekste Ou Testament, Nuwe Testament Talmoed, Koran Geskryfte letterlik en outoritêr verstaan Gesag van godsdienstige leier as verteenwoordiger van God aanvaar Wêreldbeeld Die wêreld was plat en het op pilare of fondamente gestaan met 'n koepel daaroor (Gen 1, 1 Sam 2:8). In hierdie uitpansel was daar groter en kleiner hemelligte, elkeen met sy besondere funksie (son, maan en sterre). Vensters in die koepel/hemel sou oopgaan vir reën, hael of wind ens. Die woonplek van God en sy engele was bokant die koepel. Op die aarde het die mens en dier gewoon. Onder die aarde was die domein van die bese magte. Hier was die doderyk gesetel waar daar baie hitte en donker waters en boosaardige diere was. Daarom was die see so 'n gevaarlike, bese en onvoorspelbare plek. Lewensbeskouing 1. Ou Testament God vs die afgode Gen 3, Job, 2 Sam 24/1 Kron 21 = God/Satan God: al oorsaak (van goed en kwaad) 2. Tussen testamentêre tydperk Babiloniese invloed Romeinse oorheersing 3. Nuwe Testament Geesteswêreld van die Grieke en Romeine God vs die duivel Engele vs bese geeste	Kerk/teologie 1517 Martin Luther se 95 stelling 1536 Johannes Calvin se Institusie Natuurwetenskappe 1514 Kopernikus (aarde, ens draai om son) 1632 Galileo (teleskoop = son middelpunt heelal) 1687 Newton (moderne fisika, swaartekrag) 1859 Darwin (evolusie) 1929 Hubble - oerknal - (skepping wetens. saak) Aufklärung (filosofie) 1637 René Descartes (<i>cogito ergo sum</i>) 1781 Immanuel Kant (suiwer en praktiese rede) 1841 Feuerbach (godsdienstoproeksie van mens) 1867 Karl Marx (Das Kapital: godsdiensoor = opium vir die volk) 1880's Nietzsche (God is dood - swaar afskeid) Mediese wetenskap 1885 Pasteur (antibakteriese middels) 1893 Dressen (aspirien) 1895 Röntgen (x-strale) 1905 Einstein (pionier - verskeie mediese ontdekkings asook relativiteitsteorie) 1928 Flemming (penisillien) Geesteswetenskappe Freud (vader van psigoanalise = argetipes) Jung (gedrag bepaal deur introvert/ekstrovert) Reaksie van die kerk 1. Ortodokse dogma - speel reëls van logika (Hoofstroomkerke = Gereformeerde, Anglikaans, Presbiteriaans, ens) 2. Piëtisme = onttrekking en ontkenning van wetenskaplike wêreld - vyandig daarteenoor (Charismatiese en Pinkstergroepe)	Eerste en Tweede Wêreldoorloë Optimisme in mens en tegnologie se vermoëns verdwyn Subjektiewe aard van waarheid Objektiewe, suiwer kennis bestaan nie Nuwe realisme bring relativisme Pluriformiteit van alles Interpretasie van waarnemer speel bepalende rol Blootstelling aan <i>global village</i> Onsekerheid en onstabieleit Pragmatisme Voorlopigheid van kennis Hubble-teleskoop = mikro- en makrokosmos Kennisontploffing en tegnologiese vooruitgang Suid-Afrika sedert 1990 Voorheen orde gehandhaaf deur outoritêre struktuur Kerk en staat vennote Sedert 1990 ontwikkel nuwe strukture Nuwe grondwet = die reg van die individu - onstabieleit Herwaardering van mens as spirituele wese Nuwe belangstelling in grondtekste van godsdienste Holistiese benadering tot mens en werklikheid Oorsprong van teologiese standpunte opnuut belangrik Epistemologie = waarheidsaansprake van alle dissiplines onder loop Kerk Herwaardering van betekenis van grondtekste vir geloof Postfundamentalisties en nie terugkeer van prewetenskap Ruimte vir integriteit van geloofslewe

Bylaag B

SCHEMATIC DIFFERENCES BETWEEN MODERNISM AND POSTMODERNISM (Snyder, 1995:217)

modernisme

romanticism/Symbolism
form (conjunctive, closed)
purpose
design
hierarchy
mastery/logos
art object / finished work
distance
creation/totalization/synthesis
presence
centering
genre/boundary
semantics
paradigma
metaphor
selection
root/dept
interpretation/reading
signified
narrative / *grand historie*
master code
symptom
type
genital/phallic
paranoia
origin/cause
God the Father
metaphysics
determinacy
transcendence

postmodernisme

paraphysics/Dadaism
antiform (disjunctive, open)
play
chance
anarchy
exhaustion/silence
process/performance/happening
participation
decreation/deconstruction/antithesis
absence
dispersal
text/intertext
rhetoric
syntagm
metonymy
combination
rhizome/surface
against interpretation/misreading
signifier
anti-narrative / *petite historie*
idiolect
desire
mutant
polymorphous/androgynous
schizophrenia
differente-differente/trace
The Holy Ghost
irony
indeterminacy
immanence

Bylaag C: Ministry to different Generations (Codrington, 2001).

SILENT GENERATION

1930's and 40's

Major influence: Great Depression
and WWII

Called: Silent Generation

Major Focus: Adaptation to
environment
(survival)

Age at 2000AD: 50-75 years old

What they didn't have: Money, security

- No security
- Win
- Family decay
- Mobility

Core Values:

- Dedication
- Delayed reward
- Conformity
- Sacrifice
- Hard work
- Honour
- Law and Order
- Patience
- Respect for authority
- Duty before pleasure
- Adherence to rules

BOOMERS

1950's and 60's

Major influence: Affluence and
Freedom

Called: Boomers

Major Focus: Idealist

Age at 2000AD: 30-50 years old

What they didn't have: Fun, prestige,
responsibility

- Affluence
- "The Good Life"
- Indulged youth
- Ignoring problems
- Defiance campaign/Armed struggle

Core Values

- Idealism
- Optimism
- Youth
- Involvement
- Work
- Wellness
- Health
- Personal gratification
- Similarity of belief
- Team orientation
- Personal growth

GENERATION X

1970'S and 80's

Major influence: Turmoil

Called: Generation X

Major Focus: Reactive
(pragmatic)

Age at 2000AD: 10-30 years old

What they didn't have: Freedom, family

- Political scandals
- Television (Global view)
- Social turmoil and terror
- Censorship
- Family breakdown (Latchkey kids)

Core Values

- Survival
- Diversity
- Balance
- Pragmatism
- Fun
- Informality
- Self-reliance
- Lifelong learning
- Immediate gratification
- Global awareness
- Techno-literacy
- Change

MILLENNIAL GENERATION

1990's and 2000's

Major influence: Reconstruction

Called: Millennial generation

Major Focus: Civic (community)
Minded

Age at 2000AD: <10 years old

What they didn't have: Childhood, optimism

- Global village
- Entitlement
- Equal opportunity

Core Values

- Optimism
- Civic duty
- Confidence
- Achievement
- Sociability
- Morality
- Street smart
- Naiveté
- Diversity
- Change
- Conformity

Bylaag D: Mapping the Post-modern Maze (Posterski, 2002)

RELATIVISM REIGNS

TRAITS	RESULTS	RESPONSES
Rationality is distrusted ...Objectivity is unattainable	Claims of certainty are discounted ... there are no answers that are "really right" or "really wrong"	Offer perspectives with conviction rather than making categorical truth pronouncements
Relativism reigns ... truth is a matter of personal opinion	Personal views -- many views on matters of beliefs and behaviours have validity - including mine	Develop confidence in your version of truth and reality ... extend proper regard to other versions
Truth is undervalued	Lack of discernment prevails	Express creative insight that can disturb and probe
Pluralism is assumed	Many ways of constructing life are equally valid ... tolerance is the golden rule	Develop deep convictions ... be true to yourself while respecting the rights and privileges of others
It is impossible to really know anything for sure	Appealing to the assumption of certainty as a beginning reference point will fail	Invite people 'to truth' rather than starting 'from truth' (move from "where are you on your journey?" to "the Scriptures claim")

LIFESTYLE OPTIONS PARADE

TRAITS	RESULTS	RESPONSES
The subjective vetoes the objective	Christian apologetics have little impact	Express personal views with firm conviction while extending empathy for the views of others
Personal experience is elevated to the final court of appeal	Historical norms -- previous standards of orthodoxy and past practices lose their moral authority	Accept the validity of people's experiences ... explore the merits of other options ... "Have you thought about ...?"
Few anchors exist to stabilize people	People cruise through the good times but storms can create crises	Be present -- especially when people are vulnerable
One way" mindsets are not permissible	Both -- and" attitudes can lead to principled pluralism... my way and your way are equal	Give people the same rights and privileges you desire for yourself
Searching for your particular version of spirituality is a virtue	Conventional religions are just one spiritual option among others	Affirm the search ... invite people on spiritual quests to "try out" your faith experience for themselves
Choice is deified	Life is complex ... like walking into a giant music store hearing -- "Play me, buy me, try me"	Cultivate the art of making positive choices and invite others to do the same

SOCIAL MORES RESIDE

TRAITS	RESULTS	RESPONSES
Life is an open system ... closed systems are rejected	Creativity has no limits ... Possibilities are endless ... Life is unpredictable	Nail down a few non-negotiables and live with open arms toward others
People are valued more than institutions	The relational and informal become the preferred forums for influence	Invite people into settings where they experience community... people caring for people
Pressure to be inclusive overwhelms the right to be exclusive	Being politically correct is more important than being Biblically correct	Seek to influence rather than control... surrender the drive to be right
Judging others is socially and morally wrong	Graciously critiquing others through their own biases is more productive than heralding "my biases"	Ask questions instead of just telling the truth ... dialogue rather than offer dogma
Diversity is celebrated and the marginalized can be honoured	Increasing social fragmentation	Seek justice for the marginalized... advocate for the poor
All religions are equally valued	Contentment with contradictions	Start communication by looking for points of agreement
Intentional evangelism breaks the rules of imposing one's views on others	Behaved faith is more influential than verbal or word declarations of faith	Give a priority to translating faith theory into faith practice... avoid rote/technique methods of communication

SPIRITUAL OPENNESS PERVADES

TRAITS	RESULTS	RESPONSES
Widespread interest in spirituality is pervasive... it is rampant in these times	Issues related to matters of faith are present in the public forum (newspapers, TV, advertising, workplaces, literature)	Opportunities to engage people in "matters of the soul" abound
Being open to personal spirituality is not the same as self defining as a "religious person"	Equating spiritual interest to interest in religious organizational involvement is a mistaken assumption	Extending invitations for people to experience life in communities of faith (churches/small groups) can be part of people's spiritual journey
Openness to spirituality is more subjective than objective	People are predisposed to "try out" spiritual answers to personal problems	Inviting people to pray about life's concerns can turn them toward God as creator, redeemer and sustainer of their lives
The interest in spirituality is more related to experiencing feelings than engaging spiritual ideas	Matters of the heart are not necessarily linked to a need or desire to develop beliefs for the mind	Sharing one's personal experiences with God will be more effective than offering an apologetic for believing

Spirituality" has the potential to be a natural integrator of life of all people everywhere	One can count on Augustine's assertion that everyone has an inherent spiritual capacity created by God for God	Projecting the implications of "God as creator of the universe" has enormous consequences for witness
The capacity to be "spiritual" is part of the human spirit's drive to discover meaning in one's life	We should expect "secular meaning makers" to seek ways of fashioning life with "spiritual satisfaction"	The Christian challenge is to "out live" rather than "out wit" the emerging secular competitors

STORIES MAKE MEANING

TRAITS	RESULTS	RESPONSES
Grand narratives ... meta-stories are too grandiose to be plausible or believable	The creation-redemption story is too tidy ... too comprehensive and complete to be believable	Tell episodes of the grand gospel story that relate to life and people's concerns
Comprehensive and coherent philosophies of life are rejected	Patchwork people mix and match their beliefs and behaviours	Avoid systematic theology and other ideological explanations of life's theory and practice
Super stories are viewed with suspicion	Simple answers are inadequate	Avoid being an answer machine ... offer modest claims
There is an absence of unifying stories	People choose eclectic beliefs -- bits and pieces from here and there	A holistic faith will be appealing... faith that flourishes in families and workplaces... in private and public domains
Personal stories are valid regardless of merit	Everyone's story and experience is valid -- including mine	Reflect on the dangers... the vulnerabilities of self-determination - - self-construction
Often unstated -- there is need for clarity of identity and desire for belonging	Identity scrambles and the desire to belong can lead to positive and negative experimentation	Establishing a "spine of identity" gives freedom to relate to others who are different from yourself
Personal stories marked with integrity merit respect	Respect is earned not granted -- regardless of person or position	Aim for lofty ideals and Biblical obedience... including full measures of grace and mercy